

DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE BY GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS: 'N PASTORALE STUDIE

Irène Bosch

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes

vir die

Meestersgraad in Pastoraal

(Fakulteit Teologie)

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(Potchefstroom-kampus)

Studieleier: Prof. dr. G.A. Lotter

Medestudieleier: Dr. Y.C. Campbell-Lane

Potchefstroom

November 2008

ERKENNING

Ek wil graag die volgende persone bedank wat 'n groot aandeel gehad het aan hierdie studie:

My studieleier, prof. G.A. Lotter, vir sy bekwame leiding, ondersteuning en deeglikheid. Hy laat 'n mens in jouself glo.

My mede-studieleier, Dr. Y.C. Campbell- Lane, vir haar kundigheid en beskikbaarheid en *die ekstra myl* wat sy saamgeloop het. Haar inspraak in my lewe is van groot waarde.

Die deelnemer wat betrokke was by hierdie studie. Sonder jou openheid en aktiewe deelname, sou hierdie studie nie moontlik wees nie.

Die personeel van die Teologiese- en die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noorwes Universiteit (veral Gerda) vir flinke, professionele diens.

Suzette Botha vir die finale taalversorging wat met deeglikheid gedoen is.

My biduurgroep wat getrou oor drie jaar vir my gebid het en ander vriendinne se belangstelling in hierdie studie.

My sus, Lorén vir oproepe, gebede en bemoediging.

Aan my man, Herman en kinders, Herman, Sonja, Arno, Riaan, Ryno en Irma vir hul geduld, nogmaals geduld en ondersteuning.

Bo alles my opregte dank aan my Hemelse Vader wat my hart aangeraak het vir mede-afhanklike vroue en bewus gemaak het van hul worsteling op geestelike vlak. Mag baie vroue deur hierdie studie die boodskap van genesing en geestelike groei beleef alles TOT EER VAN SY NAAM!

UITTREKSEL

Die oorhoofse doel van pastorale berading is om die beradene (in hierdie geval die vrou) in die proses van geestelike groei en op die pad van heiligmaking te begelei sodat spirituele volwassenheid bereik kan word en sy aan haar skeppingsdoel kan beantwoord. Vir die mede-afhanklike gelowige vrou vorm disfunksionele sondige gedragspatrone 'n blokkasie in hierdie geestelike proses.

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat pastorale berading doeltreffend benut kan word om gelowige vroue wat weens mede-afhanklikheid geestelike en emosionele probleme ervaar, te begelei tot genesing, verandering en geestelike groei. Die doel is om die uitwerking van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou te bepaal en aan te toon hoe sy deur pastorale berading begelei kan word tot geestelike groei en volwassenheid.

Ten einde tot 'n beter begrip te kom van die aard en omvang van mede-afhanklikheid, is daar dus in hierdie studie van die konteks na die teks beweeg en was die eerste doelwit om die metateoretiese perspektiewe met betrekking tot aanverwante dissiplines te ontgin, voordat die Skrifperspektiewe oor mede-afhanklikheid belig is. Volgens hierdie metateoretiese navorsing ontstaan mede-afhanklikheid hoofsaaklik as gevolg van disfunksionele gesinne en behels dit een of meer verslawende toestande. Hierdie gedragspatrone gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n vals identiteit omdat ontkenning, waardeloosheid, ongesonde grense, gebrekkige selfhandhawing en fokus op ander vir aanvaarding, ten koste van die self, voorkom. Die gelowige vrou regverdig dikwels verkeerdelik hierdie mede-afhanklike gedrag vanuit die Skrif wat dui op 'n verwronge Godsbegrip en moontlike geloofspatologie.

Die tweede doelwit was om vas te stel of daar Skriftuurlike perspektiewe oor mede-afhanklikheid is en hoe dit die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue beïnvloed. Volgens die Bybel is mede-afhanklikheid 'n komplekse verskynsel wat

intergeneratief voorkom en in sondige gedragsspatrone gewortel is wat op 'n onafhanklikheid van God dui en deel is van die uitwerking van die sondeval. Dawid se gesin is 'n goeie voorbeeld van hoe die nagevolge van die sonde van die ouers op hul kinders en kindskinders oorgedra is, maar in hierdie studie word die vroue uit Sara se nageslag gebruik om mede-afhanklike gedrag na te vors.

Die navorsingsgegewens wat deur die empiriese studie na vore gekom het, het die basis- en metateoretiese navorsing bevestig, sodat daar bepaal kon word dat mede-afhanklikheid ongetwyfeld die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue nadelig beïnvloed.

Die derde doelwit is bereik deurdat die basis- en metateoretiese gegewens op 'n hermeneutiese wyse geïntegreer is, sodat pastorale riglyne vir berading aan mede-afhanklike gelowige vroue neergelê kon word wat onder andere die volgende behels:

- om intergeneratiewe mede-afhanklike gedragsspatrone, verwronge konsepte van God en geloofspatologieë te identifiseer;
- om gesonde grense neer te lê; en
- om 'n nuwe identiteit in Christus Jesus te vestig.

ABSTRACT

THE SPIRITUAL DIMENSION OF WOMEN BELIEVERS IN A CO-DEPENDENCY CONTEXT: A PASTORAL STUDY

The **supreme aim** of pastoral counselling is to facilitate the process of spiritual growth, sanctification and spiritual maturity in order for the counsellee (in this instance a woman) to fulfil her purpose for which she has been created. For the co-dependent woman believer, dysfunctional and sinful behavioural patterns form a hindrance in this spiritual process.

The **central theoretical argument** of this study is that pastoral counselling can be used effectively to guide women believers who experience co-dependent spiritual and emotional problems, to healing, transformation and spiritual growth. The **aim** is to determine the effect of co-dependency on the spiritual dimension of the woman believer and to establish pastoral guidelines for her spiritual growth and maturity.

With a view to a better understanding of the nature and the extent of co-dependency, this study moved **from the context to the text** and the **first objective** was to explore related disciplines before biblical perspectives on co-dependency could be revealed. According to this meta-theoretical research, co-dependency mainly originates from dysfunctional families and entails one or more addictive conditions. These behavioural patterns mostly result in developing a false identity and is characterised by denial, worthlessness, unhealthy boundaries, defective self-assertion and dependence on others for acceptance to the detriment of self. Women believers often incorrectly justify their co-dependent behaviour from Scripture, which is indicative of a distorted understanding of God and possible pathology of belief.

The **second objective** was to establish Scriptural perspectives with regard to co-dependency and subsequent influences on the spiritual dimension of women believers. Co-dependency appears intergenerationally and is rooted in sinful behavioural patterns.

According to the Bible this sinful behaviour indicates an independency from God which is part of the effect of the fall of man. The family of David is a good example of the influence of the sin of parents on their children to the third and succeeding generations. For the purpose of this study the co-dependent behaviour of the women descendants of Sara were explored.

The results of the empirical study confirmed the basic and meta-theoretical research which established that co-dependency negatively affects the spiritual dimension of women believers.

The **third objective** was attained with the integration of the basic and meta-theoretical information in a hermeneutical way, in order to establish, among others, the following pastoral guidelines for the counselling of co-dependent women believers:

- to identify intergenerational co-dependence behavioural patterns, distorted concepts of God and pathology of belief;
- to establish healthy boundaries; and
- to establish their new identity in Christ Jesus.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1 - INLEIDING	1
1.1 DEFINISIE VAN MEDE-AFHANKLIKHEID.....	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	1
1.2.1 Afbakening	1
1.2.2 Agtergrond en motivering vir hierdie studie	2
1.3 SPIRITUALITEIT	3
1.4. MEDE-AFHANKLIKHEID AS VERSKYNSEL	4
1.4.1 Die verhouding tussen spiritualiteit en mede-afhanklikheid by vroue	5
1.5 LEEMTES IN HUIDIGE NAVORSING	6
1.6 DIE NAVORSINGSVRAAG	7
1.7 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT	7
1.8 DOELSTELLING	7
1.8.1 Doelwitte	8
1.9 METODE	8
1.9.1 Basisteoretiese perspektiewe	8
1.9.2 Metateoretiese perspektiewe	9
1.9.3 Praktykteoretiese perspektiewe	10
1.9.4 Ander tegniese aspekte	10

1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN DIE PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING, DOELWITTE EN DIE NAVORSINGSMETODE	11
1.11 HOOFSTUKINDELING	12

HOOFSTUK 2 - METATEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE BY GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS

2.1 INLEIDING	13
2.2 WAT WORD ONDER MEDE-AFHANKLIKHEID VERSTAAN?	15
2.2.1 Die ontwikkeling van die begrip mede-afhanklikheid	15
2.2.2 Definisies en uiteensetting van mede-afhanklikheid	17
2.2.2.1 Kernaspekte van mede-afhanklikheid	19
2.3 DIE DINAMIKA VAN MEDE-AFHANKLIKHEID	21
2.3.1 Mede-afhanklikheid en kontra-afhanklikheid	25
2.3.2 Wegscheider se rolteorie	26
2.3.3 Mede-afhanklikheid en grense	28
2.3.4 Mede-afhanklikheid - 'n vrouekwaal?	31
2.3.4.1 Mede-afhanklikheid en depressie by vroue	32
2.3.5 Mede-afhanklikheid as 'n intergeneratiewe probleem	34
2.4 BOWEN SE GESINSISTEEMTEORIE	37
2.4.1 Die emosionele sisteem	39
2.4.2 Selfdifferensiasie	39
2.4.2.1 Selfdifferensiasie-assesseringskaal	40
2.4.3 Driehoekvorming	43

2.4.4 Fusie	45
2.4.5 Multigeneratiewe transmissieproses	45
2.4.6 Disfunksionele gesinsisteem en -patologie	46
 2.5 DIE GENOGRAM	 48
2.5.1 Omskrywing van die begrip	49
2.5.2 Die benutting van die genogram	49
2.5.3 Opstelling van die genogram	51
2.5.3.1 Fase een: Kartering van die gesinsnetwerk	51
2.5.3.2 Fase twee: Insameling van die gesinsinligting	53
2.5.3.3 Fase drie: Die uitbeelding van verhoudingspatrone	53
2.5.4 Die genogramonderhoud	54
2.5.5 Interpretasie van die genogram	55
2.5.6 Tydlyngenogram – die lewenslyn	56
 2.6. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2	 58

HOOFSTUK 3 - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE VAN GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS

3.1 INLEIDING	61
3.2 DOELSTELLING	61
3.3 BASISTEORIE	62
3.4. AGTERGROND	62
 3.5 SKRIFBESKOUING OOR DIE MENS	 63
3.5.1 Die mens as beeld van God	63
3.5.2 Die skepping van die vrou, Eva	64
3.5.3 Christus, as die volmaakte beeld van God- Heb. 1:3	66

3.5.4 Die mens as 'n eenheidswese	66
3.5.5 Die gevalle mens	69
3.5.6 Die uitwerking van die sonde op die mens	70
3.5.7 Die herstel van die mens	72
 3.6. SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE OP DIE	
DISFUNKSIONELE GESIN	72
3.6.1 Skriftuurlike perspektiewe op mede-afhanklikheid	73
3.6.2 Sara, vrou van Abraham se genogram	74
3.6.2.1 Gesinsagtergrond van Sara, die verbondsmoeder	75
3.6.2.2 Foutiewe skuif van Sara, met verreikende gevolge	75
3.6.2.3 Eerste geslag – Sara, vrou van Abraham	75
3.6.2.4 Tweede geslag – Rebekka, vrou van Isak	76
3.6.2.5 Derde geslag – Lea en Ragel, vroue van Jakob	77
3.6.3 Mede-afhanklikheidstrekke by drie vrouefigure uit	
Abraham se nageslag	80
3.6.3.1 Sara	80
3.6.3.2 Rebekka	81
3.6.3.3 Lea die mede-afhanklike	83
3.6.4 Eie gevolgtrekking	84
3.6.5 Jesus Christus, die enigste Verlosser	85
3.6.6 Voorlopige samevatting ten opsigte van die oorsprong	
van mede- afhanklikheid volgens Bybelse vrouefigure uit	
Sara se nageslag	87
 3.7. DIE GODSBEGRIP	87
3.7.1 Die verwronge Godsbegrip	88
3.7.2 Probleme wat voortspruit uit die verwronge Godsbegrip	88
3.7.3 Geloofs- en godsdienpatologie	90
3.7.4 Interaksie tussen spiritualiteit en mede-afhanklikheid	
Verduideliking van skets	92
 3.8 SPIRITUALITEIT	94

3.8.1	Inleiding	94
3.8.2	Die begrip spiritualiteit	94
3.8.3	Die eienskappe van spiritualiteit	96
3.8.4	Spiritualiteit en die Heilige Gees	97
3.8.5	Fasette van geloofsgroei	98
3.8.6	Geloofsvolwassenheid	101
3.8.7	Die geestelike dissiplines	102
3.8.7.1	Inleiding	102
3.8.7.2	Die geestelike dissiplines en mede-afhanklikheid	103
3.8.8	Spiritualiteit vandag	105
3.8.8.1	Strominge in hedendaagse spiritualiteit	105
3.8.8.2	Christelike/Bybelse wêreldbeskouing of nie?	105
3.8.8.3	Die berader se spiritualiteit	107
3.9	GEVOLGTREKKING VAN HOOFSTUK 3	108

HOOFSTUK 4 –EMPIRIESE METODOLOGIE OOR DIE SPIRITUALITEITS-DIMENSIE BY GELOWIGE VROUE IN `N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS

4.1	INLEIDING TOT NAVORSINGSONTWERP EN -METODE	110
	AFDELING A	
4.2	NAVORSINGSONTWERP EN -METODE	111
4.2.1	Fenomenologiese ondersoek	111
4.2.2	Die literatuurstudie	113
4.2.3	Empiriese ondersoek	114
4.2.4	Kwalitatiewe navorsingsmetode	115
4.2.4.1	Omskrywing van kwalitatiewe navorsing	116
4.2.4.2	Doelwitte van kwalitatiewe navorsing	116
4.2.4.3	Die kwalitatiewe navorsingsproses	117
4.2.4.4	Triangulering oor teorie.....	119
4.2.4.5	Seleksie van deelnemers vir kwalitatiewe navorsing	120

4.2.5 Die gevallestudie as navorsingsontwerp	121
4.2.5.1 Soorte gevallestudies.....	122
4.2.5.2 Metode by gevallestudie	122
4.2.5.3 Data-insamelingsmetode	122
4.2.5.4 Data-analise	129
AFDELING B	
4.3 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN NAVORSINGSRESULTATE TEN OPSIGTE VAN DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE BY GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS	130
4.3.1 Inleiding tot die empiriese ondersoek en resultate	130
4.3.2 Metode	131
4.3.2.1 Presenterende probleem	132
4.3.2.2 Lewenslyn	133
4.3.2.3 Genogram	133
4.3.2.4 Narratief	135
4.3.2.5 Triangulering van data	136
4.4 NAVORSINGSRESULTATE	137
4.4.1 Eerste geslag – ouma van deelnemer	138
4.4.2 Tweede geslag – moeder van deelnemer	139
4.4.3 Derde geslag – die kerngesin – die deelnemer	140
4.4.4 Mede-afhanklikheid by voorouers van deelnemer	140
4.4.5. Mede-afhanklikheid by die gelowige vrou – resultate van getranskribeerde opnames	143
4.5 GEVOLGTREKKING VAN MEDE-AFHANKLIKHEID BY DIE DEELNEMER	146
4.6 TRIANGULERING	146
4.6.1 Jongste suster (T) van deelnemer	147
4.6.2 Seun (C) van deelnemer	149
4.6.2.1 Kenmerke van mede-afhanklikheid by C	149

4.6.2.2	Spiritualiteit van die deelnemer–teenvoeter vir die ontwikkeling van mede-afhanklikheid by haar seuns	150
4.6.3	Bevindings van onafhanklike kodeerder	150
4.6.3.1	Vertrou in die eerste plek nie op God nie	150
4.6.3.2	Wanpersepsie oor ware Christenskap	151
4.7	GEVOLGTREKKING VAN HOOFSTUK 4	151

HOOFSTUK 5 PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN DIE GELOWIGE VROU IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE

5.1	INLEIDING	153
5.2	AGTERGROND VAN RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN MEDE-AFHANKLIKE GELOWIGE VROUE	153
5.2.1	Inleiding tot die agtergrond	153
5.2.2	Boublokke vir 'n vaste fondament in pastorale berading	154
5.2.2.1	Die doel van pastorale berading	154
5.2.2.2	Die gebruik van die Skrif in pastorale berading	155
5.2.2.3	'n Bybelse wêreldbeskouing	157
5.2.2.4	'n Volwasse en gebalanseerde spiritualiteit	157
5.3	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN MEDE-AFHANKLIKE GELOWIGE VROUE	158
5.3.1	Uiteensetting van riglyne vir berading	159
5.4	RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN MEDE-AFHANKLIKE GELOWIGE VROUE	161

5.4.1	Fase een – Verhoudingsbou en vertelfase	161
5.4.1.1	Waardeloosheid	162
5.4.2	Tweede fase – insigfase	163
5.4.2.1	Grense	166
5.4.2.2	Vrees vir mense	168
5.4.2.3	Hanteer die verliese	169
5.4.2.4	Hantering van onverwerkte trauma	171
5.4.2.5	Vergifnis	171
5.4.3	Fase drie – Die fase van nuwe lewe	172
5.4.3.1	Vals identiteit as gevolg van mede-afhanklikheid	172
5.4.3.2	Die beoefening van die geestelike dissiplines	174
5.5	SAMEVATTEND	175
5.6	GEVOLGTREKKING VAN HOOFSTUK 5	177
HOOFSTUK 6	FINALE GEVOLGTREKKING	178
6.1	GEVOLGTREKKING UIT ELKE HOOFSTUK	178
6.1.1	Hoofstuk 1: Inleiding	178
6.1.2	Hoofstuk 2: Metateoretiese perspektiewe	179
6.1.3	Hoofstuk 3: Basisteoretiese perspektiewe	180
6.1.4	Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp, -metode en die navorsings- resultate	181
6.1.5	Hoofstuk 5: Praktikteoretiese riglyne	182
6.2	FINALE GEVOLGTREKKING	183
6.3	AANBEVOLE ONDERWERPE VIR VERDERE NAVORSING	184
KERNBEGRIPPE		185
KEY TERMS		186
BRONNELYS		187

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

	Bladsy
Figuur 2.1 Siklus van mede-afhanklikheid	23
Figuur 2.2 Dinamika tussen fusie en selfdifferensiasie	40
Figuur 2.3 Verhoudings binne die gesinsisteem	42
Figuur 2.4 Die dinamiek van balans in verhoudings	44
Figuur 2.5 Dissipline binne die gesinsisteem	47
Figuur 2.6 Die voorstelling van die kartering van die gesins- netwerk	52
Figuur 2.7 Simbole by die uitbeelding van verhoudingspatrone by die genogram	53
Figuur 2.8 Fases van die genogramonderhoud	55
Figuur 2.9 Verhoudingspatrone op 'n tydlyn	57
Figuur 2.10 Voorbeeld van 'n lewenslyn	58
Figuur 3.1 Sara, vrou van Abraham se genogram	74
Figuur 3.2 Disfunksionele verhoudingspatrone van Abraham se gesin	78
Figuur 3.3 Disfunksionele verhoudingspatroon van Isak en Jakob se gesinne	79
Figuur 3.4 Interaksie tussen mede-afhanklikheid en spiritualiteit	93
Figuur 4.1 Die ondersoekproses	113
Figuur 4.2 Die proses van onderhoudvoering	126

Figuur 4.3	Die kerngesin	131
Figuur 4.4	Genogram van die gesin van oorsprong	134
Figuur 4.5	Spirituele genogram	137
Figuur 5.1	Areas van beheer	169
Figuur 5.2	Die disfunksionele gesinsisteem	177
Tabel 1	Skematiese voorstelling van die korrelasie tussen die probleemstelling, doelstelling, doelwitte en die navorsingsmetode	11
Tabel 2	Tiperende gedragspatrone	25
Tabel 3	Kernbegrippe tiperend van mede-afhanklikheid	48
Tabel 4	Die waarde van die genogram vir die terapeut	50
Tabel 5	Die proses van heiligmaking	98
Tabel 6	Wyse van triangulering	119
Tabel 7	Riglyne vir die berading van mede-afhanklike gelowige vroue.	161
Tabel 8	Negatiewe Godsvoorstelling (ontoepaslike geloof)	164
Tabel 9	Positiewe (toepaslike) Godsvoorstelling (toepaslike geloof) ...	165

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DEFINISIE VAN MEDE-AFHANKLIKHEID

Hierdie studie word in essensie deur die volgende beskrywing van Hemfelt *et al.* (2006:5) saamgevat:

Mede-afhanklikheid kan in algemene terme gedefinieer word as: 'n verslawing aan mense, gedragspatrone of dinge'. Mede-afhanklikheid is die dwaling om innerlike gevoelens te probeer beheer deur mense, dinge en gebeure uiterlik te beheer. Vir die mede-afhanklike staan beheer of die gebrek daaraan sentraal aan elke aspek van die lewe.

1.2 PROBLEEMSTELLING

'n Verdere faktor wat met bogemelde aanhaling verband hou, is die worsteling van mede-afhanklike vroue met probleme en sekere fasette van hul daaglikse lewe wat ook hul spiritualiteit ten diepste raak. Hierdie probleem gee aanleiding tot die toepaslike navorsingsvraag wat onder 1.6 gestel word.

1.2.1 Afbakening

In hierdie studie word vanuit die pastorale teologie aandag geskenk aan die spiritualiteitsdimensie by gelowige vroue in 'n mede-afhanklikheidskonteks. Alhoewel van die aanverwante wetenskappe (vgl. De Wet, 2006:64) soos Psigiatrisie Verpleegkunde (Hughes-Hammer *et al.*, 1998:326), Sielkunde, Maatskaplike Werk en Sosiologie (Prest & Protinsky, 1993:355) gebruik gaan word, is hierdie primêr 'n studie in **Pastoraal** en word spiritualiteit en mede-afhanklikheid hoofsaaklik vanuit die raamwerk van 'n

pastoraal-teologiese perspektief nagevors. Die Skrif as primêre kenbron word dus erken (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3).

1.2.2 Agtergrond en motivering vir hierdie studie

Die kom voor asof die gelowige vrou se behoefte aan 'n innige verhouding met God en haar begeerte om Sy wil te doen en haar lewe te rig volgens die Woord, soms nou verweef is met sekere van die simptome van mede-afhanklikheid. Sodoende ontstaan daar by mede-afhanklike vroue 'n wanpersepsie rondom die *spiritualiteitsdimensie* wat geestelike groei strem. Hierdie aangeleentheid het die navorser se belangstelling in hierdie area geprikkel en as motivering vir hierdie studie gedien.

Die gelowige vrou is, ten spyte van haar begeerte tot 'n noue verhouding met God, steeds onderwerp aan die gevolge van mede-afhanklikheid. Die navorser se betrokkenheid in berading en die begeleiding tot dissipelskap (oor 10 jaar) het geleer dat daar 'n dringende behoefte in die praktyk bestaan onder gelowige vroue wat slagoffers van mede-afhanklikheid is, om deur die waarheid van die Woord vrygemaak te word.

Die afhanklike persoon word deur haar eie verslawing vasgevang, hetsy dit drank, dwelms, verhoudings, werk of woede is; terwyl daar 'n sirkel van geliefdes rondom haar staan wat ten diepste deur hierdie verslawende gedrag geraak word. Hulle is die mede-afhanklikes. Hierdie mede-afhanklikes voel hulle moet beheer en verantwoordelikheid neem om problemsituasies uit te klaar en orde te skep uit die chaos van disfunksionele gedrag (Hemfelt *et al.*, 2002:17).

Disfunksionele gesinsisteme gee aanleiding tot destruktiewe gedragspatrone en -verhoudings wat veroorsaak dat die betrokke gesinslede sekere rolle vervul wat uit skuld- of skaamtegevoelens voortspruit. Hierdie verwonding wat die kind opdoen het verreikende gevolge vir die emosionele ontwikkeling van die persoon wat tot in die volwasse stadium steeds 'n uitwerking het, sodat daar vandag na volwasse kinders uit disfunksionele huisgesinne, as mede-afhanklikes verwys word (Stoop & Masteller, 1996:30-35).

1.3 SPIRITUALITEIT

Volgens Lotter en Oostenbrink (2002:543) is daar 'n groeiende belangstelling in spiritualiteit en is dit die een onderwerp waaroor baie geskryf is binne die postmoderne konteks.

Croucher het die essensie van spiritualiteit vanuit 'n Christelike perspektief soos volg omskryf: *...the Spiritual formation is the dynamic process whereby the Word of God is applied by the Spirit of God to the heart and mind of the child of God so that he or she becomes more like the Son of God* (vgl. Collins, 2001:233). Christelike spiritualiteit kan dus beskou word as die beweging van God se Gees in die lewe van 'n persoon en in 'n gemeenskap van gelowiges.

'n Goeie definisie van Christelike spiritualiteit beskryf dit as die **belewenis** van God op persoonlike vlak, die deurleefde ervaring van die Christelike geloof wat lei tot geestelike groei en progressiewe ontwikkeling en die uiteindelijke transformasie van die persoon se lewe as 'n uitkoms van hierdie belewenis (vgl. Mc Grath, 2001:3).

In teenstelling hiermee bestaan die hedendaagse tendens om spiritualiteit te sien as 'n subjektiewe, mistieke gevoelsingesteldheid wat grootliks staatmaak op eie intuïsie en 'n drang by die persoon om uit te reik na 'n hoër mag in homself. Hierdie tendens is nie versoenbaar met die Christelike geloofsbeskouing nie. Volgens hierdie perspektief soek ware spiritualiteit 'n magiese energie wat in die self en in die natuur gevind word (Collins, 2001:223).

Vir die doeleindes van hierdie studie word spiritualiteit bondig saamgevat deur die woorde van Johannes die Doper in Johannes 3:30: *Hy moet meer word en ek minder*. Volgens Borchert (1996:192) is hierdie woorde die kort, kragtige en finale getuienis van Johannes die Doper wat dui op die oorgang tussen die ou era van Israel se profete en die nuwe era van die Messias wat Jesus as die bewerker van die ewige lewe verkondig. Hierdie woorde was 'n uitdrukking van Johannes die Doper se karakter en die rol wat hy vertolk het. Hy was geen teenstander van Christus nie, maar sy vriend.

Hierdie was die laaste en voortreflikste woorde uit die mond van die laaste profeet. Bultman stel dit soos volg: *The old epoch of the world has run its course, the*

eschatological age is beginning (vgl. Beasley-Murray, 1999:53). Vir ons as gelowiges het die koms van Jesus Christus, die Messias die kern van ons spiritualiteit geword.

1.4 MEDE-AFHANKLIKHEID AS VERSKYNSEL

Die verhaal van koning Dawid in die Bybel, is 'n goeie beskrywing van hoe die ouers se sonde 'n direkte uitwerking op die kinders het. Volgens Reiner (2005:93) voorsien die sonde van die ouers dikwels die saad vir die sonde wat in die volgende geslag herhaal word. In 2 Samuel 13 word byvoorbeeld beskryf hoe Amnon, Dawid se seun, sy suster Tamar verkrag het. Dawid se owerspel met Batseba het 'n invloed op sy kinders gehad (2 Sam. 12:10-11). Dawid se gesin het nooit van die uitwerking van hul probleme herstel nie en twee generasies later het dit die skeuring van Israel meegebring.

Volgens Beattie (1987:30) het die begrip *mede-afhanklikheid* aanvanklik in die middel sewentigs ontstaan, met spesifieke verwysing na persone wie se lewens disfunksioneel geraak het as gevolg van hul betrokkenheid by chemiese afhanklike persone. Sedertdien het hierdie begrip uitgebrei na die naasbestaendes van enige persone en ander seksueel afwykende gedrag; asook die volwasse kinders uit disfunksionele gesinne. Dit is met ander woorde 'n hanteringsmeganisme wat as gevolg van skaamte-gebaseerde gedrag aangeleer word.

Volgens Haken (1990:397) Hughes-Hammer *et al.* (1998:327) Fuller en Warner (2000:7) word mede-afhanklikheid dikwels omskryf in terme van 'n buitengewone fokus op verhoudings, anders gestel, 'n verhoudingsverslawing as gevolg van 'n stresvolle gesinsagtergrond.

Disfunksionele gesinsisteme gee aanleiding tot destruktiewe gedragspatrone en -verhoudings wat veroorsaak dat die betrokke gesinslede sekere rolle vervul wat voortspruit uit skuld- of skaamtegevoelens. Hierdie verwonding wat die kind opdoen het verreikende gevolge vir die emosionele ontwikkeling van die persoon wat tot in die volwasse stadium steeds 'n uitwerking het, sodat daar vandag na volwasse kinders uit disfunksionele huisgesinne, as mede-afhanklikes verwys word (Stoop & Masteller, 1996:30-35).

Mede-afhanklikheid bring sy eiesoortige verslawing mee wat ontstaan uit 'n emosionele vakuum wat binne-in hul eie menswees ontstaan. Hemfelt *et al.* (2002:17) stel dit soos volg:

The destructive relationships in co-dependency echo down the generations. The daughter of an alcoholic will frequently marry an alcoholic or a workaholic, or a compulsive spender (or miser). The ghosts of the past are calling the shots.

Volgens Prest en Protinsky (1993:355) en Hughes-Hammer *et al.* (1998:328) het mede-afhanklikheid 'n belangrike konsep geword by die identifisering van gedragsimptome wat verband hou met disfunksionele gedrag by die beradene self, sowel as die gesin van oorsprong.

Mede-afhanklikheid ontstaan in wese as gevolg van gebrekkige emosionele verbondenheid met die primêre versorgers, dit wil sê die ouers. Stoop en Masteller (1996:43) stel dit treffend op die volgende wyse: *When we talk about dysfunctional families, we mean situations in which the bonds of covenant love, especially between parents and children, have been strained or broken.*

Vir Zackrisson behels die sonde van ouers meer as net hul slegte gedrag met persoonlike en sosiale gevolge en laat dit diep geestelike letsels wat hy soos volg omskryf: *In Scripture and theology sin is a condition that goes to the root of our being for it has to do with our relationship to our origin and to God* (vgl. McMinn, 1996:132).

1.4.1 Die verhouding tussen spiritualiteit en mede-afhanklikheid by vroue

Erickson (2005:510-511) is van mening dat die mens geen onafhanklike bestaansreg het nie en dat die mens slegs geskep is omdat God dit so gewil het. *Although the aim of the Christian life is to be spiritually one with God, humans will always be metaphysically separate from God. Thus, we should not aim to losing our individual human identity.* God het die mens met sy/haar eie identiteit geskape, met 'n vrye wil om eie keuses te maak, sodat ons vrywilliglik met Hom in 'n verhouding kan staan. Hierdie vermoë het die mens met die sondeval verloor.

Disfunksionele gedragsspatrone soos byvoorbeeld selfontkenning, gebrekkige selfhandhawing en fokus op ander ten koste van haarself word dikwels deur die mede-afhanklike vrou vanuit die Skrif geregverdig. Whithead (2003:272) stel dit soos volg:

The co-dependent is an inwardly emotionally starved person who is bending her outward 'strong, coping, together' mask to the task of dying to self, suffering with Christ and taking up her cross. It's absurdity. Jesus came to remove the mask and heal the person in pain behind it. Only the healed 'real' self can take up the cross, but, in the co-dependent the 'real self' barely has an existence.

Alle Christene worstel om geestelik te groei en tot volle geestelike volwassenheid te kom. Om verslawende gedragsspatrone te oorkom het die gelowige vrou nodig om te weet dat sy volgens Romeine 6:11 in Christus lewend gemaak is en dood is vir die sonde. Sy het nodig om haar persoonlike en spirituele konflikte op te los, haar nuwe identiteit en vryheid in Christus te vind en dan te leef in die geloof deur die krag van die Heilige Gees (Anderson *et al.*, 2000:92).

1.5 LEEMTES IN HUIDIGE NAVORSING

Die literatuur oor mede-afhanklikheid fokus hoofsaaklik op die psigies emosionele wanfunksionering wat voorkom as gevolg van mede-afhanklikheid (Hemfelt *et al.*, 2002:37-76; Stoop & Masteller, 1996:30). Voldoende navorsing bestaan ook oor verslawende gedragsspatrone wat oor generasies voorkom as gevolg van disfunksionele patrone by die gesin van oorsprong (Stafford & Hodgkinson, 1998:30-31; Hemfelt *et al.*, 2002:188; Whitehead, 2003:71-72). Daar is egter nie na behore navorsing gedoen waar die spiritualiteitsdimensie met betrekking tot mede-afhanklikheid van gelowige vroue ondersoek is nie. Die navorser is daarom van mening dat daar 'n groot leemte bestaan met betrekking tot die **spirituele dimensie** van mede-afhanklike gelowige vroue en die pastorale begeleiding van sulke vroue. Hierdie studie wil graag aandui dat mede-afhanklikheid 'n deurslaggewende rol speel in die spiritualiteit van die gelowige vrou.

1.6 DIE NAVORSINGSVRAAG

Uit bogenoemde inligting blyk dit duidelik dat mede-afhanklikheid 'n definitiewe effek op die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue het en dat daar ruimte bestaan vir verdere navorsing met die oog op pastorale berading. Die volgende navorsingsvraag word hieruit geformuleer:

Wat is die effek van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou en hoe kan so 'n persoon pastoraal begelei word?

Verdere vrae wat hieruit voortspruit is die volgende:

- 1.6.1 Watter perspektiewe bied die **Skrif** ten opsigte van mede-afhanklikheid en spiritualiteit?
- 1.6.2 Watter bydrae kan die **aanverwante wetenskappe** met betrekking tot mede-afhanklikheid lewer ?
- 1.6.3 Watter perspektiewe kom na vore vanuit die **empiriese ondersoek** na die invloed van mede-afhanklikheid op die spiritualiteit van gelowige vroue?
- 1.6.4 Watter **praktykteoretiese riglyne** kan neergelê word vir die pastorale begeleiding van mede-afhanklike gelowige vroue om hulle na spirituele volwassenheid te begelei?

1.7 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT

Die sentraal teoretiese argument is dat pastorale berading effektief benut kan word om gelowige vroue, wat weens mede-afhanklikheid geestelike probleme ervaar, te begelei tot genesing, verandering en spirituele groei.

1.8 DOELSTELLING

Om die uitwerking van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou te bepaal en aan te toon hoe sy pastoraal begelei kan word.

1.8.1 Doelwitte

- Om aan te toon watter perspektiewe die Skrif met betrekking tot die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue binne 'n mede-afhanklike konteks bied.
- Om perspektiewe van aanverwante wetenskappe te ondersoek wat kan lig werp op mede-afhanklikheid by die vrou.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die invloed van mede-afhanklikheid op die gelowige vrou se spiritualiteitsdimensie te bepaal.
- Om praktiese riglyne vir die pastorale berading van die mede-afhanklike vrou te formuleer, ten einde haar tot spirituele volwassenheid te begelei.

1.9 METODE

In die metode en beantwoording van die verskillende navorsingsvrae vind die studie aansluiting by Zeffass se praktykteologiese model (Heyns & Pieterse, 1998:34-38). Hierdie model behels 'n basis-, meta- en praktykteorie en word aan die hand van die volgende vertrekpunte gedoen.

1.9.1 Basisteoretiese perspektiewe

- Basisteoretiese riglyne vanuit die Skrif word ondersoek oor die spiritualiteit van die gelowige vrou wat weens mede-afhanklikheid in haar geestelike groei in so 'n mate gestrem word, dat sy nie tot geestelike volwassenheid kan ontwikkel nie.
- Die openbaring-historiese metode van eksegeese sal gebruik word om die basisteoretiese perspektiewe van hierdie hoofstuk te ondersoek. Volgens hierdie metode word Bybelse perspektiewe oor genoemde onderwerpe op 'n vertikale vlak, dit wil sê die openbaring van God aan die mens, sowel as op horisontale vlak, deur die loop van die geskiedenis heen, ondersoek (Van der Walt, 2006:21).
- Die volgende Bybelse vrouefigure word gebruik om die intergeneratiewe transmissie van sondige gedrag binne 'n mede-afhanklike konteks te verduidelik:
 - Sara, verbondsmoeder en vrou van Abraham
 - Rebekka – vrou van Isak, seun van Abraham

- Ragel en Lea – vroue van Jakob, seun van Isak, seun van Abraham

Die Skrifgedeeltes van Genesis 16-31 word hiervoor gebruik.

In die Nuwe Testament word die volgende Skrifgedeeltes gebruik met betrekking tot spiritualiteit en om 'n Christus-gesentreerde benadering te verduidelik:

- Romeine 8:15-17; 1 Petrus 1:18-19.
- Efesiërs 1:3-18; die “in Christus”-beskrywing soos dit in Efesiërs uitgedruk word vorm die basis vir die Christen se spiritualiteit en is van wesenlike belang vir die ondersoek na die begrip *spiritualiteit*.

1.9.2 Metateoretiese perspektiewe

Hierdie studie word gegrond op 'n literatuurstudie en empiriese navorsing wat gedoen sal word by wyse van 'n fenomenologiese, kwalitatiewe ondersoek met 'n enkele gevallestudie wat oor drie generasies uitgevoer sal word. Volgens Leedy en Ormrod (2001:149) Strydom en Delport (2005:328) kan 'n empiriese ondersoek wel met net een of twee gevallestudies gedoen word. Jansen van Rensburg (2007:5) ondersteun hierdie standpunt.

- 'n Literatuurstudie vanuit aanverwante dissiplines soos die Sielkunde, Maatskaplike Werk, Verpleegkunde en Sosiologie word geraadpleeg. Verhoef (2000:11) beklemtoon die belangrikheid van ander vakdissiplines se bydrae in pastorale berading.
- Die empiriese navorsing sal geskied by wyse van semigestruktureerde onderhoude met *een* gelowige vrou (vgl. 2.5.2) wat met mede-afhanklikheid worstel, maar die navorsing sal oor drie generasies plaasvind en sal geskied volgens die riglyne daargestel deur die Etiekkomitee van die NWU.

1.9.3 Praktikteoretiese perspektiewe

Die praktikteoretiese riglyne vir berading sal neergelê word vanuit die hermeneutiese wisselwerking tussen basis- en metateoretiese navorsing.

1.9.4 Ander tegniese aspekte

- Skrifverwysings is volgens die 1983- Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
- Waar die geslagsvorm hy/hom in die studie aangedui word, impliseer dit ook die vroulike geslag sy/haar.
- As gevolg van die titel van hierdie navorsing wat spesifiek op vroue betrekking het, word meestal na die vroulike geslagsvorm verwys.
- Die term *afhanklikheid/afhanklike* word afwisselend gebruik vir *verslawing of verslaafde*.
- Die term *spirituele* word afwisselend gebruik met *geestelike*.
- Die term *berader/navorser* sal afwisselend gebruik word vir die persoon wat *pastorale begeleiding/berading* doen of *terapie* verleen.
- Die term *kliënt* sal afwisselend gebruik word vir die woord *beradene* of *deelnemer*.
- Die term *pastorale begeleiding* of *berading* sal afwisselend gebruik word vir *Christelike* en *Bybelse* berading.
- Die titel van hierdie studie dui op die meervoud, maar uiteindelik is slegs een vrou in die empiriese studie gebruik. Die navorser beskou haar as verteenwoordigend van gelowige mede-afhanklike vroue, veral omdat die navorsing oor drie generasies heen gestrek het en al die vroue uit hierdie familie volgens die gesinsgeskiedenis duidelik waarneembare simptome van mede-afhanklikheid getoon het.

Die skematiese voorstelling van die korrelasie tussen die probleemstelling, doelstelling, doelwitte en die navorsingsmetode word in 'n tabelvorm op die volgende bladsy uiteengesit.

1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN DIE PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING, DOELWITTE EN DIE NAVORSINGSMETODE

Probleemstelling	Doelstelling en Doelwitte	Navorsingsmetode
Hoe kan gelowige vroue wat weens mede-afhanklikheid met geestelike probleme worstel pastoraal begelei word tot geestelike volwassenheid?	Om die uitwerking van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue te bepaal.	'n Prakties teologiese metode sal gevolg word waarin die Woord van God as basis gebruik word en 'n Christusgesentreerde benadering gevolg sal word.
Wat openbaar God in sy Woord oor spiritualiteit m.b.t. die begeleiding van mede-afhanklike gelowige vroue?	Om basisteoretiese perspektiewe daar te stel m.b.t. pastorale begeleiding van mede-afhanklike gelowige vroue se spiritualiteit.	Basisteoretiese riglyne word uit die Skrif en ander teologiese studiebronne ondersoek, volgens die openbaringshistoriese metode van eksegeese.
Watter bydraes lewer aanverwante dissiplines tot die probleem van mede-afhanklikheid?	Om die standpunte van aanverwante dissiplines rakende mede-afhanklikheid te ondersoek.	Om relevante meta-teoretiese perspektiewe d.m.v. 'n literatuurstudie op mede-afhanklikheid te bestudeer en te evalueer.
Watter praktykteoretiese riglyne kan geformuleer word as 'n basis vir pastorale berading aan mede-afhanklike gelowige vroue.	Om pastorale riglyne neer te lê vir die berading van mede-afhanklike gelowige vroue m.b.t. die ontwikkeling van hul spiritualiteit.	Die hermeneutiese wisselwerking tussen die basis- en metateorie om die praktykteorie te vorm.

Tabel 1.

1.11 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1	Inleiding
Hoofstuk 2	Metateoretiese perspektiewe ten opsigte van die spiritualiteitsdimensie van gelowige vrou in 'n mede-afhanklike konteks.
Hoofstuk 3	Basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue in 'n mede-afhanklike konteks.
Hoofstuk 4	Empiriese navorsing oor die spiritualiteitsdimensie van gelowige vrou in 'n mede-afhanklike konteks.
Hoofstuk 5	Praktykteoretiese riglyne vir pastorale berading met betrekking tot die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue in 'n mede-afhanklike konteks.
Hoofstuk 6:	Finale gevolgtrekking, samevatting en aanbevelings vir verdere studie.

HOOFSTUK 2

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE BY GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE- AFHANKLIKE KONTEKS

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om die spiritualiteitsdimensie by gelowige mede-afhanklike vroue te ondersoek en om pastorale riglyne te voorsien aan sodanige persone. Die begrip *mede-afhanklikheid* kom nie as sodanig in die Skrif voor nie en ter wille van 'n groter insig en verstaan van hierdie verskynsel en die invloed daarvan op elke aspek van die mens, word daar van die konteks van mede-afhanklikheid na die Woord beweeg. Die doelwitte wat dus in hierdie hoofstuk beoog word, is om eers buite die grense van die teologie te beweeg en sodoende metateoretiese perspektiewe uit aanverwante dissiplines met betrekking tot mede-afhanklikheid te ondersoek, alvorens daar na Bybelse perspektiewe oorgegaan word as die basis van hierdie studie.

Volgens Heyns en Pieterse (1998:50) is 'n metateorie 'n teorie waar sekere wetenskaplike vertrekpunte van ander vakdissiplines wat met die praktiese teologie universeel gedeel word, bestudeer en uitgestip word. Metateoretiese perspektiewe speel 'n belangrike rol in hierdie navorsing en wel om die volgende redes:

- Die praktiese teologie en die ander geesteswetenskappe bestudeer een en dieselfde **mens binne die totaliteit** van sy bestaan. Volgens Louw (1993:15) sou dit onmoontlik wees om die mens so te verdeel dat die pastoraat net met die geestelike funksies werk, terwyl die psigiese funksies aan die psigologie en die sosiale funksies aan die sosiologie en die maatskaplike werk oorgelaat word:

Die uiteindelijke uitdaging is veeleer dat elke wetenskap duidelikheid sal verkry oor die bepaalde perspektief van waaruit daar na die mens gekyk word en wat elke dissipline op

die ou end terapeuties gesproke met die mens in effek wil bereik.

- Mede-afhanklikheid het hoofsaaklik die afgelope twee dekades binne die veld van die geesteswetenskappe 'n al hoe groter veld van rehabilitasie gedek en wel in so 'n mate dat Doweiko (2002:301) dit as die hoeksteen van alle rehabilitasie beskou.
- Vanuit die navorser se eie ondervinding in die praktyk, blyk dit dat die toename in verslawing en kompulsiewe gedragspatrone, soos wat dit by **mede-afhanklikheid** voorkom, ook die kerk tref en net so 'n vernietigende invloed op die **gelowige** as die ongelowige persoon het. Wetenskaplike kennis van aanverwante wetenskappe kan dus baie bydra tot die begrip van mede-afhanklikheid en die emosionele dimensie daarvan, sodat die dinamika verbonde aan die emosionele en spirituele interaksie beter verstaan kan word.
- Kruger en Venter (2001:565) plaas die verstaanfunksies onder die verhelderende funksies op die tussenvlak van die **Psigologie** en **Teologie**, wat beteken dat een en dieselfde objek vanuit **verskillende gesigspunte** ondersoek word. Beide die Psigologie en die Teologie maak 'n studie van die mens. Die **Praktiese Teologie** leer die mens ken vanuit die **Skrif**, waar die **Psigologie** as vakwetenskap die nodige kennis bied om die **mens binne sy eie leefwêreld en veral sy gevestigde denkpatrone** te verstaan.

Soos hierbo aangetoon, is die verskillende uitgangspunte belangrik en daarom sal daar in hierdie hoofstuk hoofsaaklik op die **Psigologie** gefokus word (Haskell, 1993: 94; Prest *et al*, 1998:513-528 in Martin & Petry, 2005: 2-7) **Maatskaplike Werk** (vgl. Doweiko, 2002:301; Rotgers & Davis, 2006:61), **Sosiologie** (vgl. Fuller & Warner, 2000:5-7) en **Psigiatriese Verleegkunde** (vgl. Hughes-Hammer *et al.*, 1998:326-334; Byng-Hall, 2002:375-388) se perspektiewe ten opsigte van mede-afhanklikheid. In hoofstuk 3 sal daar oorgegaan word na die uiteensetting van 'n basisteorie sodat 'n Bybelse grondslag vir mede-afhanklikheid en die pastorale begeleiding van die mede-afhanklike vrou daargestel kan word. Die spiritualiteitsdimensie word voortdurend voor oë gehou by die uiteensetting en ondersoek van mede-afhanklikheid binne die konteks van hierdie hoofstuk.

Hohn wys daarop dat op metateoretiese vlak binne die sosiale wetenskappe daar veral twee hoofstroomparadigmas geld, naamlik die sisteemteorie en die handelingsteorie (vgl. Heyns & Pieterse, 1998:51). Eersgenoemde bestudeer menslike gedrag binne sisteme; terwyl die handelingsteoretiese benadering menslike gedrag van persone bestudeer. In die Praktiese Teologie is hierdie twee benaderings versoenbaar en die oomblik as handeling ter sprake is, volg kommunikasie, en by elke kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie ontstaan 'n kommunikasiesisteem. Die pastorale gesprek dien as voorbeeld van so 'n kommunikasiesisteem (Heyns & Pieterse, 1998:51).

Bogenoemde uiteensetting is van belang by die bestudering van mede-afhanklikheid, omdat dit 'n verskynsel is wat **intergeneratief** voorkom en waarby die gesinsisteme en die handelingsteoretiese benadering 'n ewe belangrike rol vertolk. Meier (vgl. Stoop & Masteller, 1996:9) maak die volgende stelling:

Taking the effort to analyze and understand the dynamics of our families of origin will help us to take control of our lives, and to move in new and healthier directions.

Die navorser sal mede-afhanklikheid vanuit die gesin-van-oorsprong ondersoek en van die genogram gebruik maak soos wat dit in die gesinsisteemteorie van Bowen gevind word (Parker *et al.*, 2003:86; Prest *et al.*, 1998:1-3). Verhoudings- en gedragspatrone vorm 'n integrale deel van die studie van mede-afhanklikheid en metateoretiese- sowel as Bybelse perspektiewe is nodig om 'n geheelbeeld van dié probleem te verkry.

2.2 WAT WORD ONDER MEDE-AFHANKLIKHEID VERSTAAN?

2.2.1 Die ontwikkeling van die begrip mede-afhanklikheid

Mede-afhanklikheid is 'n konsep wat algemeen deur professionele persone in die gesondheids- en geesteswetenskappe gebruik word om die gesinne en naasbestaandes van alkoholafhanklike persone te beskryf (Zetterlind & Berglund, 1999:147). Die konsep het sy oorsprong in die veld van middelafhanklikheid en in die veertiger- en vyftigerjare is daar begin om te verwys na die **belangrike ander persoon** in die alkoholiese lewe as die *ko-afhanklike* of die *ko-alkoholis*. Hierdie persoon sou die **instaatsteller** wees wat onbewustelik meehelp om die afhanklike

persoon in staat te stel om voort te gaan met sy destruktiewe drinkery. Volgens Cretzer en Lombardo het die teorie ontstaan dat die nie-afhanklike persoon die afhanklikheid op 'n indirekte wyse bevorder om sy eie onvervulde emosionele behoeftes te bevredig (vgl. Parker *et al.*, 2003:85).

Sedertdien het die begrip na alle persone uitgebrei wat uit disfunksionele huisgesinne kom. Prest en Protinsky (1993:252) verwys na die uitspraak van deskundiges op die terrein van verslawing wat beweer dat daar miljoene mense in die samelewing mede-afhanklik is as gevolg van kompulsiewe eetversteurings, dobbelary en pornografieverslawing. Ook wat betref disfunksionele gesinne as gevolg van fisiese en/of emosionele afwesige ouerfigure, mishandeling, gewelddadigheid en verslawing van een of albei ouers. Hierdie breë spektrum van disfunksionaliteit beklemtoon die omvattendheid van mede-afhanklikheid en gee aanleiding tot meningsverskille by wetenskaplikes oor die verifieerbaarheid van die omskrywing van mede-afhanklikheid as 'n geestestoestand.

Volgens Fuller en Warner (2000:5) word die konsep van mede-afhanklikheid hoofsaaklik vanuit kliniese en kwalitatiewe standpunte benader:

Many researchers have criticized the ambiguity of studies of codependency ... because those studies have not measure codependency systematically – they have merely offered suggestions for future research. Thus, much of the existing literature on codependency consists of critical and clinical analyses of the concept, including a variety of possible definitions.

Die populêre gebruik van die konstruk *codependency* het die afgelope twee dekades toegeneem en die gebruik daarvan kom algemeen in wetenskaplike sowel as die selfhelpliteratuur voor. Volgens Webb en Fabean hou verdere empiriese studies die belofte in om bestaande geskilpunte op te los en om die verstaan van die etiologie van mede-afhanklikheid te bevorder (vgl. Prest *et al.* 1998:1). Greenleaf tref 'n onderskeid tussen die ondervindinge van die eggenote van die alkoholis en die kinders (vgl. Prest & Protinsky, 1993:354). Hiervolgens ontwikkel die mede-afhanklike persoon 'n reeks simptome wat daarop gemik is om die ewewig tussen die sosiale en ekonomiese funksies te handhaaf. Hy noem so 'n persoon die *ko-alkoholis*. Die kinders daarenteen ontwikkel simptome soortgelyk aan die afhanklike

persoon self en word *para-alkoholiste* genoem. Dit kan egter ontwikkel in ander mede-afhanklikheidskenmerke in hulle volwasse lewe. Greanleaf definieer gevolglik mede-afhanklikheid by die eggenote as 'n teenwoordige tyd reaksie ongeag of sy as 'n para-alkoholis gereken kon word (vgl. Prest & Protinsky, 1993:354). Ongeag of daar kwaliteitsverskille tussen die twee begrippe is, het hulle dieselfde onderliggende etiologie, naamlik 'n disfunksionele intergeneratiewe sisteem. 'n Belangrike vraag spruit voort uit bogenoemde redenasie: **Is mede-afhanklikheid 'n primêre of 'n sekondêre verskynsel in verskeie sisteme?** Wat kom eerste: 'n disfunksionele sisteem-dinamika, verslawing, of mede-afhanklikheid? Veroorsaak die afhanklike persoon (alkoholis, middelverslaafde, kompulsiewe eter, ens.) die mede-afhanklikheid of veroorsaak onderliggende intergeneratiewe gesin-van-oorsprong-disfunksies, mede-afhanklikheid? (Prest & Protinsky, 1993:354). Voortspruitend uit hierdie vraag sal daar onder 2.2.3 na die dinamika van mede-afhanklikheid gekyk word.

2.2.2 Definisies en uiteensetting van mede-afhanklikheid

Whitfield (1989:28) definieer mede-afhanklikheid soos volg:

Codependence is any suffering and/or dysfunction that is associated with or results from focusing on the needs and behavior of others. Co-dependents become so focused upon or preoccupied with important people in their lives that they neglect their True Self.

Daar is gevind dat latere navorsers byvoorbeeld Doweiko (2002:301); Hewes & Janikowski (1998:2-6) en Gibson & Donigian (1993:2) steeds gebruik maak van vroeëre definisies van mede-afhanklikheid.

Lyon en Greenberg (1991:436) verwys na die mees algemeen beskrywende simptome van mede-afhanklikheid van die vroeëre navorsers (Schaef 1986; Wegscheider-Cruse, 1984; Woititz, 1983) as:

- Intense en onstabiele interpersoonlike verhoudings.
- Onverdraagsaamheid om alleen te wees, gepaardgaande met desperate pogings om alleenheid te vermy.
- Chroniese gevoelens van verveeldheid en innerlike leegheid.

- Ondergeskiktheid van eie behoeftes ter wille van die ander belangrike persoon s'n.
- Oorweldigende behoefte aan aanvaarding, goedkeuring en affeksie van ander.
- Oneerlikheid en ontkenning.
- Lae selfwaarde.

Whitfield (1989:28) haal definisies van verskeie baanbrekers op die gebied van mede-afhanklikheid aan en die drie belangrikstes word hier uitgelig:

Subby definieer mede-afhanklikheid [as] *an emotional, psychological, and behavioral pattern of coping that develops as a result of an ... individual's prolonged exposure to, and practice of, a set of oppressive rules - rules which prevent the open expression of feeling, as well as the direct discussion of personal and intrapersonal problems* (vgl. Whitfield, 1989:29).

Wegscheider-Cruse beskryf mede-afhanklikheid

[as] ... *preoccupation and extreme dependence (emotionally, socially, and sometimes physically on a person or object. Eventually, this dependence on another person becomes a pathological condition that affects the co-dependent in all other relationships. It is primary a disease and a disease within every member of an alcoholic family* (vgl. Whitfield, 1989:29).

Schaef aan die anderkant beskryf mede-afhanklikheid

[as] ... *a disease that has many forms and expressions and that grows out of a disease process that ... I call the addictive process ... the addictive process is an unhealthy and abnormal disease process whose assumptions, beliefs behaviors, and lack of spiritual awareness lead to a process of non-living which is progressive.* (vgl. Whitfield, 1998:29).

Groom (1991:21) verwys daarna dat daar geen kliniese beskrywing van mede-afhanklikheid is waaroor navorsers in die gesinsisteem of middelafhanklikheidsveld ooreenstem nie. Sy volstaan dus met die volgende breë en werkbare definisie:

Codependency is a self-focused way of life in which a person blind to his or her true self continually react to others being controlled by and seeking to control their behaviour, attitudes, and/or opinions, resulting in spiritual sterility, loss of authenticity, and absence of intimacy.

Gorski verduidelik mede-afhanklikheid in meer algemene terme en die navorser kan haar met hierdie omskrywing vereenselwig (vgl. Doweiko, 2002:301):

A cluster of symptoms of maladaptive behavior changes associated with living in a committed relationship with either a chemically dependent person or a chronically dysfunctional person either as children or adults.

2.2.2.1 Kernaspekte van mede-afhanklikheid

Al bogenoemde definisies poog om sekere kenmerkende kernaspekte van mede-afhanklikheid uit te lig. Die volgende kernaspekte kom volgens Doweiko (2002:301) na vore:

- Oorbetrokkenheid by die disfunksionele gesinslid.
- Obsessiewe pogings van die mede-afhanklike persoon se kant af om die disfunksionele gesinslid se gedrag te beheer.
- Die neiging om selfwaarde vanuit eksterne bronne te kry, byvoorbeeld die goedkeuring van ander, insluitende die van die disfunksionele persoon in die verhouding.
- Die neiging om persoonlike opofferings te maak, dikwels ten koste van die self, om die disfunksionele persoon te “red” van sy destruktiewe gedrag.

Die mede-afhanklike persoon bou sy sekuriteit en sukses op die mening van ander en raak sodoende gedrewe om te presteer en om ander tevrede te hou. Hul pogings om eie behoeftes te bevredig deur sukses en goedkeuring van ander kan hoofsaaklik in twee kategorieë ingedeel word, naamlik kompulsiwiteit en onttrekking (McGee, 1997:24).

Wegscheider-Cruse en Cruse (vgl. Hughes-Hammer *et al.* 1998:328) beskryf mede-afhanklikheid in terme van drie groepe simptome:

- ontkenning/misleiding (verdraaide denke)
- emosionele repressie (verdraaide gevoelens)
- kompulsies (verdraaide gedrag)

Verbandhoudende simptome is lae selfwaarde en mediese probleme. Hierdie kernsimptome van mede-afhanklikheid is deur Wegscheider-Cruse en Cruse (vgl. Hughes-Hammer *et al.*, 1998:328) getoets en verwerk tot 'n hersiene model en het gelei tot 'n model wat uit **vyf** faktore, **een** kernsimptoom en **vier** verbandhoudende simptome bestaan. **Selfverwaarlosing** van 'n **andersoortige gesentreerdheid** wat 'n kombinasie van **beheer- en grensprobleme** is, vorm die kern van mede-afhanklikheid; terwyl die **gesin-van-oorsprong-probleme**, **lae selfwaarde**, die **verskuilde self** en **mediese probleme**, die aanverwante simptome uitmaak (Hughes-Hammer *et al.*, 1998:328).

Zetterlind en Berglund (1999:147-151) het in hul navorsing van Cermak se model gebruik gemaak. Hierdie model is soortgelyk aan die DSM wat vir diagnostiese kriteria in empiriese navorsing gebruik word. Hierdie navorsers het bevind dat Cermak se skaal met vrug gebruik kan word om mede-afhanklikheid te diagnoseer. Dit sluit die volgende in:

- Die voordurende bepaling van eiewaarde/selfwaarde deur die vermoë om die self en ander se gevoelens te beïnvloed of te beheer, ten spyte van die nadelige gevolge wat sulke gedrag inhou.
- Die oorneem van ander se verantwoordelikhede ten koste van eie behoeftes.
- Angstigheid en grensverdraaiing in beide intieme en skeidingsituasies.
- Ineenvervlegde (*enmeshed*) verhoudings met persone met persoonlikheidsafwykings, middelafhanklikheid en kompulsiewe steurings.
- Drie of meer van die volgende simptome:
 - (i) Onderdrukking of beperking van emosies met of sonder uitbarstings

- (ii) Depressie.
- (iii) Hiperwaaksaamheid (slaaploosheid).
- (iv) Kompulsies.
- (v) Angstigheid.
- (vi) Steun sterk op ontkenning.
- (vii) Middelaafhanklikheid.
- (viii) Herhaalde seksuele of fisieke misbruik.
- (ix) Stresverwante siektes.
- (x) Primêre verhouding met 'n middelaafhanklike persoon vir ten minste twee jaar sonder om hulp of ondersteuning te soek.

Uit die groot verskeidenheid van voorafgaande beskrywings en definisies van mede-afhanklikheid, blyk dit dat daar in die literatuur baie ooreenstemmende faktore is wat uitgelig word, maar dat geeneen van die definisies dominant is met betrekking tot die aanvaarding van die begrip *mede-afhanklikheid* nie. Daar word dus volstaan met Dear en Roberts (2004:294) se tematiese, sistematiese analise wat uit 11 definisies van mede-afhanklikheid vier kernelemente uitgelig het, naamlik:

- Eksterne fokus – dit verwys na die fokus op ander se gedrag, opinies en verwagtinge en om eie gedrag daarvolgens te rig.
- Selfopoffering – dit verwys na die nalating van die vervulling van eie behoeftes en die konsentrasie op ander se behoeftes.
- Interpersoonlike beheer – dit verwys na die geloof van die persoon in sy eie vermoëns om ander se probleme op te los, te *fix*, en hul gedrag te beheer.
- Emosionele onderdrukking – verwys na die opsetlike onderdrukking, of die ontkenning van eie emosies.


2.3 DIE DINAMIKA VAN MEDE-AFHANKLIKHEID

Die vraag ontstaan of mede-afhanklike persone so gebore word of deur omstandighede so gevorm word? Voorstanders van die begrip mede-afhanklikheid is dit eens dat mede-afhanklikheid aangeleerde gedrag is en volgens Zelvín is daar drie roetes tot hierdie konstruk (vgl. Doweiko, 2002:302):

- Om in 'n nuwe verhouding met 'n middelaafhanklike persoon te staan
- Om in 'n disfunksionele gesin op te groei
- Om deur sosialisering 'n mede-afhanklikheidsrol aan te neem

Doweiko (2002:301) verduidelik die dinamika van mede-afhanklikheid na aanleiding van sekere kenmerkende eienskappe wat teenwoordig moet wees om die konstruk te “bou”. Die twee komponente wat teenwoordig moet wees om die siklus van mede-afhanklikheid te aktiveer en te laat groei, is **eerstens** ’n **lae selfwaarde** by die persoon self. ’n Persoon wat nie ’n lae selfwaarde het nie, sou die disfunksionele persoon kon weerstaan en nie misbruik toelaat nie. **Tweedens** moet die “belangrike ander persoon” (*significant other person* - **S.O.P.** en vervolgens in hierdie studie afgekort as **B.A.P.**) **disfunksioneel** wees. Indien hierdie persoon emosioneel funksioneel sou wees, sou die mede-afhanklike persoon deur die B.A.P. bevestig en opgebou word. Mede-afhanklikheid berus dus op die interaksie tussen die twee patologieë (by gebrek aan ’n beter woord) (Doweiko, 2002:304). Gebrekkige self-waarde word deur die literatuur as een van die oorsaaklike faktore van mede-afhanklikheid uitgewys (Stafford & Hodgson, 1998:51; Hogg & Frank, 1992:371; Doweiko, 2002:303). Na aanleiding van die voorafgaande inligting het die navorser die onderstaande skematiese voorstelling van die proses van mede-afhanklikheid gemaak deur Doweiko (2002:304) se skematiese voorstelling van die siklus van mede-afhanklikheid te verwerk en aan te pas en intergeneratiewe aspekte in te bring.

Die skematiese voorstelling bevestig dat mede-afhanklikheid uit die gebrekkige validering in die disfunksionele gesin ontstaan. Daarna word dit versterk deur ’n gebrek aan ondersteuning van eksterne bronne wat vrees vir verwerping deur ander belangrike persone veroorsaak. Hierdie vrees vir verwerping gee weer aanleiding tot magteloosheid en ’n gevoel van waardeloosheid wat die bose siklus voltooi.



Figuur 2.1: Siklus van mede-afhanklikheid (Verwerk uit Doweiko, 2002:304).

Volgens Stafford en Hodgkinson (1998:36) is die uitwerking van een of ander verslawing op die kinders in die gesin verreikend, maar is daar nog 'n ander faktor wat mede-afhanklikheid tot gevolg het, naamlik 'n emosioneel en fisiese afwesige ouer vanweë verskeie redes. Hulle stel dit soos volg (Stafford & Hodgkinson 1998:36): *Non-alcoholic ways in which parents may not be 'there' for the children can include:*

- *Violence and sexual abuse*
- *Workaholic*
- *Gambling*
- *Tranquilliser addiction*
- *Womanising*
- *Chronic invalidism*
- *Frequent journeys abroad*
- *Death*
- *Suicide*
- *Being unemployed or unemployable*
- *Frequent hospitalization*
- *Mental or physical handicap*
- *Excessive religiosity*
- *Rigid rules and regulations*
- *Homes where children are never allowed to be themselves, but must always be pleasing the adults*

Bogenoemde kan as van die oorsaaklike faktore beskou word vir gebrekkige selfwaarde wat 'n sterk dryfveer vir mede-afhanklikheid is.

Wanneer Hewes en Janikowski (1998:2-6) mede-afhanklikheid en die dinamika daarvan beskryf soos wat dit by die alkoholafhanklike se gesinslede voorkom, vermeld hy die feit dat 'n magdom persoonlikheidseienskappe en gedragsprobleme voorkom wat normale emosionele groei en ontwikkeling strem en latere aanpassingsprobleme tot gevolg het. Hierdie probleme spruit voort uit die feit dat die gesin dikwels as gevolg van geheimhouding geïsoleer en geforseer word om vanuit 'n beheerde omgewing te leef.

Claudia Black wat baie van die fundamentele konsepte van die sisteemteorie gebruik het, het die dinamika van die alkoholafhanklike gesin en die **reëls** wat binne die gesin geld, bondig opgesom met die leuse van ***don't talk, don't trust, don't feel*** (vgl. Doweiko, 2002:284). Die spesifieke dinamika binne die geslote kring van die alkoholafhanklike gesin wat normale groei, ontwikkeling en aanpassing nadelig raak, sluit volgens Hewes en Janikowski (1998:2) die volgende in:

- Rigiede gesinsreëls
- Beperkte kommunikasie
- Inkonsekwente en wisselvallige (*erratic*) gedrag van die alkoholiser.

2.3.1 Mede-afhanklikheid en kontra-afhanklikheid

Hogg en Frank (1992:371-372) tref die interessante onderskeid tussen mede-afhanklikheid en kontra-afhanklikheid, wat soos volg deur die navorser in tabelvorm uiteengesit word:

TIPERENDE GEDRAGSPATRONE

Mede-afhanklikheid	Kontra-afhanklikheid
(a) Slagoffersindroom/martelaars houding. Opoffering van eie behoeftes om aan ander s'n te voldoen.	(a) Selfgenoegsaamheid – ontkenning van emosionele behoeftes in verhouding tot ander.
(b) Fusie – verlies van eie identiteit in intieme verhoudings.	(b) Isolاسie - onttrekking van intieme verhoudings.
(c) Opdringerigheid – beheer oor ander se gedrag deur versorging, skuldgevoelens te kweek en manipulasie.	(c) Selfverdediging - maak gebruik van sielkundige verdedigingsmeganismes om eienaarskap van emosies en gedrag te ontduik.
(d) Perfeksionisme – onrealistiese hoë eise aan self en ander, met gevolglike oorprestasie of onvermoë.	(d) Oordonderende gedrag (<i>acting out</i>) maak gebruik van blamering, woede en minaggende gedrag om ander te beheer of doelbewus seer te maak (vergelding).
(e) Het deurdringbare en los ego-grense.	(e) Deel met hul pyn deur rigiede en ondeurdringbare grense. Hulle stel hoë mure rondom hulself en skep sodoende 'n indruk van ontoeganklikheid.
(f) Die tipiese mede-afhanklike persoon beleef 'n verlies aan "self".	(f) Die tipiese kontra-afhanklike beleef die pyn van alleenheid.

Tabel 2

Kontra-afhanklikheid word deur Hogg en Frank (1992:372) beskryf as strategieë wat persone in hul intieme verhoudingslewe aanleer om hul eie emosionele behoeftes te bevredig. Hy definieer kontra-afhanklikheid as 'n gedragstendens om die "self" te isoleer van ander om sodoende emosionele verwonding te verhoed. Die kontra-afhanklike persoon hou hom op 'n veilige afstand en gee die bedekte boodskap deur van: *Ek het jou nie nodig nie*. Die illusie van 'n veilige eiland word geskep. Cermak gebruik die term **counter phobic behaviour** om die gedrag van die kontra-afhanklike persoon wat verhoudings met ander vermy om hulself te beskerm, te beskryf (vgl. Hogg en Frank, 1992:372).

Mans is meer geneig om hul emosionele behoeftes te ontken en nie hul kwesbaarheid te wys nie. Baie mans leef in emosionele isolasie om sodoende hul beslistheid en krag te toon en is daarom meer geneig tot kontra-afhanklikheid. *Contradependence is when the outer appearance of being 'the strong and silent type' masks the inner reality of being alone and afraid* (Hogg & Frank, 1992:373). Die navorser is van mening dat kontra-afhanklikheid nie tot mans beperk is nie, maar dat daar ook vroue is wat hierdie masker van die sterk en onafhanklike persoon voorhou om hul onsekerheid en eensaamheid te verberg.

2.3.2 Wegscheider se rolteorie

Net soos wat die afhanklike persoon in die gesinsisteem aanpas om sy destruktiewe afhanklikheid in stand te hou, pas die mede-afhanklike gesinslede ook aan om met die stres in die disfunksionele gesin saam te leef (Van Wormer & Davis, 2003:290). So byvoorbeeld, kan die alkoholis nie in isolasie gesien word nie, maar as iemand wat in dinamiese interaksie met sy omgewing staan. Van Wormer en Davis (2003:290) verwoord dit soos volg:

As various individuals come forward to fill the essential family roles, the integrity of the family is preserved; equilibrium is maintained, but at the expense of one or more of the individual members. If the addict later recovers, the operating family system will be "thrown out of whack," a crisis will occur, and individual and group adaptation will be required.

Wegscheider-Cruse (vgl. Hogg & Frank 1992:372; Van Wormer & Davis, 2003:290; Hemfelt *et al.*, 2002:174;) vermeld die volgende rolle wat deur mede-afhanklikes in die disfunksionele gesin uitgespeel word, naamlik die held (*hero*), die sondebok (*scapegoat*) die nar (*mascot*) die vergete kind (*lost child*). Verdere rolle word ook deur ander navorsers geïdentifiseer (Haskell, 1993:84), die paaier (*placater*) en die aanpasser (*adjuster*). Hierdie rolle is nie wetenskaplik geverifieer nie en is bloot op waarneming gegrond. Uit praktiese ondervinding het die navorser ondervind dat hierdie rolle oor die algemeen by disfunksionele gesinne van toepassing is en deel vorm van die mede-afhanklikheidspatroon van die onderskeie gesinslede soos wat fisieke en emosionele behoeftes by die kinders verwaarloos word (laaste paragraaf 2.3) en is nie net op die alkoholafhanklike se gesinslede van toepassing nie.

Wegscheider-Cruse, geïnspireer deur Virginia Satir se rolteorie (vgl. Van Wormer & Davis, 2003:291) vermeld en beskryf die volgende rolle wat by mede-afhanklikes gevind word:

- *Chief enabler* – volgens Van Wormer en Davis (2003:291) verkies hulle die term *family manager*. Dit is gewoonlik die sober egmaat van die alkoholis wat hierdie rol vervul. *The role of the family manager is to overfunction to compensate for the partner's underfunctioning* (Van Wormer & Davis, 2003:291).
- Die held – die held is gewoonlik, maar nie altyd nie, die oudste kind. Hierdie persoon hou die gesin bymekaar en hou die disfunksionele gesin sover moontlik funksioneel. Hulle doen huishoudelike take, sien om na jonger kinders en versorg selfs die afhanklike persoon. Die gesinsheld is gewoonlik die betroubare kind, wat toegewyd, verantwoordelik en ryp vir sy jare voorkom (Hemfelt *et al.*, 2002:161).
- Die sondebok (*scapegoat*) – ongeag hoe strelend die woorde van ontkenning is wat die kind van sy ouers hoor, is hy bewus van die feit dat hul huisgesin nie gebalanseerd is nie. Hoewel hy nie sy verlies noodwendig doelbewus kan bepaal nie, bly sy liefdestenk leeg. Hy beskou homself dikwels as die oorsaak van die probleem en voel dat hy die blaam verdien. Soms neem hy die blaam vir die aandag wat hy daardeur kry (Hemfelt *et al.*, (2002:161). Dis veel eerder die kontra-afhanklike persoon wat hierdie rol vervul en Hogg en Frank (1992:372) stel dit soos volg:

...the scapegoat represents the defiant, rebellious or antisocial aspects of the family system. The scapegoat confronts the illusion of emotional health through anger and acting out, which serves to shift the focus of attention away from the alcoholic and onto the trouble-making child.

- Die vergete kind (*lost child*) – hierdie kinders leef in 'n fantasiewêreld en veroorsaak nooit probleme nie. Hulle onttrek hul in hul eie wêreld van besig wees met rekenaarspeletjies, televisie of ander speelgoed. Hierdeur ontvlug die vergete kinders van die disfunksionaliteit van hul omgewing. Hierdie kinders het gewoonlik baie hulp nodig met selfuitdrukking van hul emosies en om probleme realisties te verstaan, voordat hulle in gebalanseerde, verantwoordelike volwassenes kan ontwikkel (Van Wormer & Davis, 2003:292).
- Die nar (*mascot*) – die kind bied komiese afleiding aan die gesin en trek sodoende die aandag op homself en weg van die konflik in die huis.

Die rol van die sondebok, die vergete kind en die nar word meer dikwels by die kontra-afhanklike persoon as die mede-afhanklike persoon aangetref. Aangesien kontra-afhanklikheid meer by die manlike geslagsrol inpas, kan die afleiding gemaak word dat genoemde drie rolle meer dikwels by seuns as dogters sal voorkom (Hogg & Frank, 1992:373).

2.3.3 Mede-afhanklikheid en grense

Grense soos gedefinieer volgens Cloud en Townsend (2002:29-54) is waar die **ek** begin en eindig. So 'n grens dui aan waar die individu eindig en waar die ander persoon begin en dit gee daartoe aanleiding dat elke persoon (i) eienaarskap van homself kan aanvaar en (ii) verantwoordelikheid vir homself kan neem. Grense kan beskryf word in terme van die fisieke, psigiese, geestelike en emosionele aspekte van die mens. Verskeie aspekte soos byvoorbeeld verwonding uit die verlede, swak rolmodelle, en misplaaste onderrig veral in sy primêre milieu veroorsaak dat daar swak of selfs geen grense by 'n persoon bestaan rie.

Volgens Lerner kan meer duidelikheid oor die gesinsdinamika verkry word deur die bestudering van die genogram en wel deur middel van die **studie van grense** (vgl.

Stoop & Masteller, 1996: 103). Laasgenoemde onderskei tussen drie tipes grense, naamlik:

- Individuele grense – dit definieer wie ek as persoon is in verhouding tot ander.
- Intergeneratiewe grense – hierdie grense help om die ouers en die kinders te definieer. Wanneer hierdie grense vervaag, neem die kinders dikwels die versorgende ouerrol oor.
- Gesinsgrense – dit definieer die gesin.

Ten opsigte van bogenoemde kan daar volgens Stoop en Masteller (1996:104) drie grenstoestande voorkom, naamlik:

- Rigiede grense – hierdie soort grense is te sterk en ondeurdringbaar en kan vergelyk word met 'n muur sonder deure.
- Vae grense – mense met vae grense wyk maklik van hul standpunte af.
- Buigsame grense – is gesonde grense en is buigsaam wanneer die omstandighede dit vereis, maar nooit voortspruitend uit skuldgevoelens of omdat dit forseer word nie. Buigsame grense laat ook die “nee” van die ander party toe.

Die funksionering van grense binne die gesin het baie te doen met die betrokkenes se verhouding tot die lewe. 'n Genogram is nuttig om die tipe grense wat in die gesin bestaan te identifiseer. Volgens Kaye (2008:1) het die praktyk geleer dat mede-afhanklike persone geneig is om grensprobleme te ondervind wanneer ander persone in emosionele pyn verkeer en beskryf dit soos volg:

Children do not have clear psychological boundaries from a parent, and the sense of responsibility becomes ingrained before the child establishes those boundaries.

In die latere volwasse lewe is dit heeltemal natuurlik vir die volwasse *kind* om te reageer op die impulse in homself teenoor ander se pyn en die aangeleerde gedrag, om verantwoordelikheid vir ander te neem, word in die huidige situasie te herhaal .

Elemente wat volgens Cloud & Townsend (2002a: video-aanbieding) 'n rol speel by die daarstelling van grense is die volgende:

- Vel – die *velgrens* hou die goeie in en die slegte buite. Dit beskerm die bloed en bene, hou die fisieke mens bymekaar en hou kieme uit en beskerm die mens sodoende teen infeksie. Slagoffers van fisieke en seksuele misbruik beleef dikwels grensverwarring omdat die fisieke grense oortree is.
- Woorde – goeie beskermende grense kan deur woorde opgerig word. Die mees basiese grensomsrywende woord is “**nee**”. Met woorde kommunikeer en bepaal jy die grense van jou eie gebied.
- Geografiese afstand – Soms is dit vir ’n persoon nodig om fisiese afstand te skep om die self te beskerm. Wanneer daar mishandeling in ’n verhouding plaasvind is dit dikwels nodig om fisiese afstand te skep om duidelike grense te stel en sodoende verandering in die verhouding te bewerkstellig.
- Tyd – om tyd af te neem uit die mishandelde verhouding, dui op eienaarskap van die “self”.
- Emosionele afstand – dit is belangrik om daarop te let dat, om emosionele afstand te skep, slegs ’n **tydelike** maatreeël is om die hart te ondersoek en balans te herwin in ’n destruktiewe verhouding. Dit is nooit ’n permanente uitweg nie.
- Ander mense – die mees basiese behoefte van die mens is om in verhouding met ander te tree. Ander mense kan ons help om grense te stel. Vrees vir eensaamheid verhoed egter dikwels dat mense uit ’n disfunksionele (*abusive*) verhouding ontsnap.
- Gevolge – wanneer ander se grense oortree word, hou dit sekere gevolge in. Die nadelige gevolge van grensoortreding dui op die erns van die respek wat ’n persoon vir homself het.

Persoonlike grense is daar om ons te beskerm en daar is veral drie skatte (*treasures*) in die mens wat bewaar moet word, naamlik:

- gevoelens
- houdings en geloofsisteme
- gedrag

Emosies speel ’n belangrike rol om die mens te motiveer en daardeur word gedrag bepaal. Wanneer daar eienaarskap van eie emosies geneem word, help dit om verantwoordelik op te tree en is ’n persoon beter in staat om deur onverwerkte emosies te werk. Houdings het te doen met ons oriëntasie teenoor dinge en die standpunte wat ons inneem teenoor ander, die lewe en ons werk. Gedrag het

gevolge en negatiewe gedrag het negatiewe gevolge en ons verantwoordelikheid is om dit te erken, verantwoordelikheid daarvoor te neem en om verandering te bewerkstellig (Cloud & Townsend, 2002a: video-aanbiedinge).

Volgens Cloud en Townsend (1998:58) behoort mense die vryheid te hê om veilige verhoudings te geniet en destruktiewe verhoudings te vermy. Mede-afhanklikes het nie hierdie vermoë om grense te stel nie. Hulle bevind hulself gedurig in destruktiewe verhoudings. Mense met grensprobleme word **beheerders** genoem. Hulle kan nie ander se perke eerbiedig nie en aanvaar nie verantwoordelikheid vir hul eie lewens nie, daarom moet hulle ander beheer. Beheerders is gewoonlik mense sonder dissipline met 'n onvermoë om hul begeertes of impulse te beheer (Cloud & Townsend, 2002:60b).

Volgens Carder speel emosionele verwarring en pyn met betrekking tot grense 'n groot rol by disfunksionele gesinne (vgl. Coetzer, 2007b:10). Hierdie verwarring kan van toepassing wees op die betrokke se verhouding met God, met ander en met homself. 'n Eie mening is dat gebrekkige grense by die mede-afhanklike vrou een van die groot oorsaaklike faktore is wat aanleiding gee tot geestelike blokkasie en stremmend inwerk op spirituele groei.

2.3.4 Mede-afhanklikheid – 'n vrouekwaal?

Volgens Haken (1990:397) beskryf die literatuur oor mede-afhanklikheid die pyn, wroeging en hulpeloosheid gekombineer met die oorweldigende verantwoordelikhedsgevoel vir die welsyn van ander, die simptome van 'n menigte mede-afhanklike **vroue**. Dit vertel die verhare van vroue wat desperaat probeer om hul gesinne bymekaar te hou te midde van onmoontlike omstandighede en Hochschild verwys na die moeilike **emosionele werk** wat **vroue** doen deur ander se gevoelens te beheer (vgl. Haken, 1990:397). Hierdie ervaring van magteloosheid gee aanleiding tot die mede-afhanklikheidsidentiteit van die vrou as versorger wat soos volg deur (Haken, 1990:397) beskryf word:

Codependency originates in a tendency, particularly common among daughters in 'dysfunctional' families, to overcompensate for parental inadequacies by becoming parentified and by developing an excessive sensitivity to the needs of others.

2.3.4.1 Mede-afhanklikheid en depressie by vroue

Volgens navorsing wat deur die psigiatriese verpleegkunde gedoen is, is daar gedurende die laaste dekade van die vorige eeu ongeveer 40 miljoen mense in Amerika as mede-afhanklikes geklassifiseer, waarvan die meeste vroue is. Ongeveer sewe miljoen vroue in die VSA ly aan depressie, waarvan 36% matig tot ernstig mede-afhanklik is (Hughes-Hammer *et al.*, 1998:326). Hierdie studie is gedoen om die verband tussen depressie en mede-afhanklikheid te bepaal en ook om aanverwante simptome van mede-afhanklikheid by depressielyers uit te wys.

Aangesien selfontwikkeling by vroue plaasvind deur middel van hul belewenisse van hul verhoudings met ander, aldus Surrey, kan hulle meer geredelik depressie ontwikkel wanneer hul interpersoonlike verhoudings skade ly (vgl. Hughes-Hammer *et al.*, 1998:327). Ontkenning en repressie (die verskuiling van die self) is simptome wat met depressie sowel as mede-afhanklikheid geassosieer word. Kenmerkend van hierdie gedrag is wanneer vroue 'n positiewe front voorhou om negatiewe emosies te onderdruk. *Thus, both codependent and depressed women can hide and repress themselves in relationships and, as a result, can experience a loss of their self-hood* (Hughes-Hammer *et al.*, 1998:328). By beide depressie en mede-afhanklikheid kom daar fisiologiese simptome, byvoorbeeld slaapsteurnisse, moegheid en gewigsverlies of gewigstoename voor. Die simptome by mede-afhanklikheid sonder gediagnoseerde depressie blyk meer gefokus te wees op bekommernis oor skynbare gesondheidsprobleme en preokkupasie met algemene welstand. By biologiese depressie is daar fisiologiese simptome wat op 'n biochemiese wanfunksionering dui. Nog 'n onderskeid is dat alle vroue met depressie nie noodwendig probleme het om grense te stel of om ander te beheer nie, waar dié simptome kernaspekte van mede-afhanklikheid is.

Navorsing met volwasse vroue uit disfunksionele gesinne van oorsprong het volgens Lyon en Greenberg (1991:435) aangedui dat sulke vroue geneig is om aangetrokke te voel tot mans wat vroue uitbuit en wat dieselfde interpersoonlike verhoudingstyl as hul afhanklike/disfunksionele ouers handhaaf. Dit wil voorkom asof die mede-afhanklike vroue hul selfwaarde vind wanneer hulle die disfunksionele persoon versorg en op die hande dra (Lyon & Greenberg, 1991:436):

Thus, having learned to obtain self-worth by conforming to the abusive and exploitive demands of an alcohol dependent parent, the codependent person will be especially interested in and helpful toward those with these characteristics.

In teenstelling hiermee opper Fuller en Warner (2000:6) die argument dat die versorgingsrol van die vrou nie net as patologies gesien moet word nie. Hulle is van mening dat 'n meer aanvaarbare definisie van mede-afhanklikheid die onderskeid tussen normale, gesonde versorgingsrolle en die van patologies, uitermate verhoudings-gefokusde rolle, behoort te tref. Aangesien mede-afhanklikheid meer met die vrou se stereotipiese versorgingsrol geassosieer word, word die vraag selfs gestel of mede-afhanklikheid as gedragspatroon nie maar by alle vroue in 'n mindere of meerdere mate voorkom nie (Fuller & Warner, 2000:7). Roehling *et al.* (1996) stel die hipotese dat vroue slegs mede-afhanklikheid as 'n hanteringsmeganisme vir omgewingstres gebruik (vgl. Fuller & Warner, 2000:7). Daarom is die navorser van mening dat die persoonlikheidstipe van die persoon altyd in gedagte gehou moet word by die bepaling van mede-afhanklikheid by die vrou. Die praktyk het ook getoon dat mede-afhanklikheid in intensiteit en aard kan verskil van persoon tot persoon.

Volgens Whithead (2003:273) kan Christenvroue maklik in die mede-afhanklikheid-slagyster trap wanneer hulle versorg, vergewe, vertroetel en vredemaker speel en is dit ook Bybels om hierdie rolle te vertolk, maar nie wanneer dit iemand anders se verslawende gewoontes in stand hou en 'n desperate poging is om liefde en aanvaarding te verdien nie.

'n Ander belangrike tema waarvan Haken (1990:398) melding maak is dié van viktimisasie. Dit is waar die slagoffers (die mede-afhanklike vroue) 'n stel reëls wat in die gesin van oorsprong voorgekom het, internaliseer en die viktimisasie in hul eie gesinne herskep. Nog 'n fenomeen wat voorkom onder mede-afhanklike vroue kan beskryf word as **verhoudingsverslawing**. *Codependence converges with another so-called feminine malady, 'relationship addiction' or 'love addiction'...* (Haken, 1990:398). Whithead (2003:71) stel dit soos volg:

*We can become **relationship junkies**, hungrily seeking in person after person the **love and significance** we crave, or we may **addictively hook into being good, being***

liked, power, work and success, sexual conquest, pleasure, or become sports fanatics in our search for gratification.

Die Bybel verwys na bogenoemde as die **vrees vir mense** bo **die vrees** (eerbied en ontsag) vir God (Joh. 12:42-43). Hierdie aspek word meer volledig in hoofstuk 3 onder Bybelse perspektiewe op medeafhanklikheid hanteer.

Groom (1991:156) maak 'n appèl op die Christenvrou tot afhanklikheid van God alleen en tot wedersydse interafhanklikheid van mekaar. Sy beskryf wedersydse interafhanklikheid as die proses waar twee persone, wat sekuriteit in God se liefde beleef, liefde en vergifnis kan gee en ontvang, sonder om op goedkeuring en konformiteit aan te dring. Die resultaat hiervan sal aanleiding gee tot 'n gebalanseerde selfwaarde en egte intimiteit.

2.3.5 Mede-afhanklikheid as 'n intergeneratiewe probleem

In die Sielkunde-woordeboek (Plug *et al.* 1997:232,122) word die woorddeel *multi* beskryf as 'n (v)oorvoegsel wat baie of verskeie beteken en die woord *generasie* as (d)ie proses van voortbring, tot stand bring of skep. Die afleiding kan gemaak word dat mede-afhanklikes se disfunksionele gedragspatrone verteenwoordigend is van vorige generasies s'n. Mede-afhanklikheid ontstaan in wese as gevolg van gebrekkige emosionele verbondenheid met die primêre versorgers, dit wil sê die ouers. Stoop en Masteller (1991:43) stel dit soos volg:

When we talk about dysfunctional families, we mean situations in which the bonds of covenant love, especially between parent and children, have been strained or broken.

Die oordrag van pyn, sondige gedragspatrone, soos byvoorbeeld verslawing en trauma, van die een geslag na die volgende, vorm 'n integrale deel van die mens se geskiedenis. Die bekende gedeelte in die Bybel, Eksodus 20:5, bevestig dit wanneer die sondes van die vaders tot in die derde en vierde geslagte aan die kinders toegereken word van dié wat Hom haat.

Sonde is 'n dinamiese progressiewe verskynsel en deur die sonde en die perversie daarvan kom skeiding, besmetting en die afbreek van mense en menseverhoudings. Sonde is soos 'n plaag wat deur reproduksie versprei word (Rom. 1:18-32). Platinga (1994:2) stel dit soos volg:

Families transmit sin, including the distorted relational patterns of those families themselves. According to intergenerational theory, when family systems malfunction, the trouble often lies in some distortion or even reversal of the give-and-take dynamic.

Volgens Platinga (1994:1) word verdraaide verhoudingspatrone wat deur sondige gedrag voorkom, deur gesinne oorgedra oor generasies heen. Hy verwys na die intergeneratiewe teorie van Boszormenyi-Nagy wat verklaar dat die gesin op basiese regverdigheid floreer en dat dit manifesteer in die gee-en-neem-beginsel oor generasies heen. Dit impliseer dat in **funksionele** gesinne die kinders van hul ouers neem en dan weer aan hul eie kinders gee. Volgens hierdie teorie het die kinders die reg om die versorging van hul ouers te neem en het hulle weer die verpligting om liefdevolle versorging en koestering aan hul eie kinders oor te dra.

Parentification – Wanneer twisgierige ouers 'n kind se lojaliteit verskeur en die kind, in 'n poging om as tussenganger by die ouers op te tree en die vrede te bewaar, die ouerrol oorneem, word daar na hierdie kinders as die **parentified** kinders verwys. Sulke kinders voel in hulle latere volwasse lewe dat hulle verkul is en hul eie sorgvrye kinderlewe moes inboet. Dit word soos volg deur Platinga (1994:2) verwoord:

One dismal result is that parentified children, on becoming parents, try to restore the balance of payments by getting their own children to parent them! After all, doesn't somebody owe them a little parenting?

Volgens Byng-Hall (2002:375) kom hierdie **parentification** meer dikwels voor as wat verwag word en is gebrekkige emosionele verbondenheid die hooforsaak daarvan. Die outeur verwys na twee tipes verbonde verhoudings wat aanleiding gee tot *parentification*, naamlik onsekere/ambivalente (*insecure-ambivalent*) en onsekere/beheerder (*insecure/controlling*)-verhoudings. Byng-Hall (2002:375) wys op die noodsaaklikheid daarvan dat kinders losgemaak word van hul verhouding met hul ouers.

Hy verwys na die feit dat om 'n versorgingsrol in te neem verrykend vir kinders kan wees en hulle sekere vaardighede daardeur kan aanleer, maar sommige kinders se ouerrolle strek oor lang tydperke waar hulle ook na die emosionele aspek van ander gesinslede moet omsien, wat hy soos volg beskryf (Byng-Hall, 2002:376):

The parentified child may also take responsibility for the emotional wellbeing of family members who are in distress, in other words becomes an attachment figure to whom others go for comfort when in distress. Caring for emotional needs can be more difficult for children than carrying out executive roles.

Cermak (1986:viii) gaan van die veronderstelling uit dat chemiese afhanklikheid minstens 'n viervoudige siektetoestand is wat die fisiese, emosionele en geestelike aspekte van menswees nadelig raak, maar hy beskryf dit ook in terme van 'n **gesinsiektetoestand** waar elkeen wat met die afhanklike persoon saamleef, disfunksionele gedragspatrone aanleer. *Rather the disease passes through the family as a whole* (Cermak, 1986:viii). Die onderstaande aanhaling van Hemfelt en Warren beklemtoon die belangrikheid van 'n gesonde gesinsdinamika (vgl. Stoop & Masteller, 1996:51): *Everything occurring in the family, regardless of how carefully it may be hidden, impacts the children. Everything.*

Die gesin is 'n sisteem wat uit verskillende subsysteme (persone) saamgestel is wat voortdurend in dinamiese interaksie met mekaar is en waar patrone van interaksie vasgelê word. Enige verandering in die gedrag van een van die gesinslede affekteer die lede afsonderlik, maar ook die sisteem as geheel. *The family has a pattern, a rhythm that is more than the sum of its parts* (Doweiko, 2002:283).

Wegscheider-Cruse (vgl. Prest & Protinsky, 1993:355) beskou mede-afhanklikheid as 'n aangeleerde gedragsrespons op 'n siek gesinsisteem wat die alkoholis beskerm en in staat stel om aan te hou drink. Om die probleem van **mede-afhanklikheid** en ander kompulsiewe verslawende gedrag te verstaan, is dit nodig om die geskiedenis van die **gesin-van-oorsprong** sowel as die **huidige ondervindings** en **gedrags-response** van mede-afhanklikheid te bestudeer. *The definition must also consider that codependence is manifested both intrapersonally and interactionally* (Prest & Protinsky, 1993:355).

Om die aard en oorsprong van mede-afhanklikheid te bepaal, is dit nodig om 'n teoretiese raamwerk daar te stel sodat die eienskappe van mede-afhanklikheid by die persoon self, sowel as die eienskappe van die sisteem (die kerngesin) waarbinne die persoon funksioneer, bestudeer kan word.

Die voorstanders van die gesinsisteemteorie bv. Van Wormer en Davis (2003:295) fokus meestal op interpersoonlike interaksie en die beradene word altyd binne die konteks van die gesin benader; terwyl Keller en ook Hanson verhoudings en kommunikasie binne gesinsverband beklemtoon (vgl. Doweiko, 2002:286).

Na aanleiding van bogenoemde standpunte en beredenering van mede-afhanklikheid as 'n intergeneratiewe probleem, word daar vervolgens op die gesin as sisteem gefokus waarbinne mede-afhanklikheid voorkom en volgens Bowen se gesinsisteemteorie gedy.

2.4 BOWEN SE GESINSISTEEMTEORIE

Bowen het grondliggende werk gedoen om gedrags- en verhoudingsprobleme binne die gesinsisteem na te vors na aanleiding van sekere kern-konsepte (Anon:2008). Hierdeur het hy die grondslag gelê vir latere navorsers (Gibson & Donigian, 1993:4-8; Prest *et al.*, 1998: 513-528; Blessing, 2000:38-46 ; Jensen, 2003:117-123) om mede-afhanklikheid binne die emosionelesisteem intergeneratief te ondersoek.

Bowen se gesinsisteemteorie is ontwikkel deur die loop van sy navorsing met gesinne wat emosionele probleme ondervind. Hy vergelyk die gesinsisteem met die van die menslike liggaam as 'n biologiese sisteem om sy teorie te verduidelik (1978:259-268). Net soos die menslike liggaam 'n lewende organisme is wat uit verskillende orgaansisteme bestaan en funksioneer deur ingewikkelde sistemiese werking, is die gesin ook 'n sisteem met subsisteme wat interafhanklik funksioneer. Wanneer een deel van die organisme onklaar raak en nie effektief funksioneer nie, neem die ander deel van die orgaan die gebrekkige een se werking oor. As gevolg van hierdie dinamiese interaksie tussen die onderskeie gesinslede, beïnvloed die disfunksie van die een lid die ander sodanig dat ook hulle gedrag disfunksioneel raak. Anders gestel: onderfunksionering by een gesinslid (bv. die afhanklike een, die depressiewe een, die werkolis) veroorsaak oorfunksionering by die ander gesinslede (die mede-afhanklikes) (Prest & Protinsky, 1993:355).

Volgens Blessing (2000:38) gebruik Bowen waarneembare gedrag om bestaande intrapsigiese gebeurtenisse te voorspel. Hiervoor gebruik Bowen die kliënt se gedragsresponse binne die konteks van die gesinsisteem sowel as die sosiale konteks van die gesin. Hy gebruik eerder *wie-, wat-, wanneer-* en *hoe-vrae* as *waarom-vrae* wat psigoterapeute gewoonlik gebruik. Volgens Bowen het sy studie op intergeneratiewe vlak aangetoon dat intrapsigiese gebeurtenisse redelik akkuraat voorspel kan word.

Dit blyk uit die beredenering van die werk van Bowen, soos hierbo uiteengesit, dat daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die multigeneratiewe benadering navorsers in staat stel om weg te beweeg van die vereenvoudigde oorsaak-en-gevolg-benadering, na 'n meer omvattende begrip van veelvuldige faktore wat oor generasies heen in interaksie was en mede-afhanklikheid tot gevolg gehad het.

Bowen se gesinsisteemteorie is deur latere navorsers (Gibson & Donigian, 1993:4-8 Prest *et al.*, 1998:513-528; Blessing, 2000:38-46 ; Jensen, 2003:117-123) benut as 'n konseptuele raamwerk om disfunksionaliteit op 'n multigeneratiewe vlak te ondersoek en te assesser. By die gesinsisteemteorie word daar van die volgende veronderstellings uitgegaan:

- Verhoudingspatrone word aangeleer en deur generasies oorgedra.
- Huidige individuele en gesinsgedrag is die resultaat van hierdie patrone.
- Die gesinsisteem is homeostaties – die gesin word beskou as 'n stel inter-aktiewe dele waarin 'n verandering in een deel van die sisteem die res van die dele in die sisteem affekteer.

Die toepaslikste konsepte van Bowen se gesinsisteemteorie is deur Prest en Protinsky (1993:352-356) gebruik om spesifiek mede-afhanklikheid as 'n inter-generatiewe probleem na te vors. Hierdie konsepte is die volgende:

- Die emosionele sisteem
- Individualisasie/selfdifferensiasie
- Driehoeke
- Die intergeneratiewe transmissieproses
- Fusie
- Persoonlike outoriteit

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word die bogenoemde konsepte meer breedvoerig bespreek.

2.4.1 Die emosionele sisteem

Die gesin is die emosionele sisteem wat saamgestel is uit gesinslede (subsisteme) waarvan die onderskeie lede voortdurend in dinamiese interaksie met mekaar is. Die dinamika van die emosionele sisteem hou verband met die onafhanklike reaksie van elke subsisteem. Die emosionele onafhanklikheid van die gesinslede word bepaal deur die balans tussen die individu se emosies en intellektuele sisteme, sowel as die vlak van differensiasie, die lewensvaardighede waaroor hy beskik, die vlak van angstigheid en beide die interne en eksterne ontwikkeling en situasie-stressors.


2.4.2 Selfdifferensiasie

Selfdifferensiasie is die kernkonsep van Bowen se gesinsisteemteorie en dit vorm die brug om die mede-afhanklike se posisie binne gesinsverband te verstaan. Differensiasie van die self het te doen met die mate waarin die persoon in staat is om tussen sy eie subjektiewe emosies en die meer objektiewe intellektuele prosesse te onderskei (Gibson & Donigian, 1993:4). Selfdifferensiasie verwys na 'n eie identiteit, unieke individualiteit en 'n soliede self, teenoor **fusie** wat die verlies van die self, asook die ineengestremeldheid (*enmeshment*) van twee of meer individue verteenwoordig (Bowen, 1978:109).

Prest en Protinsky (1993:357) verwys daarna dat die twee teenoorgestelde pole, individualisasie en fusie, op intra- sowel as interpersoonlike vlak plaasvind:

Interpersonally, the level of differentiation is the person's ability to see oneself as separate and autonomous, and to discriminate between thoughts and emotions. Intrapersonally, differentiation of individuation refers to the degree to which a person operates in an autonomous manner, especially in the presence of high anxiety.

Selfdifferensiasie en fusie kan as die twee pole op 'n kontinuum beskou word. Die onderstaande diagrammatiese skets van die navorser verduidelik die interafhanklike dinamika tussen fusie en selfdifferensiasie (sien ook 2.4.4).



Figuur 2.2: Dinamika tussen fusie en selfdifferensiasie

Blessing (2000:40) gee 'n goeie beskrywing van die uitwerking van lae selfdifferensiasie op die funksionering van die persoon en stel dit soos volg: *The fused person derives most of the sense of self from others in the family or other identity groups.* 'n Eie mening is dat hierdie **een van die kerneienskappe** van die mede-afhanklike persoon is. *In contrast, the highly selfdifferentiated individual derives the sense of self from within* (Blessing, 2000:40).

2.4.2.1 Selfdifferensiasie-assesseringskaal

Bowen (1978:472) maak gebruik van 'n assesseringskaal om alle vlakke van menslike funksionering te bepaal. Hierdie skaal hou geen verband met emosionele volwassenheid of -gesondheid of -patologie nie. Dit hou ook geen verband met intelligensie of sosio-ekonomiese faktore nie, maar meet slegs die vlak van selfdifferensiasie van die laags moontlike vlak van ongedifferensieerdheid, wat 'n 0 op die skaal meet, tot teoreties die hoogs moontlike vlak van differensiasie wat 100 op die skaal is. Bowen (1978:473) meld pertinent dat die selfdifferensiasieskaal die basiese vlak van *self* in die persoon meet, waar dit gaan om die vaste oortuigings en oor die **wie ek is** en die **wat ek glo** en die **wat ek wil doen** of **nie wil doen nie**. Die navorser is van mening dat dit elemente van die persoon se waardesisteem is en verband hou met die eie identiteit van die individu.

The basic self may be changed from within self on the basis of new knowledge and experience, The basic self is not negotiable in the relationship system in that it is not changed by coercion or pressure, or to gain approval, or enhance one's stand with others (Bowen, 1978:473).

Die mede-afhanklike persoon wat dikwels probleme met 'n eie identiteit ervaar as gevolg van 'n hoë vlak van ongedifferensieerdheid, ondervind probleme in genoemde areas en is baie afhanklik van ander se opinie en goedkeuring.

Stoop en Masteller (1996:78-83) verwys na soortgelyke skale as dié van Bowen wat hy die **aanpassingskaal**/*adaptability scale* en die **hegtingskaal**/*attachment scale* noem. Dit meet die mate van verbondenheid binne die betrokke gesin. Hy gebruik eersgenoemde om te onderskei tussen die rigiede en die chaotiese gesin en laasgenoemde om te onderskei tussen die onverbonde en die ineengestremde gesin. Verbandhoudende begrippe wat te doen het met hierdie genoemde gesinne en wat van belang is vir mede-afhanklikheid, soos byvoorbeeld grense, gesinspatrone, gesinsrolle en -reëls, is reeds onder punte 2.3 bespreek.

Die volgende tipes gesinne word deur Stoop en Masteller (1996:78-90) onderskei:

- Die rigiede gesin
- Die chaotiese gesin
- Die aanpasbare gesin
- Die ineengestremde (*enmeshed*) gesin
- Die onverbonde (*detached*) gesin
- Die verbonde (*attached*) gesin

Stoop en Masteller (1996:74) wys soos volg op die belangrike, gesonde dinamika wat binne die funksionele gesinsisteem plaasvind:

The well-adjusted family has found a balance between two seemingly contradictory dynamics: being close and being separate.

Die onderstaande diagram van Van Wormer en Davis (2003:295) is 'n goeie voorstelling van hoe verhoudings binne die gesinsisteem kan lyk.


- A. **The enmeshed family: Spouses are estranged: one child is enmeshed with the father, one with the mother**



- B. **The isolated family: lack of cohesion and social support. Each member protected by wall of defenses.**



- C. **The healthy family: all are touching, but their boundaries are not overlapping.**



Key: F = father, M = mother, C = child

Figuur 2.3: Verhoudings binne die gesinsisteem Van Wormer & Davis (2003:295).

Spannings- en angsvlakke: Die basiese vlak van selfdifferensiasie en die vermoë om die balans tussen samesmelting en individualisasie in die gesinsisteem te handhaaf, bepaal die angsvlakke van die persoon. Hoe laer die vlak van selfdifferensiasie en hoe meer ineengestremgel die verhoudings, hoe meer mede-

afhanklik is die verhouding, hoe groter is die angsvlakke teenoor die self en ander en hoe groter die kanse om uit die situasie te wil ontsnap om ang te verlig. Die metode wat die mede-afhanklike persoon gebruik om uit die ang te ontsnap noem Kerr en Bowen (vgl. Gibson & Donigian, 1993:5) **angsbinders** (*anxiety binding mechanisms*) wat een of meer van die volgende kan wees: fisieke siektetoestande, gemoedsversteurings, verslawing aan alkohol, kalmeermiddels of verbode dwelms, ooreet, oorprestasie, werkolisme en onderprestasie. Hierdie angsbinders is ook 'n voorbeeld van die funksionering van driehoek in Bowen se sisteemteorie.


2.4.3 Driehoekvorming

Om ang in die emosionele sisteem te verminder, kan 'n derde fokuspunt geskep word, deurdat 'n driehoek met byvoorbeeld 'n derde persoon gevorm word, dikwels 'n kind of 'n ander persoon. Normaalweg is daar drie persone betrokke by 'n driehoek, maar in die breër verband gesien, kan die derde punt van die driehoek 'n idee, gewoonte of selfs 'n geloofsisteem wees. Spiritualiteit kan ook die derde punt van die driehoek vorm Jensen (2003:121). In hierdie verband kan godsdienstigheid (*legalism*), vormgodsdienis en/of afgodedienis binne dié konteks waarskynlik die persoon se spiritualiteit negatief beïnvloed. Swak selfdifferensiasie of fusie by die gesinslede is dan ook die direkte oorsaak van driehoekvorming om ang in die gesin te verlig.

Volgens Bowen (1978:478) skep die konsep van driehoekvorming 'n teoretiese raamwerk waarbinne die mikroskopiese funksionering van alle emosionele sisteme waargeneem kan word. 'n Tweepersoon- emosionele sisteem is onstabiel en 'n derde persoon of aspek word onder spanning ingebring wat die fokus verskuif om ang te verminder. Wanneer 'n gesin uit meer as drie persone bestaan, vorm daar meer as een driehoek en vind daar interskakeling tussen driehoeke plaas. Wanneer daar van driehoeke gepraat word, word van die veronderstelling uitgegaan dat dit drie persone is wat interaktief betrokke is by mekaar, maar die derde punt in die driehoek kan ook meer figuurlik wees, soos byvoorbeeld wanneer daar negatief verwys word na 'n derde persoon wat "net soos jou ma is". So 'n afwesige derde party kan baie sterk in die driehoek figureer (Stoop & Masteller, 1996:36).

Die beginsel van balans – Die beginsel van balans word gemeet in terme van die **tydperk** waarin die homeostase van die verhoudings binne die driehoek, gehandhaaf kan word. Ongebalanseerde driehoeke kan op die kort termyn in onpersoonlike

situasies werk, maar hoe langer en meer intiem die verhoudings raak, sal dit na die posisie van balans beweeg. Stoop en Masteller (1996:139-143) se vereenvoudigde uiteensetting wat ook in die beradingsituasie effektief blyk te wees, word gebruik om hierdie beginsel van balans te beskryf. Die stippellyne verteenwoordig versteurde verhoudings en die reguit lyne gesonde verhoudings.



Figuur 2.4: Die dinamiek van balans in verhoudinge. Stoop & Masteller (1996:139-143).

Driehoekvorming en die begrip daarvan kan dus effektief aangewend word om verandering by die emosionele sisteem te bewerkstellig. Om 'n meer breedvoerige bespreking van driehoeke en die eindelose moontlikhede binne die raamwerk van hierdie hoofstuk te bespreek, sou onmoontlik wees. Daar word dus volstaan by Jensen (2003:121) se samevatting:

Triangles are natural, automatic ways to manage anxiety, which they may do or more or less effectively. They provide stability without requiring substantive change, which is both their advantage and disadvantage.

2.4.4 Fusie

Bowen (1978:265) beskryf fusie as die toestand waarin die persoon verkeer wanneer hy so patologies verbind is aan 'n ander persoon, gewoonlik die moeder, dat dit onmoontlik is om 'n produktiewe lewe te lei. Dikwels projekteer die ouers 'n deel van hul eie emosionele onvolwassenheid op een of meer van die kinders. Die algemeenste patroon is dié waar die moeder ontslae raak van haar angs deur op die kind te fokus. Bowen verwys hierna as die **family projection process** (Louw 2005:71-73; Bowen, 1978:478).

2.4.5 Multigeneratiewe transmissieproses

Hierdie konsep beskryf die patroon van oordrag wat oor verskeie generasies voorkom. Kinders kan uit die gesin van oorsprong voortkom met laer, dieselfde- of hoër vlakke van selfdifferensiasie. Wanneer hulle trou met 'n persoon met dieselfde vlak van differensiasie of selfs 'n laer vlak, is daar 'n voortdurende proses van verswakking aan die gang wat oor generasies heen plaasvind.

According to this theory, the most severe emotional problems, such as hard core schizophrenia, are the product of a process that has been working to lower and lower levels of self over multiple generations (Bowen, 1978:479).


Hierdie teorie is 'n aanduiding van die belangrike rol wat selfdifferensiasie, fusie, die multigeneratiewe transmissieproses en die stel van grense binne die emosionele sisteem speel en beklemtoon die dringendheid en belangrikheid wat die hantering van genoemde prosesse in berading behoort te ontvang.

2.4.6 Disfunksionele gesinsisteem en -patologie

Volgens Louw (2005:77-78) raak die gesinsisteem onder die volgende toestande 'n *siek sisteem*.

- Bandeloosheid/ongebonde vryheid. Wanneer die proses van volwassenheid en onafhanklikheid losgemaak word van norme en waardes binne die raamwerk van dissipline.
- Versmelting en versmoring. Wanneer die dinamika van individualiteit (eiesoortige differensiasie) en samesyn plek maak vir 'n ongekwalfiseerde samesyn en die gesinsisteem se samesyn die individualiteit en identiteit demp.
- Outoritêre oorheersing/dominering. Wanneer dissipline in geweld ontaard. *Outoritêre oorheersing vind plaas wanneer ouers rigied is en nie die vaardigheid van soepelheid, humor en aanpasbaarheid verstaan nie* (Louw, 2005:78).
- Vervreemding en verwerping. Dit kommunikeer die boodskap van: *my ouers stel nie regtig in my belang nie; hulle wil my nie regtig hê nie en ek is eintlik vir hulle meer 'n las as 'n vreugde*.

Dit word soos volg op die volgende bladsy grafies voorgestel:



Figuur 2.5: Dissipline binne die gesinsisteem

In samehang met bogenoemde uiteensetting van Louw (2005:77) is McGee (1997:25) van mening dat die persepsie wat die mens van homself het, grootliks deur die emosionele, psigiese en geestelike sekuriteit bepaal word wat in die ouerhuis en omgewing waarin hy grootword, ondervind is. Die mens is volgens McGee (1997:25) voortdurend op soek na erkenning en goedkeuring van ander en is sedert die sondeval voortdurend besig om na ander mense op te kyk om sy behoefte aan eiewaarde te vervul. *I am what others say I am, he has reasoned. I will find my value in their opinions of me* (McGee, 1997:25). Vir Welch (1997:28) loop gebrekkige eiewaarde en skaamte hand aan hand met die vorming van 'n swak selfpersepsie en is dit gewortel in Adam se sonde. *Low selfworth is a pop version of biblical shame or nakedness. It is secularized shame* (Welch, 1997:28). Hierdie diepgewortelde gebrek aan eiewaarde gee volgens McGee (1997:40) aanleiding tot vier kernbegrippe tipierend van medeafhanklikheid wat kortliks in die onderstaande tabel uiteengesit word.

KERNBEGRIPE TIPEREND VAN MEDE-AFHANKLIKHEID

Eienskap	Vals oortuigings	Gevolge
Die prestasielokval	Ek moet aan ander se standarde voldoen om aanvaarbaar te wees.	Vrees vir mislukking, perfeksionisme, prestasiegedrewe.
Smagting na ander se goedkeuring	Ek moet deur ander belangrike persone aanvaar word.	Vrees vir verwerping, poging om ander te plesier.
Blaamverplasing	Wanneer ek misluk verdien ek straf.	Vrees vir straf, straf ander, beskuldig ander. Gedryf om mislukking te vermy.
Skaamte	Ek is sleg en kan nie verander nie.	Gevoelens van skaamte, minderwaardigheid, isolasie en passiwiteit.

Tabel 3.

(Verwerk uit: McGee (1997:40))

2.5 DIE GENOGRAM

Volgens Lerner (in Stoop & Masteller, 1996:103) sal 'n meer feitelike geskiedenis van die gesin oor verskeie generasies 'n beter objektiewe perspektief oor gesinslede gee. Die bedoeling van die genogram is om gebeure en die verhaal van die gesin grafies voor te stel. Hierdie grafiese voorstelling verbeter kommunikasie tussen gesinslede oor gesin-van-oorsprong-probleme wat 'n invloed op die huidige gesin het. Vir Louw (2005:80) is die bedoeling van die genogram nie om die oorsaak-en-gevolg-beginsel uit te lig nie, maar eerder om gebeure te verklaar. Hy stel dit soos volg:

*Die genogram wil egter nie verklaar nie, naamlik om te sê: so is dit nou omdat dit en dat in die verlede gebeur het nie. Dit wil net help om insig te bring sodat belangrike **verbande** en **emosionele assosiasiepatrone** ontdek kan word.*

2.5.1 Omskrywing van die begrip

Stoop en Masteller (1996:101) verwys na die genogram as 'n **instrumentele hulpmiddel** om die dinamika van die gesinsisteem oor generasies na te speur. Friedman definieer die genogram as 'n **multigeneratiewe, grafiese kaart** waarop die struktuur en ontwikkelingsfases van 'n gesinsisteem in 'n holistiese en sistematiese perspektief uitgebeeld word (vgl. Karsten, 2007:124).

Volgens McGoldrick *et al.* (1999:1) is die genogram 'n **tegniek** om komplekse gesinpatrone oor ten minste drie generasies te ontbloot en dien dit as 'n hulpmiddel vir die terapeut om hipoteses ten opsigte van temas, rolle, verhoudingspatrone en simptoombgedrag wat met die emosionele prosesse in die kerngesin en gesin-van-oorsprong verband hou, te vorm.

2.5.2 Die benutting van die genogram

Volgens Stoop en Masteller (1996:102) is daar drie hoofpunte van belang wat deur die genogram aangespreek word wat essensieel is in die beradingsproses, naamlik:

- Beter begrip – die opstelling van 'n genogram lei tot beter begrip van die gesin as sisteem (geheelbeeld). Hierdie begrip is nie net op die kerngesin van toepassing nie, maar ook op die gesin van oorsprong.
- Die potensiaal vir verandering ontwikkel. Dit is onmoontlik om iets te verander as daar nie begrip teenwoordig is nie.
- Die laaste punt handel oor vergifnis. Sodra daar begrip kom vir die gesinsdinamika en die potensiaal om te verander ontstaan, kan die stap tot vergifnis geneem word.

Louw (2005:79) verwys daarna dat posisies binne die huidige gesinsisteem dikwels herhalende patrone volg en dat die waardes en norme soos dit uitdrukking vind in rituele en gebruike asook die atmosfeer in die gesin-van-oorsprong, dikwels die agtergrond vorm vir probleemposisies in die huidige sisteem. As voorbeeld noem hy substansafhanklikheid waar tot die gevolgtrekking gekom word dat dit 'n siekte is wat van geslag tot geslag oorgedra word, terwyl dit belangrik is om eerder te kyk na houdings, posisies, emosionele verbindingspatrone en emosionele houdings – assosiasies wat vanuit die familiegeskiedenis oorgedra word. So byvoorbeeld sal 'n swak

identifikasie met die vader en 'n negatiewe vaderbeeld van die een geslag na die volgende oorgedra word.

DIE WAARDE VAN DIE GENOGRAM VIR DIE TERAPEUT

Insameling van gesistematiseerde inligting	Volgens Kuehl en Hartman word 'n groot hoeveelheid inligting in 'n kort tydperk geselekteer en georden. Terapeutiese inligting word ingewin, te wete kritieke gebeure, emosionele betrokkenheid, sisteem-funksionering, multigeneratiewe temas, ens.
Terapeutiese intervensie	Die genogram dwing die terapeut om sistematies te dink. Dit is 'n kognitiewe metode wat die terapeut in staat stel om 'n proses te organiseer. Negatiewe interaksiepatrone word geïdentifiseer en vervang. Persepsies en gedrag word heroorweeg en die probleem word in samehang met die sisteem en gebeure waargeneem wat gedragsverandering stimuleer.
Assesseringsinstrument	Karaktereienskappe, interpersoonlike verhoudings simptomegedrag, emosionele betrokkenheid, sterk punte, kwesbaarheid, lewensklusveranderinge, patrone en rolle word geassesseer.
Terapeutiese verhouding	Die terapeut leer die kliënt ken as 'n emosionele wese in eie reg. Kliënt voel hy word verstaan. 'n Sterk vertrouensverhouding ontwikkel tussen die terapeut en kliënt.

Tabel 4.

(Vgl. Karsten, 2007:125).

Die genogram het ook waarde vir die kliënt in die sin dat onafgehandelde sake geïdentifiseer, deurgewerk en afgehandel word. Eie preokkupasie, selfregverdiging en selfgesentreerdheid verminder. Objektiviteit en selfdifferensiasie word gestimuleer. Volgens (Getz, 2002:22; Green, 2003:81 en Olson & Gorall, 2003:521) ontbloom simptomegedrag by die kliënt probleme ten opsigte van die huweliksisteem


(die kerngesin) en die funksioneringspatrone van die gesin-van-oorsprong (vgl. Karsten, 2007:126).

2.5.3 Opstelling van die genogram

Goldrick *et al.* (1999:60-69) gee 'n gedetailleerde bespreking oor die opstelling van die genogram, die genogramonderhoud, asook beginsels vir die interpretasie van die genogram. Dit word vervolgens kortliks bespreek. Die opstelling van die genogram omvat drie fases, naamlik die kartering van die gesinsnetwerk, die insameling van gesinsinligting en die uitbeelding van gesinsverhoudinge.

2.5.3.1 Fase een: Kartering van die gesinsnetwerk

Deur middel van simbole (vierkante en sirkels) en lyne (gebroke en aaneen) word die gesinsnetwerk gekarteer. Manlike gesinslede word deur vierkante aangedui en vroulikes deur sirkels. Naby verhoudings tussen persone word met lyne aangedui, byvoorbeeld die verhouding tussen huweliksmaats word met 'n soliede horisontale lyn aangedui; terwyl die lyn met twee strepies deur egskeiding aantoon. Kinders word van die oudste, heel links, tot die jongste, heel regs, aangedui (Stoop & Masteller, 1996:112). Die kartering van die gesinsnetwerk word in die onderstaande diagram op die volgende bladsy voorgestel:




Figuur 2.6: Die voorstelling van die kartering van die gesinsnetwerk

2.5.3.2 Fase twee: Insameling van gesinsinligting. Die volgende demografiese inligting is van belang:

- Ouderdom, geboorte, siektes en sterfdatum asook die oorsaak van dood
- Woonplek (fisiese adres)
- Etniese, klas-, godsdienstige agtergrond en huidige godsdienstryke.

Die uitbeelding van verhoudingspatrone vorm die kern van hierdie fase. Die verhoudingspatrone word met lyne aangedui: stippellyne, gebroke lyne, oneweredige lyne. Kerr en Bowen (vgl. Karsten, 2007:133) dui die simbole soos volg aan:



Figuur 2.7 Simbole in die uitbeelding van verhoudingspatrone by die genogram

2.5.3.3 Fase drie: Die uitbeelding van verhoudingspatrone

Volgens Stoop en Masteller (1996:109) word hiermee bedoel die persoonlike en verhoudingseienskappe sowel as die dinamiese wisselwerking in die gesin wat van generasie tot generasie oorgedra word. Dit sluit nie net alkoholisme en mede-afhanklikheid in nie, maar ook gedragpatrone wat kwesbaarheid om 'n afhanklikheid te ontwikkel, bevorder. Owerspel, verlating, mishandeling en egskeiding is alles

patrone wat in meer as een generasie kan voorkom en wat deur die genogram uitgewys word.

McGoldrick, *et al.* (1999:30-31) vermeld dat verhoudingspatrone vanuit gesinslede se rolle waargeneem kan word, naamlik:

- Watter gesinslid word beskou as die versorger, die verantwoordelike een, die slegte een, ensovoorts?
- Wie word gesien as die dominante of die onderdanige een?
- Ander rolle is byvoorbeeld die suksesvolle een, die warm een, die koue, afsydige een, ensovoorts.
- Waarmee word gesinslede geassosieer, byvoorbeeld 'n buffel, byname byvoorbeeld die vettie, ensovoorts.

Vermelding is reeds onder 2.3.2 gemaak van rolle wat mede-afhanklikes in die gesinsisteem uitspeel. Ter opsomming kan gestel word dat die inkleding van verhoudingspatrone sensitief en kompleks van aard is en daarom met groot omsigtigheid hanteer behoort te word.

2.5.4 Die genogramonderhoud


Die genogramonderhoud is 'n gestruktureerde gespreksproses waar die kliënt en die terapeut deur middel van woorde, gebare en simbole met mekaar kontak maak (vgl. 4.3.1; 4.3.2.3; 4.5 en figure 4.4 en 4.5).

Die gespreksproses skep 'n positiewe klimaat vir die ontwikkeling van die terapeutiese verhouding. Die rol van die berader is om te luister, te verstaan en die deelnemer te ondersteun met gebed en vaardighede om opheldering en ontdekking van homself binne die kerngesin en die gesin-van-oorsprong te bewerkstellig. Hierdeur kan die terapeut die kliënt se gevoelswêreld betree en die probleem binne die historiese konteks van drie of meer generasies verstaan. Samewerking en vennootskap is 'n belangrike element van die genogramonderhoud; terwyl die kliënt 'n deelnemer word in sy eie terapie (McGoldrick *et al.*, 1999:53). Dieselfde outeurs doen aan die hand dat daar gefokus word van:

- die presenterende probleem (simptoom) na die groter konteks van die probleem;

- die teenswoordige gesinsituasie na 'n historiese kronologie van gesinsgebeure;
- die onmiddellike gesinsituasie na die uitgebreide gesin en breër maatskaplike sisteme;
- die voorhandliggende feite na die beoordeling van funksionering en verhoudinge en gehipotiseerde gesinspatrone;
- maklike, nie-bedreigende vrae na moeilike, angswekkende vrae, terwyl
- die kliënt deurgaans mede-outeurs van die genogram-verhaal is.

Die fases van die genogramonderhoud word in die meegaande figuur aangebied soos dit verwerk is deur (Karsten, 2007:137).



Figuur 2.8

Fases van die genogramonderhoud

2.5.5 Interpretasie van die genogram

Die interpretasie van die genogram is op beginsels van Bowen se gesinsisteemteorie gebaseer en kan aan die hand van verskeie kategorieë gedoen word, naamlik die gesinstruktuur en -samestelling, multigeneratiewe patrone, lewensgebeure en gesinsfunksionering, verhoudingspatrone en driehoeke. Hierdie onderwerpe is alreeds onder punte 2.4.1-2.4.5 in hierdie hoofstuk bespreek.


2.5.6 Tydlyngenogram – die lewenslyn

Waar die genogram data oor die gesin-van-oorsprong aandui, is die tydlyngenogram nuttig om data met betrekking tot die geskiedenis van die kerngesin te verken. Friedman en Lewis (vgl. Karsten 2007:134) verwys na die feit dat die tydlyngenogram die volgende voordele inhou:

- Dit is 'n metode om die historiese konteks van die presenterende probleem te exploreer en dui kritieke gebeure aan.
- Hipoteses kan gevorm word met betrekking tot individuele en gesinsfunksionering.
- Die duur van die emosionele stres wat binne die gesinsisteem voorkom kan nagespeur word.
- Perspektief word verkry ten opsigte van verhoudingspatrone.
- Die datums gee 'n aanduiding van die oorvleueling van individuele en gesinsfunksionering en -krisisse, byvoorbeeld die vader in die gesin kry behandeling vir sy alkoholprobleem een jaar na die jongste kind se afsterwe en een maand nadat die gesin verhuis het, terwyl die moeder met chroniese depressie worstel.

Karsten (2007:135) se voorstelling van die tydlyngenogram kom op die volgende bladsy voor.

Die onderstaande simbole is aan spesifieke plekke op die tydlyn gekoppel, om verhoudingspatrone op 'n spesifieke tyd aan te dui



Figuur 2.9

Verhoudingspatrone op 'n tydlyn

Die navorser gebruik reeds die afgelope vyf jaar met vrug 'n aangepaste weergawe van die tydlyngenogram en noem dit die **lewenslyn**. Dit is 'n eenvoudiger weergawe van bogenoemde en dui sowel die verliese as die hoogtepunte van die kliënt se lewensloop aan. Dit word deur die kliënt self met die vry hand getrek en 'n volledige beskrywing en bespreking van die lewenslyn word in die empiriese hoofstuk (4) uiteengesit. 'n Voorstelling van die lewenslyn lyk soos volg:

- Die begrip mede-afhanklikheid is 'n term wat aanvanklik ontstaan het om persone wat in noue kontak met afhanklike (verslaafde) persone saamleef, te beskryf.
- Die oorsprong van mede-afhanklikheid as 'n komplekse fenomeen is gesetel in die disfunksionele gesin, waar afhanklikheid die primêre of sekondêre rol in disfunksionele gedragsspatrone speel.
- Gesinsdisfunksie hou verband met enige toestand wat gesonde funksionering teëwerk. Disfunksionele gesinne se probleem verkry 'n kroniese karakter en laat permanente letsels op die kinders wie se behoeftes nie aangespreek word nie.
- Volwasse kinders, veral dogters van verslaafdes, ontwikkel mede-afhanklike gedragsspatrone wat oorgedra word op hul eie kinders en moontlik weer tot een of ander afhanklikheid kan aanleiding gee.
- Die negatiewe patrone van die ouerlike gedrag is dus heel dikwels dominant in hul kinders se lewens.
- Gesinsverhoudings vind nooit op 'n liniêre basis plaas nie, maar is altyd interaktief en vind binne die konteks van 'n sisteem plaas.
- Mede-afhanklikheid is 'n fenomeen wat intergeneratief voorkom en dit gaan oor persoonlike karakteristieke en verhoudingsdinamika wat oor generasies heen binne gesinne herhaal word.
- Hierdie intergeneratiewe prosesse word versterk en oorgedra deur die huidige verhoudings.
- Bowen se gesinsisteemteorie leen hom goed tot die navorsing van mede-afhanklikheid en veral die genogram is 'n waardevolle hulpmiddel om disfunksie op verskillende gebiede binne die gesin na te vors.
- Mede-afhanklikes sukkel om persoonlike grense te stel en bevind hulle daarom dikwels in destruktiewe verhoudings.
- Veral vroue is geneig om mede-afhanklike gedrag te ontwikkel omdat hulle gemaklik in die versorgingsrol inpas en neig om hul geliefdes te oorbeskerm deur dikwels die *redder* te word in die disfunksionele gesin.
- Die onderskeie gesinslede neem verskillende rolle aan om binne die disfunksionele omstandighede aan te pas. Hulle kan hierdie rolle selfs lewenslank behou en later in hul eie gesinne uitspeel.
- Die steeds groeiende belangstelling in mede-afhanklikheid oor die afgelope twee dekades op professionele vlak sowel as in die selfhelpliteratuur

beklemtoon die behoefte aan diepgaande studie en ontleding van mede-afhanklikheid soos wat dit voorkom in die samelewing.

Vervolgens word mede-afhanklikheid vanuit 'n Bybelse perspektief nagevors en word daar in hoofstuk 3 gefokus op die invloed van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue.

HOOFSTUK 3

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE VAN GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE- AFHANKLIKE KONTEKS

3.1 INLEIDING

Uit die metateoretiese perspektiewe van die vorige hoofstuk, is tot die gevolgtrekking gekom dat mede-afhanklikheid 'n **komplekse fenomeen** is wat **intergeneratief** voorkom en sy oorsprong in die **disfunksionele gesin** het en waar **afhanklikheid** 'n primêre of sekondêre rol speel.

Die begrip mede-afhanklikheid kom nie as sodanig in die Skrif voor nie, maar verbandhoudende konsepte en eienskappe ten opsigte van disfunksionele gedragspatrone wat aanleiding gee tot en kenmerkend is van mede-afhanklikheid, is wel by Bybelse figure en verhale waarneembaar. Hierdie disfunksionele gedragspatrone wat op 'n hoë vlak van mede-afhanklikheid dui en in die Bybel waargeneem kan word, gee aanleiding tot die volgende doelstelling en doelwitte wat in hierdie studie aangespreek word.

3.2 DOELSTELLING

Die oorhoofse doel van hierdie studie is om deur middel van pastorale begeleiding die mede-afhanklike gelowige vrou so te begelei dat sy tot spirituele groei en volwassenheid kan kom. Die volgende doelwitte word geformuleer:

- Om ondersoek in te stel na 'n Skrifbeskouing op die mens.
- Om sonde en die uitwerking daarvan op die mens vanuit die Skrif na te vors.
- Om Skriftuurlike perspektiewe met betrekking tot mede-afhanklike gedragspatrone te ondersoek.
- Om die skadelike rol wat mede-afhanklikheid waarskynlik by enkele Ou Testamentiese vrouefigure gespeel het, te bestudeer.
- Om verder ondersoek in te stel na die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou soos dit na vore gekom het by die bestudering van enkele Bybelse vroue.

Hierdie doelwitte sal volgens die openbaring-historiese metode ondersoek word.

Die woord *openbaringsgeskiedenis* is selfverklarend. God openbaar Homself deurdat Hy die gordyn wegtrek en ons oë open sodat ons Hom, ons medemens en die wêreld in perspektief kan sien. Die geskiedenis gaan weer oor die werklike gebeure wat oor eeue heen loop en verwys na 'n proses of 'n hele reeks prosesse. Dit is belangrik om daarop te let dat openbaringsgeskiedenis die Bybelfeite bestudeer en dat dit nie gaan oor mites, verhale, teorieë of spekulasies nie. Die eenvoudige formule vir *Openbaringsgeskiedenis* = *feite + betekenis en feite + verband* (Van der Walt, 2006:21).

3.3 BASISTEORIE

Volgens Heyns en Pieterse (1998:50) hou 'n basisteorie verband met 'n onderwerp en word dit ter wille van die onderwerp ontwikkel. Dit behels dus die ondersoek van die onderwerp volgens Bybelse waardes, norme en kriteria. Venter (1993:247) beskryf 'n basisteorie as die ontginning van teologiese vertrekpunte primêr vanuit die Skrif. Vir Louw (1997:4) bied die teologiese basisteorie hulp aan die pastor in die ontleding van sy eie identiteit en die eiesoortige aard van sy pastorale hulpverlening, maar ook ter wille van 'n goedgeformuleerde praktykteorie wat later in 'n interdisiplinêre spanverband gebruik kan word. Die basisteorie lig dus die belangrikheid uit dat die pastoraat moet onderskei wat die Skrif oor die mens, sy gedragspatrone en sy verhoudings te sê het.

3.4 AGTERGROND

God het volgens Hill en Walton (2000:68-69) uit behoefte aan 'n verteenwoordiger van Homself op aarde, sowel as 'n wese met wie Hy kon assosieer en kon gemeenskap hê en sy liefde op uitstort, die mens geskape. Die mens is dus die primêre objek van God se liefde en is geskape volgens die beeld van God. Die Genesis-verhaal is 'n bewys van God se planmatige en doelgerigte optrede met die mens. Satan het volgens Esegïel 28:14-17, as die vyand van God, uit hoogmoed vanweë sy skoonheid en mag, God begin uitdaag en die mens as teiken begin aanval deur misleiding, verleiding (Gen. 3), fisiese uitwissing (Gen. 4:8) en bederf (Gen. 6) (Barna, 2003:121). Satan se doel was en is nog steeds om oor die heelal te heers en hy doen dit deur die ondermyning van God se gesag en die vernietiging van die mens. Die eerste egpaar, Adam en Eva, was Satan se eerste teiken en sedertdien is die mens voortdurend onder sy aanslag.

Die Skrif verklaar dat Adam se nalatenskap aan die mens die predisposisie tot die sonde is waarmee elke mens gebore word en volgens Barna (2003:122) *...the devil will continually tempt people to reject God and His ways until the end of time*. Maar God, as die Allerhoogste en Alwyse, het sy lieflingsgeslag bewaar en beskerm, ter wille van die eer van sy Naam en die onveranderlikheid van sy raad. Hierdie eerste hoofstukke van die Bybel beskryf die totale agtergrond van die stryd tussen God en Satan, wat regdeur die Skrif gesien kan word. God loop 'n pad met sy uitverkore volk sodat sy Naam hier op aarde verheerlik kan word. God se optrede teenoor sy volk is altyd daarop gerig om sy volmaakte plan met die mens en sy lewe ten uitvoer te bring.

Hierdie pad loop volgens Vosloo & Van Rensburg (1993:7) regdeur die Nuwe Testament waar Jesus Christus die vloekte van die wet kom oorwin het en sy koms na die aarde dit vir die mens moontlike gemaak het om die God wat die heelal geskep het, persoonlik te ken en met Hom gemeenskap te hê. In die boek Openbaring word beskryf hoe en waar Satan finaal en vir ewig oorwin sal word, sodat die mens weer in sy heerskappy-posisie op aarde kan staan en in volmaakte verhouding met sy Skepper kan tree, soos wat God dit aan die begin bedoel het Barna (2003:122).

Toe die mens geskape is **na die beeld van God** (Gen. 1:26-27) het God 'n vaste gesonde fondament vir verhoudings neergelê en dit is vanuit hierdie vaste grondslag as invalshoek wat die navorser die studie van mede-afhanklikheid en die spiritualiteit van die gelowige vrou wil benader.

3.5 SKRIFBESKOUING OOR DIE MENS

3.5.1 Die mens as beeld van God

Die vraag wat hier gestel word is: *In watter opsig is die mens geskape na die beeld van God?* Die mens is volgens die Life Application Study Bible (LASB) (2005:6) nie 'n presiese replika van God nie, omdat God nie 'n fisieke liggaam het nie, maar die mens is 'n refleksie van God se heerlikheid. Die totale mens reflekteer sekere aspekte van God se karakter in liefde, geduld, vergifnis, goedheid en getrouheid. Die wete dat die mens geskape is volgens sy beeld skep 'n vaste basis vir eiewaarde by die mens (Vosloo & Van Rensburg, 1993:8). Die mens vorm die kroon van God se skepping en verskil radikaal van alle ander dinge wat God geskape het, omdat die mens geskape is as God se verteenwoordiger (Gen. 1:28), na sy beeld en om te

heers oor die skepping (Mathews, 2001:164). Volgens Calvyn (1992:91) het God alle ander wesens geskape deur sy woord, maar eers beraadslaag voor Hy die mens geskep het: *Laat ons mense maak na ons beeld* (Gen. 1:26). Vir Calvyn (1992:91) is dit die hoogste eer waarmee God die mens kon vereer.

Die term *beeld* volgens Romeine 1:23 dui vir Louw en Nida (1988:65) daarop dat 'n objek 'n bonatuurlike wese verteenwoordig, in teenstelling met 'n afbeelding (afgod) wat ook bonatuurlik is. Vir Vriesen (vgl. Grobbelaar, 2007:13) kan die mens as beeld van God die beste geïllustreer word deur die Vader-kind-verhouding omdat die term beeld volgens Genesis 5:1 op die mens as beeld van God dui en Genesis 5:3 op die seun van Adam, sy beeld, *een soos hyself* (Verhoef, 2000:25).

3.5.2 Die skepping van die vrou, Eva

God laat 'n diep slaap oor Adam kom wanneer Hy vir Eva skep (Gen. 2:21) so asof Hy by hierdie skeppingsdaad geen toeskouer wil hê nie en soos 'n vader die bruid na haar bruidegom toe lei, so neem God self die vrou na die man toe (Von Rad, 1972:84). God het die vrou uit die man geskape en sy was vir Adam een *soos hyself* (Gen. 2:23). Die vrou was die man se gelyke en 'n metgesel vir hom. Albei was menslike wesens, maar volgens 1 Petrus 3:7 was sy fisiek en emosioneel die *swakker* een. Die verskille in die man en vrou, soos wat God hulle oorspronklik geskep het, moet eerbiedig word, omdat dit God se bedoeling was dat hulle mekaar moes aanvul en by mekaar moes pas (Carson *et al.*, 2000:80).

Die groot vraag wat volgens Erickson (2005:498) in die teologie ontstaan is nie **hoe** die mensheid tot stand gekom het nie, maar **waarom**. Watter doel lê ten grondslag van die skepping van die mens? Die prentjie wat die Bybel skilder van die oorsprong van die mensheid lê daarin vasgevang ...[that] *an all-wise, all-powerful and good God created the human race to love and serve him, and to enjoy a relationship with him* (Erickson, 2005:498).

Die beeldskap dui gevolglik onder meer daarop dat die mens 'n verhoudingswese is en geskape is om in verskillende verhoudings te staan, naamlik in die eerste plek in 'n verhouding met God, met homself, met sy medemens en die natuur:

- In verhouding met God – Van Genderen en Velema wys daarop dat die beeldverhouding met God op 'n verbondsverhouding dui en nie na 'n

willekeurige en vrye verhouding verwys nie (vgl. Grobbelaar, 2007:13). God tree onmiddellik na die skepping van die mens in beraad met hom en vestig 'n persoonlike verhouding tussen hom en die mens (Gen. 1:27-28). (Mathews, 2001:173; Wenheim, 2002:33; Eveson, 2003:42). God het uit behoefte aan 'n verteenwoordiger van Homself op aarde, sowel as 'n wese met wie Hy kon assosieer, kon gemeenskap hê en sy liefde kon op uitstort, die mens geskape. Volgens Vosloo en Van Rensburg (1993:7) was die finale stap in die uitbouing van hierdie verhouding toe Jesus Christus as sy seun in 'n menslike gestalte op aarde gebore is. Hierdie gebeurtenis het dit vir ons as mense moontlik gemaak om God wat die heelal geskape het, persoonlik te ken, soos Wenheim (2002:3) dit stel: *Man's divine image means that God can enter into a personal relationship with him, speak to him, and make covenants with him.*

- In verhouding tot homself – volgens Genesis 2:18 het God gesien dis nie vir die mens goed om alleen te wees nie. Beeldskap beteken dat die mens se verhouding met homself as 'n selfstandige kwalifikasie beskou word, maar nie as in homself opgeslote, selfgenoegsaam, selfonderhoudend en geïsoleerde wese nie (Heyns, 1988:128). Die mens is net 'n skepsel en hy moet waak teen oor- of onderskatting van homself.
- In verhouding met sy medemens – in Genesis 2:18 verklaar God *dit is nie goed dat die mens alleen is nie*. Volgens Eveson (2003:76) dui dit op twee belangrike beginsels, naamlik dat menslike wesens nie bedoel is om in afsondering te leef nie en tweedens dat slegs die mens (nie diere nie) geskape is volgens die beeld van God. Vir Eveson (2003:76) is die vrou as skepsel van God net so uniek soos die man en was God net so betrokke by die skeppingsdaad as met die man. Beeldskap beteken ook vir Verhoef (2000:102) dat die mens betrokke moet wees by ander in persoonlike verhoudings en beklemtoon dat individualisme ten koste van ander nie reg laat geskied aan God se plan vir die mens nie.
- Die mens staan ook in 'n besondere verhouding met die natuur. Dit is betekenisvol dat die skepping van die mens as beeld van God verantwoordelikheid en heerskappy volgens Genesis 1:26-27 en 2:19

impliseer en dit bevestig ook die vertroue wat God in die mens gestel het (Heyns 1988:136).

3.5.3 Christus, as die volmaakte beeld van God – Hebreërs 1:3

Christus was selfs in sy mensheid die volkome ewebeeld van God, omdat die heerlijkheid van God uit Hom gestraal het (Heb. 1:3; Kol. 1:5). In die Nuwe Testament word die beeld van God in Jesus Christus herstel en in Kolossense 1:15-17 word Christus beskryf as die beeld van die onsienlike God. Hy is egter baie meer as dit, want Christus was as God van die begin af by die skepping betrokke (Joh. 1:3; Kol. 1:16) (Atkinson, 1995:477). Christus wat die naaste aan God is, het God die Vader kom openbaar in al sy volheid (Vosloo & Van Rensburg, 1993:1852). Christus is ook as beeld van God 'n prototipe van die verlore mensheid (Fil. 3:21). Hierdie verlore mensheid dra deur Christus God se beeld individueel sowel as korporatief uit (2 Kor. 3:18) en Paulus gebruik die beeld van God in Christus om beide God se goddelikheid en menslikheid te illustreer (Atkinson, 1995:477). Paulus se opdrag aan gelowiges is ook om as nuwe mense wat as beeld van God geskep is, volkome volgens die wil van God heilig te wees en tot kennis van God te kom (Ef. 4:24; Kol. 3:10).

3.5.4 Die mens as 'n eenheidswese

Volgens Louw (1997:195) kan 'n eenheidsvisie nie die verskillende aspekte van menswees, byvoorbeeld die siel, gees en liggaam ignoreer nie. Bybelse begrippe soos *hart*, *vlees*, *siel*, en *gees* word dikwels afwisselend gebruik om 'n bepaalde aspek van menswees toe te lig. Teoreties kan daar meer geredelik onderskei word tussen hierdie begrippe en boeke oor berading verwys na fisieke, psigiese of geestelike probleme wat dit makliker maak om die aard van probleme te onderskei. Volgens Collins (2001:92) moet daar egter in die realiteit van die pastoraat altyd in gedagte gehou word dat die mens 'n eenheidswese is en nie in dele opgedeel kan word nie.

Daar is diegene wat voorstanders is van die drieledige benadering (Barna, 2003:120; Joubert, 2005:127) volgens 1 Tessalonisense 5:23, waar onderskei word tussen die liggaam, siel en gees. Volgens hierdie benadering is die denke, emosie en wil gesetel in die sielsdimensie en die menslike gees is die innerlike deel wat ontvanklik is vir die werking van die Heilige Gees. Die tweeledige benadering glo soos die

antieke Grieke dat die mens uit 'n liggaams- en 'n siel -gedeelte bestaan (Louw, 2005:11). Vir die doeleindes van hierdie studie word daar slegs tussen die *innerlike* en die *uiterlike* mens onderskei. Vervolgens word kortliks aandag gegee aan die verskillende konsepte soos wat Paulus dit gebruik om die innerlike en uiterlike lewe van die mens te beskryf (Ef. 3:16; 4:1; 4:23; 5:15).

Ridderbos (1997:117) verwys na die aspekte van die *innerlike* mens as die denke (*nous*), hart (*kardia*), wil (*thelema*), siel (*psyshe*), gees (*pneuma*), gewete (*syneidesis*). Volgens Paulus is die **denke**/verstand en die **hart** nou verbind en beklee dit by verre die belangrikste plek in die dinamika van die mens.

- Denke (*nous*) – volgens Ridderbos (1997:117) is daar nie werklik in die Engels 'n geskikte verklarende woord vir die term nie en kan dit somtyds net met **verstand** vertaal word, soos in die geval van 1 Korinthiërs 14:14 en in Filippense 4:7 waar die vrede van God wat alle **verstand** te bowe gaan, vrede beteken, wat die mens met al sy vermoëns nie in homself kan hê nie. Die *nous* is verantwoordelik vir die persoon se reaksie op die openbaring van God.

Die term *nous* is nou verwant aan die hart en dui op die mens se verstand wat deel is van die totale liggaamlike bestaan. Dit is 'n aanduiding dat die mens met begrip op God kan reageer. Vir Paulus moet hierdie menslik *nous* met dié van God ooreenstem (1 Kor. 2:16) en deur die werking van die Heilige Gees getransformeer word (Rom. 12:2) (Louw, 1997:204).

- Hart (*kardia*) – die hart is die setel van die mens se godsdienstige lewe, die innerlike kern van sy bestaan. Verhoef (2000:45) dui aan dat die hart in die Ou Testament die sentrum van die bewustelike, emosionele en redelike funksies is, en in die Nuwe Testament die innerlike dimensie van menslike lewe. Op grond van Romeine 10:10 sien hy die hart dan as instrument vir die beoefening van geloof. Die hart kan ook bedrieglik wees en in diens van die sonde staan (Rom. 1:24; 2:5). Die hart is ook die setel van die affektiewe (Rom. 10:1; 2 Kor. 2:4; 2 Kor. 7:2) (Louw, 1997:204). Volgens Ridderbos (1997:119) is die hart in die Nuwe Testament by uitstek die *menslike ek* in denke, affekte, strewe en beslissings, sowel as die setel van die verhouding tot God. Die hart is die sentrum van die menslike wese waardeur God sy openbaring betuig en waarmee die mens, hetsy positief of negatief, antwoord

gee (Rom. 8:27; 1 Tess. 2:4; 1 Kor. 4:5; Matt. 7:21). Wanneer daar in die kognitiewe distorsie in die Godsbegrip is (vgl. Matt. 22:37) gaan dit noodwendig 'n negatiewe invloed op elke aspek van die mens se lewe uitoefen.

- **Siel** – volgens die Hebreeuse begrip *nefesh* dui dié woord menslike lewe aan in onderskeiding van ander vorme van lewe en is dit die ekwivalent van *psuché* en *pneuma* wat Paulus afwisselend gebruik (Louw, 2005:203). Volgens Gehman word daar in Genesis 1:27 verwys na die woord *siel* as die volledige mens wat *lewe* impliseer (vgl. Campbell-Lane, 2003:27). By die skepping het die mens dus 'n **lewendige siel** geword. Volgens Louw (2005:12) is die beste vertaling van *nefesh* waarskynlik die mens as *beliggaamde lewenskrag: liggaamlikheid as besielde lewe, doelgerigte en Godgerigte lewe*. Vir Augustinus is die liggaam deel van die stoflike en sondige bestaan van die mens en speel dit *gevolglik 'n ondergeskikte rol (Dualisme)* (Louw, 2005:13). Vir Luther is die siel sinoniem met die gewete en verwys dit ook na die hart en gees; terwyl Barth die siel beskryf as die psigofisiese eenheid van die menslike persoon. Daarenteen beskou Ridderbos (1997:120) die *psyche* as die natuurlike deel van die mens, wat volgens Romeine 11:3; 16:4 en 1 Tessalonisense 2:8 beteken om sy *lewe* ter wille van iemand anders af te lê.
- **Pneuma** - die term *pneumatiese mens* wil sê dat mense oor die vermoë beskik om *God te ken* (Louw, 1997:206). Paulus gebruik die term *psuché* en *pneuma* afwisselend en saam met die liggaam vorm dit 'n eenheid wat betekenisvol is vir die *nuwe lewe* (1 Tess. 5:23). Die term *pneuma* kom sterk na vore wanneer Paulus verwys na die *nuwe mens* deur die werking van die goddelike *pneuma*. Dit word in Romeine 8:16 duidelik gestel dat die menslike gees (*pneuma*) met die Heilige Gees verbind word wanneer God ons as sy kinders verklaar in terme van die nuwe opstandingswerklikheid. Volgens 2 Korinthiërs 1:22, 5:5 en Romeine 8:23 kan die ongelowige mens nie *pneuma* besit nie (Louw, 1997:205).

Vir Vine (1996) word die gees van die mens lewend en sensitief gemaak vir die influistering van die Heilige Gees deur die nuwe geboorte (Rom. 8:16). Soos wat die gees van die mens voortdurend vernuwe word, neem dit beheer oor van die gesindheid van die hart en gedagtes (Ef. 4:23).

- Liggaam/vlees – vir die korrekte begrip van Paulus se antropologiese interpretasie van die sondebegrip is die liggaam (*soma*) vir Ridderbos (1997:115) van besondere belang. Liggaam verwys hier na die tasbare en sigbare organisme waarin verskeie lede onderskeibaar is. In hierdie sin praat Paulus daarvan dat hy die merke van Jesus se lyding in sy *liggaam* dra (Gal. 6:17; 2 Kor. 4:10). Die seksuele lewe is ook gesetel in die *liggaam* (Rom. 4:19; 1 Kor. 7:4; Rom. 1:24). In hierdie sin is die liggaam sinoniem met *vlees* insoverre vlees verwys na die tasbare. Die mens is in die volheid van sy bestaan **liggaam** omdat hy homself op geen ander wyse kan uitdruk nie. Die verband tussen die mens en sy liggaam kom na vore in Romeine 6:12 en 19 in die sin dat hulle nie hul liggame moet oorgee aan die sonde nie, maar hul liggame as 'n offer moet oorgee aan God (Rom. 12:1) (Ridderbos, 1997:115).
- Vlees – sonde van die vlees. In Romeine 7:14 stel Paulus die platform daar vir die worsteling tussen gees en vlees wat plaasvind in verse 15-20. Paulus verwys na die wet wat *geestelik* is en hyself wat *vleeslik* (*unspiritual, sarkinos*, fleshly, carnal) is (Carson, *et al.*, 2000:1138). Vir Hendriksen (1980:240) dui dit daarop dat Paulus homself sien as *vleeslik* en onderhewig aan die stryd tussen die vlees en die gees vir solank as wat hy op hierdie sondige wêreld is. Daar is dus 'n oorblyfsel van korrupsie in die wese van die mens en selfs waar daar geestelike lewe is, is daar oorblyfsels van die vlees (Hendriksen, 1980:240). Vir Erickson (2005:616) verwys Paulus in Galasiërs 5:16-24 nie na die fisieke liggaam van die mens nie, maar na die self-gesentreerdheid van die hart en die ontkenning en verwerping van God.

Samevattend kan gesê word dat die siel en die liggaam nie afsonderlik van mekaar beskou kan word nie en saam met die term *beeld van God* dui dit op die totale lewenshouding en ingesteldheid van die menslike bestaan (disposisie) in die teenwoordigheid van God (**Coram Deo**) (Louw, 2005:14).

3.5.5 Die gevalle mens

Deur die sonde van *een mens* het die hele mensheid in sonde verval (Rom. 5:12). Volgens Hendriksen (1980:177) het die mense oor die loop van jare en eeue hul sondige natuur van Adam geërf en daarom gesondig. Daarmee bedoel Paulus dat die hele menslike geslag by Adam ingesluit was en toe Adam gesondig het, het die hele nageslag gesondig. Hendriksen (1980:178) doen 'n oproep om in hierdie dae

waar daar so 'n beklemtoning van die individu is, die onderstaande beskouing te handhaaf. Hendriksen (1980:178) stel dit treffend:

In Adam's fall

We sinned all

Deur die sonde het die dood gekom (1 Kor. 15:22). Sonde en dood kan nie van mekaar geskei word nie, want die dood volg altyd op die sonde (Rom. 5:12; 1 Kor. 5:22; Gen. 2:17; Rom. 1:32). In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat dieselfde hoofstuk (Rom. 5:18-19) 'n vergelyking tref tussen die sonde wat deur die ongehoorsaamheid van een mens die dood gebring het, en dié Een, Jesus, se gehoorsaamheid wat tot lewe en vrypraak gelei het. Die lewe deur genade en vrypraak het veel meer gedoen as om net die lewe van sonde en dood uit te kanselleer, want dit gee ons die ewige lewe en heerskappy (Rom. 5:17) (Vosloo & Van Rensburg, 1993:1736).

'n Nuwe lewe deur die Gees word onder (3.8.4) onder spiritualiteit hanteer.

3.5.6 Die uitwerking van die sonde op die mens

Barna (2003:122) beskou sonde as direkte opstandigheid teen God, maar die mens se besluit om God te dien, lê by homself. Satan kan wel verantwoordelik gehou word vir die misleiding en versoeking wat op die mens se pad kom, maar uiteindelik moet die mens eienaarskap van sy eie lewe neem. Barna (2003:122) stel dit soos volg:

...Satan gets credit for bringing us to the point of decision, the choice of doing evil is ultimately ours. We cannot blame circumstances, other people, or the spiritual world for our choices; we must own them.

Die vraag na die oorsprong van die sonde is reeds onder 3.5 hanteer. In die tydperk tussen die skepping en die sondeval het God die val van Satan toegelaat (Jes. 14:12-13; 2 Pet. 2:4): *Thus, an evil force was present within the creation, whose appeal stirred within Adam and Eve the desire that lead them to sin* (Erickson 2005:453). Volgens Barna (2003:121) beoog Satan voortdurend om God te ondermyn en heerskappy te voer en om God se kinders te mislei en te vernietig (1 Pet. 5:8). Die uitwerking van die sonde word kortliks na aanleiding van die invloed wat die sonde op die verhoudingslewe van die mens het, beskryf. Chambers

(2000:307) gee die volgende raak beskrywing van die sonde en die uitwerking daarvan:

Sin is something I am born with and cannot touch - only God touches sin through redemption... The nature of sin is not immorality and wrongdoing, but the nature of self-realization which leads us to say: 'I am my own God'.

- **Tussen God en die mens**

Wanneer Paulus verwys na die korrupsie van die sonde in die mens, is dit volgens (Ridderbos, 1997:114) tweeledig van aard, naamlik dit bring die **dood** voort en dit plaas die mens in **slawerny**. Paulus onderskei twee verskillende idees rakende die uitwerking van die sonde, naamlik die korrupsie van die sonde in die *innerlike mens*, die *nous*, die hart, en in die liggaam vanwaar dit uiting vind in die sondige daad deur die *uiterlike mens* (Rom. 12:1; Ef. 4).

Sonde is altyd eerstens teen God self gerig, soos wat Dawid dit uitdruk in Psalm 51:4: *teen U alleen het ek gesondig* en in Romeine 8:7 is Paulus se aanklag teen die vleeslike, wat vyandskap met God beteken. Die sonde het onmiddellik na die sondeval 'n uitwerking op die mens se verhouding met God gehad. Liefde, vertroue, intimiteit en vrymoedigheid het plek gemaak vir vrees, afgryse en vermyding van God. Lyding, onderdrukking, angstigheid en vyandigheid teenoor ander en God was ook direkte gevolge van die sondeval (Erickson, 2005:579).

- **Tussen mense onderling**

Adam en Eva se oë is geopen vir hulle eie naaktheid (Gen. 3:7) en sodoende is die perfekte, deursigtige en onskuldige onderlinge verhouding geskend. Hulle het verleë en skaam gevoel teenoor mekaar en wou hul naaktheid bedek (Grobelaar, 2007:15). Die naaktheid het ook aanleiding gegee tot skuldgevoelens wat hulle laat wegkruip het. Volgens die LASB (2005:11) is 'n skuldige gewete God se manier om verkeerde dade uit te wys en mag dit nie geïgnoreer word nie. Belydenis bring vergifnis en herstel die verhouding, maar skuldontkenning en vermyding lei tot verdere sonde en disfunksionele gedrag.

- **In sy verhouding tot homself**

Wanneer daar van die standpunt uitgegaan word dat sondige gedragsspatrone soos byvoorbeeld **verslawings** vanaf een generasie na 'n volgende oorgedra word en sodoende aanleiding gee tot mede-afhanklikheid, bied die Bybel riglyne ten opsigte van die oorsaak- en gevolgbeginsel van sondige gedrag as 'n natuurlike uitvloeisel van die gevalle mens, sowel as God se direkte strafmaatreëls as gevolg van sonde (Erickson, 2005:619). Zackrisson (vgl. McMinn, 1996:132) toon aan dat die sonde van ouers 'n groter negatiewe impak het as net die mens se slegte gedrag met persoonlike en sosiale gevolge, en beskryf die uitwerking van die sonde soos volg:

In scripture and theology sin is a condition that goes to the root of our living for it has to do with our relationship to our origin and to God.

3.5.7 Die herstel van die mens

Die herstel van die mens deur die soenverdienste van Jesus Christus word meer volledig bespreek na die afhandeling van die volgende twee punte wat handel oor sondige mede-afhanklike gedragsspatrone soos wat dit in disfunksionele gesinne voorkom (vgl. 3.6.5).

3.6 SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE OP DIE DISFUNKSIONELE GESIN

Mede-afhanklike gedrag spruit voort uit disfunksionele gesinne (vgl. 2.4) Sondige gedragsspatrone voortspruitend uit trauma en/of verslawing vorm 'n integrale deel van die mens se geskiedenis en die Bybel is 'n goeie voorbeeld van God se genade en beskermende hand oor sy kinders, ten spyte van hierdie transmissieproses. Dawid se gesin is 'n goeie voorbeeld van 'n disfunksionele gesin (2 Sam. 11:10-11)(vgl. 2.2.1; 2.2.2; 2.3) en die hartseer en verwonding wat oor generasies plaasgevind het as gevolg van sonde en wangedrag.

Krašovec (2004:35) verwys na Eksodus 20:5; Deuteronomium 34:6-7 en Numeri 14:18 waar kollektiewe straf en vergelding deur God oor generasies heen ter sprake is. Hy is van mening dat bogenoemde Skrifgedeeltes nie as 'n leerstelling of beginsels verkondig moet word nie, maar dat dit eerder beskou moet word as 'n uitdrukking van die **natuurlike verloop van sondige gedrag of kollektiewe**

oorgeërfde straf. *The point is that children are victims of 'natural consequences of their fathers' guilt'* (Krašovec, 2004:35). Uit bogenoemde gedeelte blyk dit duidelik dat sonde aan die kern van baie verwonding en gebrokenheid lê.


3.6.1 Skriftuurlike perspektiewe op mede-afhanklikheid

Paulus beskryf in Romeine 1:21-32 die afwaartse spiraal waarin die sonde 'n mens laat beland. Sonde kan dus beskou word as 'n dinamiese progressiewe verskynsel en daardeur kom skeiding, besmetting en die afbreek van mense en menseverhoudings. Die mens verwerp God en lewe volgens hul eie idees. God bring nie hierdie sonde teweeg nie, maar Hy laat toe dat die mens in sy eie sonde verval en die gevolge daarvan aan sy eie lyf voel.

Afgodery begin wanneer die mens na homself kyk as die middelpunt van sy eie bestaan en homself verhef en rebelleer teen God se gesag (LASB, 2005:1882). Volgens Heyns kan selfliefde in egoïsme oorgaan en vir Crabb lei dit tot 'n ernstige verlies aan balans en kan dit ontaard in 'n morbiede preokkupasie met die *self* se eie innerlike wêreld (vgl. Grobbelaar, 2007:34).

Uit die geslag van Abraham (Gen. 12-50) kan verskeie vrouefigure uitgewys word wat as gevolg van mede-afhanklike gedrag en gevolglike eiewillige optrede, die geskiedenis van 'n hele nasie nadelig beïnvloed het (Gen. 16:1-5; 27:8). Vervolgens word Abraham se gesin as voorbeeld gebruik om disfunksionele verhoudings- en gedragspatrone, soos wat dit ook in mede-afhanklikheid voorkom, uit te lig. Stoop en Masteller (1996:127) se genogram van Abraham is hiervoor aangepas en word hieronder beskryf.

3.6.2



Figuur 3.1: Sara, vrou van Abraham se genogram

Enkele aspekte moet in ag geneem word by die interpretering van 'n genogram waar persone uit vorige generasies, soos in hierdie geval, reeds oorlede is.

- Daar sal moontlike onbeantwoorde vrae wees.
- Daar moet dus versigtigheid aan die dag gelê word om mense wat alreeds afgesterf het, te ontleed en interpretasies aan hul optrede toe te dig.
- Die Bybel gee egter genoegsaam feite oor Abraham en sy nageslag (Gen. 12-50) om die dinamika binne Abraham se gesin sinvol te interpreteer ten opsigte van mede-afhanklike gedragspatrone en -verhoudings.

3.6.2.1 Gesinsagtergrond van Sara, die verbondsmoeder

God beloof aan Abraham 'n nageslag waaruit menigte nasies sou voortkom (Gen. 12:2), tog was Abraham en Sara vir nog 25 jaar daarna kinderloos. Sara raak moeg van wag en soos die gebruike van daardie tyd, stel sy voor dat haar slavin, Hagar, vir haar 'n seun baar. In die antieke Ooste was die kinders van die slavin gereken as die kinders van die eienares self. So kan Ismael dus inderwaarheid as Sara se eie seun beskou word (Eveson, 2003:300).

Tydens die feesvieringe waartydens Isak gespeen is (Gen. 21:9), sien sy dat Ismael vir Isak spot en eis sy dat Abraham beide Ismael en Hagar wegstuur. Volgens (Wenheim, 2002:83) word Abraham se besondere liefde vir Ismael beskryf deur die woordkeuse. Dit is die enigste keer wat die woord [מֵאֵד] voor [רַעַע] gebruik word om enigiemand se gevoel te beskryf. Dié woordgebruik dui op baie diep gevoelens en toon aan hoe sleg Abraham gevoel het en die besondere liefde wat hy vir sy seun gehad het. Abraham kon hom nie indink dat hy Ismael moes laat gaan nie (Wenheim, 2002:83).

3.6.2.2 Foutiewe skuif van Sara, met verreikende gevolge

Sara se optrede was verkeerd, omdat dit gebore is uit **ongeloof** en volgens Eveson (2003:300) is die parallelle verwysing tussen Eva (Gen. 3:17) tydens die sondeval en Sara (Gen. 16:2) 'n aanduiding dat haar optrede verkeerd was. Net soos wat Eva in Genesis 3 “geneem” en vir haar man **gegee** het, het Sara vir Hagar “geneem” en vir haar man **gegee** (Gen. 16:3). Alhoewel Abraham heeltemal binne die gebruike van die tyd opgetree het, het Sara se optrede reg teen God se volmaakte plan vir die mensheid ingewerk. Die nagevolge van hierdie noodplan van Sara het **verreikende gevolge vir die gesin** gehad en aanleiding gegee tot die volgende disfunksionele **gedrags- en verhoudingspatrone** wat na die volgende generasies oorgedra is.

3.6.2.3 Eerste geslag – Sara, vrou van Abraham

- **Rusie en onmin** in die huisgesin. **Vyandskap tussen Sara en Hagar** en beskuldigings in die verhouding tussen **Abram en Sara** (Gen. 16:5).
- **Hagar en Ismael word weggestuur – verlating en verwerping en mishandeling van Ismael.**

- Ismael se verwerping deur sy vader dui op **voortrekkery** van die ouers van 'n kind (in hierdie geval Isak) en dit word 'n verhoudingspatroon wat in latere generasies voortgesit word.

Vervolgens word daar oor die drie generasies gekyk na die oordraging van bogenoemde **drie spesifieke** verhoudingspatrone en gedragpatrone wat in die huisgesinne van Abraham, Isak en Jakob voorgekom het

3.6.2.4 Tweede geslag – Rebekka, vrou van Isak

Isak was bewus van die gevolge wat die uitsetting van sy halfbroer, Ismael, op die gesinsverhoudinge in sy eie ouerhuis gehad het, tog laat hy toe dat die **patroon** weer in sy huis **herhaal** word. Daar is egter geen aanduiding dat hy en Rebekka daaroor gepraat het of bewus was van die skade wat hierdie dinamika in die gesinsverhouding gehad het nie. Laasgenoemde kom ooreen met Stoop en Masteller (1996:125) se mening dat daar eerder 'n aanduiding is van die onuitgesproke reël dat **daar nie oor probleme gepraat word nie** (Gen. 27; 28:7-8). Carson *et al.* (2000:79) se verduideliking dat Isak doelbewus nie vir Jakob ook ingeroep het om te seën, soos die gebruik by die ou patriarge was om al hul seuns op hul sterfbed te seën nie, bevestig die vermoede dat Rebekka nie vir Jakob vertel het van die openbaring wat sy van God af gehad het dat *die oudste die jongste sou dien nie* (Gen. 25:23). Of sou Jakob doelbewus probeer het om die seën van sy jongste te weerhou en sodoende God se plan te fnuik? Vir die navorser is dit waarskynliker dat Rebekka hierdie inligting doelbewus van Jakob weerhou het.

- **Onmin en twis** – reeds van voor die geboorte af bestaan daar wedywering en onmin tussen die twee broers, Esau en Jakob (Gen. 25:22). Esau word eerste gebore en is rooi (*adderet*) en vol hare (*sear*) (Gen. 25:25) en dit is 'n aanduiding van die plek waar hy hom sou vestig (Seir) en (Edom) (Harris *et al.*, 1980:27). Jakob (*eqeb*) se naam word gekoppel aan die feit dat hy met geboorte aan sy broer se hakskeen vasgehou het, en beteken volgens Carson *et al.*, (1994:79) bedrieër (Gen. 25:26). Esau het sy broer gehaat omdat Jakob die seën wat hom toegekom het van sy pa gekry het en hy het beplan om hom dood te maak (Gen. 27:41). Volgens Eveson (2003:395) is twisgierigheid in 'n gesin nie vreemd nie. Soms is die oorsaak daarvan geld, of die dood van 'n gesinslid, maar in die geval van Isak se gesin, het dit gehandel oor die uitspraak van 'n spesiale seën (afguns het hiertoe aanleiding

gegee). God het seëninge oor Abraham uitgespreek wat op Isak oorgedra moes word, wat dit weer op sy oudste seun moes oordra. In hierdie geval blyk dit deur 'n profesie dat die seën na die jongste sou gaan (Gen. 25:23).


- **Voortrekkery van ouers** – Isak het meer van Esau as van Jakob gehou, omdat Esau 'n jagter was en Isak baie van wildsvleis gehou het. Rebekka het weer voorkeur aan Jakob gegee (Gen. 25:28). Net soos Abraham en Sara vir Abimelek bedrieg het oor die feit dat Sara sy suster is, word Isak nou ook deur sy eie vrou en seun bedrieg. Rebekka was bewus daarvan dat God se planne deur Jakob vervul sou word en met slinkse planne het sy altyd gesorg dat die jongste broer die ouer een oorskadu het (LASB, 2005:47).
- **Jakob word weggestuur** – Jakob moet vlug vir sy lewe net soos Ismael en Hagar ook moes vlug voor die woede van Sara. Met slinkse planne gebruik sy dié een onderwerp waaroor sy en Isak saamstem, naamlik Esau se huwelik met twee Hetitiese vroue (Gen. 27:46). Volgens Eveson (2003:399) lees ons vir die eerste keer dat Rebekka met Isak in gesprek tree. Die seën bring voorspoed, maar nie vrede en geluk nie, want Esau se haat het Jakob laat vlug en vir 20 jaar lank geteister en hy het nooit weer sy ma gesien nie (Vosloo & Van Rensburg, 1993:57).

3.6.2.5 Derde geslag – Lea en Ragel, vroue van Jakob


- **Onmin, twisgierigheid en kullery** – hierdie gesin word gekenmerk deur konflik en kullery tussen Jakob en Laban en die verhaal handel volgens Vosloo en Van Rensburg (1993:61) oor liefde, kinders en hartseer oor 'n liefdelose huwelik en onmin tussen susters. Toe God sien dat Jakob nie vir Lea lief het nie, het hy haar geseën met ses seuns en een dogter; terwyl Ragel, Jakob se geliefde aanvanklik kinderloos was (Gen. 29:31). Later kry Ragel ook twee seuns, Josef en Benjamin, en sy sterf met die geboorte van laasgenoemde. Jakob het altesaam 12 seuns en een dogter, Dina, gehad (Vosloo & Van Rensburg 1993:5).
- **Jakob trek vir Josef voor** – volgens Genesis 37:3 was Josef Jakob se liefelingkind en het hy Ragel se twee seuns Josef en Benjamin voorgetrek. *He had eyes only for Joseph and Benjamin, the sons of his beloved Rachel* (Carson, 2000:84). Hierdie onregverdigte optrede van Jakob het die hele gesin verskeur en Lea se seuns het saamgesweer om Josef te vermoor.

- **Josef word verkoop en beland in 'n vreemde land.** Net soos in die vorige twee geslagte kom daar ook **verwerping van 'n seun** deur ander gesinslede voor, maar in hierdie geval het Jakob gedink sy seun is dood, terwyl sy broers hom eintlik as slaaf aan Egiptenare verkoop het (Gen. 37:28).

Die navorser stel die disfunksionele verhoudingspatrone van Abraham, Isak en Jakob se gesinne oor drie generasies in die onderstaande diagram voor.



Figuur 3.2: Disfunksionele verhoudingspatrone van Abraham se gesin



Figuur 3.3: Disfunksionele verhoudingspatrone van Isak en Jakob se gesinne

Gesinne kan volgens Adams (2004:152) aan die eenkant bou aan gesinstradisies, 'n sin van gemeensaamheid, samewerking en ryke herinneringe van sekuriteit en liefde, maar aan die anderkant kan gesinservaringe onwetend die proses van oorgeërfde tradisies bevat wat aanleiding gee tot die oordraging van sondige gedragspatrone.

Adams stel dit soos volg:

Families carry narratives of tragedy that are often unintentionally handed down from one generation to the next
(Adams, 2004:152).

3.6.3 Mede-afhanklikheidstrekke by drie vrouefigure uit Abraham se nageslag

Daar is reeds onder 3.1 genoem dat mede-afhanklikheid 'n **komplekse verskynsel** is wat **intergeneratief** voorkom en waar een of ander vorm van **afhanklikheid** 'n groot rol speel. Die literatuurstudie (hoofstuk 2) het ook reeds aangetoon dat mede-afhanklike gedrag graadverskille toon, dit wil sê nie alle eienskappe daarvan kom ewe intens by alle mense voor nie en daar is ook verskillende rolle en eienskappe wat by mede-afhanklikes voorkom. Hemfelt *et al.*, (1996:17) beskryf mede-afhanklikheid in sy wydste sin as 'n verslawing aan *mense, gedrag en dinge*. Voorbeelde van mede-afhanklikheid word na aanleiding van vier kerneienskappe bespreek, naamlik: **lae selfwaarde, grense, vrees vir mense** en die **Godsbegrip**. **Sara, Rebekka en Lea** sal as voorbeelde gebruik word om genoemde mede-afhanklike gedrag uit te wys en waar nodig sal voorbeelde aangevul word met ander Bybelse verhale en -karakters. Al vier die genoemde eienskappe kom nie noodwendig by al die vroue voor nie.

3.6.3.1 Sara

Daar word geen gesinsgeskiedenis van Sara se gesin-van-oorsprong in die Bybel gegee om te bepaal of haar gedrag vanuit 'n disfunksionele gesin-van-oorsprong voortspruit nie. Reiner (2005:71) tipeer Sara as 'n passiewe, afhanklike mede-afhanklike persoon:

From a boundary standpoint, this is the person who allows others to violate her personal boundaries, wants others to

carry her load of personal responsibility, or who attempts to carry another's load in order to please them.

Volgens hierdie uiteensetting wil dit voorkom asof daar by Sara wel die eerste trekke van mede-afhanklikheid voorgekom het, want sy het by twee geleenthede (Gen. 12:10-13; 20:1-2) toegelaat dat Abraham haar misbruik, deur voor te gee om sy suster te wees, ten spyte van God se belofte van beskerming en trou. **Sou Sara probleme hê om haar grense te stel? Het sy mense meer gevrees as God?**

Volgens Hemfelt word die mede-afhanklike persoon se verhoudingslewe gekenmerk deur uiterstes van emosies: dit wissel op en af, van warm na koud, van woede tot teerheid en van liefde tot oorlog. So 'n persoon se houding teenoor outoriteit kan ook wisselvallig wees en deur ekstreme optrede gekenmerk word (vgl. Coetzer, 2007(a):16).

Daar is voorbeelde in die Skrif waar Sara se optrede van wisselvalligheid getuig, waar woede (Gen. 12:9) en blaamverplasing (Gen. 16:3-4) toon dat haar motiewe nie suiwer was nie en van die uitwerking van die sondeval getuig (Carson, 2000:72).

3.6.3.2 Rebekka

Volgens 'n beskrywing van die profiel van Rebekka in die LASB (1995:47) was Rebekka iemand van besondere karakter. Sy kon inisiatief neem, kon 'n behoefte of nood gou raaksien en het dan opgetree, nie altyd op die regte wyse nie, maar tog met vrymoedigheid. Toe sy Eliëser, Abraham se slaaf sien wat vir Isak 'n vrou moes gaan soek, het sy vir hom sowel as vir sy tien kamele water gegee (Gen. 24:46). Rebekka het haar huwelikslewe met Isak op 'n goeie geestelike vlak begin. Toe sy fisiek en emosioneel nie meer die uitputting van die moeilike swangerskap kon hanteer nie, het sy die Here geraadpleeg (Gen. 25:22) en die profesie ontvang wat Eveson (2003:385) soos volg beskryf:

...[that] the trouble she was experiencing was the beginning of a conflict between two nations, one stronger than the other, and that the older twin would serve the younger.

Later sien ons hoe haar inisiatief oorgegaan in **beheer**, wat dui op 'n gebrek aan **grense**. Tipiese karaktertrekke en verhoudingspatrone van mede-afhanklikheid wat Rebekka openbaar het, is die volgende:

- **Grense** – Rebekka skroom nie om haar seun, Jakob, te leer om sy pa te bedrieg nie (Gen. 17:5). Die inisiatief van vroeër het oorgegaan in **beheer** en **manipulering**. Hierin het Rebekka getoon dat sy geen grense vir haarself gestel het nie en ook nie vir Jakob 'n voorbeeld gestel het om binne sy eie grense op te tree nie. Sy het selfs God se grense geminag deur haar optrede.
- **Verstrengelde verhoudings**
 'n Verdere kenmerk van persone met grensprobleme is verstrengelde verhoudings (2.4.2). Rebekka se hart was so ingestel op haar jongste seun, Jakob, dat sy totaal en al opgegaan het in hom en beheer oor sy lewe begin neem het. Wanneer daar nie grense binne verhoudings bestaan nie, kan dit volgens Reiner (2005:66) vergelyk word met 'n stad in Bybelse tye wat nie mure of hekke gehad het nie. So 'n stad is weerloos gelaat. Net so weerloos was Jakob teen sy ma se beheer. Die uiteinde daarvan was chaos. (Sien figuur 3.3 oor verstrengelde verhoudings.)
- **Buitengewone verantwoordelikeheidsgevoel**
 Rebekka het geweet van die Goddelike plan met Jakob se lewe (Gen. 25:23), maar God nogtans nie voldoende vertrou om op sy eie tyd en manier sy plan ten uitvoer te bring nie. Net soos Sara (Gen. 16:1-4) wou sy God 'n bietjie *help*. Die gevolge hiervan was katastrofies. Haar witbroodjie moes vlug vir sy lewe en sou nie in haar leeftyd weer terugkeer nie. Rebekka het heel waarskynlik intense gevoelens van persoonlike verantwoordelikheid vir die ander belangrike persoon in haar lewe (Jakob) ervaar. Die mede-afhanklike persoon voel haarself verantwoordelik om in te gryp in die lewe van andere. Vir Rebekka was dit Jakob, maar indirek het sy ook God se plan oorgeneem.
- **Rebekka, die redder**
 Toe Jakob protes aanteken teen sy ma se opdrag en vrees uitspreek dat hy hom eerder 'n vloek op die hals kon haal indien sy pa hulle sou uitvang (Gen. 27:12), neem sy die volle verantwoordelikheid op haar en speel die rol van die **redder**. (Vosloo en Van Rensburg (1993:56) stel dit soos volg:

As daar 'n vervloeking kom, sal dit oor my kom, my seun.

Luister jy net na my en loop vang die bokkies vir my.

Die praktyk het geleer dat mense wat ander beheer en omstandighede na hul eie goeddunke manipuleer, soos wat Rebekka gedoen het, gewoonlik **grensstellingsprobleme** het. Hulle vind dit moeilik om grense vir hulself te stel en om ander mense se grense te eerbiedig. Rebekka se optrede getuig van selfgesentreerdheid, eiewilligheid en 'n sondige onafhanklikheid van God. Sy was meer ingestel op die voordeel van die seën vir haar liefingseun, as op gehoorsaamheid aan God. God gebruik egter ook ons swakheid en foute om sy volmaakte plan ten uitvoer te bring (Rom. 8:28) en alles vir dié wat Hom liefhet ten goede te laat meewerk.

Opmerking: Volgens Vosloo en Van Rensburg (1993:55) is die etiese aspek in die Bybel belangrik, maar is dit in hierdie geval opsy geskuif vir die Godswoord wat in vervulling moes gaan, *dat die oudste die jongste moes dien* (Gen. 25:23). Rebekka was dus 'n instrument in God se hand. Haar optrede is egter net uitgewys ter wille van die ooreenkoms met mede-afhanklikheid.

3.6.3.3 Lea die mede-afhanklike

Lea is vir Reiner (2005:51) die beste voorbeeld van mede-afhanklikheid wat onder al die vroue in Abraham se nageslag voorkom, omdat sy baie eienskappe van die mede-afhanklike besit.

- **Minderwaardigheid** – Lea se **lae selfwaarde** het heelwaarskynlik gekom omdat haar suster Ragel so *beeldskoon* en *mooi gebou* was en die enigste vermelding van haar voorkoms in die Bybel was haar *sagte oë* (Gen. 29:17). Sy was die slagoffer van haar pa, Laban (Gen. 29:22) se bedrog teenoor die man **wat sy verafgod** het maar haar van meet af aan **verwerp** het (Gen. 29:30-31). Hierdie ongelukkige omstandighede het 'n verdere bydrae gelewer tot haar lae selfwaarde. Eers na Ragel se dood het sy die aanvaarding by Isak gekry waarna sy so gesmag het (sy is by Abraham en Sara begrawe, Gen. 49:31), maar dit sou altyd met dié wete wees dat sy nooit die uitverkorene van Jakob was nie.

- **Afhanklikheid** – die verloop van die verhaal van Lea, soos gevind in Genesis 29-35, toon eienskappe van 'n verhoudingsafhanklikheid. Ten spyte van die feit dat die Here Lea geseën het deur haar vrugbaar te maak (Gen. 29:31) was sy so **selfgesentreerd** en **afhanklik** van Jakob vir haar eiwaarde dat sy haar hele lewe lank na sy **goedkeuring** en **liefde gesmag** het (Gen. 3:16b) en **geestelik verblind** was vir wat God vir haar wou doen. Volgens Genesis 1:3 is Jesus gebore uit die nageslag van Juda, Lea se seun. Elke keer wat sy 'n seun in die wêreld gebring het, het sy die Here deur die gepaste name van haar seuns vereer (Gen. 30:20), maar op 'n **selfgerigte** wyse gereageer wat dui op **selfbejammering** (Gen. 20:33). Sy het haar vrugbaarheid gebruik as wapen teen Ragel (Gen. 30:9) en haar self voortdurend met haar suster vergelyk in plaas van om na God toe te draai in dankbaarheid vir sy goedheid.
- **Vals identiteit** – Lea het haar **geluk op haar prestasie gebou** en 'n **vals identiteit** probeer vind deur haar vermoëns om kinders te baar, eerder as op wie sy in God se oë was (Gen. 30:13). 'n Persoon wat **verwerping** ervaar en **minderwaardig** voel sal volgens Reiner (2005:51) enigiets doen om aanvaarding van ander te kry.
- **Vrees mense meer as God** – dit blyk asof Lea soms meer bewus was van haar plek in Jakob se oë en haar posisie in die gesin, as van haar waarde voor God.

3.6.4 Eie gevolgtrekking

Die Bybel vertel ons nie veel meer van Lea se lewe nie, maar dat haar verhouding met Isak en Ragel die middelpunt van haar bestaan was, blyk duidelik uit die vele verwysings daarna, byvoorbeeld met elke kind se geboorte. Die ingewikkelde dinamika van hierdie verhoudings moes baie van Lea se energie en tyd in beslag geneem het, eerder as om op God te fokus. Die afleiding kan wel gemaak word dat Lea se minderwaardigheid en verwerping gelei het tot die feit dat sy **mense meer gevrees het as vir God**, dat sy 'n **vals identiteit** gebou het rondom haar eie vermoëns om kinders te hê en haar status daarin gevind het, en dat sy sodoende 'n **verhoudingsafhanklikheid** ontwikkel het. **Maar God sien die verwerptes raak en help hulle (Gen. 21:17; 29:31) en dikwels gebruik Hy die wat swak is om sy goddelike plan uit te voer. Jesus is gebore uit die stam van Juda, een van Lea se seuns (Gen. 29:35; Matt. 1:2).**

Mede-afhanklike vroue soos Lea, wat 'n diepgewortelde minderwaardigheid het en daarom geneig is tot 'n **verhoudingsafhanklikheid** skeep gewoonlik alle ander areas van hulle lewe af (hfst. 4). Hul strewe om mense te behaag eerder as vir God, om hul selfwaarde te verkry deur prestasie eerder as deur geloof in God, grens aan afgodery en blokkeer geestelike groei.

3.6.5 Jesus Christus, die enigste Verlosser

Die kruis is God se antwoord op al die probleme, verwonding en sonde van die mens. Hy het sy liefde bewys deur sy seun aan die kruis te laat sterf vir ons sonde. Abraham en Isak is volgens MacArthur (1991:505) 'n pragtige vooruitskouing van God en Jesus Christus. God gee die opdrag dat die enigste seun, die seun van die belofte geoffer moet word en beide Abraham en Isak gehoorsaam gewilliglik. Abraham se gehoorsaamheid, soos aangedui in Gen. 8:22, dui op God die Vader se gewilligheid om sy enigste Seun as offer vir die sonde van die mensdom te gee. Net so was Christus ook gewillig om te sterf vir die sonde van almal wat in Hom glo (Rom. 3:23). God voorsien die volmaakte offerlam op die regte tyd en Isak se lewe word gespaar. Dit is egter waar die ooreenkoms eindig. God het nie sy eie Seun se lewe gespaar nie, maar het hom oorgegee om te sterf ter wille van ons sonde (MacArthur, 1991:505).

Carson *et al.* (1994:1032) beklemtoon die feit dat die wêreld volgens Johannes 3:16-18 alreeds in 'n staat van oordeel was as gevolg van die sondeval, maar verder in oordeel verval het omdat hulle die Seun van God verwerp het. Volgens hierdie Skrifgedeelte is *geloof in Jesus Christus* die *enigste* vrywaring vir die oordeel van God. Die nuwe lewe *in Christus* is die vernaamste tema in Paulus se briewe aan die gelowiges in Galasië, Rome en Korinthiërs en beskryf die herstel wat plaasvind vir dié wat glo dat hulle verlossing berus op die vryspraak wat kom deur geloof in Jesus Christus. Song (1998:1) verwys na die beklemtoning wat Paulus gebruik in die boek van Romeine (8:15) om hierdie lewe te beskryf as:

The marks of this new life are 'death to sin', 'peace with God', 'called as saints', 'righteousness', 'sanctification', and 'adoption as children of God'. It can be described as 'life in Christ', or 'life in the Spirit'.

Volgens 2 Korinthiërs 5:21 het Christus sy lewe gegee in ruil vir ons sonde, sodat ons vryspraak kon ontvang. Ons word nie op grond van ons eie dae gered nie, maar slegs deur die genade van God deur in Jesus Christus te glo. Wat nog van verdere belang is vir die kind van God is dat dit nie by vryspraak eindig nie, maar daar is meer: vrede, vergifnis, beloftes en bowenal die versekering van toekomstige redding (Carson, 2000:1133). In Christus ontvang ons ook al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is (Ef. 1:3). Dit word op 'n besondere manier in Kolossense 1:15-17 deur Peterson (1993:422) beskryf:

*We look at this Son and see the God who cannot be seen.
We look at this Son and see God's original purpose in
everything created. For everything, absolutely everything,
above and below, visible and invisible rank after rank of
angels – everything got started in him and finds its purpose
in him ... And when it comes to the church, he organizes
and holds it together, like a head does a body.*

3.6.6 Samevatting ten opsigte van die oorsprong van mede-afhanklikheid volgens Bybelse vrouefigure uit Sara se nageslag

God het die mens goed geskape na sy beeld. As verhoudingswese het die mens aanvanklik in volkome harmonie met God, sy medemens, homself en die natuur gelewe.

Deur die sondeval is hierdie volmaakte verhouding versteur. Die mens was nog steeds beelddraer, maar Adam se ongehoorsaamheid het fundamentele veranderinge by die mens meegebring wat 'n onvermoë tot gevolg gehad het om die beeld van God te weerspieël. Die hart van die mens het na homself gedraai in plaas van na God.

Hierdie onafhanklikheid wat voortspruit uit rebellie teen God se gesag, lei tot ongehoorsaamheid, wat weer aanleiding gee tot een of ander vorm van afhanklikheid van *mense, middels, dinge* of *gedrag*, wat in wese afgodery is.

Soos dit met alle afgodery gaan (vgl. Rom. 6:16), word die mede-afhanklike persoon later ten volle vasgevang in die greep van afhanklikheid en die slaaf van dié een wat mag oor haar het.

Om liefde, selfwaarde, sekuriteit en betekenis buite God te soek, gee aanleiding tot te hoë verwagtings wat van mense gekoester word en gevolglike mede-afhanklike gedrag. Slegs in Jesus Christus word volkome liefde, selfwaarde, sekuriteit en betekenis gevind, wat kan tot geestelike groei en volwassenheid lei.

3.7 DIE GODSBEGRIP

Die navorser het in die praktyk en in die navorsing gevind dat vals persepsies oor God 'n diepliggende probleem by mede-afhanklike vroue is. Die invloed van die emosionele pyn wat in die disfunksionele gesin opgedoen word as gevolg van die verwronge Godsbeeld, word oor geslagte heen oorgedra (sien 4.2.5.4) en is deel van die mede-afhanklike patroon wat 'n negatiewe invloed op die spiritualiteit van die gelowige vrou het.

Volgens Seamands (2002:94) het elke mens 'n denkbeeldige prentjie in sy kop van hoe God is en bestaan daar by baie gelowiges konflikterende idees oor wat hulle van God **dink** en hoe hulle oor Hom **voel**. Hierdie negatiewe belewenisse van God is deur hul ouers en ander belangrike persone in hulle lewens vasgelê en is die oorsprong van baie emosionele probleme wat in die beradingsproses genesing moet ontvang. Hoe die persoon sy Christelike lewe ervaar, hou vir Chan (1998:40) direkte verband met die persoon se Godskonsepte. Hy verwys soos volg na die invloed daarvan op die spiritualiteitsdimensie van die gelowige:

Clearly, a proper conception of God, a theology that is faithful to God's self-revelation, is essential to the development of an adequate Christian spirituality.

Daarom, alvorens spiritualiteit bespreek word, moet daar meer breedvoerig besin word oor die invloed van die verwronge Godsbegrip op die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou.

3.7.1 Die verwronge Godsbegrip

Vir Louw (1997:388) is die Godsvoorstelling ook 'n saak wat aandag moet geniet in die pastoraat en aanleiding kan gee tot geloofspatologie. Foutiewe Godsvoorstelling kan 'n mens van die realiteit vervreem en aanleiding gee tot angstigheid en verwarring. 'n Verandering in die Godsvoorstelling kan 'n pynlike proses wees wat baie weerstand kan oproep wat gewoonlik voortspruit uit negatiewe Godskonsepte van die kinderjare. Die kind wat uit 'n disfunksionele huis kom se vader-ervaringe kan 'n negatiewe invloed op sy Vaderbeeld hê.

3.7.2 Probleme wat voortspruit uit verwronge Godsbegrip

Seamands (2002:104) wys op die volgende probleme wat as gevolg van 'n verdraaide Godsbegrip kan ontstaan:

Die onvermoë om vergifnis te ervaar. Wat gebeur as die mede-afhanklike persoon so 'n verwronge Vaderbeeld het, dat hy nie sy kindskap kan begryp nie en nie tot aanvaarding van vergifnis kan kom nie? Volgens Romeine 8:16 getuig die **Gees** saam met ons **gees** dat ons kinders van God is. Cranfield verwys daarna dat elke keer wanneer Paulus hierdie werkwoord gebruik (Rom. 2:15;

9:1), daar **twee** getuies ter sprake is (vgl. Hendriksen 1980:261). Die een getuig saam met die ander een. **Hoe** die Gees dit doen is nie heeltemal duidelik nie, want Paulus verklaar dit nie. Seamands (2002:106) verwys hierna as die goddelike en die menslike wat saamwerk - die Heilige Gees saam met die gees van die mens: *According to some, the Spirit testifies along with our regenerated consciousness by exerting a direct influence on heart and mind.* Hierdie is in ooreenstemming met 'n Bybelse beginsel (vgl. Deut. 17:6; Matt. 18:16). dat ten minste twee getuies nodig is om 'n ooreenkoms aan te gaan (Seamands, 2002:106).

Uit die verwonding van die verlede en as gevolg van onverwerkte gevoelens en ervaring met ouers, onderwysers, gesinslede, huweliksmaats en selfs medegelowiges, het mede-afhanklikes meestal negatiewe konsepte oor God en is hulle soms nie in staat om vergifnis te ervaar en 'n innige verhouding met God die Vader in die geloof te beleef nie (Seamands, 2002:107).

Wat kinders leer van God se karakter is baie belangrik, maar dit moet oorgedra word in 'n atmosfeer waar die ouers en ander belangrike persone in hul lewe se voorbeeld konsekwent uitgeleef word met dit wat oor God geleer word, anders gee dit aanleiding tot:

- 'n Onvermoë om God te vertrou en aan Hom oor te gee. Sara se nageslag (3.7.3) is 'n goeie voorbeeld van vroue wat probleme ondervind het om God te vertrou en later hul eie planne beraam het met negatiewe gevolge. Volgens Meyer (1996:89) het Sara se liefde vir Abraham, haar desperaatheid om 'n kind te hê en haar ongeloof om God se alvermoë te begryp, getuig dat sy op daardie stadium van haar lewe moontlik nie 'n ware persepsie van God gehad het nie. Sy het nie geglo dat hy sy woord op 'n bonatuurlike wyse kon vervul nie. Wanneer Seamands (2002:107) verwys na die onvermoë om God te vertrou, bedoel hy nie die psigiese en emosionele gesonde persoon nie, maar verwys hy na 'n diepgesetelde angstigheid van die persoon om *oor te gee aan God*. Hy maak die volgende belangrike appèl op pastorale beraders

You pastors and counsellors who are confronted by suspicious Christians who sincerely desire to grow in Christ, but who are held back by this kind of deep-seated

commitment-anxiety, need to check out their gut-level concepts/feelings of God (Seamands, 2002:108):

- Wanneer God en spiritualiteit tot menslike gevoelens en standarde gereduseer word, sal die mede-afhanklike vrou nooit die Heilige God van Israel kan begryp, verstaan en leer liefkry nie. Welch (1997:85) stel dit op die volgende treffende wyse: *...and with God reduced in our eyes, a fear of people will thrive.*

3.7.3 Geloofs- en godsdienspatologie

Die skrifgeleerdes en die Fariseërs (Luk. 5:17) was so behep met die mensgemaakte Joodse tradisies wat deel van hulle volkslewe geword het, dat hulle die Skrif op die agtergrond geskuif het. Hulle het bedreig gevoel omdat die mense die geldigheid van hul wette bevraagteken het en Jesus gevolg het (Vosloo & Van Rensburg, 1996:1522). Vandag kom hierdie patologie volgens Rebell nog op die volgende wyse voor (vgl. Louw, 1997:291):

- Aanvallende gedrag – die persoon konsentreer op die sonde van ander mense en die fokus verskuif weg van eie gebreke (Matt. 7:1-5).
- Geestesdwang – dit ontaard in buitengewone godsdienslike eise en vind neerslag in wettisme (Mark. 2:24).
- Gebrek aan soepelheid en onverdraagsaamheid as gevolg van rigiede godsdienslike beskouinge (Mark. 7:8).
- Formalisme as gevolg van buitengewone handhawing van die kerk as instituut. Sterk outoritêre optrede as gevolg van verkleefdheid aan kerklike leer.

Volgens Meier *et al.* (1991:142) kan 'n negativistiese, wettiese kerk wat rigiede mensgemaakte reëls neerlê ten koste van liefde en genade, baie skade aanrig aan die jong kind se ontwikkelende spiritualiteit. Die mens en veral kinders is baie waardevol in God se oë (Matt. 10:29-31; Joh. 10:27-30). Wanneer daar deur moralisme te sterk klem gelê word op verandering in gedrag en gewoontes sonder om te bid dat die Heilige Gees 'n hartsverandering bewerkstellig, kan dit lei tot opstandigheid teen die kerk en godsdiensbeoefening soos wat dit in die disfunksionele ouerhuis plaasvind

(Kol. 2:16-23). Jesus het hom sterk uitgespreek teenoor die Fariseërs (Mark. 2:17) wat die mens se insette oorskakel en God se insette onderskakel het.

Louw (1997:292) lig drie belangrike gevolge van geloofspatologie uit:

- 'n Negatiewe identiteit ontstaan by die persoon as gevolg van 'n foutiewe Godsbeeld.
- Angs vir oorgawe. Geloof word teruggehou as gevolg van 'n vrees vir selfoorgawe. Seamands (2002:108) noem dit: *a deep seated commitment-anxiety*.
- Obsessiewe trou aan 'n saak. 'n Aspek van die geloofsewige word uitgelig en 'n obsessiewe oorgawe word daaraan gemaak.

Die navorser is van mening dat 'n verdraaide Godsbegrip, as gevolg van wettisisme, formalisme en inkonsekwentheid tussen dit wat die ouers praat en dit wat hulle ervaar, nie alleen die Godsbegrip van die kind nadelig beïnvloed nie, maar ook die eiewaarde van die kind skend. Volgens Pruyser (vgl. Louw, 1997:290) kom hierdie tipe godsdienstopatologie voor as gevolg van *verwringing in die wisselwerkende proses tussen geloofsinhoud en geloofsgedrag*. By die empiriese navorsing van hierdie studie het hierdie elemente van geloofspatologie ook sterk na vore gekom en word dit breedvoerig uiteengesit in die navorsingsresultaat (vgl. 4.4.2-4.4.4).

Uit die voorafgaande beredenering is die belangrikheid van die Godsvoorstelling uitgelig en is die probleme wat uit 'n verdraaide Godsbegrip kan ontstaan, bespreek. Wanneer daar distorsie van die Godsbeeld op kognitiewe vlak is, gaan dit noodwendig 'n negatiewe invloed op elke aspek van die mede-afhanklike hê, sodat sy nie die groot gebod van die liefde in gehoorsaamheid kan ervaar nie (Matt. 22:37). **Eusebeia** dui op die *inoefening van die geloof binne die praktyk of ritme van elke dag* (1 Tim. 4:8) (Louw, 2005:134). Vir die mede-afhanklike vrou is die beoefening van haar spiritualiteit 'n ernstige saak wat haar innerlike wese binne die ritme van elke dag raak. Vir haar is dit egter hoofsaaklik 'n eie menslike poging, voortgedryf deur 'n vrees vir verwerping en 'n strewe na erkenning, eerder as 'n intieme verhouding met God. Dit begin by die diepliggende gevoel van minderwaardigheid wat momentum verkry namate sy die **vals self** ervaar en uiteindelik lei haar vrees vir mense tot afgodery (Kol. 3:5).

Die navorser het 'n skematiese voorstelling gemaak van die interaksie tussen mede-afhanklikheid en spiritualiteit wat vergelyk kan word met die ratte van twee wiele wat inmekaar skakel. Die aanhoudende siklus van mede-afhanklikheid bring geestelike gevolge mee wat nie gestuit kan word nie.

3.7.4 Interaksie tussen spiritualiteit en mede-afhanklikheid


Verduideliking van skets

1. Begin lees by die pyltjie onderaan die linkerkantste wiel by die pynlike verliese. Hierdie helfte van die wiel is die **oorsake** van mede-afhanklikheid.
2. Die regterkantste helfte van die linkerviel dui op die emosionele en sosiale **gevolge** wat voortspruit die pynlike verliese van die vorige helfte.
3. Die regterkantste wiel is die **geestelike gevolge** wat noodwendig voortstu en momentum verkry namate mede-afhanklikheid (wat 'n progressiewe toestand is) toeneem.
4. Dit word 'n nimmereindigende siklus wat nie sonder intervensie op spirituele vlak gestuit kan word nie.

Die inligting in hierdie figuur is verkry uit (Hemfelt *et al.*, 1997:37-52; Stoop & Masteller, 1996:101-130; Cloud & Townsend, 2000: 271-304; Stafford & Hodgkinson, 1998:33-57; Groom, 1991:93-100).

Figuur 3.4:

Interaksie tussen mede-afhanklikheid en spiritualiteit



Hemfelt *et al.* (1997:37-52); Stoop & Masteller, (1991:101-130); Cloud & Townsend, (2000:271-304); Stafford en Hodgkinson, (1998 : 33-57); Groom, (1991:93-100).

3.8 SPIRITUALITEIT

3.8.1 Inleiding

Die groeiende belangstelling die afgelope paar dekades na die mens se innerlike belewenisse en persoonlike ervaringswêreld teenoor die materialistiese, het aanleiding gegee dat die saak van spiritualiteit baie meer op die voorgrond is (Lotter & Oostenbrink, 2002:543). Die algemene, hedendaagse tendens is volgens Collins (2001:233) om spiritualiteit te sien as 'n subjektiewe, mistiese, gevoelsingesteldheid wat grootliks op eie intuïsie staatmaak en 'n drang by die persoon om uit te reik na 'n hoër of groter mag in die *self*, sodat daar in kontak gekom kan word met *the god within*. Volgens hierdie perspektief soek ware spiritualiteit na 'n magiese energie wat in die *self* en in die natuur gevind word en toon Westerlinge 'n toenemende belangstelling in onbybelse geestelike idees en praktyke (Horn, 2007:133). Chan (1998:40) verwys daarna dat die spiritualiteit wat op panteïsme gegrond is, daarna streef om die doel te bereik om in harmonie met die *self* en die *heelal* te leef. Die New Age beweging is 'n vorm van so 'n spiritualiteit.

Nie alle spiritualiteit is dus Christelik nie. Slegs wanneer Christelike geloofsbeskouinge en die bestudering daarvan deur die teologie in verband gebring word met spiritualiteit, kan daar gepraat word van Christelike spiritualiteit (McGrath, 2001:125). Vervolgens word die begrip *Christelike spiritualiteit* meer breedvoerig bespreek.

3.8.2 Die begrip spiritualiteit

Spiritualiteit beskryf die lewe van die gelowige. Dit is 'n lewe van genade wat begin by God die Vader wat die sondaarmens tot Homself roep. Die geestelike lewe is nie net 'n saak van die teologie nie, maar ook van temperament en agtergrond. Dit betrek die mens in die totaliteit van sy bestaan en nie net die spirituele aspek nie. *It is contrasted, not with the active elements of the Christian life, but with the carnal life of the natural man* (Atkinson & Field 1995:808). Volgens Louw (2005:134) verwys spiritualiteit na daardie kritieke areas van menswees waarin dit gaan oor humaniteit, menswaardigheid en volwassenheid soos bepaal by die versoening deur die heil in Christus.

Vorster (1992:11) wys daarop dat dit moeilik is om 'n enkelvoudige definisie van spiritualiteit te gee, maar dat spiritualiteit basies beteken om by ou Bybelse waarhede te hou, naamlik dat die mens daaglik met die Here moet wandel, in volhardende gebed en in die krag van geloofsekerheid en die ervaring van die werk van die Heilige Gees. Hierdie siening stem ooreen met Oostenbrink en Lotter (1999:379) wat *gereformeerde spiritualiteit* beskou as 'n lewe voor die aangesig van God, in gemeenskap met Hom en met medegelowiges in hierdie wêreld – die hele lewe *coram Deo*: voor die aangesig van God.

Christelike spiritualiteit kan beskou word as die belewenis van God op 'n persoonlike vlak, die deurleefde ervaring van die Christelike geloof wat lei tot spirituele groei en progressiewe ontwikkeling en die uiteindelijke transformasie van lewens as uitkoms van hierdie belewenis en ervaring van God (vgl. McGrath, 2001:3). Spiritualiteit sluit dus nie net die geestelike deel van die mens in nie, maar behels sy totale lewe voor die aangesig van God, wat op die volgende treffende wyse deur Campbell-Lane (2003:130) beskryf word: *Spirituality is not a mere technique to be mastered, but it is a response of total dependence of the creature before his Creator – God Almighty.* **Dit is veral met hierdie oorgawe aan God en totale afhanklikheid van God, wat die mede-afhanklike vrou sukkel, omdat sy wesenlik staatmaak op die goedkeuring van mense vir aanvaarding en eiewaarde.**

Croucher se uiteensetting van spiritualiteit dui aan dat dit 'n dinamiese proses is wat deur die Heilige Gees bewerkstellig word in die innerlike mens en op 'n transformasie uitloop (vgl. Collins, 2001:233). Dit word vervolgens meer volledig uiteengesit:

*Christian spirituality is about the **movements** of God's Spirit in one's life, in the community of faith, and in the cosmos, it is concerned with how **all realities relate, enlivened, enlightened, and empowered** by the Spirit of Jesus... Spiritual formation is the **dynamic process** whereby the Word of God is applied by the Spirit of God to **the heart and mind** of the child of God so that he or she becomes more like the Son of God...*

Vanuit 'n sielkundig terapeutiese hoek beskou, meld Collins (2001:234) verder dat Christelike spiritualiteit nie menslike potensiaal, interpersoonlike verhouding, persoonlike sukses of selfs omgewingsfaktore buite rekening laat nie. Christelike

spiritualiteit verontagsaam ook nie die realiteit van die sonde, die belangrikheid van selfverloëning en selfbeheersing, of die feit dat gehoorsaamheid aan God die Vader sentraal staan in die vernuwingsproses nie. Hy gee die volgende bondige definisie van spiritualiteit: *Christian spirituality is the process of becoming increasingly Christ-like.*

Die proses behels meer as net introspeksie en dit sluit die bestudering van en die gehoorsaamheid aan die Woord van God, bywoning van eredienste en ander Christelike byeenskomste, selfopofferende diensbaarheid, persoonlike dissipline en 'n besliste toewyding aan Christus in. Foster (1989:20-219) verwys ook na meditasie, vas, gebed, feesviering, belydenis, aanbidding en afsondering as die geestelike dissiplines wat deel vorm van die spiritualiteit van die gelowige. Dit lei weer tot redding, vergifnis, 'n hoopvolle en singewende lewe in Christus. In aansluiting hierby sien ons dat ...*Spirituality is not just the 'spiritual' part of man, but includes the life of the whole person* (Campbell-Lane & Lotter, 2005:118)

Volgens MacGrath (2001:3) is ware spiritualiteit om te vertoef in die teenwoordigheid van die Lewende God, om voor God te leef in gehoorsaamheid en dit word moontlik gemaak deur die werking van die Heilige Gees. Vir Campbell-Lane en Lotter (2005:118) behels Christelike spiritualiteit die lewe van genade voor, en in gemeenskap met God.

3.8.3 Die eienskappe van spiritualiteit

Volgens Pfatteicher (1997:3-9) het Bybelsbegronde spiritualiteit sekere kenmerkende eienskappe, naamlik:

- Dit is altyd 'n respons - 1 Johannes 4:19 stel dit duidelik dat ons liefhet omdat *God ons eerste liefgehad het.*
- Essensieel beteken spiritualiteit vir Pfatteicher (1997:4) that...[it] *is our most personal, most interiorized relationship with God, fully recognized, realized, and cultivated within us.*
- 'n Derde eienskap behels die bewuswording van ander gelowiges. Onderlinge gemeenskap met ander gelowiges bring onderlinge verbondenheid wat noodsaaklik is vir geestelike groei. Christelike spiritualiteit is 'n baie persoonlike, maar beslis nie 'n individuele saak nie. Die liefde vir God en die liefde vir jou medemens is onlosmaaklik verbind.

- Spirituele groei en ontwikkeling is kenmerkend van spiritualiteit. Dit kan vergelyk word met reis. Soos wat Abraham en Sarah hul eie omgewing verlaat het om te soek na geestelike waarheid en om in gehoorsaamheid en afhanklikheid van God te lewe, net so is God se kinders nog steeds vandag op 'n geestelike reis (Heb.11:8-16).
- Die uiteindelijke doel van die proses van geestelike groei is meer as net *geestelike groei*, en behels die *hoop* op die totale transformasie deur die genade en heerlijkheid van God (2 Kor. 3:18) (Pfatteicher, 1997:4).

Dit is belangrik om daarop te let dat om te reageer in gehoorsaamheid op God, onontbeerlik is vir geloofsgroei en om responsief te wees beteken om geestelik sensitief te wees. Hunt (1995:12) wys daarop dat hierdie geestelike sensitiwiteit gekweek en bevorder word deur die bestudering van die Woord en gebed.

3.8.4 Spiritualiteit en die Heilige Gees

Volgens Paulus word Christene as gevolg van hul wedergeboorte gelei deur die Gees (Rom. 8:14) en lewe hulle deur die Gees (Gal. 5:25). Binne die konteks van spiritualiteit word hier dus geensins na die gees van die mens nie, maar na die Heilige Gees verwys. Volgens Fee (2001:342) vereis die interpretasie van Pauliniese tekste die volgende met betrekking tot die Heilige Gees:

- Dat Paulus die Gees in baie persoonlike terme verstaan het en nie slegs gesien het as 'n verlenging van God of God se krag nie.
- Dat hy die Gees ook verstaan het as die Gees van Christus sowel as die Gees van God die Vader, maar duidelik onderskeibaar van Christus.
- Dat hy die Gees in terme van God Drie-enig verstaan as die teenwoordigheid van God en dus ook as die teenwoordigheid van die opgestane Jesus.

Alhoewel Paulus nie direk verwys na die Gees se "persoonlike aard" nie, is dit duidelik, [that] *he understood the Spirit in personal terms, intimately associated with God, yet distinct from him* (Fee, 2001:343).

Lotter (2005:489) verwys na drie belangrike fasette van die werk van die Heilige Gees, naamlik:

- Die Heilige Gees pas dit alreeds toe in die gelowige se lewe, wat in Christus reeds verwerf is en wat deel is van heiligmaking.
- Christus as die gesalfde, Salf (metafoor vir Heilige Gees) self die gelowiges om hulle toe te rus vir hulle taak en om geestelike kennis te bring.
- Die Heilige Gees oortuig gelowiges van God se eienaarskap in hulle lewe en word beseël as God se eiendom. Die Heilige Gees is ook die waarborg dat daar vir die gelowige 'n ewige verlossing wag (Ef. 1:13-14).

In die onderstaande tabel gee Adams (1979:233) 'n lys van Bybelse begrippe wat met spiritualiteit verband hou. Hy dui ook aan of dit 'n proses is, die werk van God en of dit die mens is wat deur God in staat gestel word om dit te doen.

DIE PROSES VAN HEILIGMAKING

LEERSTELLING	DAAD	PROSES	GOD SE WERK	MENS DEUR GOD
Wedergeboorte	*		*	
Bekering	*			*
Regverdigmaking	*		*	
Heiligmaking		*		*
Heerlikheid	*		*	

Tabel 5

Bogenoemde maak deel uit van die heilsorde wat die heiligmakingsproses beskryf en die pad is wat elke gelowige persoon in Christus behoort te stap. Dit blyk dus uit bogenoemde tabel dat spiritualiteit 'n proses is wat begin as 'n respons (Pfatteicher, 1997:3-4) op God se liefde vir en soeke na intimiteit met die mens (Gen. 3:9) wat met die sondeval verlore geraak het.

3.8.5 Fasette van geloofsgroei

- Wedergeboorte: Volgens Erickson (2005:274) verkeer die mens in 'n gevalle toestand en het hy 'n onvermoë om die waarheid van geestelike dinge te snap sonder die werking van die Heilige Gees. In Matteus 13:13-15 en Markus 8:10

praat Jesus oor dié wat hoor, maar nie verstaan nie, sien maar nie *insien* nie (eie parafrase).

Erickson (2005:274) beredeneer die funksie van die Heilige Gees in die lewe van die ongelowige persoon vanuit verskillende gesigspunte. Hy verwys na 1 Korintheërs 2:14 en na die *natuurlike* persoon wat nie die dinge van die Gees kan aanvaar (*dechomai*) nie. Die wêreld kan God nie leer ken deur sy eie wysheid nie en inderdaad is die wysheid van die wêreld dwaasheid by God (1 Kor. 3:19). Bogenoemde oorwegings bring Erickson (2005:274) by die volgende gevolgtrekking:

...it appears that Paul is not saying that unspiritual persons understand but do not accept. Rather, they do not accept, at least in part, because they do not understand.

Volgens die Skrif is die wedergeboorte absoluut noodsaaklik (Joh. 3:3,7; Gal. 6:15; Tit. 3:5) en verwys dit volgens Strauss na die woord *palinnesia*, afkomstig van *palin* ("again") en *genesis* ("birth") en verwys dit na **wedergeboorte**, 'n nuwe begin, 'n nuwe orde (vgl. Campbell-Lane, 2003:38).

- Bkering: Volgens David Wells [is] ... *Christianity without conversion no longer Christian, because conversion means turning to God* (vgl. Atkinson & Field, 1995:26).

Paulus het die Tessalonisense aangemoedig om van afgodery weg te draai na die lewende God en die heidene aangemoedig om van die mag van die duisternis te draai na die lig (1 Tess. 1:9) sodat vergifnis van sonde ontvang kan word en heiligmaking deur die geloof kan plaasvind (Hand. 26:18) (Atkinson & Field, 1995:260).

- Regverdigmaking (*justification*): Vryspraak deur geloof – in Romeine 3:24-25(a) gebruik Paulus vir die eerste keer die werkwoord *vrygespreek* in 'n positiewe konteks met die doel om die leerstelling *vryspraak deur geloof* te verduidelik. Vryspraak staan direk teenoor oordeel (Hendriksen, 1980:130). Volgens Chan (1998:85) is regverdigmaking die daad van God waardeur Hy die sondaarmens regverdig verklaar deur die vryspraak in Jesus Christus. Beide Calvyn en Luther

beklemtoon volgens Chan (1998:85) die regverdigmaking deur die geloof op die volgende wyse:

For unless you first of all grasp what your relationship to God is, and the nature of his judgement concerning you, you have neither a foundation on which to establish your salvation nor one on which to build piety toward God.

Hierdie regverdigmaking deur die geloof is 'n bewys van die eindelose genade van 'n regverdige God teenoor die sondaarmens.

- Heiligmaking: Adams (1979:234) wys daarop dat die wedergebore Christen nie noodwendig in die proses van heiligmaking ingly en 'n passiewe toeskouer is nie, maar dat dit 'n proses behels en wat nog meer betekenisvol is, is dat dit 'n proses is waar God nie alleen die werk doen nie, maar die nuwe gelowige nodig het om deur ander onderrig te word in die heiligmakingsproses en om aktief daarby betrokke te wees.

Campbell-Lane (2003:40) verwys na 'n artikel van Spurgeon waarin hy die onderskeid tussen regverdigmaking en heiligmaking tref. Regverdigmaking verwys na die persoon se regsposisie voor God en heiligmaking verwys na die persoon se fisiese stand voor God, in die sin dat dit 'n voortdurende proses van genade is wat deur die werking van God se Gees in die hart van die gelowige plaasvind. Vir Erickson (2005:890) dui heiligmaking op die voortdurende proses van transformasie in die morele en geestelike karakter van die gelowige, sodat sy lewe dié lewe weerspieël wat hy in wese alreeds voor God is. Samevattend kan gesê word dat heiligmaking die proses van geestelike groei na geestelike volwassenheid is.

- Heerlikheid: Volgens Hendriksen (1980:285) deel die gelowiges in die heerlikheid van Christus deur die intieme eenheid met hom (Kol. 1:27). Die kinders van God sal getransformeerde liggame by die opstanding ontvang (Rom. 8:11, 23; 1 Kor. 15:43-53; Fil. 3:21; I Joh. 3:2), maar gelowiges se hoop is op die toekomstige heerlikheid (Rom. 5:2). In Romeine 8:30 word hierdie heerlikheid beskryf asof dit reeds gebeur het en beskryf hierdie sekerheid die vaste wete dat 'n toekomstige heerlikheid vir die gelowige wag (Hendriksen, 1980:285).

Volgens 1 Petru5:4 is Christus die Opperherder wat by sy wederkoms sy getroue volgelinge sal beloon met 'n kroon, wat die metaforiese beeld is van heerlikheid wat ewig en onveranderd sal wees (LASB). Solank as wat die gelowige mens op hierdie onvolmaakte aarde bestaan, sal ons net ten dele ken *...the perfection of wisdom, glory, and happiness, being reserved for another and better world* (Chan, 1998:98).

Paulus praat van die oë van die hart wat verlig word (*pephotismenous*) wat beteken dat iets met 'n blywende effek plaasvind wanneer die geestesoë van die gelowige verlig word (Ef. 1:18). Die Heilige Gees word volgens Erickson (2005:275) beskou as die hoofrolspeler in die vernuwingsproses wat by die wedergeboorte begin en as 'n groeiproses in heiligmaking voortduur (2 Kor. 3:14) tot die voleinding kom (Fil. 1:6, 10-11). Al die begrippe wat genoem word in figuur. 3.2 is die werk van die Gees van God in die lewe van die innerlike mens. Ridderbos (1997:222) verwys na die Gees van die lewende God (2 Kor. 3:3) as dié Gees wat lewend maak, wat ewige lewe gee (1 Kor. 15:45; 2 Kor. 3:6; Rom. 8:11) en as die Gees wat vernuwe (*regenerate*) (Tit. 3:5; Rom. 7:6). Ridderbos (1997:223) beskryf die liefde van God deur die werking van die Heilige Gees in mense se harte op die volgende treffende wyse:

By the mediation of the Spirit the love of God that has been evidenced in the dying of Christ works itself out in the hearts of his own (Rom. 5:5; Ef. 3:16).

3.8.6 Geloofsvolwassenheid

Louw (1997:224) gee voorkeur aan die term *geloofsvolwassenheid* bo dié van geestelike volwassenheid, in die sin dat eersgenoemde die nuwe pneumatiese mens baie goed beskryf. Binne die veld van die psigologie en die teologie kan die term *geestelik* maklik met die metafisiese of die mistiese verwar word. In teenstelling met die psigologie sal die begrip geloofsvolwassenheid die eiesoortigheid van die pastorale doelwit beter uitlig (Louw, 1997:225), daarom word voorkeur ook in hierdie studie aan die gebruik van die term geloofsvolwassenheid gegee.

Die begrip *volwassenheid* verwys volgens die Skrif na 'n staat van volgroei en geloofsvolwassenheid impliseer dat daar 'n element van potensiaal is wat deur groei plaasvind (Kol. 1:28). Die Bybel verwys op verskeie plekke na die term geloofsvolwassenheid (*maturity*) – te wete Filippense 3:15; Kolossense 1:28; Kolossense 4:12; 1 Korintheërs 14:20; Efesiërs 4:13; 2 Korintheërs 13:9 en 11. Volgens hierdie Skrifgedeeltes verwys geloofsvolwassenheid na volwasse wees in houding/gesindheid (Fil. 3:15; Kol. 3:15b) en ook in denke (1 Kor. 14:20). Dit impliseer 'n volkome gehoorsaamheid aan die wil van God (Kol. 4:12) en die geloofsvolwasse persoon beskik oor insig (Heb. 5:14) en is geoefen deur ervaring (Heb. 5:14) om goed van kwaad te onderskei. Vir Atkins en Field (1995:577) is 1 Korintheërs 13 die sleutelteks en die liefde die toppunt van menslike volwassenheid, terwyl Efesiërs 4:1-16 na geloofsvolwassenheid binne die Christelike gemeenskap verwys. In beide gevalle is die liefde die kernpunt waarom volwassenheid draai. In 1 Korintheërs 13 is dit die liefde vir God en in Efesiërs 4:1-16 is dit die liefde vir die medegelowige in Christus.

3.8.7 Die geestelike dissiplines

3.8.7.1 Inleiding

In die voorafgaande gedeeltes (3.9.1-3.9.6) is spiritualiteit bespreek na aanleiding van die werking van **God** in die lewe van die mens. Hierdie bespreking sou onvolledig wees indien daar nie ook na die **mens** se verantwoordelikheid ten opsigte van sy eie spirituele groei verwys word nie. Die hele doel van die beoefening van die geestelike dissiplines is om toe te neem in 'n toegewyde lewe aan God (1 Tim. 4:7). Die Griekse woord vir dissipline soos wat dit in die *New American Standard Bible* gevind word, is *gymnasia* wat van die Engelse woord *gymnasium* of *gymnastics* afgelei word en beteken om jouself te oefen. Om die rede kan daar aan die geestelike dissiplines gedink word as geestelike oefening (Whitney, 1991:15).

Foster (1989:xi) deel die geestelike dissiplines in drie kategorieë, naamlik:

- Die innerlike dissiplines – **meditasie, gebed, vas en studie**
- Die uiterlike dissiplines – simplistisiteit, stilte, **onderwerping** en **diensbaarheid**

- Die korporatiewe dissiplines – **belydenis, aanbidding**, begeleiding en feesviering.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die geestelike dissiplines nie in diepte beskryf nie vanweë beperkte ruimte, maar word daar gefokus op die lokvalle in die beoefening daarvan vir die mede-afhanklike, gelowige vrou.

3.8.7.2 Die geestelike dissiplines en mede-afhanklikheid

In die postmoderne tydperk word die mens se lewenstyl gekenmerk deur 'n gejaagde lewe, geraas en die massas. Dit is alles elemente wat spirituele groei strem. Vir die mede-afhanklike gelowige vrou is **ooraktiwiteit** en **besig wees** deel van haar leefwyse wat ontstaan het as gevolg van pogings om orde uit die chaos van die verslawende verhoudings en omgewings waarin sy haar bevind het, te skep en om deur daad erkenning van ander te kry.

Foster (1989:11-13) meld verskeie slaggate waarvoor versigtigheid aan die dag gelê moet word by die beoefening van die geestelike dissiplines. Die volgende genoemde slaggate hou 'n wesenlike gevaar vir die mede-afhanklikheid vrou in, omdat sy reeds worstel met aanvaarding deur ander en ingestel is om deur prestasie ander se goedkeuring te kry.

- Moenie die dissiplines in 'n wet verander nie. Wettisisme en dissipline is nie sinoniem met mekaar nie. Foster (1989:11) sê: *There is nothing like legalism to choke the heart and soul out of walking with God.*

Mede-afhanklike gelowige vroue neig tot **wettisisme** in hul geloofslawe omdat dit sekuriteit meebring. **Rigiede reëls** bring groter sekuriteit as geloof in God. Dit gee hulle beheer en laat hulle veilig voel, soos Hemfeldt *et al.* (2002:140) dit beskryf:

In a dysfunctional home, control is the name of the game, perhaps a perfectionistic, critical legalistic, domineering parent created a climate of over control ... Many factors feed into the addiction/obsession/compulsion cycle. Control is a major one.

- 'n Tweede slagat is om die dissiplines op sigself as deugsaam te beskou. Dit bring nie regverdigheid of herstel nie en het op sigself geen waarde nie. Volgens Foster (1989:11) kon die Fariseërs dit nie insien nie en het hulle punte by God probeer verdien met hul vroomheid en beoefening van geestelike aktiwiteite (Luk. 6:1-2). Die mede-afhanklike vrou doen dit vandag nog steeds.
- 'n Volgende punt wat die gelowige kan laat vasval, is om op die geestelike dissiplines eerder as op God te fokus. Sonder die fokus op God en die belewenis van sy teenwoordigheid, is geestelike groei nie moontlik nie. Die mede-afhanklike vrou kan juis in hierdie slagat trap, omdat sy voortdurend na erkenning en aanvaarding soek. Die beoefening van die geestelike dissiplines sonder 'n belewenis van God versterk haar beeld as goeie Christen in die oë van die geloofsgemeenskap waarin sy beweeg. In der waarheid versterk dit die **vals self** wat sy onbewustelik voorhou. Groom (1991:19) sê: *They may fear losing their 'witness to the world' not realizing the world needs to see honest strugglers not pious pretenders.* Die gevaar bestaan om die opinies van mense meer te vrees as God (Joh. 12:42-43).
- 'n Laaste slagat in die beoefening van die geestelike dissiplines is om in die versoeking te kom om die dissiplines te bestudeer, sonder om dit te beleef. Die belewenis van God deur die geestelike dissiplines affekteer ons diepste menswees. *Prayerfully, slowly, perhaps with many fears and questions, we need to move into this adventurous life of the Spirit* (Foster, 1989:12).

Smit gebruik die volgende beeld om die voorafgaande te verklaar: Godsdienstige mense is meestal meelewende kerkmense (vgl. Moore, 2004:210). Hul godsdienstige oortuigings vind uiting in die daaglikse praktyk van die lewe. Godsdienst is die uiterlike kled wat die Christendom aantrek. Net soos wat kleredrag modegebonde is, is godsdienst ook. Die manier van Christenwees en godsdienstbeoefening verander met die verloop van tyd wat vorm en styl aanbetref. Die vroeë Christelike kerk, die kerk van die Middeleeue en die hedendaagse kerk dra nie dieselfde "klere" nie. As die klere nie meer die liggaam komplementeer nie, het dit onfatsoenlik geraak. Godsdienst kan ook onfatsoenlik raak as dit verskraal word tot uitgediende sentimentaliteit of 'n nuwerwetse modegier. Die vraag ontstaan of godsdienstbeoefening nog 'n dieptedimensie besit en of dit slegs om uiterlike vertoon gaan soos met die dra van

spogklere. Ware en egte godsdiens vertoon werkersklere - werke van liefde vir God en omgee vir mekaar as daadwerklike aksies.

Wat kan dan as 'n **egte** en **ware** lewe voor die aangesig van God beskou word? Volgens Tertullianus roep die Woord van God die mens terug van selfgesentreerdheid en van die illusie van sekuriteit wat hy om homself gebou het (vgl. Erickson, 2005:911). Dit beteken om die desperate soeke na sekuriteite buite God te vervang met onvoorwaardelike **vertroue** en **geloof** in God. Dit roep die mens tot God wat verhewe is bo die wêreld en wetenskaplike denke. Hiermee saam sê Erickson (2005:911): *it calls man to his true self*.

3.8.8 Spiritualiteit vandag

3.8.8.1 Strominge in hedendaagse spiritualiteit

Vorster (1992:11) verwys na drie strominge by die beskrywing van hedendaagse spiritualiteit:

- Die **piëtisme** oorbeklemtoon die verhouding van die gelowige tot God, die ervaring van die werk van die Heilige Gees en die **emosionele beleving** van die betrokke persoon/persone.
- Die **subjektivisme** gaan van die standpunt uit dat mense die Bybel vanuit verskillende ervaringswêreldes en kontekste kan toepas. Vir hierdie groep lê die verstaan van die Bybel in die ervaring van die mens se beleving as waar of vals.
- 'n Derde stroming is die moderne godsdienstige **sinkretisme** wat van die standpunt uitgaan dat **alle** godsdienste 'n ervaring van dieselfde God is. Die beeld wat gebruik word, is dat God op 'n berg is en daar is baie paaie om by Hom uit te kom. Volgens Vorster (1992:12) moet hierdie vorm van spiritualiteit met hand en tand beveg word, omdat die Christelike godsdiens geen vorm van sinkretisme ken nie en die Drie-enige God nie met ander gode gelykgestel kan word nie.

3.8.8.2 Christelike/Bybelse wêreldbeskouing of nie?

Vir Barna (2003:19) is 'n wêreldbeskouing die produk van alle inligting, idees en ondervindings wat die mens absorbeer om die morele waardes en geloofstelsels

waarvolgens hulle leef, te vorm. Die Barna-instituut se navorsing oor wedergebore Christene se wêreldbeskouing het tot die volgende skokkende bevindings gekom (Barna, 2003:20):

- Ses uit tien gelowiges **volg spesifieke beginsels of standaarde** waarop hulle hul gedrag baseer (nie die Bybel nie).
- Twee uit tien doen wat hulle **voel** reg is.
- Een uit tien doen wat hulle glo **ander gelukkig sal maak en die meeste konflik met ander sal vermy**. (Hulle is volgens die navorser se mening moontlik die mede-afhanklikes.)
- Een uit tien skoei hul morele gedrag op die basis van wat hulle dink **vir hulself die beste voordeel inhou**.

Bogenoemde resultate is 'n aanduiding dat Christene nie noodwendig hul geloof op Bybelse waarhede bou nie en daarom is dit 'n aspek wat deeglik verreken moet word in die praktykteorie (vgl. 5.2.1.3).

Volgens Horn (2007:133) was die era van die modernisme ingestel op materialisme en is Christelike standpunte as onwaar beskou en verwerp. Vandag, in die post-moderne tydperk, blyk dit egter dat daar meer religie in die wêreld bestaan as ooit tevore en word alle subjektiewe beskouings van waarheid as waar aanvaar: *Thus modern religious scepticism was transformed into a postmodern credulity where anything can be believed* (Horn, 2007:134).

Die evolusionisme en die ontkenning van objektiewe religieuse waarheid soos wat dit vandag in ons samelewing verkondig word, gee volgens Horn (2007:133) aanleiding tot 'n wêreldbeskouing wat wesentlik postmodernisties is en onderliggend is aan 'n toenemende belangstelling in onbybelse geestelike idees en praktyke. Die aard van hierdie wêreldbeskouing is vergeestelike naturalisme, oftewel panteïsme, waar die kosmos as goddelik beskou word. Die onderwerpe wat deur hierdie wêreldbeskouing ondersteun word, is astrologie, gedagtebeheer, kontak met geeste en/of die dooies, mistiese geestelike praktyke en alternatiewe holistiese gesondheidspraktyke wat sogenaamd die liggaam, siel en gees positief beïnvloed (Horn, 2007:134).

Al bogenoemde praktyke geskied in die naam van spiritualiteit en moet as waarskuwing vir pastorale beraders dien om voorbereid te wees op probleme wat as

gevolg van hierdie wêreldbeskouing na vore mag kom en waarvan die navorser in die empiriese ondersoek (4.6.1) verder moes kennis van neem.

Hierdie groeiende beklemtoning van spiritualiteit vereis dat Christelike spiritualiteit 'n duidelike raamwerk daarstel waarbinne berading geskied (vgl. 5.2.3).

3.8.8.3 Die berader se spiritualiteit

Die Christelike berader is net soos die beradene in die proses van geestelike groei en ontwikkeling en help ander ook om geestelik te groei. Volgens Collins (2001:234) behels hierdie spirituele groei om 'n Christus-gesentreerde wêreldbeskouing en oriëntering ten opsigte van God, die natuur, die gemeenskap en teenoor die self te hê. Dit behels twee fasette, naamlik om meer soos Christus te word en om Christelike konsepte al hoe meer deel van die daaglikse bestaan van die berader te laat word. McMinn stel voor dat Christelike beraders vir elke kontemporêre of Christelik populêre boek wat hulle lees, hulle een bladsy van die klassieke geestelike werke en een hoofstuk van die Skrif moet lees (vgl. Anderson *et al.*, 2000:169). Dit is die pastorale berader se plig om op hoogte te kom van ander wêreldbeskouings, soos byvoorbeeld die humanisme of die New Age, maar om die Bybel as die enigste gesaghebbende bron te erken vir 'n Bybels-Christelike wêreldbeskouing.

Spiritueel volwasse beraders kan beradenes meer doeltreffend begelei tot emosionele en spirituele groei, maar die berader moet volle waardering hê vir sy eie groei-pyne en persoonlike worsteling met sonde. Anderson *et al.* (2000:165) stel dit op die volgende treffende wyse:

The therapist who sits in the counsellor's chair is by no means a perfect human being. He or she is also in the process of being conformed to the image of God. The therapist and the client bring into the office scars of original sin.

Die pastorale berader behoort die geestelike dissiplines toe te pas ten einde die eie spirituele groei-proses te bevorder en 'n intieme, persoonlike verhouding met God te verseker. Die innerlike dissiplines soos gebed, meditasie, vas en Bybelstudie, sowel as die uiterlike geestelike dissiplines soos afsondering, onderwerping, diensbaarheid

en die korporatiewe dissiplines soos belydenis, aanbidding en feesviering (*celebration*) moet beoefen word om spirituele groei by die berader te verseker.

3.9 GEVOLGTREKKING VAN HOOFSTUK 3

Mede-afhanklikheid is nie 'n begrip wat in die Bybel voorkom nie, maar soos uiteengesit in hierdie hoofstuk, dui dit op 'n toestand wat voortspruit uit 'n sondige onafhanklikheid van God. Die gevolg hiervan is dat ongeloof aanleiding gee dat mense meer gevrees word as God.

God het die mens geskape as 'n verhoudingswese wat aanvanklik in volkome harmonieuse verhoudings gelewe het. Die sondeval het hierdie volmaakte verhoudings kom versteur en veroorsaak dat mense slawe van sondige gedragspatrone, byvoorbeeld 'n oordrewe bewus wees van hulself, ander mense of middels geword het.

Vroue in die Bybel speel 'n belangrike rol in die vestiging van hul kinders se spiritualiteit. As gevolg van verskeie faktore wat gewoonlik uit disfunksionele ouerhuise voortspruit byvoorbeeld gebrekkige selfwaarde, onvermoë om grense te stel, die vrees vir mense, ooraafhanklikheid van ander eerder as 'n volkome afhanklikheid aan God en ook die verwronge Godsbegrip, kan mede-afhanklike gedragspatrone ontwikkel wat oor geslagte heen oorgedra kan word.

Die mens as eenheidswese is bespreek wat verduidelik waarom emosionele, sielkundige en fisiese probleme verband hou met en 'n invloed uitoefen op die spiritualiteit van die vrou.

Sara en ander vroue uit haar nageslag is voorbeelde van hierdie negatiewe verhoudingspatrone. Jesus Christus, die enigste Verlosser, is egter God se antwoord op al die probleme, verwonding en sonde van die mens. In en deur Hom alleen is daar verlossing, redding en geestelike groei moontlik.

Aangesien baie emosionele pyn uit die disfunksionele gesin voortkom wat verband hou met die verwronge Godsbegrip en mede-afhanklike vroue hulle geestelike belewenisse aan hierdie verwronge Godskonsep koppel, is die vorming van 'n gesonde Godsbegrip van wesenlike belang betreffende die genesing van 'n vrou wat

mede-afhanklike gedragspatrone openbaar. 'n Diagrammatiese voorstelling is gedoen om die interaksie tussen mede-afhanklikheid en spiritualiteit aan te dui.

Vanuit bogenoemde agtergrond, kon spiritualiteit breedvoerig bespreek word en is daar ook spesifiek verwys na die slaggate waarin die mede-afhanklike vrou gewoonlik vasval in die ritme van haar daaglikse handel en wandel voor God.

God is betrokke by die mens se alledaagse lewe. Ons hoef nie bekommerd te wees dat die intriges van mense die wêreldgeskiedenis beheer nie. God is in beheer en Hy gebruik die alledaagse lewe van elke mens, die belangrike en onbelangrike persone om sy wil en plan uit te voer.

Waar daar in hierdie hoofstuk aandag gegee is aan 'n Bybelse perspektief op mede-afhanklikheid en spiritualiteit bespreek is, word daar in hoofstuk 4 oorgegaan na die empiriese navorsing en die uiteensetting van die navorsingsresultate.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE METODOLOGIE OOR DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE BY GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS

4.1 INLEIDING TOT NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

Die navorser se belangstelling in die verskynsel van mede-afhanklikheid is die afgelope vyf jaar geprikkel deurdat dit in die praktyk voorgekom het asof alle aspekte van die verhoudingslewe van mede-afhanklikes waarskynlik deur dié fenomeen negatief geraak word. Hierdie navorsing beoog om die uitwerking van mede-afhanklike gedragspatrone by vroue te ondersoek en veral te bepaal wat die invloed van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue is. Daar is reeds in hoofstuk 2 ondersoek ingestel na die perspektiewe van die toepaslike hulpwetenskappe met betrekking tot mede-afhanklikheid en in hoofstuk 3 is daar basisteoreties besin oor die wesenskenmerke van mede-afhanklikheid vanuit 'n Bybelse perspektief.

Hierdie hoofstuk sal oor twee afdelings strek ten einde 'n uitgebreide uiteensetting te gee van die navorsingsontwerp en -metode (afdeling A) en die empiriese ondersoek en navorsingsresultate (afdeling B) van hierdie studie. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n beskrywing te gee van die algehele ondersoekproses wat gebruik is om die fenomeen van mede-afhanklikheid by die gelowige vrou te ondersoek, veral met betrekking tot die spiritualiteitsdimensie, sodat riglyne daargestel kan word waarvolgens pastorale berading kan geskied.

Die pastorale studie word gedoen volgens die basiese struktuur van Zerfass se handelingswetenskaplike model (De Wet, 2006:59-84). Laasgenoemde outeur wys daarop dat die teologiese kwaliteit van Praktiese Teologie (so) beskerm moet word in die gereformeerde benadering, dat daar in die **teorievorming** gefokus word op 'n **Skrifgebonde basisteorie** wat **hermeneuties** gerig word op die konkrete **situasie** (metateorie) en **normatief** gerig word op die **vernuwing** en **voleindiging** van die **handelingspraksis** (die praktykteorie) (De Wet, 2006:84).

AFDELING A

4.2 NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

In hierdie studie word 'n verkennende **fenomenologiese** ondersoek gedoen aan die hand van 'n enkele **gevallestudie** en word die **kwalitatiewe navorsingsmetode** gebruik.

4.2.1 Fenomenologiese ondersoek

Die hoofsaak van die fenomenologiese navorser is volgens De Vos *et al.* (2002:273) om die betekenis wat die deelnemer aan sy leefwêreld gee, te verstaan en te interpreteer. Die navorser moet dus as't ware in die skoene van die deelnemer kan staan om sy beleweniswêreld te betree. Volgens Cohen en Daniels behels die taak van die navorser nie net interpretasie van die verskynsel nie, maar ook 'n akkurate beskrywing van die bevindings (vgl. Moore, 2004:350).

Stanford (vgl. Moore 2004:16) konstateer:


[dat] fenomenologie die letterlike bestudering van 'n persoon is, wat poog om sy eie ervarings van die werklikheid en die fenomeen wat bestudeer word op 'n interpretatiewe manier weer te gee.

Volgens Rubin en Babbie het die fenomenologie 'n baie duidelike stempel op die kwalitatiewe navorsingsmetode afgedruk en is die invloed so groot dat die literatuur oor die kwalitatiewe metodologie grootliks na die fenomenologiese benaderings verwys en dat die kwalitatiewe benadering dikwels as sinoniem met die fenomenologie gebruik word. Die verbintenis met die fenomenologie is juis omdat laasgenoemde op die mens se ervaring van die werklikheid gerig is (vgl. Karsten, 2007:166).

Creswell verwys daarna dat die navorser by 'n verkennende, fenomenologiese ondersoek die veld ingaan met 'n duidelike gedefinieerde raamwerk **wat** bestudeer moet word en **hoe** daar in die navorsingsproses te werk gegaan moet word (vgl. De Vos *et al.*, 2005:264). Husserl, wat as die vader van die fenomenologie beskou word, verwys na enkele belangrike kernpunte van 'n fenomenologiese studie (vgl. Creswell, 1998: 52):

Navorsers soek na essensiële, konstante strukture of na die sentraal onderliggende **betekenis** van die **ervaring** en beklemtoon die **bedoeling van die bewustelike**, waar die ondervindinge beide die uiterlike voorkoms sowel as die innerlike bewustelike bevat wat op **geheue, beelde en betekenis** gegrond is. By fenomenologiese data-analise beweeg die proses deur die metode van vermindering, die analisering van spesifieke stellings en temas en 'n soeke na alle moontlike betekenis. Die navorser maak van hakering (*bracketing*) gebruik, waar alle vooropgestelde idees en eie ondervindinge opsy gesit word en waar die navorser op **aanvoeling, verbeelding en universele strukture konsentreer** om 'n volledige prentjie van die ervarings van die deelnemer te vorm (vgl. Creswell, 1998: 52).

Die wyse waarop die ondersoekproses in hierdie studie waargeneem word, word deur 'n eie voorstelling van die navorser diagrammaties soos volg hieronder uiteengesit. Die navorser wys daarop dat die aanvanklike motivering vir hierdie studie primêr oor die fenomeen van mede-afhanklikheid gehandel het, vandaar die invalshoek soos in figuur 4.1 uiteengesit.



Figuur 4.1: Die ondersoekproses

Elke prosedure soos in die bostaande diagram word vervolgens kortliks bespreek.

4.2.2 Die literatuurstudie

Hierdie navorsing is begin met 'n uitgebreide literatuurstudie oor mede-afhanklikheid. Volgens Creswell (vgl. Moore, 2004:15) het 'n literatuurstudie vier belangrike oogmerke, naamlik:

- 'n Aanduiding dat bestaande en relevante literatuur bemeester is.

- Die identifisering van ooreenkomste en verskille tussen vorige navorsing en dié besondere ondersoek.
- Die bydrae wat die bepaalde ondersoek tot die bestaande kennisbasis lewer.
- Die ondersteuning en verryking van 'n konseptuele raamwerk vir 'n beplande ondersoek.

Met hierdie oogmerke ten doel word die volgende temas in hierdie studie deur middel van die literatuurstudie verken en beskryf:

- Die fenomeen van mede-afhanklikheid. Literatuur uit die aanverwante vakdissiplines (hoofstuk 2) byvoorbeeld Maatskaplike Werk, Sielkunde, Sosiologie en Psigiatryse Verpleegkunde is bestudeer; asook Bybelse perspektiewe oor disfunksionele gedragspatrone wat tot mede-afhanklikheid (hoofstuk 3) aanleiding gee.
- Bowen se gesinsisteemteorie as konseptuele raamwerk vir mede-afhanklikheid (hoofstuk 2) word gebruik.
- Die benutting van die genogram tydens gesin-van-oorsprong-werk (hoofstuk 2).
- Die fenomenologiese, kwalitatiewe gevallestudie as navorsingsmetode (hoofstuk 4).

Die uiteensetting van die navorsingsverslag word deurlopend aangebied deur die interpretasie van mede-afhanklikheid as 'n **intergeneratiewe** probleem. Voorts word die implikasie van die data-analise en interpretasie vir die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou met betrekking tot die verskynsel van mede-afhanklikheid deurlopend tydens die literatuurstudie en die empiriese ondersoek voor oë gehou.

4.2.3 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is gedoen volgens die breë riglyne van die navorsingsetiek van die Noordwes-Universiteit, gevind op die web: ([http://www.nwu.ac.za/research/-supportservices/Handnagraads-Januarie 2007.pdf](http://www.nwu.ac.za/research/-supportservices/Handnagraads-Januarie%202007.pdf)). Beide die navorser en die deelnemer het 'n vertroulikheidsvorm onderteken wat die deelnemer se identiteit en persoonlike inligting beskerm. Dit is ook deur twee getuies onderteken. Die empiriese studie is kwalitatief van aard en daar word van 'n **enkele gevallestudie** gebruik gemaak (Leedy & Ormrod, 2001:149; Creswell (vgl. De Vos *et al.*, 2002:275).

Die volgende redes dien as motivering vir 'n enkele gevallestudie:

- Mede-afhanklikheid is 'n komplekse probleem wat **intergeneratief** voorkom en dus as sodanig bestudeer behoort te word.
- Die fenomeen is **in diepte ondersoek vanuit die kerngesin**, sowel as die gesin-van-oorsprong, dit wil sê oor drie generasies heen.
- Mede-afhanklikheid is in hierdie navorsing op **sistemiese vlak**, sowel as binne die konteks van die handelingsteoretiese vlak bestudeer (vgl. 2.1), wat beteken dat die data ryk en gedetailleerd van aard is.
- Ter wille van **triangulering** is daar ook op 'n tweede persoon (suster) van die deelnemer gefokus om binne dieselfde generasie die feitelike gegewens sowel as die individuele belewenisse en die graad van mede-afhanklikheid binne een gesin te ondersoek om daardeur die geldigheid van die navorsing te versterk.
- Wat verder tot die omvangrykheid van die ondersoek bygedra het, is die feit dat hierdie studie oor 'n **hele aantal maande** plaasgevind het. Die data is deur middel van veldnotas, 'n dagboek, geskrewe huiswerk en 'n aantal semi-gestruktureerde onderhoude, sowel as ongestruktureerde gesprekke wat op band opgeneem is, ingesamel.

4.2.4 Kwalitatiewe navorsingsmetode

'n Diepte-ondersoek van die fenomeen *mede-afhanklikheid* is gedoen volgens 'n **literatuurstudie** en 'n **empiriese ondersoek**, waar daar spesifiek gefokus is op die impak van mede-afhanklikheid en die **beleweniswêreld** van die mede-afhanklike gelowige vrou se spiritualiteitsdimensie. Kwalitatiewe navorsing bied die geleentheid om by die oorspronklike aard en die *egtheid van menslike ervaring* van mede-afhanklikheid uit te kom en kan dus beskou word as 'n geskikte navorsingsmetode om dié verskynsel te bestudeer (De Vos *et al.*, 2005:74).

Vervolgens word die omskrywing, die doelwitte, die navorsingsproses en enkele ander belangrike aspekte by kwalitatiewe navorsing uiteengesit.

4.2.4.1 Omskrywing van kwalitatiewe navorsing

Volgens Denzin en Lincoln beklemtoon kwalitatiewe navorsing die kwaliteite, prosesse en betekenismoontlikhede en die sosiaal gekonstrueerde aard van die werklikheid (vgl. Steyn & Lotter, 2006:106).

Neuman (2003:141) beklemtoon die menslikheidsfaktor en die intieme eerstehandse kennis van die navorsingsopset en die feit dat navorsers moet waak teen afsydigheid teenoor die mense en insidente wat hulle bestudeer. *It means taking advantage of personal insight, feelings, and human perspectives to understand social life more fully* (Neuman, 2003:141).

Leedy en Ormrod (2001:147) wys daarop dat kwalitatiewe navorsers verskeie benaderings volg wat van mekaar kan verskil, maar tog twee elemente in gemeen het naamlik:

*First, they focus on phenomena that occur in **natural settings** – that is, in the 'real world'. And second, they involve studying those phenomena in all their **complexity**.*

Kwalitatiewe navorsers probeer om dit wat hulle waarneem nie te vereenvoudig nie. Hulle erken dat dit wat hulle bestudeer, baie dimensies en fasette het en poog om die fenomeen multidimensioneel uit te beeld. Die kwalitatiewe navorser moet diep grawe om 'n volledige begrip van die studieonderwerp te kry en so word verskeie vorme van data verkry en vanuit verskeie invalshoeke ondersoek, om 'n ryk en betekenisvolle prentjie van 'n komplekse situasie te konstrueer (Leedy & Ormrod, 2001:147).

4.2.4.2 Doelwitte van kwalitatiewe navorsing

Die kwalitatiewe navorser fokus op die deelnemers se ervaaring van die verskynsel. De Vos *et al.* (2005:75) asook Denzin en Lincoln (vgl. Karsten, 2007:168) identifiseer die volgende doelwitte van kwalitatiewe navorsers:

- om die essensiële karakter van die verskynsel te ondersoek;
- om die realiteit of werklikheid subjektief vanuit die deelnemer se perspektief te verken;

- om waarde te heg aan die deelnemer(s) se begrip, ondervinding en persepsie van die verskynsel; en
- om beskrywende data ten opsigte van die deelnemer se eie woorde of die geskrewe woord te produseer.

4.2.4.3 Die kwalitatiewe navorsingsproses

Die navorsingsproses behels verskeie stappe en fases. Teoreties word die stappe onderskei, maar in die praktyk oorvleuel dit dikwels. Die navorsingsproses is buigsaam en dit ontvou namate die ondersoekproses vorder (Neuman 2003:92).

Alhoewel daar verskille voorkom by die verskillende outeurs oor die stappe in die navorsingsproses, bestaan daar tog ooreenstemming (Leedy & Ormrod, 2001:9; Neuman, 2003:12-13). Vervolgens word De Vos *et al.* (2002:281-287) se indeling kortliks bespreek:

Fase een: Probleembepaling en keuse van die onderwerp

Die eerste stap in die navorsingsproses was 'n bewustheid wat by die navorser ontstaan het met betrekking tot mede-afhanklike gedragspatrone by vroue. Dit het die vraag laat ontstaan in hoe 'n mate gelowige vroue se verhoudings oor die algemeen deur mede-afhanklikheid nadelig geraak word.

Fase twee: Probleemformulering en navorsingsvrae

'n Algemene onderwerp soos bo genoem, is te wyd om na te vors en om dié rede het die navorser tydens die bestudering van die literatuur tot die gevolgtrekking gekom dat daar leemtes bestaan ten opsigte van die invloed van mede-afhanklikheid op die *spiritualiteit* van gelowige vroue. Hieruit kon toe 'n navorsingsprobleem en verskeie navorsingsvrae geformuleer word.

Fase drie: Ontwerp van die studie

Volgens Mouton en Marais (vgl. Karsten, 2007:179) behels hierdie fase die verfyning van die probleemformulering of navorsingsvrae ten einde geldige data oor die verskynsel in te samel. *The third step involves making decisions about the many practical details of doing the research* (Neuman, 2003:12). Die fase impliseer dus die beplanning van die wyse waarop waargeneem gaan word. De Vos *et al.* (2005:89-91) vermeld die volgende stappe in hierdie fase:

- Eerstens word 'n konseptuele raamwerk gekies waaruit die studie gerig word. Daar is besluit om 'n *intergeneratiewe* benadering te volg en om Bowen se gesinsisteemteorie as konseptuele raamwerk vir hierdie studie te benut. Die literatuurstudie (hoofstukke 2, 3 en 4) vorm 'n belangrike deel van die navorsingstudie en gee rigting aan die proses.
- Hierna word 'n navorsingsontwerp en -strategie geselekteer. Die navorser maak gebruik van 'n verkennende, kwalitatiewe, empiriese ondersoek wat aan die hand van 'n gevallestudie bestudeer word. Die fenomenologiese verkenning en die literatuurstudie word gedoen om die verband tussen die literatuurbeskouings en die ervaring in die praktyk te bepaal en te beskryf. By kwalitatiewe navorsing is die bestudering van slegs 'n enkele gevallestudie toelaatbaar. Met die selektering van deelnemers word daar dan gepoog om "ryk" en gedetailleerde inligting in te samel, om die studie in diepte te doen en gevolglik is die data meer omvangryk (Leedy & Ormrod, 2001:149; Neuman, 2003:33).

Fase vier: Data-insameling deur gekose navorsingsprosedure

Hierdie is die implementeringsfase en behels die uitvoering van die beplande steekproefneming, die data-insamelings- en data-analiseringsmetode (De Vos *et al.*, 2005:327-332). In hierdie studie sal die data deur middel van semigestruktureerde, kwalitatiewe onderhoude ingesamel word en op oudiobande bewaar word. Die ingesamelde data word volgens geïdentifiseerde temas vanuit die literatuurstudie geanaliseer.

Fase vyf: Interpretasie en data-aanbieding

Tydens die fase word die ingesamelde data georganiseer en verwerk. Die verskillende temas en patrone wat in die vorige fase geïdentifiseer is, help die navorser om die data te interpreteer deur daaraan betekenis te gee (Neuman, 2003:12). Interpretasie word vergemaklik wanneer die resultate met die literatuurstudie of konseptuele raamwerk vergelyk word (Royse 1999:35; De Vos *et al.*, 2005:334). Die ingesamelde data word teen die agtergrond van Bowen se gesinsisteemteorie en veral die genogram wat as konseptuele raamwerk dien, geïnterpreteer en geassesseer.

Die skryf van die navorsingsverslag – die navorsingsproses word afgehandel met die skryf van die navorsingsverslag en die weergee van die navorsingsresultate (afdeling B van hierdie hoofstuk).

4.2.4.4 Triangulering oor teorie

Om die geldigheid en die betroubaarheid van die navorsing te verhoog, kan van triangulering gebruik gemaak word. Dit verwys na die gebruik van veelvuldige metodes van data-insameling om sodoende die geldigheid en betroubaarheid te verhoog (De Vos *et al.*, 2005:361). Neuman (2003:137) verwys na vier wyses van triangulering waar **meting, ondersoekers, teorie** en **metode** ter sprake is. Dit word kortliks in die volgende tabel uiteengesit.

WYSE VAN TRIANGULERING

Triangulering van data-metodes	Data word op verskillende wyses ingesamel en vergelyk, bv. onderhoude, vraelyste en fokusgroepe.
Triangulering van databronne	Die reikwydte van die data word gemaksimeer ten einde die data beter te begryp, bv. benutting van persone en literatuur.
Teoretiese triangulering	Idees van diverse teorieë kan getoets word.
Triangulering van ondersoekers	Meer navorsers is in 'n studie betrokke, eerder as 'n enkele navorser.

Tabel 6

In hierdie studie is daar van meer as een wyse van triangulering gebruik gemaak deurdat verskeie inligtingsbronne gebruik word. Die studieonderwerp is vanuit verskillende hoeke en uitgangspunte nagevors en meer as een waarnemer was by die navorsing betrokke. Data is verkry uit verskeie onderhoude wat op band geneem is, die veldnotas van direkte observasies, 'n kundige, onafhanklike kodeerder en assesseringskale. Die teorie wat in literatuurstudie vervat is (hoofstukke 2, 3 en 4) sal benut word om die programbeplanning en onderhoudskedules vir die empiriese ondersoek saam te stel. Verder sal die teorie ook benut word om die tema-analise betekenisvol aan te wend by die interpretering van data. Die literatuurstudie is 'n doeltreffende kontrolemeting deurdat die bevindings van ander relevante navorsing met bevindinge uit hierdie studie vergelyk is. Onderhoude is ook met ander gesinslede van die deelnemer gevoer om die betroubaarheid en geldigheid van die data te verhoog (Neuman, 2003:137).

4.2.4.5 Seleksie van deelnemers vir kwalitatiewe navorsing

Volgens Denzin en Lincoln kies kwalitatiewe navorsers individue, groepe en situasies (*settings*) waar die spesifieke prosesse wat bestudeer word die waarskynlikste sal voorkom (vgl. Strydom & Delport, 2005:328). Verder gaan kwalitatiewe navorsers van die standpunt uit dat geen individu of groep slegs maar net 'n individu of groep is nie, maar dat elke geval teen die agtergrond van meer universele sosiale prosesse bestudeer moet word. Denzin en Lincoln stel dit soos volg: *Thus to study the particular is to study the general*. Volgens hierdie outeurs sal enige geval die eienskappe van die universele hê (vgl. De Vos *et al.* (2002:370).

Nie-waarskynlikheidstipe steekproef: Steekproeftrekking ten opsigte van 'n gevallestudie is 'n nie-waarskynlikheidstipe, doelgerig en klein, waar die navorser intensiewe kontak met die deelnemers bewerkstellig en 'n dieptestudie uitgevoer word. Neuman (2003:211) onderskei die volgende nie-waarskynlikheidsteekproewe: die gerieflikheid- of lukraakte steekproewe, kwotasteekproewe en doelgerigte steekproewe.

In hierdie studie word van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak. Dit berus op die oordeel van die navorser deurdat die navorser self die steekproef saamstel wat kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar. Doelgerigte steekproefneming is wenslik in drie situasies: (1) in gevalle wat besonderlik insiggewend is, (2) om deelnemers te werf wat moeilik bereikbaar is in 'n gespesialiseerde deel van die populasie, en (3) wanneer die navorser spesifieke gevalle identifiseer met die doel om 'n diepte-ondersoek te doen (Neuman, 2003:213).

In hierdie studie word daar van 'n enkele gevallestudie gebruik gemaak en die motivering daarvoor by 4.2.2 uiteengesit. Die navorser is in diens van 'n privaat mediese instansie en lewer 'n beradingsdiens aan die personeel, waarvan die meerderheid persone vroue is. Doelgerigte seleksie het plaasgevind vanweë die beskikbaarheid en toeganklikheid van die deelnemer. Die kompleksiteit van die probleem by die geselekteerde deelnemer het vroeg reeds in die beradingsessies na vore gekom toe afhanklike en mede-afhanklike gedragpatrone oor meer as twee generasies te bespeur was. Hierdie geval het dus voldoen aan die bostaande vereistes vir doelgerigte seleksie van 'n steekproef.

Die volgende redes vir die geskiktheid van die deelnemer het gegeld:

- Sy was bereidwillig, betroubaar en beskikbaar vir die tydsduur van die navorsing, naamlik enkele maande.
- Sy het 'n krisis in die kerngesin beleef waarvan die oorsprong afhanklike (verslawende) en mede-afhanklike gedrag was.
- Sy was bereid om in vorige generasies se geskiedenis te delf en kon geredelike inligting van haar voorgeslagte bekom.
- Sy het toestemming verleen dat haar 17-jarige seun betrek kon word in een of twee onderhoude en 'n suster was ook gewillig om saam te werk ten einde groter geldigheid aan die studie te verleen.
- Die deelnemer is 'n gelowige vrou wat erns maak met haar verhouding met God.

Die teikenpopulasie was getroude of ongetroude vroue wat gedurende 2007 vir berading by die navorser aangemeld en mede-afhanklike gedragspatrone openbaar het en waar afhanklikheid by die kerngesin en/of die gesin-van-oorsprong voorgekom het. Hierdie betrokke deelnemer het derhalwe presies ingepas by die beoogde navorsing en is daarom genader.

4.2.5 Die gevallestudie as navorsingsontwerp

By 'n gevallestudie word 'n spesifieke individu, program of gebeurtenis in diepte vir 'n vasgestelde tydperk bestudeer. Soms fokus die navorser op 'n enkele geval omdat dit uniek is, of omdat dit oor buitengewone kwaliteite beskik wat bevorderlik is vir die bestudering van die verkose fenomeen (Leedy & Ormrod, 2001:149). Volgens Yin *et al.* laat 'n gevallestudie die navorser toe om 'n studieonderwerp holisties waar te neem en te interpreteer (vgl. Karsten 2007:174). Die beskrywing van die **hoe, waar, wanneer** en **hoekom** vorm die kern van die gevallestudie. De Vos *et al.* (2005:275) dui dit soos volg aan:

...as Babbie (2001) points out, that case study researchers, in contrast with grounded theorists, seek to enter the field with a knowledge of the relevant literature before conducting the field research.

Die resultate of uitkomst ontwikkel vanuit die proses van die gevallestudie.

4.2.5.1 Soorte gevallestudies. Berg (2004:256) en Stake (2005:445) tref 'n onderskeid tussen die drie soorte gevallestudies:

- Intrinsieke gevallestudie: Die navorser is in 'n spesifieke en unieke geval geïnteresseerd en nie omdat die geval ander gevalle of probleme verteenwoordig nie. Die rol van die navorser is om intrinsieke aspekte van die geval te verstaan en nie om hipoteses te toets nie.
- Instrumentele gevallestudie: Die studie voorsien insig ten opsigte van 'n sosiale probleem of dien as verfyning van 'n teorie. **Die geval neem 'n sekondêre posisie in en vervul 'n ondersteunende rol.** Dit dien as agtergrond vir die navorsing wat uitgevoer word. Alles aspekte en aktiwiteite van die geval word aangeteken en **die geval word geselekteer omdat die navorser van mening is dat die geval sal meehelp om die probleem beter te verstaan.**
- Kollektiewe gevallestudie: Dit behels 'n uitgebreide studie van veelvuldige gevalle, byvoorbeeld 'n populasie. By die kollektiewe studie gaan dit om die verstaan van 'n sosiale probleem aan die hand van veelvuldige gevalle.

Dit blyk dat die **instrumentele gevallestudie** die aangewese tipe gevallestudie is om mede-afhanklikheid as fenomeen te ondersoek.

4.2.5.2 Metode by gevallestudie

By die gevallestudie versamel die navorser uitgebreide data ten opsigte van die deelnemer en hierdie data word verkry uit waarneming, onderhoude, dokumente, byvoorbeeld koerantberigte, tydskrifte, verslae uit die verlede, oudio-visuele materiaal, byvoorbeeld oudiobande en video-opnames. Die navorser spandeer baie tyd oor 'n vasgestelde periode en gereelde interaksie met deelnemers vind plaas (Leedy & Ormrod, 2001:149). In hierdie navorsing het die deelnemer gedurende Februarie 2007 vir berading aangemeld en intensiewe navorsing het oor 'n tydperk van 11 maande plaasgevind. Die navorsing kon dus op verskillende wyses oor die tydperk gekontroleer word.

4.2.5.3 Data-insamelingsmetode

Daar bestaan geen vaste resep waarvolgens data by die kwalitatiewe ondersoek ingesamel behoort te word nie. Die enigste vereiste is dat die data sistematies en in diepte oor 'n tydperk waargeneem behoort te word en dat dit so volledig moontlik

gedokumenteer word. Ongeag watter metodes gevolg word om die data in te samel, is dit tydrowend van aard en behoort die navorser alle potensieel bruikbare data noukeurig en sistematies en deeglik aan te teken. **Waarneming, dokumentêre bronne en onderhoude** word die meeste in die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik om data in te samel en word vervolgens kortliks bespreek.

- Waarneming

By kwalitatiewe navorsing word twee soorte waarneming gevind, naamlik deelnemende waarneming en nie-deelnemende waarneming. Nie-deelnemende waarneming is nie in hierdie studie van toepassing nie, omdat die deelnemers toestemming gegee het en vrywillig aan die navorsingstudie deelgeneem het.

Deelnemende waarneming – die navorser is die heeltid besig om fyn waar te neem en met aandag te luister (Neuman, 2003:380):

They use all their senses, noticing what is seen, heard, smelled, tasted, or touched. The researcher becomes an instrument that absorbs all sources of information.

Volgens De Vos *et al.* (2005:285) kom die insameling van data by deelnemende waarneming daarop neer dat die data deur middel van veldnotas aangeteken word. By kwalitatiewe navorsing is dit onmoontlik om alles wat waargeneem word, in die vorm van veldnotas weer te gee en die navorser het 'n groot taak om alles wat gesê en waargeneem is so gou as moontlik na die sessie aan te teken. Los aantekeninge en notas moet direk na die sessie omskep word in behoorlike veldnotas wat gesistematiseer word. Deur omvattende veldnotas verkry die navorser maksimum beheer oor die situasie. Hierdie veldnotas is ook noodsaaklik vir kruiskontrole en ook met die oog op die geldigheid van die data.

- Dokumentêre bronne

Volgens Goetz en Le Compte word hier verwys na data wat voortspruit uit die deelnemer se sensasies, ervarings, kennis, opinies en gevoelens van sekere tydperke of kulture (vgl. Karsten, 2007:185). Dit kan onder andere argiefstukke, dokumente, **memoires, rekordboeke**, notules, **dagboeke** en soortgelyke bronne insluit. Royse (1999:282) verwys na hierdie bronne as belangrik omdat daar 'n *insider*-beeld van die data verkry word. Die deelnemer in hierdie studie het volledige aantekeninge gehou van gebeurtenisse oor haar 17 jaar van huwelikslewe deur van verskeie dagboeke en spesiale memoires gebruik te maak. (Dit is op aanvraag beskikbaar.)

- Die onderhoud

Greef vermeld die semigestruktureerde onderhoude (vgl. De Vos *et al.*, 2005:449) en (Neuman, 2003:449) beklemtoon die belangrikheid van die lewensverhalende onderhoude. Vir hierdie navorsing is daar 'n **kombinasie** van **semigestruktureerde onderhoude** en **lewensverhalende onderhoude** gebruik. Onderhoudvoering is 'n dominante vorm van data-insameling en Seidman konstateer dat navorsers onderhoude voer omdat hulle geïnteresseerd is in mense se stories (vgl. De Vos, *et al.*, 2005:292).

Greef (vgl. De Vos, *et al.* 2005:292) maak die volgende stelling oor onderhoudvoering:

All interviews are interactional events and interviewers are deeply and unavoidably implicated in creating meanings that ostensibly reside within.

Volgens Atkinson (vgl. Neuman, 2003:393) strek 'n lewensverhalende onderhoud gewoonlik oor twee tot ses onderhoude wat ongeveer 60-90 minute duur en verskeie doelwitte dien, naamlik:

- Dit help die deelnemers om hul herinneringe sinvol te konstrueer.
- Hierdie onderhoude bring nuwe kwalitatiewe data na vore oor die lewensiklus, die ontwikkeling van die self en die ervaring van gebeurtenisse wat in argiewe gestoor kan word en later met soortgelyke data vergelyk kan word.
- Narratiewe onderhoude voorsien aan die navorser diepte-insigte oor die lewe van die deelnemer.

Hierdie vorm van onderhoud is volgens Atkinson (vgl. Neuman, 2003:393) 'n verrykende ervaring wat tot naby persoonlike verhoudings kan aanleiding gee en volgens die genoemde outeur kan die volgende stappe by die narratiewe onderhoud onderskei word:

1. Die navorser berei voor deur op hoogte te kom van die literatuur oor die fenomeen en ook oor vaardighede rakende onderhoudvoering. Die deelnemer word gekontak en voorberei op die vorm wat die onderhoud gaan aanneem. Toestemming word verkry vir die bandopnames en anonimiteit word verseker.

2. Die navorser voer 'n reeks onderhoude wat op bandmasjien opgeneem word. (By hierdie navorsing is ses onderhoude op afspraak gevoer, maar ongeskeduleerde persoonlike en telefoongesprekke het ongestruktureerd en op 'n informele basis geskied.) Die navorser vra oop vrae, is buigbaar en forseer nie die proses nie. Die navorser tree op as gids, weet wanneer om vrae te vra wat stories oopmaak en skenk intensiewe aandag.
3. Die navorser transkribeer die opname-onderhoude in vier stadia:
 - Maak 'n opsomming van elke opname.
 - Doen 'n woordelikse transkripsie.
 - Hersien die hele transkripsie vir uitklaring van nuwe betekenis en doen verdere redigering.
 - Stel die hersiene transkripsie beskikbaar aan die deelnemer vir korreksie en aanpassings.


Die transkripsie word bewaar volgens die riglyne van die Etiekkomitee van die NWU vir verdere insae indien nodig.

4. Die navorser bedank die deelnemer skriftelik en berei 'n kommentaar voor met betrekking tot hooftemas vir bewaring in 'n argief vir moontlike latere navorsing.

Hierdie vorm van 'n onderhoud (die lewensverhaal) leen hom uitstekend vir navorsing van die fenomeen van mede-afhanklikheid. Deur middel van die lewenslyn (2.5.6) en die genogram (2.5) het 'n hartseerverhaal van disfunksionele gedragspatrone oor drie generasies heen ontplooi waaraan uiteindelik 'n naam gekoppel kon word – **mede-afhanklikheid**.

Die primêre doel van die studie was om die verskynsel van mede-afhanklikheid te bestudeer en die invloed daarvan op die spirituele dimensie van die gelowige vrou te bepaal. Dit is gedoen aan die hand van 'n instrumentele gevallestudie. Die gevallestudie het in hierdie navorsing 'n sekondêre posisie ingeneem, soos vroeër in die studie aangedui (4.2.4.1). Die fokus tydens die navorsing was in die besonder op die kompleksiteit van die fenomeen en die gevallestudie het slegs as agtergrond vir die beskrywing daarvan gedien.

Die onderstaande diagram wat deur die navorser self uiteengesit is, verduidelik die proses van onderhoudvoering soos wat dit in hierdie studie plaasgevind het.



Figuur 4.2: Die proses van onderhoudvoering

Tydens die vier verhalende onderhoude het die navorser hoofsaaklik geluister, waargeneem, geanaliseer en geïnterpreteer teen die agtergrond van die teoretiese kennis wat opgedoen is in die literatuurstudie. Dit word soos volg deur Monette *et al.* (2005:429) gestel:

The researcher begins to analyse and draw conclusions almost as soon as data collection begin, and these analyses and the conclusions provide direction for whatever additional data collection needs to occur.

Soos in figuur 4.2 aangedui, het die eerste twee onderhoude hoofsaaklik gehandel oor die verhaal van die kerngesin (die huidige gesinsopset en -geskiedenis, die geskiedenis van die gesinsverhoudings, werksgeskiedenis en gedragspatrone) by beide die deelnemer en haar eggenoot (die afhanklike persoon). Na die eerste onderhoud is die lewenslyn (2.5.6) vir huiswerk gegee. Die deelnemer kon toe die lewensloopgebeure sinvol konstrueer en sekere herhalende patrone oor 'n tydperk van 18 jaar het ontplooi wat vir beide die deelnemer en die navorser baie insiggewend was. Die twee

daaropvolgende onderhoude het oor die verhaal van die vorige twee geslagte gehandel. 'n Genogram (2.5) van die gesin-van-oorsprong wat ook die geslag van die grootouers van die deelnemer ingesluit het, is saam met die deelnemer opgestel. Weer eens het herhalende disfunksionele gedragspatrone wat simptome van mede-afhanklikheid is, na vore gekom. Tydens hierdie sessies het die deelnemer tot die ontnugtering gekom dat sy 'n verwronge persepsie van God het wat deur disfunksionaliteit in haar ouerhuis oorgedra is. Die onderstaande voorlopige gevolgtrekking word hieruit gemaak:

1. Daar bestaan 'n verwronge Godsbegrip by die deelnemer en haar gesin-van-oorsprong as gevolg van streng rigiede reëls met betrekking tot godsdienstbeoefening, vormgodsdienst en wettisme. Hierdie toestand het aanleiding gegee tot spanning en vrees.
2. 'n Vrees vir ander mense (veral "kerkmense") se gesag, opinies en godsdienstbeskouings wat tot gevolg gehad het dat hulle *'n heilige vrees vir God* gekoester het wat op vrees vir straf eerder as heilige eerbied en liefde gegrond was.
3. Hierdie verwronge Vaderbeeld is ook versterk deur die *afwesige* eie vaderfiguur in die gesin wat heeltemal ondergeskik was aan sy mede-afhanklike vrou en 'n abnormale soeke na goedkeuring van die gesagstruktuur in die kerk gehad het, eerder as 'n vrees vir God. Dit gee aanleiding dat die opinie en goedkeuring van mense meer gewig dra as die vrees en eerbied vir God.
4. 'n Streng, hardwerkende ma wat ingestel was op oorlewing en dissipline met 'n onvermoë om liefde te betoon, het verder bygedra tot die skeefgetrekte Godsbeeld.
5. Die voortdurende eise wat deur die ouers gestel is om die front van vroomheid vol te hou, het veroorsaak dat die deelnemer, haar broers en susters maskers moes dra. Dit het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n vals identiteit wat in hul volwasse lewe oorgedra is

Hierdie vrees vir mense se opinie en veral die skynheilige front wat voorgehou is, kon volgens die beradene beskou word as die direkte oorsaak van haar eie moeder se rebelse gedrag as jong volwassene en die latere disfunksionaliteit. Die ander faktore soos byvoorbeeld armoede en huwelikskonflik was verdere bydraende faktore wat tot mede-afhanklike gedrag by die deelnemer aanleiding gegee het. Meer hieroor by die navorsingsresultate (afdeling B van hierdie hoofstuk).

Die laaste twee onderhoude was semigestruktureerde onderhoude waar die navorser se vrae daarop gerig was om gedetailleerde inligting met betrekking tot die deelnemer se **persepsies, geloofsbeskouinge en -oortuigings** te verkry asook die **interpretasie** van die voorafgaande onderhoude ten opsigte van mede-afhanklikheid (De Vos *et al.*, 2005:296). Dit het die navorser in staat gestel om saam met die deelnemer die kompleksiteit van mede-afhanklikheid te ondersoek en die invloed daarvan op die deelnemer en elke individuele gesinslid van die gesin-van-oorsprong te bepaal. Tydens hierdie semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser sekere voorbereide vrae gebruik om die deelnemer te prikkel om dieper te besin, te analiseer en te interpreteer wat die invloed van mede-afhanklikheid op haar spiritualiteit gehad het. Die volgende twee vrae is onder andere gestel:

1. **Hoe het jou ouers se rigiede en wettiese godsdiensoefening en die feit dat hulle lewe in skille kontras gestaan het met dit wat hulle verkondig het, jou geestelik beïnvloed?**
2. **Tot watter mate sou jy sê het jou mede-afhanklike gedrag tot dusver jou verhouding met God en dus ook jou geloofsgroei beïnvloed?**

Wat baie bygedra het tot die interaksie tussen die navorser en die deelnemer, is die feit dat die deelnemer self begin oplees het oor mede-afhanklikheid en in staat was om die teoretiese kennis by haar leefwyse en gesinsgeskiedenis te integreer. Greef stel dit soos volg:

The participant shares more closely in the direction the interview takes and he can introduce an issue the researcher had not thought of (vgl. De Vos et al., 2005:296).

Volgens Smith en Manning word die deelnemer die ekspert van die onderwerp en moet die maksimum geleentheid gegun word om die volle verhaal te vertel (vgl. De Vos *et al.*, 2005:302), self te eksploreer en te interpreteer aan die hand van en met die begeleiding van die vaardige onderhoudvoerder wat voortdurend deur relevante oop vrae die onderhoud stuur (eie mening).

Die vier middelste onderhoude is op band opgeneem en direk getranskribeer. Slegs die aanmeldingsonderhoud, omdat die navorser die geval toe nog nie geselekteer het nie, en die laaste onderhoud, wat hoofsaaklik 'n gebedssessie was, is nie op band opgeneem nie.

4.2.5.4 Data-analise

Die data-analise het voortdurend deur die loop van nege maande plaasgevind. Dit blyk voordelig te wees dat die empiriese werk gelyktydig met die skryf van die metateorie (hoofstuk 2) plaasgevind het. Die literatuurstudie was toe reeds afgehandel, maar onduidelikhede wat tydens die onderhoude opgeduik het, kon verder nagevors en verfyn word sodat beter integrasie van teorie en praktyk kon plaasvind. Die proses van interpretasie, analise en toepassing kon dus deurlopend plaasvind. Die navorser het die onderhoude getranskribeer en geanaliseer en veldnotas, kort verslae en die assessering onmiddellik na die onderhoude gedoen terwyl dit nog vars in die geheue was (Greef, 2005:297).

Cresswell illustreer die analisering van data met 'n data-analiseringspiraal waar die volgende stappe voorkom (vgl. Leedy & Ormrod, 2001:161):

- Organisering van data – hier word datakaarte, lêers, indekskaarte en/of elektroniese databasisse gebruik.
- Sorgvuldige deurlees van data – dit moet verskeie kere gebeur.
- Klassifikasie van data – groepeer die data in verskeie kategorieë.
- Sintese – bied 'n hipotese aan, konstrueer diagramme, tabelle, ensovoorts

Die navorser moet voortdurend in gedagte hou dat data-analise by kwalitatiewe navorsing kompleks en tydrowend is en dat die data multidimensioneel is, met ander woorde dat dit verskeie betekenisse gelyktydig mag reflekteer (Leedy & Ormrod, 2001:161). Die volgende aspekte hou verband met data-analise:

- Triangulering: Erlandson (vgl. De Vos *et al.*, 2005:361) vermeld die noodsaaklikheid om van verskillende bronne gebruik te maak by data-insameling om te verseker dat insig ten opsigte van dieselfde gebeure en verhoudings bevestig word. In hierdie navorsing is op verskeie wyses getrianguleer (4.2.4.4).
- Kodering: De Vos *et al.* (2005:338-341) en Neuman (2003:442-445) verwys na drie metodes waarvolgens kodering plaasvind:
 - Oop kodes – die proses om data te dissekteer, te eksamineer, te vergelyk en te kategoriseer.
 - Aksiskodes – hier word die data op nuwe maniere hersaamgestel na die afbreekproses. Sekere verbindings tussen kategorieë word benut.
 - Geselekteerde kodering – dit is die proses waar sekere kernaspekte uitgelig word en sistematies met ander verbandhoudende aspekte verbind word.

Die navorser beweeg voortdurend tussen hierdie drie metodes by die kodering van data. Monette *et al.* (2005:430-431) beskryf kodering as 'n proses van kategorisering van gedeeltes van die data, byvoorbeeld 'n sinsnede, frases of paragrawe. Kodering by kwalitatiewe analisering vereenvoudig en kompakteer die data en temas by kodering ontwikkel gedeeltelik van die data self. Monette *et al.* (2005:431) beskryf dit soos volg:

..... codes and coding schemes are created at least partly from the data themselves during the process of data collection; in other words, the data create the codes.

Kodering van die data vind plaas nadat die data-insamelingsproses afgehandel is. Die uiteensetting van die kodes word in afdeling B van hierdie hoofstuk onder die navorsingsresultate vervat.

AFDELING B

4.3 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN NAVORSINGSRESULTATE TEN OPSIGTE VAN DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE BY GELOWIGE VROU IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS

4.3.1 Inleiding tot die empiriese ondersoek en resultate

Vir die daarstelling van praktiese teoretiese riglyne vir die berading van die mede-afhanklike gelowige vrou, is dit nodig om 'n empiriese ondersoek te doen ter aanvulling van die literatuurstudie wat in hoofstukke 2 en 3 en 4A vervat is. Die empiriese studie is gedoen deur middel van 'n enkele gevallestudie (4.2.3) waar die data wat ingesamel is, oor drie generasies heen gestrek het. 'n Diagrammatiese voorstelling van die kerngesin lyk soos volg:

Die gebroke lyne dui op gebroke verhoudings.


X = die deelnemer

Y = die deelnemer se eggenoot, pa van haar twee seuns (in die proses om te skei)

Z = vorige eggenote van mn. Y

A & B = twee seuns uit vorige huwelik

C & D = twee seuns uit mev. X en mn. Y se huwelik



Figuur 4.3: Die kerngesin

4.3.2 Metode

Tydsverloop: 'n Tydsverloop van 11 maande het plaasgevind vanaf die aanmeldings-onderhoud tot die afhandeling van die laaste onderhoud. Die eerste twee onderhoude is binne drie weke afgehandel. Persoonlike omstandighede soos byvoorbeeld die egskeiding van die deelnemer en skoolvakansies het veroorsaak dat die geskeduleerde kontakssessies oor 'n lang tydperk plaasgevind het. Gereelde kontak met die deelnemer, hetsy deur middel van telefoniese gesprekke of tuisbesoeke, het op 'n ongeskeduleerde wyse plaasgevind. Weens die sensitiewe aard van die genogramonderhoude het die navorser dit nie wenslik geag om die onderhoude te onderbreek nie en het die tydsduur van die onderhoude gewissel van 90 tot 120 minute.

Doel van die onderhoude: Die doel van die onderhoude was **hoofsaaklik om data in te samel** met betrekking tot mede-afhanklikheid en die spiritualiteit van die deelnemer en was nie terapie van aard nie. **Wanneer die deelnemer egter emosionele pyn of ontsteltenis ervaar het, is daar saamgebid.** Dit het veral gebeur met die identifisering van verliese en is 'n aspek wat met die rouproses gepaard gaan en in die praktyk deurgewerk behoort te word.

Doel van tuisopdragte: Die tuisopdragte is nie vir terapeutiese doeleindes aangewend nie en in die onderhoud is daar uitsluitlik op die insameling van data gefokus. Die tuisopdragte is só geselekteer om die deelnemer in staat te stel om in kontak met eie emosies, gedragspatrone en verhoudingstyle te kom, sodat sy kennis kon opdoen van mede-afhanklikheid en die data self kon analiseer, interpreteer en integreer.

Alhoewel al die assesseringskale eenvoudig was, het dit as stimulerend gedien om die deelnemer tot eie navorsing aan te moedig. Sy het spontaan begin lees oor mede-afhanklikheid en artikels in populêre tydskrifte (*Rooi Rose*:10/2007) opgesoek. Die navorser het enkele bekende, geestelike, populêre boeke wat gereedlik beskikbaar is, aanbeveel, byvoorbeeld Stoop en Masteller (1996) en Groom (1991). Een of twee ongeskeduleerde kontakte het toe plaasgevind **waar die deelnemer letterlik gerou het oor die onvervulde behoeftes van die innerlike kind (vgl. 2.2.2) en verlore tyd in haar lewe** (vgl. 5.4.2.3). Hierna het die deelnemer die *ekspert* geword en kon sy makliker disfunksionele patrone uitwys en teoretiese inligting interpreteer en integreer (vgl. Greef, 2005:302).

4.3.2.1 Presenterende probleem

Tydens die aanmeldingsonderhoud het die beradene haar huidige gesinsverhaal, gekenmerk deur 18 jaar se gekompliseerde huweliks- en gesinsprobleme, vertel. Hewige konflik, woede-uitbarstings en verbale mishandeling was deel van die huweliksverhouding, terwyl werkloosheid, gereelde verhuisings, insolvensie, armoede en afhanklikheidspatrone, soos byvoorbeeld dobbelary, pornografie en tydperke van gemoedsversteurings by mnr. Y, verder bygedra het tot die verbrokkeling van die huwelik. Dit was 'n baie emosionele onderhoud waar die deelnemer deeglik ontslae geraak het van jare se opgekropte emosies. Vir Steyn (2005:739) begin pastorale versorging op die tydstip wanneer die berader aktief begin luister na die gespreksgenoot, want sodra die beradene haar verhaal begin verwoord, kan die verwerking van die pyn begin.


Na aanleiding van die inligting wat na vore gekom het in hierdie onderhoud, het die berader tot die besef gekom dat die kliënt 'n potensiële deelnemer vir die navorsing kon wees vanweë mede-afhanklike gedragspatrone wat waargeneem is. Toestemming (aangeheg as aanhangsel A) is van die beradene verkry om aan die navorsingsprosesdeel te neem. Na afloop van die onderhoud is 'n tuisopdrag, **die lewenslyn (aanhangsel B)**, wat die beradene help om die gebeure op 'n sinvolle wyse chronologies te orden, aan die beradene gegee.

4.3.2.2 Die lewenslyn

Tweede onderhoud: Die lewenslyn word gebruik om die kerngesinsgeskiedenis uit te beeld. Herhalende patrone van disfunksionele gedrag kon by mnr. Y waargeneem word, terwyl mev. X se optrede duidelik waarneembare patrone van mede-afhanklikheid getoon het soos wat dit in die literatuur voorkom (hoofstuk 2). Die deelnemer kon selfvernietigende patrone ontdek waar sy die rol van die “redder” speel, beheer en verantwoordelikheid uit mnr. Y se hande neem en nie in staat is om gesonde grense te stel nie. Al hierdie simptome van mede-afhanklikheid het ’n **uitwerking op die spiritualiteit van die deelnemer gehad en sal later in hierdie hoofstuk in die temas** en verskillende kategorieë uiteengesit word. As tuisopdrag kry die deelnemer werkkaart **E/3**, aangeheg as (aanhangel C), om te voltooi. Dit handel oor die belewenis van haar verhouding met haar egmaat. Hiermee is die verhaal van die huidige kerngesin afgehandel.

4.3.2.3 Die genogram

Die derde en vierde onderhoude is gebruik vir die kartering van die gesinsnetwerk aan die hand van die **genogram** (figuur 4.4). Ter wille van die volledige prentjie en om al die vroue se mede-afhanklike gedragpatrone wat oor drie generasies in hierdie gesinne voorgekom het, aan te dui, word die **oorspronklike genogram (aanhangel D)**, soos deur die deelnemer en die berader gesamentlik ingevul is, aangeheg.



Figuur 4.4: Genogram van die gesin van oorsprong

Die deelnemer se **spiritualiteit** kan as 'n deurlopende draad waargeneem word soos wat dit in haar verhouding teenoor haarself, haar gesinslede, haar medemens en God verweef is. Muller (vgl. Moore, 2004:310) vermeld die spirituele genogram waarop data wat met die deelnemer se **spiritualiteit** verband hou, op 'n aparte genogram aangeteken word. Hierop is **spirituele patrone en belewenisse** van die deelnemer aangeteken soos wat dit in verskillende lewensfases en onder verskillende lewensomstandighede voorgekom het (figuur 4.5). Sodoende is die invloed van mede-afhanklikheid op die **spiritualiteitsdimensie** van die deelnemer bepaal. Na afhandeling van onderhoud 4 het die deelnemer 'n **assesseringskaal van mede-afhanklikheid** (Hemfelt *et al.*, 2004:2) (aanhangel E) voltooi.

4.3.2.4 Narratief

Die navorser het vier verhalende (narratiewe) onderhoude gevoer wat hoofsaaklik daarop toegespits was om data in te samel met betrekking tot die huidige gesinsopset. Hiervoor is gebruik gemaak van die lewenslyn (2.5.6) en ook van gesin-van-oorsprong-data waarvoor die genogram benut is (2.5). Volgens McGoldrick *et al.* (1999:14-26) sluit die **drie** fases waarvolgens die genogramonderhoude plaasvind, die volgende in: (1) kartering van die gesinsnetwerk; (2) insameling van gesinsinligting; en (3) uitbeelding van gesinsverhoudinge (vgl. Karsten, 2007:127).

Vrae tydens hierdie onderhoude was daarop gerig om meer duidelikheid te verkry oor die omstandighede wat aanleiding gegee het tot mede-afhanklikheid. Soos in **figuur 4.2** aangedui was onderhoude 5 en 6 semigestructureerd en daarop gerig om mede-afhanklikheid te assesser en eksploreer. Tydens die onderhoude is daar voortdurend waargeneem, geanaliseer en geïnterpreteer.

Interaksie tussen die navorser en die deelnemer was van so 'n aard dat insig met betrekking tot mede-afhanklike gedragspatrone en die impak daarvan op die **spiritualiteitsdimensie** van die deelnemer, 'n spontane uitvloeisel van die onderhoude was. Onderhoude 2 tot 5 is op band opgeneem en die data is direk na die onderhoude getranskribeer. Gedurende onderhoud 5 moes die deelnemer sekere opmerkings, stellings en voorbeelde wat sy in die voorafgaande vier onderhoude gemaak het, verduidelik (die data is verbatim van die oudiobande af verkry). Die navorser het 'n **skriftelike opsomming van hierdie data** gemaak (**aanhangsel F**) en dit vir huiswerk gegee, sodat die deelnemer daaroor kon nadink en haar persepsies, emosies en die data skriftelik kon verantwoord. Die data het hoofsaaklik gehandel oor die impak van mede-afhanklikheid op die deelnemer se spiritualiteit.

Die laaste onderhoud (6) is nie op band opgeneem nie en is hoofsaaklik aan emosionele katarsis gewy en aan die gesamentlike assessering van data wat oor die uitwerking van mede-afhanklikheid op die deelnemer se spiritualiteit gehandel het. 'n Groot gedeelte van die sessie is aan gebed gewy waar die deelnemer die geleentheid gehad het om hierdie **sondige patrone voor God te bely, vergifnis uit te spreek teenoor haar familie** (vgl. 5.4.2.4) en opnuut tot 'n verbintenis in die **geloof** aan die Here te kom. Dit was 'n gepaste wyse om afsluiting (*closure*) te kry met betrekking tot mede-afhanklike gedragspatrone. Sodoende kon die eerste tree na oorwinning gegee word soos wat dit

in die riglyne vir die berading van die mede-afhanklike gelowige vrou in hoofstuk 5 uiteengesit word.

4.3.2.5 Triangulering van data


Triangulering (afdeling A) – Die reikwydte van die data is vergroot deur die inligting wat verkry is uit twee semigestruktureerde onderhoude wat met die suster van die deelnemer gevoer is, twee semigestruktureerde onderhoude wat met die 17-jarige seun van die deelnemer gevoer is, asook die insette van 'n kundige, onafhanklike kodeerder. Die navorsingsresultate van hierdie onderhoude word in hoofstuk 4B (4.6.1 en 4.6.2) uiteengesit. Vervolgens word die spirituele genogram in die onderstaande diagram soos volg geïllustreer:

As gevolg van die fokusarea van hierdie studie, word slegs die **vroulike lede** in die gesin-van-oorsprong uitgelig, behalwe by die deelnemer self, waar die invloed van haar **oupa (blou gekartelde lyn wat dui op 'n positiewe spirituele invloed)** en haar **pa se negatiewe spirituele invloed (aangedui met oranje gekartelde lyn)** aangedui word.

Alle **oranjekleurige** gekartelde lyne dui op 'n **negatiewe spirituele** invloed vanuit die gesin-van-oorsprong op nakomelinge.

Die **dik swart tik-tak-lyn** tussen die deelnemer se ouers dui op 'n **disfunksionele verhouding** wat deur konflik en emosionele afstand gekenmerk is.

Die gebroke lyne dui op gebroke verhoudings. Die dik, rooi aaneenlopende lyn dui die verbintenis tussen drie generasies aan. Die versteurde verhoudings en disfunksionele patrone wat onderling tussen broers en susters en hul eie gesinne voorkom, asook tussen die ouers en kinders, word nie aangedui nie, aangesien dit die genogram onleesbaar sou maak. Hierdie inligting word vervolgens in die navorsingsresultate bespreek.



Figuur 4.5: Spirituele genogram

4.4 NAVORSINGSRESULTATE

Vervolgens word die data wat uit die onderhoude verkry is, in terme van die disfunksionaliteit van die gesinsopset oor drie generasies (vgl. 3.6.2.3-3.6.2.5) bespreek en daarna word mede-afhanklike gedragspatrone in terme van vier hoofkategorieë

bespreek (vgl. 3.6.3), te wete **lae selfwaarde, grense, vrees vir mense en verwronge Godsbegrip**.

4.4.1 Eerste geslag – Ouma van deelnemer

Rusie en onmin: Gespanne gesinsverhoudings, min of geen emosionele kontak tussen ouma en haar kinders kom voor. Ouma moes kinders alleen grootmaak. Oupa was baie afwesig as gevolg van sendingwerk. Ouma het baie rigiede reëls toegepas en 'n outokratiese opvoedingstyl gehandhaaf. Godsdienstige belewenisse getuig nie van persoonlike verhouding met God nie, eerder is 'n vrees vir God by die kinders ingeboesem. Alles was sonde in ouma se oë en daar was nie regtig pret in die huis nie. Al vyf die dogters se latere lewe getuig van disfunksionele gedrag, byvoorbeeld egskeiding, senuwee-ineenstortings, vervreemding van ouerhuis en gesinsverhoudingsprobleme.

Vervreemding en verwerping: Daar was nie spesifieke voortrekkery nie, maar **die middelste (derde) dogter, ma van die deelnemer**, is openlik verwerp omdat sy 'n dogter was. Ook die tweede dogter het later heeltemal vervreem van ouerhuis. *Sy het in jare nie haar voete by hulle gesit nie oor haar en my ouma-hulle se verhouding. As my oupa-hulle vir haar gaan kuier het, het sy nooit met my ouma gepraat nie daai hele 2 weke.*

Toe my ma net 'n paar maande oud was word sy een nag dodelik siek en my oupa bely en sê vir die Here hy is verskriklik jammer dat hy haar nie wou gehad het nie en eerder 'n seun wou hê, maar my ouma het nooit gesê sy is jammer nie. En my ma het in 'n rebellie ingegaan teenoor my ouma. Sy het 'n patroon ontwikkel van: 'Jy sal my nie onderkry nie.' Die ander het musieklesse geneem, my ma mag nie, die ander se foto's het in die gange gehang... Ek weet as kind, daar was nêrens 'n foto van my ma in daai huis nie. Sy was ook nie erg oor ons nie, want ons was deel van my ma. Maar my ma was 'n sterk mens. Sy het begin naaldwerklesse neem en toe hulle sien sy doen goed daarin toe vat hulle haar uit die skool uit. Sy kon mooi sing ook, maar dit was asof my ouma haar talente en uniekheid nie raakgesien het nie. Sy het nooit erkenning daarvoor gekry nie.

Oupa en deelnemer: Die rol van die oupa word ook bespreek aangesien dit die enigste positiewe spirituele invloed uit die drie geslagte op die deelnemer was. 'n Besondere noue band het tussen die deelnemer en haar materne oupa bestaan. Die hoogtepunt van hulle kinders se jaar was die Junie/Julie-vakansie by oupa en ouma. *My*

oupa het altyd uitreike vir die swartmense gehou. Hy het 'n groot rooi bus gehad, **Jesus red**. Toe ek sewe jaar oud was het hy die aand in die tentdiens 'n uitnodiging gemaak vir die swartes. Ek het verskriklik gehuil en gevoel iets gebeur met my. Ek het die Here in my hart ingenooi. Dis hoekom ek dit **gehaat** het om kerk toe te gaan. Ek het my oupa se kerk geniet, want hy het prentjies gebruik, byvoorbeeld sulke geverfde doeke, sy hartdoeke van 'n vuil hart en 'n skoon hart. Sy praktiese kinderlike manier het met daai mense gepraat en met my gepraat. Ek kon die styfheid en valsheid van die kerk nie vat nie. As dit nie vir my oupa was nie, sou ek seker niks met godsdiens te doen wou gehad het nie. **My oupa het hom nie gepraat nie, hy't hom gelewe**. Daar is 'n geweldige verskil. As jy vandag met iemand praat ... kan ek baie gou voel of dit uit die kop uit kom en of dit uit die Gees uit kom. Is dit 'n klomp kennis wat hier oorkom of kom dit uit die vloei van 'n dieper plek uit. Ek was so bang om kerk toe te gaan, ek was so bang ek doen iets verkeerd. Ek was so bang die Here gaan kom en ek bly agter. Dis waar my perfeksionisme in my godsdiens vandaan gekom het (deelnemer bedoel seker wettisisme) ... ek moet dit net regdoen. Ek moet net voorbeeldig wees.

Twee jaar voor my oupa se dood het hy by my ma kom bly en hy het baie gehuil en gesê hy besef hy het ander se wingerde bewerk, **maar sy eie akkers en wingerde het verrot**.

Eie waarneming: Dit is opvallend dat dié oupa so 'n sterk geestelike inset kon lewer in een van sy kleindogters se lewe, maar dat hy nie dieselfde geestelike waardes by sy eie kinders kon inskerp nie. Die vraag ontstaan in hoe 'n mate die ouma se invloed dit teëgewerk het.

4.4.2 Tweede geslag – moeder van deelnemer

Rusie/onmin: Voortdurende konflik in ouerhuis van deelnemer het hoofsaaklik oor geld en godsdiens gegaan. Volgens die deelnemer het haar ma nie met veel oorgawe kerk toe gegaan nie, want sy kom uit 'n vreeslike godsdienstige agtergrond en sy het baie gou gesien die pastoor is nie met die Here se dinge besig nie, maar met sy eie menseverering en goed. Sy kon nie daai valsheid hanteer nie, want sy het dit as kind ook van my ouma gekry. En die groot bakleiery was oor my pa gedink het sy wil nie die Here dien nie.

Geld was altyd 'n groot oorsaak van rusies in die huis. Die deelnemer se ma moes baie hard werk om te oorleef en soms was daar broodgebrek. Daar was nooit geld vir luukses

soos koeldrank of snoeperye of self 'n verjaardagpartytjie nie. Die deelnemer se pa was 'n staatsamptenaar wat volgens die deelnemer nie veel ambisie gehad het nie. Met sy besondere musiektalent het hy veral die kerkmense beïndruk en was baie aangewese op hulle goedkeuring en verering (sien 2.4.2.1). Wanneer hy dit nie gekry het nie, kon hy byvoorbeeld sommer onverantwoordelik optree deur nie vir 'n geleentheid op te daag waar hy moes voorspeel nie en het hy dan die mense in die steek gelaat.

Vervreemding en verwerping (vgl. 2.3.): Afstandsverhoudings (vgl. fig 2.3) het in die gesin-van-oorsprong tussen die ouers onderling en die ouers en kinders voorgekom. Die deelnemer het die rol van die *held* (sien 2.3.2) vertolk. Daar was verskeie faktore aanwesig wat gemaak het dat die ouers nie *daar* was vir hulle kinders nie (vgl. 2.3) wat aanleiding gegee het tot mede-afhanklikheid. Die afwesigheid van 'n vaderfiguur en die emosionele onbetrokkenheid van die moeder het vervreemding en verwerping in die hand gewerk **wat ook gelei het tot 'n gevoel van waardeloosheid.** *Ek neem hom kwalik dat hy my ma so hard laat werk het ... Hy was depressief, of in die kerk, of doenig met sy musiek, maar hy was totaal en al glad nie sigbaar nie.* Hierdie gevoelens van wrokkigheid teenoor haar ouers oor die onderskeie verliese wat voorgekom het, is 'n voorbeeld van die verliese wat in die praktyk deurgewerk moet word sodat daar by die proses van vergifnis uitgekóm kan word (vgl. 5.4.2.4).

4.4.3 Derde geslag – die kerngesin – die deelnemer

Die gesinsagtergrond van die kerngesin, sowel as die presenterende probleem en die verhoudingsdinamika wat in die kerngesin plaasgevind het, is reeds onder 4.3.2 bespreek en word ook deur figure 4.4 en 4.5 uitgelig. Voorts word die mede-afhanklike gedragsspatrone soos wat dit in 3.6.3 uiteengesit is, meer breedvoerig bespreek.

4.4.4 Mede-afhanklike gedrag by voorouers van deelnemer

Minderwaardigheid: Die openlike verwerping wat die deelnemer se ma as kind ervaar het, het gelei tot gevoelens van waardeloosheid, afsydigheid, 'n onvermoë om in kontak te kom met haar ware gevoelens en liefdevol en versorgende op te tree teenoor haar kinders, min selfdisipline, skuldgevoelens en onverantwoordelike optrede. Verwerping gee ook aanleiding tot onderdrukte woede wat die oorsaak kon wees van haar kwaai optrede en uitbarstings. Hierdie waardeloosheid het aanleiding daartoe gegee dat sy dikwels haarself fisiek uitgeput het om erkenning te kry.

Grense: Grensprobleme by disfunksionele gesinne kan gedefinieer word in terme van rigiede grense wat aanleiding gee tot rigiede gesinne en vae grense wat weer lei tot chaotiese gesinne (vgl. 2.3.3). By beide die eerste en die tweede geslagte van die betrokke kerngesin het **rigiede grense** bestaan wat aanleiding gegee het tot onverbondenheid in die gesinsverhoudings. Outoritêre oorheersing en dominerendheid het plaasgevind en rigiede reëls in veral die godsdiensoefening was kenmerkend by veral die ouma van die deelnemer. Beide hierdie vroue was beheerders wat andersse grense oortree het en die deelnemer se ma was geneig tot onverantwoordelikheid ten opsigte van haar eie lewe. Sy het egter die front van *ek het jou nie nodig nie*, meesterlik voorgehou. Sy het mure om haarself gebou en rigiede, ondeurdringbare grense gestel... om haarself te beskerm.

My pa was vir my ma 'n ontsettende teleurstelling, want sy kon baie hard werk en my pa het sagte hande gehad, kon nie juis hard werk nie. Omdat haar ma haar verwerp het, het sy baie tyd saam met haar pa op die plaas deurgebring dan het my ouma en die ander susters dorp toe gegaan en my ma het by my oupa gebly en hom gehelp. Dis waar sy geleer het om alles self te doen, maar dit was ook tot haar eie verwoesting, want my ma het nooit hulp gevra nie. Sy sou nooit wys sy 'cope' nie en tot vandag toe nog sal sy daai front voorhou. Sy kan inmekaar krummel agter die muur, maar jy sal dit nie weet nie.

Vrees vir mense: Moralisme was die tema van hierdie gesinne oor drie generasies of meer. Om die uiterlike front van godsdienstigheid en vroomheid voor te hou en om mense se aanvaarding en erkenning te kry deur wettisme en formalisme was 'n eerste prioriteit by die deelnemer en veral haar voorouers. Die uitsondering was haar oupa wat balans, opregtheid en 'n vrees vir God by haar gekweek het wat heelwaarskynlik haar behoud was. Om die buitekant van jou lewe in orde te kry was belangriker as om die hart voor God te ondersoek (Matt. 15:8). Verla die pa van die deelnemer was daarop ingestel om die geestelike leiers van die kerk se goedkeuring te soek en deur middel van uiterlike vroomheid en werke die weg te baan (Matt. 6:5). Hy het die neiging gehad om selfwaarde vanuit eksterne bronne te kry, byvoorbeeld die goedkeuring van ander wat gelei het tot 'n vrees vir mense. *Ek besef my kinderdae was vir my baie pynlik en ek het besef my pa se oordrewe godsdienstigheid het ook baie druk op ons as kinders gesit. Ons het 'n geweldige vrees vir die Here gehad en om die regte goed te doen. Daar was nie die spontaneiteit van kindwees nie. Ek dink my oupa was 'n goeie neutraliseerder, want ek kon sien maar my oupa is anders. Sy benadering tot die lewe, tot mense was baie anders.*

Die deelnemer kon onthou hoe besig haar ouers altyd was, sodat daar nooit tyd vir hulle as kinders was nie. Die ouers kon nie hul grense stel om *nee* te sê vir gunste en gawes aan ander nie. Haar pa was altyd gereed om by die kerk betrokke te wees, terwyl haar ma baie hard gewerk het vir ander mense. Sy het nooit stil gesit nie (vgl. 3.8.7.2).

Die vrees vir veral verwerping deur mense en die behoefte aan aanvaarding en goedkeuring van ander was die dryfveer agter hierdie gesinne se lewens.

Verwronge Godsbegrip by voorouers: Die paterne grootouers het die grondslag gelê vir die verwronge Godsbegrip by die deelnemer se pa. Laasgenoemde se pa *wou van kerke en God niks weet nie – nee, hy was glad nie by die Here nie*. Hy was 'n sagmoedige mens, *doodgoed en goed dood* – 'n onbetrokke, afwesige pa. Moontlik het hy depressie gehad, want hy het die heeltid op die stoep gesit en rook en geen verhouding met sy kinders gehad nie. Die paterne ouma was 'n trotse, hoogmoedige, kwaai en humeurige vrou wat hard kon werk. Sy was dominerend en het druk op die kinders geplaas om te presteer. *Sy was 'n baie 'grand', vooraanstaande ouma, het meestal handskoene en 'n hoed gedra en my pa was haar 'blue-eyed boy'*. By die grootouers aan beide kante was die vroue die dominante figure wat beheer uitgeoefen het en die leidende rol in die huis geneem het. Hierdie toestand is alreeds strydig met die Woord wat duidelik is dat die vader van die huis die geestelike leiding moet neem en dat die vrou haar onderdanig aan die man moet stel (1 Pet. 3:1).

Voortspruitend uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik waarom die begrip gevorm is dat God onbetroubaar, onbetrokke en wraakgierig is, een wat mense dophou en boekhou van sy sonde en goeie dade. Hulle sien God as die rigiede God wat ingestel is op prestasie en daarop uit is om die pretbederwer in hul lewens te wees. Hulle voel onaanvaarbaar en minderwaardig en moet daarom hard probeer om sy guns te wen. Soms bou hulle selfs 'n innerlike woede op teenoor God omdat hulle Hom blameer vir mislukkings of omstandighede waarvoor hulle eintlik self verantwoordelikheid moes neem (Seamands, 2002:99).

Hierdie verwronge Vaderbeeld is ook versterk deur die afwesige eie vaderfiguur in die gesin wat heeltemal ondergeskik was aan sy mede-afhanklike vrou en 'n abnormale soeke na goedkeuring van die gesagstruktuur in die kerk gehad het, eerder as 'n ontsag vir God.

4.4.5 Mede-afhanklikheid by die gelowige vrou – resultate van getranskribeerde opnames

Waardeloosheid: Die mede-afhanklike vrou het 'n geweldige behoefte aan aanvaarding, erkenning en die toegeneentheid van ander. Die gemis aan persoonlike aandag en liefde gedurende die kinderjare laat 'n emosionele leemte wat aanleiding gee tot die voortdurende soeke na erkenning en aanvaarding by ander (vgl. 2.2.2). Hierdie leemte word selde of ooit gevul deur ander mense en daar word dus nooit aan die verwagtings van die mede-afhanklike voldoen nie. Die verlies aan voldoende vertroeteling en versorging laat dikwels permanente gevoelens van verlies wat betref die kinderjare wat die volwasse mede-afhanklike vrou laat reageer as die verlore 6- of 7-jarige wat sy emosioneel eintlik nog is. Die deelnemer het dit soos volg gestel:

Mede-afhanklikheid het jou op 'n bushalte gesit waar daar nooit 'n bus gekom het nie.

Pynlike kinderjare wat gekenmerk was deur 'n gebrek aan liefdevolle versorging, emosionele geborgenheid en positiewe aanmoediging, veroorsaak 'n diepgesetelde gevoel van waardeloosheid. *Ek het deurskynend gevoel as kind. Jy was daar, maar jy was nie gesien nie, jy was nie erken nie. Ek het my hele lewe lank nooit 'n partytjie gehad nie, NOOIT! My beste vriendin en ek het op dieselfde dag verjaar. Ons ma's was saam swanger. Dan gaan ek na E se partytjie toe en sy kry presente en almal sing vir haar en hou partytjie. Dan staan ek daar, ek verjaar ook, maar kry niks. Dit was vir my 'devastating', hoor! Tot vandag toe nog moet mense nie by my kom tee drink as ek verjaar nie. Ek kan nie daai partytjie-ding doen nie. Ek dink daai minderwaardigheid wat uit my kinderdae kom was te oorweldigend. EK is nikswerd, ek tel nie, ek is nie werd om eers ... My ma hoef nie partytjies te gehou het nie. Sy kon maar net 'n koek gebak het en ons kon maar net vir mekaar gesing het. Ek het so nikswerd gevoel dat ek daai 'lack of selfworth' omgesit het in perfeksionisme.* Mede-afhanklike persone wat glo dat hulle inherent minderwaardig is, glo ook volgens Groom (1991:38) dat hulle die slegte uit die lewe verdien en verdra dus ook die slegte behandeling en soms ook die mishandeling wat hulle van ander kry.


Grense: Grensverwarring het 'n noue verband met eksterne lokus van kontrole, wanneer persone hul identiteit buite hulself soek en ander se gevoelens, opinies en gedragspatrone aanneem as hul eie (vgl. 2.2.2.1). Sulke persone se verhoudings is verstrengel en hulle sukkel om eie gevoelens te onderskei van ander se gevoelens. Hulle dink dikwels dat hulle eie gevoelens en menings nie saak maak nie en gee daarom

nie aandag aan die versorging van die self nie (Groom, 1991:28). **Die deelnemer het tydens een van die onderhoude dit soos volg uitgedruk: *Die graad van jou eie pyn is die graad waarin jy uitreik na ander.*** Wat hierdie toestand so tragies maak, is dat die mede-afhanklike persoon dikwels hierdie fokus op ander ten koste van die self, as 'n Christelike deug van diensbaarheid en selfverloëning beleef (Luk. 9:23-24). In die latere lewe is dit dan heeltemal natuurlik vir die volwasse kind om te reageer op die impulse in haarself teenoor ander se pyn en die aangeleerde gedrag om daarvoor verantwoordelikheid te neem. Hierdie gedrag word dan in die huidige situasie herhaal, byvoorbeeld: *Die jaar voor my pa en ma geskei is ... dit was die eerste keer dat ek my eie kamertjie gehad het. Ek was net drie maande daarin toe trek sy daar in. Dan sluit sy die kamerdeur en ek moet by V en T in die kamer op die vloer slaap. Dan kom my pa in die kamer in en sê: 'My kind, jy moet met jou ma praat. Sy gaan julle wegvat van my af.' Dit was vir my hel, hel, hel. Ek sal nooit daai hullerige maniere van hom vergeet nie... Ek en T het 'n baie noue band gehad, want ek het haar grootgemaak. V was weer baie eenkant en het haarself onttrek. Sy het haar bed natgemaak tot sy al groot was, dan kom klim sy by my in die bed en dan maak sy ons bed ook nat. Dan het ek baie min geslaap in die nag, want ek moes vir almal verantwoordelikheid neem... Toe ek Y ontmoet, het hy onmiddellik al die knoppies gedruk. Ek moes die 'rescuer' speel... Hierdie man het my so nodig, dink net hoe lief gaan hy my nog kry. Hy sal later nie meer sonder my kan klaarkom nie. Vandag besef ek, ek het soveel tyd belê in hierdie man, dat dit nou vir my moeilik is om op myself te konsentreer. 'My need to be needed' het Y soos 'n handskoen gepas...*

Vrees vir mense: Koning Saul se ongehoorsaamheid om die Amalekiete en al hulle besittings te vernietig, is 'n goeie voorbeeld van iemand wat 'n groter vrees vir mense as vir God gehad het (1 Sam. 15:24) en die eer van mense gesoek het (1 Sam. 15:30). Saul se berou was nie oor sy sonde nie, maar oor sy verlies aan aansien voor die mense (Groom, 1991:37). Hierdie vrees vir verwerping deur ander belangrike persone in hul lewe, maak die mede-afhanklike vrou die gevangene van haar eie voorgee-emosies, -houdings en -gedragspatrone en dít dikteer haar lewe.

Godsdienst- en geloofspatologie: Hierdie gesinne het oor generasies heen gefikseer op godsdienstige aktiwiteite en oortuigings. Die ouers se gedrag is gekenmerk deur rigiditeit, onrealistiese eise ten opsigte van godsdienstbeoefening, wettisisme en selfgesentreerdheid. In 2.4.3 is vermeld dat godsdienstverslawing die derde punt van die driehoek kan word, om spanning in verhoudings te vermy. Dit is wat binne-in hierdie

gesinsisteem van die deelnemer plaasgevind het, wat aanleiding tot geloofspatologie gegee het. Dit word in die onderstaande diagram voorgestel:



*Wanneer jy so lewe om ander en jou 'lost self' in ander gaan soek, is jy in die verkeerde wentelbaan en kan jy nie die Gees van God onderskei nie. En dis waar ek baie dae op 'n geestelike pad was waar ek **gevoel het die Here is nie daar vir my nie, omdat ek my identiteit in ander gaan soek het.** Die ligte het so aangegaan vir my dat dit 'n geweldige skok was om uit te vind wat in my lewe aangaan.*

Spiritualiteit: Die deelnemer het tot die volgende insig gekom ten opsigte van die invloed van mede-afhanklikheid op haar spiritualiteit:

1. *My selfwaarde, my selfvertroue, my verhouding met God het alles daaronder gely.*
2. *My vertroue in God was 'non-existent'. Ek het God se werk vir Hom probeer doen in Y se lewe. Ek besef vandag ek het vir hom geestelike kos gevoer wat hy nie kon verteer nie. Dit kan mense se lewens verwoes.*
3. *Ek het gevoel... Doen net wat die Bybel sê: 'Draai die ander wang ... bly stil'. Ek sou die heeltyd stilbly, bang vir konfrontasie en verwerping.*
4. *Ek het gedink Y is op my pad gebring deur die Here en Hy verwag van my om hom te help.*
5. *Ek het verantwoordelik gevoel vir hom en het 'n wanpersepsie van God gehad... net soos my ma altyd van my verwag het om vir almal verantwoordelikheid te neem. Dit was 'n selfopgelegde plig.*
6. *Ek was op 'n stadium kwaad vir die Here... Hoekom help hy my nie met al hierdie afvlermense nie. Ek was so 'n getroue dienaar, hoekom kry ek die gebrekkige kind?*
7. *Ek het die heeltyd gedien. Jesus het gedien, laat ek ook maar net dien. Vandag besef ek daar is 'n verskil tussen 'n 'codependent'-roeping en die aansporing van die Heilige Gees. 'Codependence' onderdruk jou, gee jou asemnood, terwyl die Heilige Gees waardering het vir jou eie menswees.*

Vals identiteit: *Dogters uit disfunksionele gesinne oorkompenseer dikwels vir die ouerlike onvermoë tot versorging en hulle ontwikkel sodoende 'n sensitiwiteit vir die nood van ander. Hierdie mede-afhanklikheidsidentiteit veroorsaak dat die persoon 'n vals front voorhou om ander se guns te wen, wat later in 'n vals identiteit omgesit word (vgl. 2.3.4). Die vraag wat ek myself afvra is, wie gaan ek wees as niemand my nodig het nie? Ek voel 'n 'lostness' in die huidige situasie. Wie is ek as ek niks hoef te doen vir ander nie? Kan ek net 'ek' wees? Ek moes altyd 'perform, control', wakker en op my hoede wees om Y te behou. Hoe gaan 'n verhouding wees waar ek ook net kan ontvang? Ek voel so absoluut dom dat ek nie deur Y kon sien van die begin af nie. Die dobbel en die pornografie het hy solank vir my weggesteek. Miskien het ek net een breinsel soos hy altyd vir my gesê het.*

Hoor die onsekerheid wat die deelnemer ervaar rondom haar eie identiteit en vermoëns, voorkeure en persoonlikheid, in haar eie woorde: *Ek voel nog onseker oor wie ek is. Ek was geprogrammeer oor wie ek gedink het ek is. Ek besef ek is sterk, ek is 'capable', ek hou van myself. Ek dink ek verdien liefde. Dis soos op die rekenaar. Ek moet die 'delete' sleutel druk- of eerder die 'undo'-sleutel. Wat dink God van my? Ek is 'n geestelike persoon. Kan ek 'n normale gesprek voer oor ander dinge? Ek is nie vrolik nie, ek kan nie vrolik wees nie..... Ek het nie vriende nie..... Ek doen nog altyd net die 'survival'-ding.*

4.5 GEVOLGTREKKING VAN MEDE-AFHANKLIKHEID BY DIE DEELNEMER

Wanneer daar na die siklus van mede-afhanklikheid gekyk word (vgl. figuur 2.1) was al die komponente by die deelnemer teenwoordig om deeglike gevestigde mede-afhanklike gedragsspatrone daar te stel. Die gebrekkige validering uit die disfunksionele gesin-van-oorsprong het aanleiding gegee tot die skep van 'n vals identiteit. Die ander belangrike persoon in die deelnemer se lewe (haar huweliksmaat) was vasgevang in verslawing, wat tot die deelnemer se vermydingsgedrag aanleiding gegee het en haar die instaatsteller (*enabler*) gemaak het, wat die siklus van waardeloosheid voltooi het, totdat sy tot insig kon kom rakende die destruktiewe gedragsspatroon wat sy in stand gehou het.

4.6 TRIANGULERING

Ter wille van die reikwydte van die data en die geldigheid daarvan is onderhoude ook met die jongste suster, (T), en die oudste seun van die deelnemer (C) gevoer soos op

figuur 4.4 aangedui. 'n Onafhanklike kodeerder het ook die getranskribeerde onderhoude deurgewerk en kon belangrike insette lewer ten opsigte van mede-afhanklikheid en die spiritualiteit van die deelnemer. Vervolgens word die agtergrondsgeskiedenis en huidige situasie van genoemde persone bespreek en die invloed van mede-afhanklikheid op hul spiritualiteit uitgelig.

4.6.1 Jongste suster (T) van deelnemer: T was die jongste kind in die gesin en ongeveer nege jaar oud toe hul ouers geskei is. Reeds van geboorte af is sy versorg en vertroetel deur die deelnemer wat die moederrol oorgeneem het. As jong kind was sy bekend as die vegter in die huis wat nie geskroom het om haar misnoeë en aggressie teenoor haar ouers uit te spreek nie. Na die egskeiding was V, T en P nog in die skool, maar as gevolg van die finansiële nood in die huis en die moeilike werksomstandighede van hul ma, is hul geestelik en emosioneel verwaarloos. Later is hulle na die koshuis op 'n naburige plattelandse dorp gestuur, waar dit beter gegaan het. T was as tiener 'n rebel wat heeltemal uitbreek het uit die huis en 'n losbandige lewe gelei het, verskeie aborsies gehad het en die res van die gesin baie tranes en bekommernis besorg het.

As jong dogtertjie was T haar pa se oogappel en het hy het vir haar 'n spesiale troetelnaampie gehad, maar *my pa het baie op haar neergekom toe sy begin rook en God nie gedien het nie. Dieselfde goed wat hy vir my ma gesê het, het hy ook vir haar gesê. My pa was baie veroordelend en letterlik. As jy net rook of iets is jy uit. Weg van die Here af, sondaar! T het daai selfde rebellie as my ma gehad.*

T is nou in haar laat dertigs en het 'n lang pad teruggeloop nadat haar lewe amper verwoes is deur losbandigheid. T was kwaad vir God, wou Hom nie ken nie en nou kom sy by Hom uit. Sy is nou baie soekende. Sy het berading ontvang en moes deur al die verliese in haar lewe werk, vrede maak met haar ouers en omdraai van selfvernietiging na God toe. (Tussen hierdie onderhoud met die deelnemer en die onderhoud ses maande later met suster T, het laasgenoemde by die New Age-beweging aansluiting gevind.)

Tydens die navorser se onderhoud met haar het die volgende inligting oor haar spiritualiteit na vore gekom (die onderhoud is in Engels gevoer omdat T se huistaal Engels is):

I have come to the place where I have in a prayer over the telephone promised myself I would not speak about my parents anymore. For years I was in rebellion against the

system, but some or other time you have to realise that that is the parents God chose for you and that is the blood of those parents that run through your veins and there is nothing you can do about it. I respect my parents for who they are. The change came when I stopped blaming others – the big thing is blame, blame, blame. Unless you take responsibility for your own life you will not get healed. Hierna wou T glad nie praat oor haar ouerhuis of gesinsomstandighede van die verlede nie, maar sy het vrylik oor die spirituele aspek gepraat.

Sy was uitgesproke oor kerke en dat sy nie in kerke glo nie, omdat hulle deur reëls regulasies en wette beheer word *from generations to generations. You live according to the rules and what people wanted to do was for me to live according to those rules. It was their mould, I was not acceptable otherwise* (vgl. 3.7.3). *It caused destruction and I rebelled against it. You don't know who the hell you are* (2.3; 2.4.2). *Churches haven't done it for me - due to my background. I had no connection to God. As a child I was in many church organisations and had no peace in it.*

Sy het haar ook sterk uitgespreek teen die kerkleiers, veral leiers wat nie die Skrif korrek kon interpreteer nie en alles letterlik opgeneem het. *They cannot understand the depth of the Word, they take it up literally and if you can't do it the way they interpret it, you're out.* Sy maak spesiale vermelding van haar oupa wat anders was, wat die dinge wat hy gepreek het, gelewe het. Hy het nooit gekritiseer nie en het gelewe wat hy geglo het. *My grandfather never belonged to a church, he travelled. People like you* (die navorser) *that are church-orientated feel you need the church to be connected to God.*

T het verskeie ander godsdienste beproef, onder andere Boeddhisme, Hindoeïsme, Mormonisme, *but have you noticed that those people don't have to prove themselves. Why do Christian people try to prove Christianity. Christians want to bring everybody to God because we think we are some superior person. Christianity has become a word of ruling. I look back on my background and I feel sad.*

T se opmerking oor elke mens wat in homself God is, dui aan dat sy waarskynlik reeds diep in die New Age-beweging betrokke is. *If you take God and break Him up in billions of molecules it's us.* Op die navorser se vraag oor hoe sy Jesus sien, het sy vanuit die Ou Testament begin waar God die mens vernietig het deur die vloed en daarmee saam ook vloekte op die mens geplaas het en die enigste manier is om mense keuses te gee en daarom moet daar met grense begin word. Volgens haar is Jesus gestuur om met die mense te praat omdat God besef het mense leef volgens reëls. Jesus het God kom

verkondig. *Jesus came to fulfil a purpose. We are equal to Jesus. I can move mountains, so can you. I can heal, so can you. My philosophy - I am grateful for the cross and Jesus, but we are God in human flesh. The New Age thing is changing everybody's perception. In the new millennium there is no ruling, no dogmas, no control. Communication is found in astral projection, telepathy and interconnection* (vgl. 3.8.8.2). *It gives me direction.* Sy beklemtoon die feit dat sy met God praat as haar vader, dat sy nooit deur hom vergete is nie, dat sy tevrede is met haar spiritualiteit. *I am part of the millions of molecules of God. It needs me to complete Him. I love the way I am today.*

4.6.2 Seun (C) van deelnemer: C is 17 jaar oud en in graad 11. Hy is fisiek gestrem, loop soms met 'n loopraam, maar is die meeste van die tyd in 'n rolstoel. Hy is van die begin van sy lewe af deur sy pa verwerp omdat hy 'n seun was (pa wou 'n dogter gehad het) en ook omdat hy fisiek gestrem is. Die deelnemer het per geleentheid opgemerk dat haar man nie weer 'n seun wou hê nie, omdat hy jaloers was op haar aandag en die seuns as kompetisie beskou het. C onthou insidente van woedeuitbarstings van sy pa en fisieke mishandeling, waar sy loopraam teen die muur gegooi is en hul pa hulle gevloek het. Die afgelope twee jaar was 'n baie spanningsvolle tyd. Pa se psigiese toestand, te wete sy depressie, onbeheerbare gedrag, buierigheid en geheime sendings (dobbel en pornografie) het sy merk op die gesinsverhoudings gelaat. Toe dit op die lappe kom, kon hulle met naby familielede daaroor praat en het dit verligting gebring. Die toekoms lyk egter nou baie onseker en die seuns weet nie wat om te verwag nie. Pa woon nou in Gauteng, het reeds 'n nuwe werk en is ook reeds in 'n nuwe verhouding betrokke. Dit is 'n aanduiding dat mnr. Y sukkel om onafhanklik te funksioneer, homself nie 'n kans gun om oor die egskeiding te kom nie en, net soos voorheen, te vinnig in 'n verhouding betrokke raak. Dit dui bo alles op 'n verhoudingsverslawing en is 'n herhaling van die patroon wat na sy eerste egskeiding plaasgevind het.

4.6.2.1 Kenmerke van mede-afhanklikheid by C

- Waardeloosheid – as gevolg van verwerping deur sy pa en omdat hy die slagoffer was van pa se woedebuie en verslawende gedrag.
- Vertroueling van sy ma – verantwoordelikeitsgevoel teenoor jonger broer mag aanleiding gee tot die ontwikkeling van die redderrol (*rescuer*).
- Ander belangrike persoon in sy lewe (die pa) is 'n verslaafde en gedrags-aanpassings moet gemaak word om ter wille van die vrede, pa gelukkig te hou. Dit kan aanleiding gee tot 'n vals identiteit.

- Tydens 'n besoek aan sy pa het die nuwe vriendin aan C gevra wat die rede vir sy ouers se egskeiding was. Hy het geswyg oor die dobbel, pornografie en buierigheid en die finansiële implikasies wat dit op hul gesin gehad het en vir sy pa geskerm. Hy begin reeds die rol van die *enabler* aanneem. C is reeds ingestel om die waarheid te ontken en die leuen in sy pa se nuwe verhouding te laat voortleef.

4.6.2.2 Spiritualiteit van die deelnemer – teenvoeter vir die ontwikkeling van mede-afhanklikheid by haar seuns

Mev. X is bewus van bogenoemde faktore en die moontlike gevaar wat bestaan ten opsigte van die ontwikkeling van mede-afhanklikheid by veral C. Die feit dat sy tot insig gekom het in die destruktiewe gedragsspatrone wat intergeneratief oorgedra kan word en vanweë haar lewende verhouding met God, kon sy nugter met haar kinders praat en deur eerlikheid en erkenning van die skade wat gedoen is, die saak met hulle bespreek. Sy het ook vrede met mnr. Y gemaak en hom vergewe en sy onderrig die kinders om nie valse verwagtings van hul pa te koester nie. Sy leer hulle ook om nie mense meer as God te vrees nie en sy leef in totale afhanklikheid van God alleen, losgemaak van afhanklikheid van ander mense. Sy neem sinvol verantwoordelikheid vir haar eie lewe en leer hulle ook om verantwoordelikheid vir hul eie keuses te neem. Die deelnemer is steeds besig om sinvol te groei in haar spiritualiteit en is stadig maar seker besig om uit die tentakels van mede-afhanklikheid los te kom en sodoende te sorg dat sy die greep van mede-afhanklikheid breek wat oor generasies in haar familie voorgekom het.

4.6.3 Bevindings van die onafhanklike kodeerder met betrekking tot mede-afhanklikheid en spiritualiteit by die deelnemer

Die volgende aspekte wat met die navorser se bevindinge verband hou, is deur die onafhanklike kodeerder bevestig:

4.6.3.1 Vertrou in die eerste plek nie op God nie

- Moet self beheer van die situasie neem.
- Voel verplig om self aan die afhanklike persoon se behoeftes te voldoen.

- Stel verwagtinge in vals hoop.
- Vind sekuriteit in primêr afhanklike persoon.
- Vind eiewaarde en sekuriteit in mede-afhanklike gedrag.
- Afhanklik van ander mense se goedkeuring.
- Vrees mense, nie God nie.

4.6.3.2 Wanpersepsie oor ware Christenskap

- Moet altyd die minste wees, maar versterk daardeur die kwaad van ander.
- Ontneem die ander persoon onwetend van verantwoordelikheid deur misplaasde liefde.
- Wil self ander red.
- Moet verdien om geag te word.
- Moet presteer om erkenning en respek te verdien.
- Wil self red uit verdienste.
- Deur haar mede-afhanklikheid word ander gemanipuleer.

4.7 GEVOLGTREKKING VAN HOOFSTUK 4

Hierdie hoofstuk het 'n uiteensetting gegee van die navorsingsontwerp en -metode (afdeling A) en die empiriese ondersoek en navorsingsresultate (afdeling B). Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n beskrywing te gee van die algehele ondersoekproses wat gebruik word om die fenomeen van mede-afhanklikheid by die gelowige vrou te ondersoek, veral met betrekking tot die spiritualiteitsdimensie. Die perspektiewe wat in die Skrif vervat is, is deurgaans as vertrekpunt gebruik en die literatuurstudie-bevindinge is voortdurend in ag geneem by die empiriese ondersoek, sodat die ondersoek die invloed van mede-afhanklikheid op die spiritualiteit van die gelowige vrou oor drie generasies heen kon bepaal.

Deur middel van verhalende onderhoude kon die navorser in die skoene van die deelnemer klim en haar pyn en beleweniswêreld betree. Die sentraal onderliggende betekenis van die ervaring van mede-afhanklikheid kon deur die navorser uitgelig word en die empiriese ondersoek het die data van die literatuurstudie bevestig en versterk deur die volgende navorsingsresultate na vore te bring:

'n Diepgesetelde waardeloosheid, 'n vals identiteit wat op mede-afhanklike gedrag gegrond is en 'n verwronge Godsbegrip wat onderliggend aan die geloofspatologie was wat ontstaan het, is alles faktore wat by die deelnemer voorgekom het en haar spiritualiteit ten diepste beïnvloed het.

Formalisme, wettisisme en rigiede reëls het tot gevolg gehad dat die verwronge vaderbeeld wat alreeds deur gebrekkige oerleiding neergelê is, verder deur die kerk versterk is. Die invloed van die oupa se spiritualiteit het soos 'n goue draad deur die lewe van die deelnemer geloop en het die hoop vergestalt wat haar uiteindelik van mede-afhanklikheid kon bevry.

Die invloed van mede-afhanklikheid het elke lid van die gesin-van-oorsprong op 'n eiesoortige wyse beïnvloed en op elke dogter in die gesin 'n ander uitwerking gehad. Die uitwerking het gewissel van uiterste vroomheid en oorgodsdienstigheid tot vergeesteliking en uiterste rebelsheid en afvalligheid wat uiteindelik in dwaalleer en die aanhang van die okkulte geëindig het.

Die liefde en genade van God, die kruisdood van Jesus vir die verlore sondaar, die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding van Jesus, het nooit in die spiritualiteitsvorming van die kinders 'n werklikheid geword nie. Hulle is nooit geleer om in afhanklikheid van God alleen te leef en om in 'n persoonlike verhouding met Hom te staan nie. Die skade wat deur moralisme en skynheilige vormgodsdienste aangerig is, het verreikende gevolge gehad. Geen wonder nie dat Jesus Hom so sterk teen die Fariseërs en die wetsgeleerdes uitgespreek het en hulle *witgepleisterde grafte* genoem het nie (Matt. 24:27).

'n Verdraaide Godsbegrip word gewoonlik gevorm deur ongesonde interpersoonlike verhoudings wat gedurende die vormingsjare van die kind plaasvind. Hierdie distorsie volg vanuit die ongesonde verhoudingspatrone, maar ook vanuit die persoon self wat beteken dat die verwronge vaderbeeld geïnternaliseer word en tot uiting kom in die alledaagse lewe van die gelowige – die lewe *Coram Deo*.

In die volgende hoofstuk (5) word praktykteoretiese riglyne neergelê vir die berading van die mede-afhanklike gelowige vrou met betrekking tot spiritualiteit, sodat sy tot geestelike groei en volwassenheid begelei kan word.

HOOFSTUK 5

PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN DIE GELOWIGE VROU IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE

5.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is die metateorie (2) bespreek, die basisteorie (3) hanteer en in die empiriese hoofstuk (4) van hierdie navorsing is mede-afhanklikheid vanuit verskillende perspektiewe bespreek, sowel as die impak daarvan op die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue. In hierdie hoofstuk word daar ooreenkomstig die begrensing van die studie praktykteoretiese riglyne daargestel vir die berading van mede-afhanklike gelowige vroue met spesifieke verwysing na die spiritualiteitsdimensie. Volgens Reinecke (2001:147) word 'n praktykteorie gevorm wanneer die basisteoretiese gegewens saam met die metateoretiese gegewens in hermeneutiese wisselwerking geplaas word. Die kernaspekte van mede-afhanklikheid vanuit die Sielkunde, Maatskaplike Werk, Sosiologie en Psigiatriese Verpleegkunde (hoofstuk 2), tesame met die basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van spiritualiteit en mede-afhanklike gedragspatrone (hoofstuk 3) sal gebruik word om 'n basis te vorm vir riglyne vir die pastorale berading van gelowige vroue. Die data wat deur die empiriese navorsing na vore gekom het, word deurentyd met genoemde teoretiese perspektiewe in verband gebring om sodoende praktykteoretiese riglyne daar te stel.

5.2 AGTERGROND VAN RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN MEDE-AFHANKLIKE GELOWIGE VROUE

5.2.1 Inleiding tot die agtergrond

Volgens Louw (1999:5) besit 'n teologiese besinning (die besig wees met die ontwerp van 'n basisteorie) vier kerndimensies, naamlik:

- Die Christelike waarheid moet so geformuleer word dat 'n eventuele pastorale praktykteorie aanvullend ten opsigte van ander hulpverlenende en terapeutiese teorieë in die geesteswetenskappe kan funksioneer. Hierdie

studie beoog om vanuit die Skrif praktykteoretiese riglyne daar te stel wat aanvullend tot ander hulpwetenskappe gebruik kan word.

- Skrifperspektiewe op die mens self – dit wat die Skrif oor die mens leer – maak 'n belangrike deel van hierdie studie uit en sal in die praktykteorie verreken word.
- Die interpretasie- en die kommunikasieproses. Dit is om die teologiese verstaan van die mens sinvol binne sy konteks te kommunikeer. In hierdie studie is dit om die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou binne die konteks van mede-afhanklikheid te verstaan.
- Om die uitwerking, invloed en ervaring wat pastorale hulpverlening beoog, te omskryf. Ingryping wat verandering bewerkstellig word ten doel gestel. Die uiteindelijke doelstelling van hierdie navorsing is om riglyne daar te stel wat kan gebruik word om die mede-afhanklike gelowige vrou tot spirituele groei en volwassenheid te begelei.

5.2.2 Boublokke vir 'n vaste fondament in pastorale berading

Dit is nodig om 'n vaste Christelike fondament te lê met betrekking tot die geloofstelsels van die berader, sowel as die beradene, alvorens daar met berading begin word. Hierdie vaste fondament voorkom misverstande in die beradingsproses en help ook om die verwagte uitkomst te formuleer. Die navorser is van mening dat daar vier belangrike boublokke teenwoordig moet wees om 'n vaste fondament vir pastorale berading te lê, naamlik:

5.2.2.1 Emosionele en spirituele volwassenheid

In sy interaksie met mense was Paulus altyd daarop gerig om mense na Jesus Christus te begelei en om hulle te leer, sodat hulle tot geestelike volwassenheid kon kom (Kol.1:28). Slegs wanneer die gelowige groei tot heiligmaking kan sy haar uiteindelijke Godgegewe doel bereik, naamlik om al meer na die beeld van Christus omvorm te word. Emosionele en spirituele volwassenheid behoort dus die doelwit van pastorale berading te wees. Vir Louw (1993:246) moet die pastorale gesprek aan sekere vereistes voldoen waarvan die antropologiese doelwit geloofsgroei en geloofsvolwassenheid is, om dit te onderskei van psigologies georiënteerde beraad, naamlik:

- Die *wat* van die pastorale gesprek gaan oor die inhoud van heil en geskied deur middel van Skrifvertolking.
- Die *vervulde beloftes* van God soos verkry uit *Skrifopenbaring*, spreek die *bron* van die pastorale gesprek aan.
- By die *wie* van die gesprek gaan dit oor *die mens* wat geskape is na die beeld van God.
- Die *hoekom* van die gesprek word bepaal deur die *motief* in die hart van die berader/pastor deur die ontferming van God.
- Die *agape liefde* van God soos dit uitgeleef word deur die hoëpriesterlike meelewing en daadwerklike barmhartigheid van Jesus, beantwoord die *hoe* van die gesprek.
- Die *waartoe* word vervul deur die proses van *geloofsgroei na geloofsvolwassenheid*.
- Die *gemeenskap van gelowiges* is die antwoord op die *waar* van die pastorale gesprek.

Ons sien dus dat die pastorale gesprek oor aspekte soos taal, houdings, relasie en kommunikasiehandel en dat laasgenoemde ten diepste gaan oor twee persone se interaksie met mekaar om tot 'n beter verstaan van mekaar te kom ter ontsluiting van egte menslikheid. Die kwaliteit van hierdie ontsluitingsproses word volgens Louw (1993:247) ten diepste geraak deur waardesisteme, gesindhede, lewensbeskouings en geloofsoortuiging. Die navorser wil ook die belangrikheid van hierdie aspekte beklemtoon, vandaar die spesiale verwysing daarna in 5.2.2.3 en 5.2.2.4.

5.2.2.2 Die korrekte Skrifgebruik in pastorale berading

Binne die konteks van hierdie navorsing, waar godsdiensverslawing, verwronge Godsbegrip en geloofspatologie (vgl. 4.4.4) 'n kernelement van afhanklikheid en mede-afhanklikheid gevorm het, is dit noodsaaklik om die gebruik van die Skrif in die gelowige se lewe in die algemeen en spesifiek in die pastoraat uit te lig. Waninterpretasie van die Woord kom voor wanneer daar nie op geldige hermeneutiese wyse met die Skrif omgegaan word nie. Die hermeneutiek bied 'n metode van begrip wat verantwoordelike interpretasie van die Woord van God verseker. Alhoewel die gelowige die Gees van God het en gesalf word deur die Heilige Gees om die Skrif te verstaan, moet in ag geneem word dat die Bybel in 'n menslike taal geskryf is wat op meer as een manier verstaan kan word en in ander kultuur-

historiese omstandighede geskryf is en daarom is die potensiaal van wan-interpretasie 'n faktor om te verreken.

- Die praktiese gebruik van die Skrif

Eie skrifstudie is vir die pastorale berader van groot belang sodat hy self eers beseft wat die Skrif sê oor spesifieke gedeeltes voordat dit in die beradingsproses gebruik kan word. Dit is belangrik dat die beradene self ook sal worstel met die Skrif met die hulp van 'n goeie studiebybel, sodat teksgedeeltes binne die groter konteks geïnterpreteer kan word en die Skrif op praktiese konkrete wyses geïmplementeer kan word.

Die Bybel is volgens Vosloo en Van Rensburg (1993:1894) tegelykertyd 'n goddelike en 'n menslike boek, want dit is 'n versameling van menslike verhale en geskifte waardeur God Homself aan die mens bekend maak. Die waarde van die Skrif lê volgens Paulus (2 Tim. 3:16) op twee terreine, naamlik:

- Leerstellig: om in die waarheid te onderrig en die dwaling te bestry; en
- Prakties: om 'n verkeerde lewenswyse reg te stel en om regte lewenswyses te kweek.

As die Bybel so gebruik word, kan die mens volgens die Woord en Wil van God leef. Sistematiese Bybelstudie is dus baie belangrik om God se Woord deel van die mens se sisteem te maak, sodat die Heilige Gees hom kan herinner aan daardie kennis van die Woord wanneer die mens dit benodig (Vosloo & Van Rensburg, 1993:1894). Die pastorale berader kan die Woord van God gebruik soos daar in 2 Timoteus 3:16 geskryf word: vir teregwysing, verkondiging, bestraffing en bemoediging.

Hendricks en Hendricks stel voor dat die Bybelstudent sekere praktiese vrae vra wanneer hy met die Skrif omgaan (vgl. Collins, 2001:52):

- Is daar in hierdie gedeelte van die Skrif vir my 'n voorbeeld om te volg?
- Is daar sonde wat ek moet vermy?
- Is daar 'n belofte wat ek op myself van toepassing kan maak?
- Is daar 'n gebed wat ek kan herhaal?
- Is daar 'n opdrag om te gehoorsaam?

- Is daar 'n voorwaarde wat ek moet nakom?
- Is daar 'n fout wat ek moet vermy?
- Is daar 'n uitdaging waarvoor ek te staan kom?
- Is daar iets in die teks wat ek moet memoriseer?

5.2.2.3 'n Bybelse wêreldbeskouing

Toegewyde Christene bou nie noodwendig altyd hulle geloof- en waardesisteme op die Skrif nie (vgl. 3.8.8.2). Die navorser is daarom van mening dat elke pastorale berader moet seker maak dat beradenes 'n Bybels-gefundeerde wêreldbeskouing handhaaf ten einde geloofsgroei te verseker. Hierdie Bybelse wêreldbeskouing is van wesenlike belang by die berading van die mede-afhanklikke gelowige vrou, wat dikwels (vgl. 4.4.1) in haar verlede verkeerdelik geleer het om die Bybel te *vergeestelik* en haar sekuriteit te vind in wettisisme en vormgodsdienst. Collins (2001:225) het 'n skematiese voorstelling van die proses van die skepping tot by die verheerliking van die mens by die wederkoms van Christus gemaak wat as riglyn kan dien om 'n Bybelse gefundeerde wêreldbeskouing in die berading daar te stel. Dit word as aanhangsel (G) aangeheg.

5.2.2.4 'n Volwasse en gebalanseerde spiritualiteit

Die belangrikheid van die berader se spirituele stand en groei is reeds in hierdie studie vermeld (vgl. 3.8.8.3). Daar word volstaan met die feit dat pastorale beraders hul totale afhanklikheid van God in die berading moet besef en uitleef. God Drie-enig word op die volgende wyse in berading beleef:

- God as liefdevolle Vader tot wie ons met vrymoedigheid kan nader (Heb. 10:19-25). Hy openbaar sy wysheid deur die berader en in Hom beleef die berader sekuriteit, omdat niks voor sy aangesig verberg is nie (Heb. 4:13).
- God die Seun as Wonderbare Raadsman – Jesaja 9:5. In Jesus ervaar die pastorale berader en die beradene die God-Mens wat deel het aan die probleme en lyding van die mens (Heb. 2:18).
- God die Heilige Gees as Berader en Openbaarder. Hy gee leiding en lei ons in die volle waarheid. Hy is ook die bron van krag wat oorwinning oor Satan en sy magte gee (1 Joh. 4:4). Die Heilige Gees leer ons en herinner ons aan die woorde van Jesus (Joh. 14:25).

Opsommenderwys word die spiritueel volwasse berader beskou as die persoon wat:

- Eie innerlike geestelike konflikte reeds opgelos het in Christus en in 'n intieme verhouding met God staan.
- Betrokke is by 'n ondersteuningsgroep aan wie hy rekenskap kan gee.
- 'n Balans handhaaf tussen die lees van Bybelse en professionele bronne.
- Die geestelike dissiplines beoefen.
- Op God en sy leiding tydens die beradingsproses vertrou.
- Voortdurend in geloof en heiligmaking groei.

5.3 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN MEDE-AFHANKLIKE GELOWIGE VROUE

Drie fases word in die beradingsproses onderskei naamlik:

- **Fase een: Vertelfase** – eerste onderhoud (vgl. 5.4.1)
 - Samel inligting in oor die kerngesin en huidige lewensomstandighede.
Gee die lewenslyn vir huiswerk (vgl. 2.5.6; 4.3.2.2 en 4.4.5).
 - Verkry inligting oor die gesin-van-oorsprong.
Trek die genogram tydens 'n beradingsessie en gee vir huiswerk, sodat die deelnemer dit op haar eie tyd voltooi.
 - Identifiseer negatiewe emosies en denke, deur middel van die **lewenslyn en genogram-interpretasie** (vgl. 5.4.1; 5.4.2).
- **Fase twee: Insigfase**
 - Identifiseer sondige gedragspatrone (vgl. 4.3-4.4.). Herhalende patrone deur die loop van die kerngesinsgeskiedenis word deur die **lewenslyn** en oor generasies heen, deur die **genogram** uitgelig (vgl. 2.5; 4.3.2.2; 4.3.2.3).
 - Identifiseer negatiewe denke oor die self, ander en God (vgl. 3.7-3.7.3; 5.4.2.1-5.4.2.4).
 - Identifiseer die verliese en werk deur die rouproses (vgl. 5.4.2.3).
 - Die identifisering en verwerking van enige onverwerkte trauma

- Vergifnis: Identifiseer die bitterheid met betrekking tot persone uit die gesin-van-oorsprong, sodat die proses van vergifnis deurgewerk kan word (vgl. 5.4.2.4).

- **Fase drie: Fase van nuwe lewe**

- Ontdek die nuwe identiteit in Christus.
- Spiritualiteit – identifiseer slaggate in spiritualiteit by die mede-afhanklike (vgl. 3.8.7.2).
- Die interafhanklikheid tussen mede-afhanklikheid en spiritualiteit (vgl. 3.7.4).
- Geestelike dissipline as 'n leefwyse.

5.3.1 Uiteensetting van riglyne vir berading

Die berading geskied hoofsaaklik in drie fases, maar die fases is nie altyd duidelik onderskeibaar nie en kan inmekaar vloei. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie fases slegs breë riglyne voorstel en nie 'n volledige model is vir die berading van mede-afhanklikes nie. By elke fase kan daar meer volledig ingegaan word op toepaslike aspekte wat nog by mede-afhanklikheid voorkom.

Die skematiese voorstelling op die volgende bladsy verduidelik die beradingsproses wat gevolg word by mede-afhanklike gelowige vroue.

RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN MEDE-AFHANKLIKE GELOWIGE VROUE

A	B	C
<u>Fase 1</u>	Skep van vertrouensverhouding	Onderhoud 1
Vertelfase	Huidige lewensomstandighede	Verhelder deur lewenslyn
Gebed	Gesin van oorsprong	Verhelder deur genogram
	Identifiseer negatiewe emosies →	* Waardeloosheid , verwerping
<u>Fase 2</u>	Identifiseer sondige gedrags- patrone →	Mede-afhanklike gedrag bv. * geen grense/ * vrees vir mense/
Insigfase Gebed	Identifiseer negatiewe denke oor self, ander en God Hanteer die verliese en onverwerkte trauma Vergifnis +	Rouproses Deel van die heiligmakingsproses
	Verwonge Godsbegrip	Skrifbeskouing op die mens * Verdraaide Godsbegrip Negatiewe Godsvoorstelling (fig. 5.4) Positiewe Godsvoorstelling (fig. 5.5)
<u>Fase 3</u> Fase van die nuwe lewe/ Skep hoop Gebed	Nuwe identiteit in Christus Spiritualiteit	Wat sê die Skrif oor die kind van God Geestelike dissiplines

Tabel 7

Elke fase gaan gepaard met gebed en die leiding van die Heilige Gees speel 'n belangrike rol in die beradingsproses.

5.4 RIGLYNE VIR DIE BERADING VAN MEDE-AFHANKLIKE GELOWIGE VROUE

5.4.1 Fase een: Verhoudingsbou- en vertelfase

Fase een: Die praktiese gebruik van die lewenslyn en genogram is reeds in vorige hoofstukke hanteer (vgl. 2.5; 2.5.6; 4.3.2.2 en 4.3.2.3) waar mede-afhanklike gedragspatrone geïdentifiseer en sondige, selfgesentreerde gedrag in die ontleding van die gevallestudie uitgewys is .

Dit is belangrik dat die berader 'n gesindheid van algehele aanvaarding teenoor die deelnemer betoon aangesien verwerping en die gevoel van *ek is nie goed genoeg nie* deel van die mede-afhanklike persoon se verwysingsraamwerk is. Wanneer die berader die deelnemer met dieselfde gesindheid nader as wat Jesus teenoor mense in nood geopenbaar het, ervaar die mede-afhanklike persoon liefde en onvoorwaardelike aanvaarding en sodoende word vertrouwe geskep. Die volgende doelwitte word in hierdie fase beoog:

- Bou aan die verhouding, skep vertrouwe, openbaar die gesindheid van Jesus.
- Lig die deelnemer in oor die verloop van die beradingsproses en wat van haar verwag word, watter rol die berader speel en die aandeel van die Heilige Gees asook die rol van gebed in die beradingsproses. Die deelnemer, die berader en die Heilige Gees vorm saam 'n span wat die deelnemer deur die moeilike en pynlike proses sal dra. Gee die deelnemer tyd om daarvoor na te dink en daarvoor te bid. Daarna kan 'n samewerkingsooreenkoms geteken word. Die doel hiervan is om die deelnemer te ondersteun om aanspreeklikheid te neem vir haar eie herstel. Die kern van hierdie fase is om 'n gewilligheid by die deelnemer te verkry om haar lewe te exploreer, om te ontdek wat die oorsprong van mede-afhanklike gedrag is en om in die pyn in te beweeg wat die ontdekking meebring.
- Eksplorering en ontdekking – tydens hierdie fase word die **lewenslyn** (vgl. 2.5.6; 4.3.2.2) gebruik om 'n oorsig van die deelnemer se gesinsgeskiedenis te gee. Hierdie lewenslyn word gewoonlik vir huiswerk gegee wat die voordeel inhou dat dit die deelnemer help om haar lewensgebeure sistematies te orden, te deurdink en in verband te bring met haar huidige

probleem. Herhalende patrone word uitgewys en insig verkry in negatiewe gedragsspatrone. Die lewenslyn is veral nuttig om die huidige situasie van die kerngesin te evalueer.

- Die genogram – die doel van die genogram is om insig te verkry in herhalende gedragsspatrone en gesindhede wat oor generasies heen voorgekom het (vgl. 2.5-2.5.5; 4.3.1; 4.3.2.3; fig. 4.4 en 4.5 en bylae D).
- Fokus op die emosies van die deelnemer – dit is vir die deelnemer belangrik om in hierdie fase ook in kontak met haar eie emosies te kom. Aangesien die mede-afhanklike persoon so ingestel is op ander se welsyn, emosies en gedrag, vind hulle dit baie moeilik om hul eie emosies te identifiseer. Daarom is dit nodig om in hierdie fase en deurlopend in die berading, tyd toe te laat om die deelnemer se emosies te eksploreer en saam met haar daaroor te bid (vgl. 4.3.2). In die praktyk het die navorser ondervind dat mede-afhanklike vroue by die opstelling van die lewenslyn geneig is om net die feitelike gebeure neer te skryf, sonder om enigsins in kontak te kom met hul eie gevoelens. Daarom is dit belangrik dat die berader ingestel sal wees om toepaslike vrae te vra wat die emosies ontbloot, byvoorbeeld: *Hoe het jy gevoel toe mnr. Y weer sy werk verloor het en julle vir die vierde keer in twee jaar moes verhuis?*

5.4.1.1 Waardeloosheid

Die emosie van waardeloosheid word uitgesonder, omdat die teorie (2.3) en die praktyk (4.4.5) aangetoon het dat hierdie gevoel van waardeloosheid 'n kenmerkende eienskap van mede-afhanklikheid is en die spiritualiteit van die gelowige vrou ten diepste raak. Hierdie gevoel van waardeloosheid gee aanleiding tot die soeke na die goedkeuring van mense en uiteindelik na die vrees vir mense, ter wille van aanvaarding en erkenning.

Huiswerkopdrag vir dié wat niks werd voel: Kies enige Skrifgedeelte wat vir jou spesiaal is en verpersoonlik dit, byvoorbeeld 1 Korinthiërs 13:4-8 sal so geskryf word:

- *Omdat God my lief het is Hy geduldig met my.*
- *Omdat God my lief het neem Hy die omstandighede van my lewe en gebruik dit om my konstruktief te laat groei.*
- *Omdat God my lief het behandel Hy my nie soos 'n objek wat Hy kan manipuleer en besit nie.*

- *Omdat God my lief het wil Hy sien dat ek groei en in sy liefde ontwikkel.*
- *Omdat God my lief het straf Hy my nie vir elke klein foutjie wat ek maak nie.*
- *Omdat God my lief het word Hy diep getref en teleurgestel wanneer ek nie sy pad bewandel nie en Hy sien dat ek Hom nie genoeg vertrou nie.*
- *Omdat God my lief het, verheug Hy hom daarin wanneer ek in oorwinning lewe en in sy krag lewe en opstaan uit die druk van die lewe ter wille van sy naam.*

5.4.2 Fase twee: Insigfase

Die volgende uitkomst word in hierdie fase beoog:

- Om sondige gedragspatrone te identifiseer. Dit behels die erkenning van alle verslawende, kompulsiewe en obsessiewe aspekte wat aan die huidige lewenstyl gekoppel is en die erkenning van alle aspekte wat aan verlore kinderjare gekoppel is.
- Identifiseer mede-afhanklike gedragspatrone, byvoorbeeld: **vrees vir mense**, die rol wat die persoon in die huisgesin **vertolk het en** aspekte wat met 'n vals identiteit verband hou. Die genogram kan ook gebruik word om die tipe, of die gebrek aan **grense** wat in die gesin-van-oorsprong voorgekom het en **oorgedra** is na die kerngesin, uit te lig en te hanteer (vgl. 5.4.2.1; 5.4.2.2).
- Verlieshantering - die volle rouproses word hier toegelaat en dit word vorentoe bespreek (vgl. 5.4.2.3).
- Die hantering van onverwerkte trauma (vgl. 5.4.2.4)
- Vergifnis word as 'n proses bespreek (vgl. 5.4. 2.5).
- **Godsbegrip** - in hierdie studie het die genogram waardevolle inligting na vore gebring oor die spiritualiteit van die deelnemer se voorgeslagte en die invloed daarvan op haar eie spiritualiteit (vgl. fig. 4.6). **Die navorser beskou hierdie aspek as die kernaspek van fase twee, omdat die verwronge Godsbegrip en die geloofspatologie** (vgl. 3.7.1-3.7.3) wat daaruit voortvloei so 'n groot impak op die spiritualiteit van die deelnemer en haar gesin-van-oorsprong gehad het (vgl. 4.4.5 - geloofspatologie). 'n Negatiewe Godsvoorstelling gee aanleiding tot ontoepaslike geloof en 'n positiewe Godsvoorstelling tot volwasse geloof (vgl. 3.8.6). Die onderstaande tabel is aangepas uit, en bied 'n oorsig van Van Jaarsveld en Louw se Godsvoorstelling soos uiteengesit deur Moore (2004:234-235).

NEGATIEWE GODSVOORSTELLING (ONTOEPASLIKE GELOOF)

Geloofsinhoud	Uitwerking op gedrag	Verduidelikende aantekeninge
a) God moet alles regmaak.	Verwyd en neerslagtigheid	Wanneer God as kragreus geïnterpreteer word in 'n situasie van lyding en die persoon se omstandighede verander nie, lei dit tot negatiewe gevoelens.
b) God straf onregverdig. God is kwaai en hou my dop. Hy is ontevrede met my en genadeloos soos my ma/pa (vgl. 4.4.4, p. 40).	Weerstand, opstandigheidsgevoelens, haatgedagtes en aggressie (vgl. 4.6.1)	God word nie direk as 'n sadis of paaiboelie beskou nie, maar omdat God straf, dink mense God het 'n behae in lyding. "God tugtig die wat Hy liefhet." Tug kry nou 'n sadistiese konnotasie i.p.v. dat dit gesien word as 'n beskermingsmaatreël van die Vader om 'n koerswysiging in negatiewe gedrag daar te stel.
c) God gee net die goeie dinge.	Teleurstelling en vertwyfeling	God word as 'n soort Kersvader voorgestel of as 'n assurancesplan teen verlies. God en geloof is daar om sukses te waarborg en vooruitgang te verseker. As mense van hul materiële waarborge beroof word, of as hulle gesondheid aangetas word, voel hulle teleurgestel en ervaar gevoelens van twyfel.
d) God is die oorsaak van die kwaad (vgl. 4.4.1; 4.4.4).	Neutraliteit en ongeloof	God word gesien as 'n outeur wat 'n soort verklaringsgeloof tot gevolg het. Alles word verklaar uit oorsaak en gevolg. Die resultaat – dikwels verwerping van God.
e) God besluit alles vooraf.	Onsekerheid, angs en knaende twyfel	God word as 'n programmeerder/rekenaar gesien. Geloof word as 'n rasionele aangeleentheid gesien. Die raad van God word beskou as 'n logiese bloudrukplan vir die verloop van menslike gedrag. Daar kan nie van hierdie plan afgewyk word nie.
f) God is die antwoord op alle probleme.	Oppervlakkige optimisme	God as towenaar. Geloof word as 'n kitsformule gesien wat alles moet oplos. Die uitspraak: "Glo net en alles sal regkom" wek die indruk dat God 'n towerstaf het. Indien 'n persoon terminaal siek is en nie gesond word nie, is dit omdat sy geloof te swak is.

Tabel 8

POSITIEWE (TOEPASLIKE) GODSVOORSTELLING (VOLWASSE GELOOF)

Geloofsinhoud	Uitwerking op gedrag	Verduidelikende aantekeninge
a) God is daar.	Vertroue, sekuriteit en geborgenheid	God as Vader. Die Vader-metafoor versterk die gedagte aan 'n troue God. Die gelowige kan op God se beloftes staatmaak. Die verbonds-formule <i>Ek sal vir jou 'n God wees</i> dui op troos en ontfermende liefde.
b) God help en doen iets as Redder.	Dankbaarheid, nabyheid en intimiteit.	God as Vriend. God is naby en teenwoordig. Sy vriendskap dui op: (i) Vergifnishulp in geval van menslike hulp. (ii) Oorwinningshulp in geval van doodsangs.
c) God vir my, in my plek.	Vrede en versoening	God as Verlosser. Sonde bring vervreemding tussen mens en God. Die versoening wat God in Christus bewerkstellig het, bring vrede tussen God en die mens in die vorm van algehele bevryding.
d) God woon in my.	Moed, krag en hoop	God as Trooster. Die Heilige Gees bevestig dat God alle bose magte oorwin het en aan die kant van die mens staan. God verklaar die mens regverdig en Hy is werklik elke oomblik in die mens teenwoordig.
e) God beoordeel my lewe regverdig.	Verantwoordelikheid en doelgerigte besluitneming	God as Regter. Menslike gedrag word bepaal deur God se norme in die lig van Skrifwaardes. Dit beteken dat die mens 'n sedelike wese is. Die mens hoef nie vir God as Regter bang te wees nie. God se regterskap beteken dat die mens 'n rentmeesterskap ontvang het waarvoor hy/sy aanspreeklik is.

Tabel 9

Die bostaande Godsvoorstelling dien as 'n nuttige hulpmiddel om die beradene se geloofsperspeksies met betrekking tot die Godsbegrip te evalueer.

5.4.2.1 Grense:

Die sondeval het gelei tot die vernietiging van grense, en gebrekkige grense veroorsaak dat die mens moeilik bepaal waarvoor hy eienaarskap moet neem. Dikwels ontken ons, ons eie verantwoordelikheid en oortree deur ander se verantwoordelikheid van hulle af weg te neem. Om eienaarskap te neem van eie gevoelens, gedrag, houdings en keuses is noodsaaklik om grense te bepaal. Die mede-afhanklike persoon het gedurende die vormingsjare nie kans gehad om eie gevoelens, keuses of gedrag te bepaal nie as gevolg van die oorheersing van 'n ouer. Dit was die geval met die deelnemer (vgl. 4.4.5). As kind kon sy nooit eie keuses uitoefen nie en was sy ook nie toegelaat om foute te maak nie. Vanweë die feit dat sy voortdurend verantwoordelikheid vir die jonger kinders moes neem, was sy later ook net op die behoeftes van ander ingestel.

Mede-afhanklike persone stel altyd ander persone voorop ten koste van hulself, sodoende ontstaan daar by hulle verwarring oor wie verantwoordelik is vir wat. Dikwels laat hulle mishandeling of misbruik toe, omdat hulle grensverwarring ervaar.


Selfdifferensiasie (vgl. 2.4.2): Dit verwys na 'n eie identiteit, unieke individualiteit wat ontwikkel wanneer 'n persoon gesonde grense stel. Fusie beteken die teenoorgestelde en kom voor wanneer daar 'n verlies aan die **self** is. Die volgende belangrike punte moet onthou word wanneer die deelnemer begin om grense te stel.

- Die oprigting van grense begin deur geloof.
- Die eerste vereiste om werkbare grense neer te lê, is dat die mishandeling moet stop.
- Soms is mense bang om grense te stel omdat dit vir hulle selfsugtig of hoogmoedig voel.
- Is jy bereidwillig om God se grense, soos dit in die Woord voorkom, as model te aanvaar om grense vir jouself en ander te stel?
- Maak 'n opname van jou probleme uit die verlede.
- Identifiseer huidige probleme.
- Bestudeer die oorsake van huidige probleme.
- Is daar 'n verband tussen probleme van die hede en verlede?
- Ontwikkel 'n verhouding met een of meer persone wat jou kan help om grense neer te lê.

- Stip die area in jou lewe uit waarvoor jy alleen verantwoordelik is.
- Identifiseer die area waar jy voorheen beheer geneem het en waarvoor jy **nie verantwoordelik is nie**.
- Oefen gereeld om vir jouself grense neer te lê.
- Oefen om “nee” te sê in verhoudings waar jy veilig voel.
- Wees te alle tye emosioneel eerlik met jouself, byvoorbeeld met betrekking tot eie behoeftes en gevoelens.
- Oefen eers om minder grense daar te stel voordat meer drastiese grense gestel word.
- Kry 'n betroubare geloofsvriendin om aan rekenskap te gee wat betref jou vordering.
- In die proses om grense neer te lê, mag weerstand van geliefdes ondervind word, of selfs spot verduur word.
- In die daarstelling van grense moet ander se grense ook eerbiedig word.
- Wanneer nuwe grense neergelê is, moet die mede-afhanklike vrou leer om God te begin vertrou en moet sy haar lewe aan sy genade en beheer oorgee.
- Dit is 'n moeisame proses.

Beveel die boek: **Grense mens tot mens** deur **Cloud en Townsend** aan. Hierdie boek bied uitstekende riglyne vir die persoon wat moet begin om grense te stel met betrekking tot kommunikasie en verhoudings (vgl. 2.3.3).

Die onderstaande skematiese voorstelling kan die gelowige help om grense te stel.



Figuur 5.1

Areas van beheer

haarself voortdurend afvra in wie se area sy haar bevind. Wanneer sy in haar eie area is, moet sy self verantwoordelikheid vir haar gedrag neem. Sy moet daarteen waak om beheer te neem in ander se areas en moet vir hulle bid en die kompulsie weerstaan om alles te wil *fix*. Wanneer niks aan 'n situasie gedoen kan word nie, moet sy God in geloof vertrou en bid oor die omstandighede. Die mede-afhanklike gelowige vrou moet daarop bedag wees om nie beheer te neem oor ander se areas nie.

5.4.2.2 Vrees vir mense

Mede-afhanklike gedragsspatrone lei tot verbokkeling van verhoudings wanneer obsessiewe beheer oor ander se gedrag uitgeoefen word met die doel om ander belangrike persone (*significant others*) te beskerm en optrede om ander te imponeer om aanvaarding te kry. Dit gee aanleiding tot die vrees vir mense bo die vrees vir God. Begeertes wat *buite* God gesoek word, gee gewoonlik aanleiding tot *allerhande* vrese, byvoorbeeld so sal die begeerte tot aanvaarding en erkenning by mense aanleiding gee tot 'n vrees vir verwerping deur mense. Dit gee weer aanleiding tot die ontwikkeling van 'n vals identiteit en vrees vir mense bo die vrees

vir God. 'n Begeerte na mag en status kan ontstaan as gevolg van 'n gevoel van waardeloosheid en werkolisme kan ontstaan as gevolg van 'n vrees vir armoede.

5.4.2.3 Hanteer die verliese

Gesonde rou is noodsaaklik vir die genesingsproses (vgl. 4.3.2) omdat dit deel van die emosies is wat God aan die mens gegee het om van hartseer en pyn ontslae te raak. Om behoorlik te rou is nie 'n natuurlike proses nie, omdat die mens geneig is om emosies te onderdruk en dit is belangrik dat die beradene in die rouproses begelei sal word om behoorlik oor verliese te rou. Die navorser het by die deelnemer ook 'n fase van intense hartseer waargeneem wat nog tot na afloop van die berading in 'n mindere mate voorgekom het. Dit is baie belangrik vir die mede-afhanklike persoon om deur die rouproses te gaan waar persoonlike verliese en sekondêre verliese geïdentifiseer is.

Fases van die rouproses:

- Skok en ontkenning
- Woede
- Onderhandeling
- Depressie
- Hartseer (Hierdie fase is by die Meier-klinieke ingevoeg as 'n ekstra fase. Die navorser het in die praktyk beleef dat dit dikwels met die depressiefase gepaard gaan.)
- Aanvaarding/vergifnis en oplossing

Die roufasies gaan nie hier bespreek word nie, maar wat wel van belang is, is dat die berader moet bepaal in watter fases die beradene tydens berading verkeer. Dit is vir die gelowige vrou moeilik om die woedefase te beleef, omdat sy dikwels haar lewe lank woede moes onderdruk en die *dienskneg-/verantwoordelike* (in die deelnemer se geval *die soet dogtertjie*) rol moes vervul. Dit was vir haar moeilik om aan haarself toestemming te gee om kwaad te voel oor die misbruik wat sy toegelaat het. Mede-afhanklike vroue haak ook dikwels in die depressiefase vas (vgl. 2.3.4) vanweë die onderdrukking van negatiewe emosies.

Coetzer (2007a:65-66) bespreek die volgende areas van rou wat by die mede-afhanklike persoon voorkom en wat die navorser ook as basis gebruik by die rouproses:

- Rou oor die pyn binne jou gesin-van-oorsprong en die pynlike verliese wat met 'n disfunksionele huis gepaard gegaan het – sien ook verliese onder 5.4.2.3 (vergifnis).
 - Skryf 'n brief aan jouself waarin jy alles wat jy as kind gemis het neerskryf. Identifiseer die gevoelens en skryf neer hoe jy nou daarvoor voel wanneer jy dit onthou.
- Rou met betrekking tot die afskeid van ouers.
 - Skryf 'n brief aan jou ma waarin jy jou verlange uitdruk na emosionele geborgenheid, aanvaarding en liefde. Lys jou teleurstellings, verwagtings en behoeftes wat nooit aan voldoen is nie. Onthou om ook jou waardering uit te spreek vir positiewe dinge wat jy kan onthou.
 - Skryf 'n brief aan jou pa waarin jy jou belewenis van hom as pa uitspreek en wat jou verwagtings as klein dogtertjie eintlik van hom was.
 - Skryf hierna 'n brief aan jou ouers waarin jy hulle omstandighede waarvan jy bewus is rondom hul eie kinderjare kortliks neerskryf. Gebruik die genogram hiervoor, en spreek daarna jou deernis oor hulle swaarkry en teleurstellings uit en vergewe hulle. Neem ook afskeid van hulle, deurdat jy enige beheer wat hulle nog oor jou het, bely en neem self verantwoordelikheid vir jou eie optrede en foute.
- Rou oor verslawing, mede-afhanklikheid en ander oorlewingsmeganismes waarvan nou afstand gedoen moet word. Treur byvoorbeeld oor die verliese van vriendskappe en familieleden wat jou misbruik het.
 - Skryf 'n brief aan jou man waarin jy kortliks vir hom verduidelik wat mede-afhanklikheid is. Hou die volgende aspekte in gedagte:
 - (a) beheer en verantwoordelikheid;
 - (b) gebrek aan grense – dit het misbruik tot gevolg gehad;
 - (c) waardeloosheid – wie jy nou in Christus is; en
 - (d) jou eie wanpersepsie oor God en die gevolge daarvan.

In die geval van die deelnemer (die egpaar was tydens die aanmelding besig om te skei) kan sy 'n brief soortgelyk aan dié aan haar ouers skryf, waarin sy rou oor

verliese en misbruik in die huwelik en ook oor die gevolge van haar eie mede-afhanklike gedrag.

Dis belangrik om daarop te let dat die doel van hierdie briewe is om eie emosies te eksploreer, sondige gedragspatrone uit te wys en verliese te bepaal en nie om te beledig, blaam te verplaas of verwyte te slinger nie, daarom word hierdie briewe nie aan die betrokkenes gegee nie, maar in die beradingsproses deurgewerk om by vergifnis uit te kom en daarna te vernietig.

- Rou oor die verliese wat neweprodukte van mede-afhanklikheid was, byvoorbeeld al die hartseer, die foute wat begaan is, die misbruik wat toegelaat is, die spanning, verwerping en die rusies waarvan mede-afhanklikheid die oorsaak was. Doen dit deur 'n joernaal te hou van daaglikse gebeure en foute wat nog gemaak word, deur negatiewe gedagtes wat nog opduik te identifiseer en mede-afhanklike gedragspatrone aan te teken.

5.4.2.4 Hantering van onverwerkte trauma

Trauma strek oor die algemeen wyer en dieper as net verliese en verg spesiale hantering. Geweld en mishandeling in verskeie vorms laat diep emosionele letsels wat dikwels deur die slagoffer se geheue uitgeblok word. Geen mens weet vooraf wanneer 'n krisis of trauma in sy/haar lewe gaan opduik nie. Lyding is onlosmaaklik deel van die menslike bestaan in hierdie sondige gebroke wêreld. God se hand van verlossing bly steeds na die mens toe uitgestrek selfs wanneer mense mekaar op die gruwelikste wyse behandel. Die Gees van God pleit steeds by die mens en Hy sal voortgaan om sy kinders te vertroos.

Vanweë die feit dat trauma so 'n intense en gespesialiseerde veld is, word daar volstaan met die feit dat die pastorale berader daarop bedag moet wees om ook binne die veld van mede-afhanklikheid die trauma wat verslawende toestande meebring, te hanteer.

5.4.2.5 Vergifnis (vgl. 5.3)

In samehang met die hantering van verliese en onverwerkte trauma behoort die vergifnisproses plaas te vind.

Vergifnis is 'n proses, dis soos 'n reis wat plaasvind oor 'n tydperk en waarvan die besluit om te vergewe die eindbestemming is (vgl. 4.3.2.4). Hierdie reis begin vir die mede-afhanklike persoon by die ontdekking van verliese en die hantering van onverwerkte trauma wat plaasgevind het deur die loop van haar lewe. Die eerste en grootste verlies is gewoonlik die verlies aan die ontwikkeling van 'n eie unieke identiteit (vgl. 2.3.2). Ander verliese kan wees die verlies aan sekuriteit, geborgenheid, emosionele ontwikkeling, normale sosiale interaksie, verlies aan geestesgesondheid, aan 'n normale ouerhuis, liefdevolle kommunikasie en interaksie met ander, die vestiging van gebalanseerde, standvastige verhoudings en laastens, die ingrypendste, die verlies aan 'n werklike intieme verhouding en ware persepsie van God. Wanneer die mede-afhanklike vrou verwerp, verrai, verwond, beroof en teen gesondig is, kan slegs vergifnis haar volkome vrymaak, maar...

Forgiveness is not natural, it's a divinely powerful weapon that we can use only because the Lord can forgive and He forgave us (Presson & Colter, 2006:25).

Belydenis – 'n Belangrike komponent van vergifnis, is belydenis. Wanneer die beradene tot ware insig en berou gekom het en die verliese hanteer het, is belydenis van eie sondige gedragspatrone dikwels 'n natuurlike uitvloeisel daarvan (vgl. 4.3.2.4). As mense is ons bewus van die feit dat ons ons sonde teenoor God moet bely, maar die Bybel gee ook opdrag dat ons ons sonde teenoor mekaar moet bely (Jak. 5:16).

5.4.3 Fase drie – Die fase van nuwe lewe

5.4.3.1 Vals identiteit as gevolg van mede-afhanklikheid

Gevoelens soos genoem in 2.2.2, te wete 'n lae selfwaarde, innerlike leegheid, ondergeskiktheid van eie behoeftes ter wille van die van ander belangrike persone, ontkenning en oneerlikheid met betrekking tot eie emosies, tesame met die rolle (vgl. 2.3.2) wat die mede-afhanklike persoon in die disfunksionele huisgesin aanleer, gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n *vals* identiteit. Paulus bemoedig die gelowiges

in Efesiërs 4:25 om die waarheid te praat nadat hulle die *valsheid* van die ou lewe afgelê het. Deur die reddende genade van God en geloof in Jesus Christus (Ef. 2:4-5) word die mens lewend gemaak vir die nuwe lewe in Christus.

In Adam, deur die sondeval, is die mens op baie maniere van God vervreem en is hy van sy oorspronklike identiteit beroof, maar deur Een Mens (Rom. 5:15) het die nuwe lewe gekom en bemoedig Paulus die mens om as die beeld van God volkome volgens sy wil te lewe (Ef. 4:24). Dit is noodsaaklik vir die gelowige om haarself te oriënteer ten opsigte van haar posisie voor God om God se teenwoordigheid te ervaar, om gebede verhoor te kry, sy seën te ervaar en tot eer van sy naam te leef. 'n Wanpersepsie van ons posisie voor God lei tot 'n foutiewe Godsbegrip en die feit dat daar sonder verwagting gebed word. **Wanneer ons besef hoe...**

- **groot God is** – die mede-afhanklike gelowige vrou vrees mense meer as God en is voortdurende daarop ingestel om aanvaarding, liefde en sekuriteit by mense te vind;
- **hoe lief Hy ons het** – die mede-afhanklike vrou is as kind emosioneel en soms ook fisiek verwaarloos. Dit gee aanleiding tot 'n voortdurende soeke na erkenning, liefde en sekuriteit by mense. In ruil daarvoor gee sy dikwels haar eie siel prys;
- **hoe graag Hy ons wil vergewe** – omdat die mede-afhanklike vrou 'n verwronge Godsbegrip en dikwels 'n foutiewe Vader-voorstelling het, is dit vir haar moeilik om God se vergifnis en liefde te ervaar. Haar verwysingsraamwerk van waardeloosheid moet aangespreek word deur die waarheid van God se Woord met betrekking tot haar nuwe posisie en identiteit in Christus (Rom. 8:15-17), **sal ons God meer vertrou.**

Die onderstaande Skrifgedeeltes met betrekking tot die nuwe identiteit in Christus kan vir studiedoeleindes vir die beradene gegee word:

- Opdrag: Dink na oor jou ware identiteit in Christus. Bestudeer die onderstaande gedeeltes afsonderlik en teken dit op 'n kaartjie aan wat jy teen jou yskas of aan die binnekant van jou hangkas kan plak. Begin byvoorbeeld elke gedeelte met: Ek is... **'n kind van God** (Joh. 1:12) **EN DAAROM**
- 1. Rom. 8:15-17 - is ek nie meer 'n slaaf wat in vrees lewe vir die sonde nie, maar nou kan ek God my Vader noem.
- 2. 1 Pet.1:18-19 – Ek is losgekoop van my sinlose bestaan nie met verganklike dinge nie, maar met die kosbare bloed van Jesus Christus.

3. 1 Tess. 1:4 – God het my lief en ek is deur Hom uitverkies om sy kind te wees.
3. Rom. 6:18; 22 - Omdat ek vrygemaak is van sonde, is ek in God se diens gestel.
4. 1 Kor. 15:10 – Deur die genade van God is ek wie ek is.
5. 1 Kor. 3:16 – Ek is die tempel van God en is heidlig.
6. 1 Pet. 2:5-7 – Alhoewel ek in die oë van die wêreld arm mag wees, is ek in die geloof ryk.
7. Lees Ps 103 noukeurig deur om te besef **WIE EN HOE GOD IS**.


5.4.3.2 Die beoefening van die geestelike dissiplines (vgl. 3.8.7)

Die beradene moet aangemoedig word in die beoefening van die geestelike dissiplines, omdat dit 'n intieme verhouding met God bewerkstellig en geestelike groei bevorder. Die volgende geestelike dissiplines kan by die mede-afhanklike gelowige vrou aangemoedig word, nou vanuit 'n totale ander perspektief as wat in 3.8.6 beskryf is, naamlik vanuit die perspektief van 'n nuwe lewende verhouding met 'n liefdevolle Vader:

- Bybelstudie – volgens 2 Tim. 3:16-17 leer die Woord die gelowige om te verander en is dit daar vir teregwysing en om 'n nuwe lewenswyse aan te leer. Die Woord van God roep die mens op om eie pogings om sekuriteit op te bou, te laat vaar en in geloof hul vertroue in God te stel.
- Meditasie – wanneer die gelowige mediteer, skep hy 'n emosionele en geestelike ruimte waar Jesus Christus toegelaat word om 'n woonplek in die innerlike mens, die hart, te hê. Volgens Foster (1989:20) is meditasie die innerlike gemeenskap met Jesus Christus as Heer ...[that] *transforms the inner personality and outward change happens*.
- Gebed – is dikwels die wyse waardeur die gelowige mens verander word. Wanneer die persoon weerstand teen verandering het, sal hy ook sy gebedslewe afskeep.
- Vas – die gelowige vas om nader aan God te beweeg en om meer soos Christus te word. Dit is 'n daad van verootmoediging en om afhanklikheid van God te bewys. Ander geestelike dissiplines soos aanbidding, belydenis, afsondering (*silence*) is ook belangrik in die geestelike groeiproses en behoort aangemoedig te word by die mede-afhanklike vrou.

5.5 SAMEVATTEND

In die onderstaande skematiese voorstelling word daar opsommend gewys hoedat daar vanuit die disfunksionele gesin, distorsie in verhoudings en persepsies plaasvind wat aanleiding gee tot waardeloosheid, gebrekkige grense, vrees vir mense en 'n verwronge Godsbegrip. Laasgenoemde gee weer aanleiding tot geloofspatologie en ander sondige gedragsspatrone soos verslawings en valsheid. Hierdie sondige gedragsspatrone raak onwetend vir die mede-afhanklike gelowige vrou soos kettings waarmee sy gebind word en dit veroorsaak sodanige blokkasie in haar geloofslawe dat spirituele groei grootliks daardeur gestrem word. Dikwels lei dit tot moedeloosheid en mag sy as gelowige selfs aan God begin twyfel en haarself oorgee aan een of ander vorm van verslawing. Die pastorale berader wat toegewyd en toegerus is, kan deur die werking van die Heilige Gees haar deur hierdie proses van vrymaking begelei tot vryheid, groter vervulling in haarself en geloofsgroei, sodat sy tot geestelike volwassenheid in Christus gebring kan word. Die onderstaande diagram dui die uitwerking van die disfunksionele gesin en gevolglike mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue aan en toon hoedat daar deur die Woord en pastorale begeleiding genesing, verandering en spirituele groei kan plaasvind.


Figuur 5.2
Die distfunksionele gesinsisteem

5.6 GEVOLGTREKKING VAN HOOFSTUK 5

Die empiriese navorsing wat 'n enkele gevallestudie oor drie generasies betrek het, sowel as die bykomende triangulering, het bevestig wat in die teoretiese en basisteoretiese navorsing na vore gekom het, naamlik dat mede-afhanklikheid as 'n komplekse fenomeen gelowige vroue se spiritualiteit (hulle daaglikse lewenswandel voor God) ten diepste nadelig beïnvloed.

Aspekte wat na vore gekom het in die navorsing en in die navorsingsresultate van die empiriese ondersoek bevestig is, soos byvoorbeeld waardeloosheid, die vrees vir mense en die verwronge Godsbegrip, asook gebrekkige grense, word in hierdie hoofstuk gedeeltelik hanteer deur beradingsriglyne wat neergelê is om genoemde aspekte aan te spreek, byvoorbeeld:

- God het ons liefgehad terwyl ons nog sondaars was.
- Omdat ek waardevol is en duurgekoop is, moet ek myself ag.
- Fokus op God en nie op mense nie, want jy is alreeds deur God aanvaar.
- Jy staan in 'n nuwe verhouding met God. Hy is jou liefdevolle Vader. Jesus, jou vriend (vgl. figuur ??).

Die omvattendheid van die verskynsel van mede-afhanklikheid, sowel as die omvang en diepte van die skade op geestelike vlak, wat dikwels oor 'n leeftyd en selfs generasies plaasvind, verg toegewyde gespesialiseerde pastorale berading, begeleiding en dissipelskap onder leiding van die Heilige Gees en in samewerking met ander kundiges, sowel as die beoefening van die geestelike dissiplines.

Binne die grense van hierdie hoofstuk is daar slegs aan die oppervlakte geraak deurdat die beradingsproses drie fases behels het, naamlik die **vertelfase**, die **insigfase** en die **fase van nuwe hoop**. Slegs dié vier aspekte wat na die navorser se mening die kern van mede-afhanklikheid vorm en 'n direkte invloed op die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue het, naamlik waardeloosheid, vrees vir mense bo die vrees vir God, grense en die verwronge Godsbegrip is hanteer. Daar is deurlopend in hierdie studie op hierdie aspekte klem gelê, alhoewel die omvang van beide die spiritualiteitsdimensie en mede-afhanklikheid tog duidelik na vore gekom het in hierdie navorsing.

HOOFSTUK 6

FINALE GEVOLGTREKKING

Die navorsingsvraag wat aanleiding gegee het tot hierdie studie is:

Wat is die uitwerking van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou en hoe kan so 'n persoon tot spirituele groei en -volwassenheid pastoraal begelei word.

6.1 GEVOLGTREKKING UIT ELKE HOOFSTUK

Die volgende doelwitte is vir die navorsing gestel:

- Om perspektiewe van aanverwante wetenskappe te ondersoek wat kan lig werp op mede-afhanklikheid by die vrou.
- Om aan te toon watter perspektiewe die Skrif met betrekking tot die spiritualiteitsdimensie van gelowige vroue binne 'n mede-afhanklike konteks bied.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die invloed van mede-afhanklikheid op die gelowige vrou se spiritualiteitsdimensie te bepaal.
- Om praktiese riglyne vir die pastorale berading van die mede-afhanklike vrou te formuleer, ten einde haar tot spirituele volwassenheid te begelei.

Die volgende kort samevatting ten opsigte van die doel, inhoud en bevindinge van die voorafgaande hoofstukke word vervolgens weergegee.

6.1.1 Hoofstuk 1: Inleiding

Die diepte en omvang van mede-afhanklikheid soos wat dit voortspruit uit verslawings en weer aanleiding gee tot een of meer verslawende gedragspatrone, kom reeds in die inleidende hoofstuk na vore. Christelike spiritualiteit is die belewenis van God op persoonlike vlak en die deurleefde ervaring van die Christelike geloof wat tot geestelike groei, progressiewe ontwikkeling en uiteindelijke spirituele volwassenheid aanleiding gee. Die sondige verslawende gedragspatrone wat met mede-afhanklikheid gepaard gaan, raak die alledaagse lewe van die mede-afhanklike vrou in so 'n mate dat

dit die transformasieproses stuit. Die vermoë om in volkome eenheid met God in 'n intieme verhouding te staan, het die mens met die sondeval verloor. Die mede-afhanklike gelowige vrou het nodig om volgens Romeine 6:11 in Christus lewend gemaak te word, nuwe vryheid en identiteit in Christus te vind en dan deur die krag van die Heilige Gees te leef.

6.1.2 Hoofstuk 2: Metateoretiese perspektiewe

Die steeds groeiende belangstelling in mede-afhanklikheid oor die afgelope twee dekades op professionele vlak sowel as in die selfhelpliteratuur beklemtoon die behoefte aan diepgaande studie en ontleding van mede-afhanklikheid vanuit aanverwante wetenskappe. Binne die veld van die geesteswetenskappe het mede-afhanklikheid 'n al hoe groter veld van rehabilitasie gedek. Hierdie hoofstuk het dus beoog om metateoretiese perspektiewe op mede-afhanklikheid te ondersoek.

Om die volle omvang en diepte van mede-afhanklikheid te verstaan is dit nodig om die fenomeen intergeneratief na te vors en Bowen se gesinsisteme teorie is as raamwerk gebruik en die genogram is benut om intergeneratiewe disfunksionele gedragsspatrone uit te lig. Hierdie intergeneratiewe prosesse word versterk en oorgedra deur die huidige verhoudings.

Die volgende belangrikste bevindings is deur hierdie hoofstuk beklemtoon:

- Die oorsprong van mede-afhanklikheid as 'n komplekse fenomeen is gesetel in die disfunksionele gesin, waar afhanklikheid die primêre of sekondêre rol in disfunksionele gedragsspatrone speel.
- Gesinsdisfunksie hou verband met enige toestand wat gesonde funksionering teëwerk. Disfunksionele gesinne se probleem verkry 'n kroniese karakter en laat permanente letsels op die kinders wie se behoeftes nie aangespreek word nie.
- Volwasse kinders, veral dogters van verslaafdes, ontwikkel mede-afhanklike gedragsspatrone wat oorgedra word op hul eie kinders en moontlik weer tot een of ander afhanklikheid kan aanleiding gee.
- Die negatiewe patrone van die ouerlike gedrag is dus heel dikwels dominant in hul kinders se lewens.

- Gesinsverhoudings vind nooit op 'n liniêre basis plaas nie, maar is altyd interaktief en vind binne die konteks van 'n sisteem plaas.
- Mede-afhanklikes sukkel om persoonlike grense te stel en bevind hulle daarom dikwels in destruktiewe verhoudings.
- Veral vroue is geneig om mede-afhanklike gedrag te ontwikkel omdat hulle gemaklik in die versorgingsrol inpas en neig om hul geliefdes te oorbeskerm deur dikwels die *redder* te word in die disfunksionele gesin.
- Die onderskeie gesinslede neem verskillende rolle aan om binne die disfunksionele omstandighede aan te pas. Hulle kan hierdie rolle selfs lewenslank behou en later in hul eie gesinne uitspeel.

6.1.3 Hoofstuk 3: Basisteoretiese perspektiewe

Hierdie hoofstuk het Skriftuurlike perspektiewe met betrekking tot mede-afhanklikheid ondersoek en die begrip spiritualiteit nagevors sodat die uitwerking van verslawende gedrag en die meegaande verskynsel van mede-afhanklikheid op die spiritualiteitsdimensie van die gelowige vrou bepaal kon word. Alhoewel mede-afhanklikheid nie 'n begrip is wat in die Bybel voorkom nie, dui dit op 'n toestand wat voortspruit uit 'n sondige onafhanklikheid van God. Die gevolg hiervan is dat ongeloof aanleiding gee dat mense meer gevrees word as God.

God het die mens geskape as 'n verhoudingswese wat aanvanklik in volkome harmonieuse verhoudings gelewe het. Die sondeval het hierdie volmaakte verhoudings kom versteur en veroorsaak dat mense slawe van sondige gedragspatrone, byvoorbeeld 'n oordrewe bewus wees van hulself, ander mense of middels geword het.

Vroue in die Bybel het 'n belangrike rol gespeel in die vestiging van hul kinders se spiritualiteit. As gevolg van verskeie faktore wat gewoonlik uit disfunksionele ouerhuise voortspruit byvoorbeeld gebrekkige selfwaarde, onvermoë om grense te stel, die vrees vir mense, oorafhanklikheid van ander eerder as 'n volkome afhanklikheid van God en ook die verwronge Godsbegrip, kan mede-afhanklike gedragspatrone ontwikkel wat oor geslagte heen oorgedra kan word. Die volgende bevindings het uit hierdie hoofstuk na vore gekom:

- Sara en ander vroue uit haar nageslag is voorbeelde van hierdie negatiewe verhoudingspatrone. Jesus Christus, die enigste Verlosser, is egter God se antwoord op al die probleme, verwonding en sonde van die mens. In en deur Hom alleen is daar verlossing, redding en geestelike groei moontlik.
- Baie emosionele pyn uit die disfunksionele gesin hou verband hou met die verwronge Godsbegrip en omdat mede-afhanklike vroue hulle geestelike belewenisse aan hierdie verwronge Godskonsep koppel, is die vorming van 'n gesonde Godsbegrip van wesenlike belang betreffende die genesing van 'n vrou wat mede-afhanklike gedragsspatrone openbaar. 'n Diagrammatiese voorstelling is gedoen om die interaksie tussen mede-afhanklikheid en spiritualiteit aan te dui.
- Vanuit bogenoemde agtergrond, kon spiritualiteit breedvoerig bespreek word en is daar ook spesifiek verwys na die slaggate waarin die mede-afhanklike vrou gewoonlik vasval in die ritme van haar daaglikse handel en wandel voor God.
- God is betrokke by die mens se alledaagse lewe. Ons hoef nie bekommerd te wees dat die intriges van mense die wêreldgeskiedenis beheer nie. God is in beheer en Hy gebruik die alledaagse lewe van elke mens, die belangrike en onbelangrike persone om sy wil en plan uit te voer.

6.1.4 Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp, -metode en die navorsingsresultate

Hierdie hoofstuk het oor twee afdelings gestrek ten einde 'n omvattende uiteensetting te gee van die navorsingsontwerp en -metode (afdeling A) en die empiriese ondersoek en navorsingsresultate (afdeling B) van hierdie studie. Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n beskrywing te gee van die algehele ondersoekproses wat gebruik word om die fenomeen van mede-afhanklikheid by die gelowige vrou te ondersoek, veral met betrekking tot die spiritualiteitsdimensie, sodat riglyne daargestel kan word waarvolgens pastorale berading kan geskied. Hoewel die perspektiewe wat in die Skrif vervat is deurgaans as vertrekpunt beskou is, en die literatuurstudiebevindinge voortdurend in ag geneem is, het voorgenoemde faset van die

studie veral berus op die empiriese ondersoek wat op 'n begroonde, fenomenologiese en kwalitatiewe navorsingsmetode gebou is. Sodoende kon die invloed van mede-afhanklikheid op die spiritualiteit van die gelowige vrou oor drie generasies heen bepaal word.

Die sentraal onderliggende betekenis van die ervaring van mede-afhanklikheid kon deur die navorser uitgelig word en die empiriese ondersoek kon die data van die literatuurstudie bevestig en versterk deur die volgende navorsingsresultate:

- Formalisme, wettisme en rigiede reëls het tot gevolg gehad dat die verwronge vaderbeeld wat alreeds deur gebrekkige ouerleiding neergelê is, verder deur die kerk versterk is. Die invloed van die oupa se spiritualiteit het soos 'n goue draad deur die lewe van die deelnemer geloop en het die hoop ingehou wat haar uiteindelik van mede-afhanklikheid kon bevry.
- Die liefde en genade van God, die kruisdood van Jesus vir die verlore sondaar, die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding van Jesus, het nooit in die spiritualiteitsvorming van die kinders 'n werklikheid geword nie. Hulle is nooit geleer om in afhanklikheid van God alleen te leef en om in 'n persoonlike verhouding met Hom te staan nie. Die skade wat deur moralisme en skynheilige, vormgodsdienste aangerig is, het verreikende gevolge gehad.
- 'n Verdraaide Godsbegrip word gewoonlik gevorm deur ongesonde interpersoonlike verhoudings wat gedurende die vormingsjare van die kind plaasvind. Hierdie distorsie volg vanuit die ongesonde verhoudingspatrone, maar ook vanuit die persoon self wat beteken dat die verwronge vaderbeeld geïnternaliseer word en tot uiting kom in die alledaagse lewe van die gelowige.

6.1.5 Hoofstuk 5: Praktikteoretiese riglyne

Die empiriese navorsing wat 'n enkele gevallestudie oor drie generasies betrek het, sowel as die bykomende triangulering, het bevestig wat in die teoretiese en basisteoretiese navorsing na vore gekom het, naamlik dat mede-afhanklikheid as 'n komplekse fenomeen gelowige vroue se spiritualiteit (hul daaglikse lewenswandel voor God) ten diepste nadelig beïnvloed. Binne die

grense van hoofstuk 5 is daar slegs aan die oppervlakte geraak deurdat die beradingsproses drie fases behels het, naamlik die **vertelfase**, die **insigfase** en die **fase van nuwe hoop**. Slegs vier kernaspekte van mede-afhanklikheid wat met die spirituele aspekte verweef is, is aangespreek, naamlik waardeloosheid, vrees vir mense bo die vrees vir God, ongesonde of gebrekkige grense en die verwronge Godsbegrip. Die beradingsriglyne wat neergelê is om genoemde aspekte aan te spreek, was onder andere die volgende:

- God het ons liefgehad terwyl ons nog sondaars was.
- Omdat ek waardevol is en duurgekoop is, moet ek myself ag.
- Fokus op God en nie op mense nie, want jy is alreeds deur God aanvaar.
- Jy staan in 'n nuwe verhouding met God. Hy is jou liefdevolle Vader. Jesus, jou vriend.

Die omvattendheid van die verskynsel van mede-afhanklikheid sowel as die omvang en diepte van die skade op geestelike vlak, wat dikwels oor 'n leeftyd en selfs generasies plaasvind, verg toegewyde gespesialiseerde pastorale berading, begeleiding en dissipelskap onder leiding van die Heilige Gees en in samewerking met ander kundiges. Dit verg ook die beoefening van geestelike dissiplines wat 'n lewenswyse moet word.

6.2 FINALE GEVOLGTREKKING

Diepgesetelde waardeloosheid, 'n vals identiteit gegrond op disfunksionele gedragsspatrone, geloofspatologie wat voortspruit uit 'n verwronge Godsbegrip en die feit dat die mens 'n eenheidswese is, verduidelik waarom emosionele, sielkundige en fisiese probleme verband hou met en 'n invloed uitoefen op die spiritualiteitsdimensie van die mede-afhanklike gelowige vrou.

Mede-afhanklikheid is 'n fenomeen wat intergeneratief voorkom en dit gaan oor persoonlike karakteristieke en verhoudingsdinamika wat oor generasies heen binne gesinne herhaal word. Hierdie intergeneratiewe prosesse word versterk en oorgedra deur die huidige verhoudings. Veral vroue is geneig om mede-afhanklike gedrag te ontwikkel omdat hulle maklik in die versorgingsrol inpas en die "redder" in hul disfunksionele omstandighede speel. Hulle kan hierdie rolle selfs lewenslank behou en later in hul eie gesinne uitspeel. Die invloed

van mede-afhanklikheid het elke lid van die gesin-van-oorsprong op 'n eiesoortige wyse beïnvloed en die uitwerking van mede-afhanklikheid het op elke dogter (nou volwasse vroue) in die gesin 'n ander uitwerking gehad. Die uitwerking het gewissel van uiterste vroomheid en oorgodsdienstigheid tot vergeesteliking en uiterste rebelsheid en afvalligheid wat uiteindelik in dwaalleer en die aanhang van die okkulte geëindig het.

Hierdie navorsing dui daarop dat onbewustelike sondige gedragspatrone wat oor generasies heen oorgedra word uitkring na disfunksionele verhoudingspatrone waar mede-afhanklikes al hoe meer daartoe neig om hulself te vind in afhanklikheid aan mense, afgode, gedragspatrone en dinge. Dit is nodig om hierdie gesindhede, houdings en sondige neiging voor God te bely, ou gevestigde patrone af te lê en deur die krag van die Heilige Gees as *nuwe* mense te lewe. Hierdie proses is slegs moontlik wanneer die mede-afhanklike vrou inhaak by 'n kundige mede-gelowige en die pad met oorgawe aandurf.

Die finale gevolgtrekking van hierdie studie is dus dat mede-afhanklikheid wel die gelowige vrou se spiritualiteitsdimensie nadelig beïnvloed en dat pastorale berading haar kan help om tot genesing, verandering en geloofsgroei te kom.

6.3 AANBEVOLE ONDERWERPE VIR VERDERE NAVORSING

Alhoewel navorsing oor mede-afhanklikheid reeds oor dekades heen gedoen word, is dit vir Suid-Afrika 'n redelike nuwe veld waarin daar nog vele braak areas bestaan, veral met betrekking tot die spiritualiteitsdimensie, en waarvan die kerk deeglik moet kennis neem. Die volgende onderwerpe is moontlike aspekte vir navorsing van mede-afhanklikheid, veral met betrekking tot vroue:

- Die emosionele aspekte by mede-afhanklike vroue met spesiale klem op die ontwikkeling van persoonlikheidsversteurings as gevolg van mede-afhanklikheid.
- Die rol en funksie van ondersteuningsgroepe by mede-afhanklike vroue.
- Die benutting van pastorale berading ter voorkoming van die ontwikkeling van mede-afhanklikheid by tienerdogters.

- Die rol van die kerk in die onderrig van ouers oor die suiwere Godsbegrip en Vadervoorstelling ter voorkoming van godsdiensafhanklikheid en gevolglike mede-afhanklikheid.

KERNBEGRIPPE

Spiritualiteit

Gelowige vroue

Pastorale berading

Spirituele volwassenheid

Afhanklikheid

Mede-afhanklikheid

Verslawing

Disfunksionele gedragpatrone

Disfunksionele gesin

Intergeneratief

KEY TERMS

Spirituality

Women believers

Pastoral counselling

Spiritual maturity

Dependency

Co-dependency

Addiction

Dysfunctional behavioural patterns

Dysfunctional family

Intergenerational

BRONNELYS

ADAMS, C.J. 2004. The sins of the father: toward a Wesleyan perspective of family systems. *Journal of psychology and Christianity*, 23(2):149-154, Summer.

ADAMS, J.E. 1979. A theology of Christian counselling: more than redemption. Philipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing.

ANDERSON, N.T. 1994. Victory over the darkness: realizing the power of your identity in Christ. Study guide. Ventura, Calif.: Regal Books.

ANDERSON, N.T., ZUEHLKE, T.E. & ZUEHLKE, J.S. 2000. Christ-centred therapy: the practical integration of Theology and Psychology. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

ANON. 2008. Bowen se gesinsisteemteorie. [Web:]

<http://www.thebowencenter.org/pages/theory.html>). (Datum van gebruik 16 Nov. 2008).

ATKINSON, D.J. & FIELD, D.H. 1995. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Downers Grove, Ill.: Intervarsity Press.

BARNA, G. 2003. Ground-breaking research that redefines what it means to think like Jesus: make the right decisions every time. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson.

BEASLEY-MURRAY, G.R. 1999. Word Biblical Commentary: John. 2nd ed. Nashville: Thomas Nelson.

BEATTIE, M. 1987. Co-dependency no more. San Francisco: Harpers/Collins.

BERG. B.L. 2004. Qualitative research methods for the social sciences. Boston: Pearson Education.

BIBLE 2005. Life Application Study Bible : New International Version. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

- BLESSING, K. 2000. Murray Bowen's family systems theory as bible hermeneutic illustrated using the family of the prodigal son. *Journal of psychology and christianity*, 19(1):38-46.
- BORCHERT, G.L. 1996. The new American commentary. U.S.A.: Broodman & Holman.
- BOWEN, M. 1978. Family therapy in clinical practice. New York: Jason Aronson.
- BYBEL 1983. Die Bybel in Afrikaans: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYNG-HALL, J. 2002. Relieving parentified children's burdens in families with insecure attachment patterns. *Family process*, 41(3):375-388.
- CALVYN, J. 1992. Genesis. The Geneva series of commentaries. Translated and edited by John King, M.A. 5th ed. Edinburgh: Banner of Truth Trust.
- CAMPBELL-LANE, Y. 2003. Inner change: A pastoral-theological study. Potchefstroom: North-West University. (Thesis - Ph.D. in Pastoral Studies).
- CAMPBELL-LANE, Y. & LOTTER, G.A. 2005. Biblical counselling regarding inner change. *Koers*, 70(1):99-124.
- CARSON, D.A., FRANCE, R.T., MOTYER, J.A. & WENHAM, G.J. 2000. New Bible commentary. 4th ed. Downers Grove, Ill.: Intervarsity Press.
- CERMAK, T.L. 1986. Diagnosing and treating co-dependence: a guide for professionals who work with chemical dependents, their spouses and children. Minneapolis, Minn.: Johnson Institute Books.
- CHAMBERS, O. 2000. My utmost for his highest. 3rd ed. Vereeniging: Christian Art Publishers.
- CHAN, S. 1998. Spiritual theology: a systematic study of the Christian life. Ill: Intervarsity Press.
- CLOUD, H. 1992. Changes that heal: how to understand your past to ensure a healthier future. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

CLOUD, H.C. & TOWNSEND, J. 2002a. Boundaries. Eight-session video presentation. (In my besit).

CLOUD, H.C. & TOWNSEND, J. 2002b. Grense: wanneer om ja of nee te sê om beheer oor jou lewe te neem. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. In *die Skrif en die wetenskap*. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks J, studiestuk 22. Potchefstroom: PU vir CHO. 4(v):5-30.

COETZER, W. 2007a. Tien fases van die genesingsproses. Potchefstroom.

COETZER, W. 2007b. Die impak van intergeneratiewe trauma: verkennende perspektiewe tesame met enkele pastorale kantaantekeninge. [Web:] <http://www.wentzelcoetzer.org/intergeneratiewetrauma.htm> [Datum van gebruik: 31 Julie 2008.]

COLLINS, G.R. 2001. The biblical basis of Christian counselling for people helpers: relating the basic teachings of scripture to people's problems. Colorado Springs, Colo.: Navpress.

CRABB, L. 1977. Effective biblical counselling: a model for helping caring Christians become capable counsellors. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

CRESWELL, J.W. 1998. Qualitative inquiry and research design: choosing among five traditions. London: Sage Publications.

DEAR, G.E. & ROBERTS, C.M. 2005. Validation of the Holyoake codependency index. *The journal of psychology*, 139(4):293-313.

DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, F. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir gereformeerde eksegeese en prediking toegepas op 1 Pet. 2:11-12, 18-25. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming: 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1): 57-84.

DOWEIKO, H.E. 2002. *Concepts of chemical dependency*. 5th ed. Pacific Grove, Calif.: Brookes/Cole.

ERICKSON, M.J. 2005. *Christian theology*. 2nd ed. Grand Rapids, Mich.: Baker Academic.

EVESON, P. 2003. *The book of origins: Genesis simply explained*. Darlington, England: Evangelical Press.

FEE, G.D. 2001. *To what end exegesis?: essays textual, exegetical, and theological*.

FORSTER, R.J. 1989. *Celebration of discipline: the path to spiritual growth*. London: Hodder and Stoughton.

FULLER, J. & WARNER, R.M. 2000. Family stressors as predictors of codependency. *Genetic, social and general psychology monographs*, 126(1):5-7.

GIBSON, J.M. & DONIGIAN, J. 1993. Use of Bowen theory. *Journal of addictions & offender counseling*, 14(1):25.

GROBBELAAR, K.G. 2007. *Hulpverlening tot stresshantering by predikante van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika: 'n Pastorale studie*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Proefskrif – Ph.D. in Pastoraal).

GROOM, N. 1991. *From bondage to bonding: escaping codependency, embracing biblical love*. Colorado Springs, Colo.: Navpress.

HAKEN, J. 1990. A critical analysis of the codependent construct. *Psychiatry*, 53: 396-406, Nov.

HARRIS, R.L., ARCHER, L. & AALTKE, B.K. 1980. Theological wordbook of the Old Testament. Chi.: Moody.

HASKELL, R.E. 1993. Adult-child research and experience: personal and professional legacies of a dysfunctional co-dependent family. Norwood, N.J: Ablex.

HEMFELT, R., MINIRTH, F. & MEIER, P. 2002. Love is a choice. Londen: Maonarch.

HEMFELT, R., MINIRTH, F. & MEIER, P. 2006. Liefde is 'n keuse. Kaapstad: Suid-Afrika. New Holland.

HEMFELT, R., MINIRTH, F., MEIER, P., NEWMAN, D. & NEWMAN, B. 2004. Love is a choice workbook: letting go of unhealthy relationships. Nashville: Thomas Nelson.

HENDRIKSEN, W. 1980. New testament commentary: Romans 1-8. Edinburgh: Banner of Truth Trust.

HEWES, R.L. & JANIKOWSKI, T.O. 1998. Parental alcoholism and codependency: a comparison of female children of alcoholics and nonalcoholics in two college-age groups. *College student journal*, 32(1):2-6.

HEYNS, J.A. 1988. Dogmatiek. Goodwood, Kaap: NG Kerk Boekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste tree in die praktiese teologie. Menlopark, Pretoria: Gnosis.

HILL, A. E. & WALTON, J.H. 2000. A survey of the old testament. 2nd ed. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

HOGG, J.A. & FRANK, M.L. 1992. Toward an interpersonal model of codependence and contradependence. *Journal of counselling and development*, 70:371, Jan/Feb.

HORN, I.H. 2007. Postmodern spirituality: an analysis of its theoretical grounding. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 3^{de} en 4^{de} kwartaal:133-153.

HUGHES-HAMMER, C., MARTSOLF, D. & ZELLER, R. 1998. Depression and codependency in women. *Archives of psychiatric nursing*, 12(6):326-334, Dec.

HUNT, T.W. 1995. *The mind of Christ: the transforming power of thinking his thoughts.* Nashville, Tenn.: Broadman & Holman.

JANSEN VAN RENSBURG, J. 2007. *Navorsingsmetodologie.* (Lesing gelewer vir nagraadse student aan die Noordwes-Universiteit op 9 Maart 2007.) Potchefstroom: (Ongepubliseerd).

JENSEN, C.A. 2003. Toward pastoral counselling integration: one Bowen-oriented approach. *The journal of pastoral care & counselling*, 57(2):117-127, Summer.

JOUBERT, P. 2005. Trichotomous therapy: a proposed pastoral paradigm. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – Th.D.).

KARSTEN, C.G. 2007. Multi-generatiewe benadering tot simptoombgedrag in die huweliksisteem. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling - M. Soc.Sc.).

KAYE, B. 2008. When empathy becomes codependence: when disloyalty becomes growth. intimacy and boundaries. *2-in-2-1: 1*. Date of access: 10 March 2008.

KRAŠOVEC, J. 2004. Is there a doctrine of "collective retribution" in the Hebrew Bible? *Hebrew Union College Annual*, 65:35-70.

KRUGER, S.F. & VENTER, C.J.H. 2001. Die verhouding tussen psigologie en praktiese teologie: aspekte van die onderlinge waarde van dié verhouding. *In die Skriflig*, 35(4):557-571.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. 2001. *Practical research: planning and design.* 7th ed. Upper Saddle River, N.J.: Prentice Hall.

LOTTER, G.A. 2005. Die werk van die Heilige Gees volgens 2 Korinthiërs en die moontlike pastorale implikasies daarvan. *In die Skriflig*, 39(3):487-504.

LOUW, & NIDA, 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains.* Vol. Cape Town: United Bible Societies.

LOUW, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting: ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Pretoria: RGN.

LOUW, D. J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Kaapstad: Lux Verbi.

LOUW, D.J. 1999. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. (Nuwe hersiene uitgawe.) Kaapstad: Lux Verbi.

LOUW, D.J. 2005. Ratwerke van die menslike siel: oor volwassenheid en lewensvaardighede. Stellenbosch: Sun Press.

LYON, D. & GREENBERG, J. 1991. Evidence of codependency in women with an alcoholic parent: helping out Mr Wrong. *Journal of personality and social psychology*, 61(3): 435-439.

MacARTHUR, J.F. 1991. The New Testament commentary: Romans 1-8. Chicago: Moody Bible Institute.

MARTIN, P.R. & PETRY, N.M. 2005. Are non-substance-related addictions really addictions? *The American journal on addictions*, 14:1-7.

MATHEWS, K.A. 2001. The new American commentary 1A. Genesis 1-11:16. Nashville : Broadman & Holman.

McGEE, R.S. 1997. The search for significance. 2nd ed. Texas: Rapha.

McGOLDRICK, M., GERSON, R. & SHELLENBERGER, S. 1999. Genograms: assessment and intervention. 2nd ed. London: W.W. Norton & Co.

McGRATH, A.E. 2001. Christian spirituality: an introduction. Wycliff Hall, Oxford: Blackwell.

Mc MINN, M.R. 1996. Psychology, theology and spirituality in Christian counselling. Wheaton, Ill.: Tyndale House.

MEIER, P.D., MINIRTH, F.B., WICHERN, F.B. & RATCLIFF, D.E. 1991. Introduction to psychology and counselling: Christian perspectives and applications. 2nd ed. Turnbridge Wells: Monarch.

MEYER, F.B. 1996. The life of Abraham. Lynwood, Wash.: Emerald Books.

MONETTE, D.R., SULLIVAN, T.J. & DE JONG, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. 6th ed. Belmont, Calif.: Thomson Brooks/Cole

MOORE, A.G. 2004. 'n Narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif – Ph.D.).

NEUMAN, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 5th ed. Boston, Mass.: Allyn & Bacon.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1999. Gereformeerde spiritualiteit as korporatiewe spiritualiteit. *In die Skriflig*, 33(3):367-383.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 2002. Gemeentelike bedieningsgestaltes ter bevordering van kleingroeps spiritualiteit. *Nederduitse Gereformeerde Kerk. Teologiese tydskrif*. 43(3,4): 543-554.

PARKER, M., FAULK, D. & LO BELLO, S.G. 2003. Assessing codependency and family pathology in nursing students. *Journal of addictions nursing*, 14:85-90.

PETERSON, H. 1993. The message: the New Testament in contemporary English. Colorado Springs, Colo.: Navpress.

PFATTEICHER, P.H. 1997. Liturgical spirituality. Pa: Trinity Press International.

PLATINGA, C. 1994. Locked in sin: The theology of corruption. *Christian Century*, 111(37):1-2.

PLUG, C., LOUW, D.A.P., GOUWS, L.A. & MEYER, W.F. 1997. Verklarende en vertalende Sielkundewoordeboek. Johannesburg: Heinemann.

PRESSON, R. & COLTER, B. 2006. Radical reconciliation: The journey of forgiveness. Nashville, Tennessee: Serendipity House.

PREST, A., BENSON, M.J. & PROTINSKI, H.O. 1998. Family of origin and current relationship influences on codependency. *Fam Proc*, (37): 513-528

- PREST, L.A. & PROTINSKY, H. 1993. Family systems theory: a unifying framework for codependence. *The American journal of family therapy*, 21(4):354, Winter.
- REINECKE, M.R. 2001. Self-destruktiewe gedrag: 'n Bybelse beoordeling en terapie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.).
- REINER, T. 2005. Transformation!: How simple Bible stories provide in-depth answers for life's most difficult problems. Wash.: Wine Press.
- RIDDERBOS, H. 1997. Paul : an outline of his theology. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- ROTGERS, F. & DAVIS, B.A. 2006. Treating alcohol problems. Hoboken, New Jersey: John Wiley.
- ROYSE, D. 1999. Research methods in social work. University of Kentucky. Chicago: Nelson-Hall.
- SEAMANDS, D.A. 2002. Redeeming the past: recovery from the memories that cause our pain. Colo.: Victor Books.
- SONG, M. H. 1998. Pauline pneumatology: the new life through the Spirit in the four major letters of Paul. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – Th.D.).
- STAFFORD, D. & HODGKINSON, L. 1998. Codependency: how to break free and live your own life. London: Judy Piatkus.
- STAKE, R.E. 2005. Qualitative case studies. In the sage handbook for qualitative research. (3rd edition). Denzin, N.K. and Lincoln, Y.S. (eds). Thousand Oaks: Sage.
- STEYN, J. & VAN DEN BERG, J.A. 2005. 'n Pastoraal-narratiewe metode om lewenshanteringsvaardighede by kanker pasiënte te identifiseer. *In die Skriflig*, 39(4):733-751.
- STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 21(1):
- STOOP, D. & MASTELLER, J. 1996. Forgiving our parents forgiving ourselves: healing adult children of dysfunctional families. Ventura, Calif.: Regal Books.

VAN DER WALT, T. 2006. Die Messias het gekom!: 'n gids in die Evangelies vir toegewyde Bybelstudente. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN WORMER, K. & DAVIS, D.R. 2003. Addiction treatment: a strengths perspective. Calif.: Brooks/Cole.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.

VERHOEF, G.C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading: enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom: PU vir CHO (Verhandeling – M.Th.).

VINE, W.E. 1996. Vine's complete expository dictionary topic finder. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson.

VON RAD, G. 1981. Genesis: A commentary. Revised ed. London: SCM Press Ltd.

VORSTER, K. 1992. 'n Teologie van spiritualiteit? *Die Kerkblad*, 95(2890):11-12.

VOSLOO, W. & JANSE VAN RENSBURG, F., reds. 1996. Die Bybel in praktyk. Goodwood, Wes-Kaap: Christelike Uitgewers.

WELCH, E.T. 1997. When people are big and God is small: overcoming peer pressure, codependency, and the fear of man. Phillipsburg, N.J.: P&R .

WENHEIM, G.J. 2002a. Word Bible commentary: Genesis 1-3. Dallas: Word.

WENHEIM, G.J. 2002b. Word Bible commentary: Genesis 16-50. Dallas: Word.

WHITEHEAD, B. 2003. Craving for love. London: Monarch Books.

WHITFIELD, C.L. 1989. Healing the child within: discovery and recovery for adult children of dysfunctional families. Deerfield Beach, Fla: Health Communications.

WHITNEY, D.S. 1991. Spiritual disciplines for the Christian life. Colorado Springs, Colo.: NavPress.

ZETTERLIND, U. & BERGLUND, M. 1999. The rate of codependence in spouses and relatives of alcoholics on the basis of the Cermak co-dependence scale. *Nord JPsychiatry*. 53(2):147-151.

BYLAAG A

DEEL 3. TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN PROJEK

Titel van projek:

.....

Ek die ondergetekende
(volle name)

Het die voorafgaande gegewens in verband met die projek genoem in DEEL 1 en DEEL 2 hiervan gelees en ook die mondelinge weergawe daarvan aangehoor en ek verklaar dat ek verstaan. Ek was die geleentheid gegun om die ter saaklike aspekte van die projek met die projekteier te bespreek en ek verklaar hiermee dat ek vrywillig aan die projek deelneem. Ek gee hiermee my toestemming om as deelnemer in bogenoemde projek op te tree.

Ek vrywaar hiermee die Universiteit asook enige werknemer of student van die Universiteit, teen enige aanspreeklikheid wat teenoor my, in die loop van die projek mat ontstaan.

Ek onderneem verder om geen eise teen die Univeersiteit in te stel weens skade of persoonlike nadeel wat ek weens die projek/proef of die toedoen van ander proefpersone mag ly nie, tensy dit aan die nalatigheid van die Universiteit, sy werknemers of studente te wyte is.

Onderteken te op

GETUIES:

1.....

Handtekening van proefpersoon

2.

Vir alle navorsing en intervensie op deelnemers onder die ouderdom van 18 jaar is die skriftelike toestemming van die ouer of wettge voog nodig.

Hiermee gee ek(volle name)

Ouer of voog van die deelnemer hierbo genoem toestemming dat hy/sy aan die projek mag deelneem en ek vrywaar hiermee die Universiteit asook enige werknemer of student van die Universiteit, teen enige aanspreeklikheid wat teenoor my in die loop van die projek mag ontstaan tensy sodanige besering, skade of dood veroorsaak is deur die nalatigheid van die Universiteit, sy personeel of studente.

Onderteken te op

GETUIES: 1..... Handtekening:

2.....Verwantskap :

BYLAAG B

UITEENSETTING VAN LEWENSLYN

**Die ontwikkeling van mede-afhanklikheid deur die loop van mev. X, gelowige
vrou se geskiedenis**

**Gesinsgeskiedenis
afhanklikheid**

Ontwikkeling van mede-

• Kinderjare 1968-1969 Voorskools. Kerstye by ouma en oupa op die plot. Lekker gekuier, veilig gevoel. 1970 – Graad 1. Emosioneel nie reg. Baie bang, baie gehuil. 1971 – Graad 2. Onseker oor die lewe en self. Bang vir kwaai juffrou. Baie gehuil. Die kerk was al waarvoor ons lewe gegaan het. Bang ons sal dit nie maak hemel toe nie (profesie). Baie bekommerd oor F (dis die ouer verstandelike gestremde boetie). 1972 – Graad 3. Het nie veel van gesinslewe nie. Ouers was afwesig – Pa depressie en kerk, ma besig om hard te werk om te oorleef. Bang vir my juf. 1974 – Graad 5 – Ouers stry baie, finansiële probleme. Ma huil baie- ek voel magteloos. Altyd gespanne- was nie gelukkig. Ma het baie van my verwag. Moes altyd doen wat sy sê. Ek was stil en teruggetrokke, die soet dogtertjie. 1976 – Graad 7 – Rondgeval van kerk tot kerk. Ouers baie gestry. Pa nogsteeds depressief en afwesig. 1977 – Graad 8. Emosioneel agter by my groep. Voel klein en minderwaardig. Hou ander mense se lewens dop. Wens ek was iemand anders. 1978 – Gaan sleg met ouers se huwelik. Baie	Wanpersepsie oor kerk, godsdiens en God selfs – vrees word ingeboesem. Groot verantwoordelikheid t.o.v gestremde broer. “Rederrol” word gevestig. Gebrek aan fisiese en emosionele sekuriteit. Huweliksconflik en bekommernis oor finansies word oorgedra op kinders. Emosionele druk om ouerrol te vervul <i>parentification</i> (vgl. 2.3.5). Ander gesentreerdheid, selfverwaarlosing is ’n kombinasie van beheer – en grensprobleme mag hieruit ontstaan. Geen spirituele standvastigheid of sekuriteit nie, kan lei tot verwronge Godsbegrip – God is onbetroubaar. Ouers se twisgierigheid verskeur kind se lojaliteit, tree op as tussenganger (<i>parentification</i>) Waardeloosheid – geen identiteitsvorming. Emosioneel afwesige ouers a.g.v. oordrewe godsdiensitigheid, rigiede reëls en regulasies en ouerhuis waar die kinders nooit hulself kan wees nie, maar altyd die ouers moet tevrede hou (Hodgkinson & Stafford, 1998:36)
---	--

spanning. Ons trek na kleiner huis.

1979 – Graad 10. **Pa vertel van man wat profesie oor my gehad het dat ek sal móét trou. Pa kwaai, ek huil baie – vrees mans.**

1980-1981 – Ouers slaap in aparte kamers. Pa kom gedurig in my kamer en huil by my dat ek met ma moet praat. Dit maak my klaar. Spanning loop hoog. Egskeiding vat 'n hele jaar. My menstruasie bly weg vir 2 jr. Spanning en hartseer te veel. Trek in klein woonstel in na egskeiding. Omstandighede moeilik. Geen yskas of wasmasjien nie. Mis pa baie en voel skuldig teenoor hom.. Maak klaar met skool ons trek Bloemfontein toe.

• **Jong volwasse lewe**

1982 – Ek moet gaan werk. Wil verpleeg maar het nie geld nie. Voel bang. Geen ondersteuning van ouers af nie. Ma op die pad met haar werk, geen vervoer nie, geld min en aanpassing groot. Voel nie “supported deur ouers nie”

1983 – Ma met haar eie lewe besig. Sy begin onverantwoordelik lewe. Rook en drink en verwaarloos jonger kinders. Ek en sy lewe in verskillende wêrelde. Ek gaan terug Pta toe vir hulp van pa, maar loop my teen 'n muur vas. Begin nuwe werk.

1984- Sukkel sonder 'n kar. **Bly saam met kerkmense in huis. Man lê by my aan.** Voel ek pas nie in nie. Baie alleen

1985-1986- Verloor my werk. Sukkel om weer werk te kry. Bly by pa. Geen kontak met ma. Werk 1 jaar en verloor weer werk a.g.v. baantjies vir boeties.

1987 – **Ek gaan vir 'n jaar na sendingskool.** Eerste drie maande baie swaar. Word oorgeplaas na die kombuis. **Leer om die Here te vertrou. Baie kontak met oupa.** Hy skryf gereeld.

1988 – Gaan terug Bfn toe. Leer motor

Negatiewe assosiasie met kerk en geestelike leiers lei tot geloofspatologie.

Onreg teenoor kind. Leer sodoende om ander se behoeftes voor eie te stel. Ingestel op ander lei tot beheer en oor verantwoordelikheid.

Vals skuldgevoelens ontwikkel.

Afstandsverhoudings. Geen ondersteuning deur ouers.

Ma – afhanklikheidspersoonlikheid, maar ook mede-afhanklik a.g.v. gesin-van-oorsprong probleme.

Weereens teleurstelling in die kerk.

bestuur. Oupa koop vir my 'n karretjie. Begin my voete vind en geniet die tyd op my eie.

Ontmoet Y. Weet hy is geskei, maar hy bederf my baie en **ek dink die Here het my oor sy pad gestuur om hom te help. As hy besef hoe nodig hy my het, sal hy later nie sonder my kan klaarkom nie.**

• **Huwelikslewe –**

1989 – Trou Nov. maand met Y.

1990 – C word gebore. Y is baie kwaad dis 'n seun.

1991 – Trek Pta toe. Hoor dat C breinskade opgedoen het met geboorte en fisies gestrem is.

1991 – Trek Kaap toe. Y is baie depressief. Hy verwerp C.

1992 – Baie alleen met die gestremde kind en geen ondersteuning van Y af nie. Kry hulp met die Doman program vir C. Dis baie harde werk. Oefeninge en daaglikse terapie.

1993 – Trek terug JHB toe. Y nogsteeds in woede oor alles.

1994 – Trek na meenthuis in JHB. Gaan sleg tussen my en Y. Hy word opgeneem met depressie. Hy is aggressief – “Ek en my cripple kind”.

1995,1996,1997 – Bly in Bfn. Dit gaan beter. Ma bly by ons en help met C. Y het 'n bestendige werk en ek kan asemhaal.

1998 – Insolvensie. Ons verloor alles. Ons trek terug JHB toe. C operasie. Y woede uitbarstings. Ek swanger met D. D gebore. Y begin eie besigheid hou net 7 mde. Ma gaan ook deur 2 de egskeiding. Ek baie alleen.

1999 – Terug in JHB na swerftog tussen familieleden vir 7 mde. C word weer geopereer. Ek alleen

2000 – Y nie gelukkig in werk. Soek ander werk. 7 maande werkloos.

2002 – Y ontwikkel diabetes. Dit gaan

Wanpersepsie oor leiding van die Here en haar eie rol en verantwoordelikheid teenoor self.

Die redderrol is alreeds goed gevestig. Die behoefte om nodig en aanvaar te voel oorheers goeie besluitneming t.o.v. keuse van 'n huweliksmaat.

Mnr Y toon baie sterk kenmerke van afhanklikheid en mede-afhanklikheid. Hy is afhanklik van mev X se aandag, emosioneel onvolwasse en selfgesentreerd.

Mede-afhanklike persoon vermy aspekte wat die verhouding bedreig en word sodoende die “enabler”. Mev. voel al hoe meer magteloos en waardeloos. Belangrike ander persoon is vasgevang in 'n afhanklikheid (vgl. 2.3. p 10 – siklus van mede-afhanklikheid).

Mev X nog steeds in die redder rol. Hulle het die neiging om persoonlike opofferings te maak ten koste van hulself om die disfunksionele persoon te “red” van sy destruktiewe gedrag.


Eensaamheid – emosionele onderdrukking –

finansieel nie goed nie. Ons begin op nuwe plattelandse dorp waar Y werk kry. 2003 – Baie opgewonde oor verhuising na nuwe plattelandse dorp, B. Dis 'n bestuurspos met goeie salaries. Ons sal kan asemhaal. Weens insolvensie is Y egter nog onder rehabilitasie 2004 – Dit gaan rustiger. Y op anti-depressante. 2005 – Ek loop 'n jaar kursus in leke-berading in die Kaap. Moet 2x soontoe gaan vir lesings. Begin myself ontdek. 2006 – Huwelik voor groot toets. Ons koop huis en ek begin Y konfronteer oor sy leefstyl. Woede, pornografie, maar vermoed niks van die dobbel nie. Ons het net nooit geld nie. 2007 – Groot ontugtering. Y voor tugkomitee by sy werk. Vind uit van ander vroue, dobbel, pornografie, leuens, geld, misleiding en probleme by werk. Beland by berader wat my vertel van mede-afhanklikheid. ONTNUGTERING MY OE GAAN OOP. Ek moet uit hierdie vernietigende siklus ontsnap. Sien volle prentjie vir die eerste maal.	verwys na die opsetlike onderdrukking of ontkenning van eie emosies. Mev. X kom deur die kursus in kontak met haar eie gevoelens en behoeftes. Mnr Y het definitief 'n afhanklikheidsprobleem, dobbel, pornografie, verhoudingsverslawing = afhanklik van mev X. Sy gedrag is disfunksioneel, hy weier samewerking, ontkenning en blaamverplasing, geen insig. Mev. X begin haar eie navorsing oor mede-afhanklikheid en werk saam met berader deur die proses oor 11 maande.
--	---

BYLAAG C

BELEWENIS VAN VERHOUDING

1. Hoe beleef ek hierdie verhouding?
2. Wat mis ek in hierdie verhouding? en waarom?.....
3. Wat waardeer ek in hierdie verhouding ?.....
4. Ervaar ek liefde in hierdie verhouding?
5. Moet ek liefde by hierdie persoon verdien?
6. Kommunikeer hierdie persoon negatiewe boodskappe oor myself aan my?
7. Maak hierdie persoon my ooit bewus van enige talente of mooi
persoonlikheidseienskappe wat ek besit? Met ander woorde, kry ek ooi enige
komplimente van hierdie persoon af.....
8. Probeer ek erkenning by hierdie persoon kry? Hoe doen ek dit en waarom?....
9. Watter invloed het hierdie persoon op my selfpersepsie?
10. Waarom het hierdie persoon so teenoor my opgetree?
11. Het ek begrip vir hom/haar vanuit sy/haar verwysingsraamwerk?
12. Wat is my verwagting van hierdie verhouding?
13. Wat gaan ek daaraan doen?
14. Watter elemente/invloede kan my verhinder om dit te doen?



Genogram van Mex. X oor 4 geslagte.

BYLAAG E

ASSESSERINGSKAAL (Hemfelt *et al.* 2004:2-3)

1. Ek hou nie daarvan om alleen te wees nie.
2. Ek is 'n perfeksionis.
3. Ek word gedryf deur ander se goedkeuring.
4. Ek voel desperaat as ek nie ander se goedkeuring kry nie.
5. Ek vind dat ek besluite neem gebasseer op hoe dit ander affekteer eerder as om aan myself te dink.
6. Ek voel baie keer obsessief oor orde in my lewe.
7. Ek stel my werk eerste bo alle ander aktiwiteite in my lewe.
8. Ek vind dat ek eerder aanpas by my maat se behoeftes as om my eie behoeftes bekend te maak.
9. Ek ondervind nie woede nie.
10. Ek ooreet myself dikwels.
11. Ek wonder aanhoudend wat ander mense van my dink.
12. Ek hou my gevoelens vir myself en steek dit weg sodat ander mense nie regtig weet wat ek dink nie.
13. Ek voel bang dat as ander mense agterkom wie ek regtig is dat hulle van my af sal wegvlug of my sal vermy.
14. Ek is aanhoudende besig om uit te werk hoe ek in my verhoudings kan voorbly.
15. Ek bedek my gevoelens van selfvertwyfeling met dwelms of alkohol.
16. Ek kan nie maklik "nee" sê as iemand my 'n guns vra nie, al is dit vir my moeilik.

17. As ek hartseer, mismoedig of kwaad voel, dan gaan doen ek inkopies, werk harder of ooreet.
18. Ek sê aan myself dat dit nie so seer behoort te maak as ander mense my teleurstel nie.
19. Ek het nodig om die mense naaste aan my se dinge vir hulle te reël. Ek neem dikwels beheer van die situasie.
20. Ek het nodig dat almal by my gelukkig sal voel, want dit laat my goedvoel oor myself.
21. Ek het nodig dat ander vir my sterk sal voel en my sal ondersteun sonder dat hulle iets van my terug verwag.
22. Ek dink en voel verantwoordelik vir ander mense.
23. Ek voel genoodsaak om ander mense met hulle probleme te help.
24. Ek word moeg om altyd te voel dat ander mense vir mekaar voel en omgee maar nie vir my nie.
25. Ek voel niemand waardeer my nie.
26. Ek het 'n vrees om verwerp te word.
27. Dit is vir my belangrik dat ander mense van my sal hou.
28. Soms voel ek skaam vir wie ek is.
29. Al my energie gaan in ander mense se probleme in.
30. Soms is ek geneig om te smeek, ander te dreig of om te koop.
31. Ek is geneig om dinge te sê wat ek dink ander mense se goedkeuring sal wegdra, hulle sal uitlok, of om te kry wat ek wil hê.
32. Ek is geneig om ander te manipuleer.
33. Ek is geneig om ander toe te laat om my seer te maak sonder dat ek iets daaroor sê.
34. Soms voel ek baie kwaad, of soos 'n slagoffer of soos 'n martelaar.
35. Ek is uitermate verantwoordelik of onverantwoordelik.
36. Soms laat ek na om eerlik te wees en onderdruk voortdurend my eie opinie.

37. Om "hulp", aandag of simpat6ie te verkry, sal ek soms my omstandighede of probleme oordryf.
38. Ek is geneig om in stilstuipes te verval, of om te broei oor 'n situasie of om te loop met 'n dikmond en as ander my daaroor uitvra, sê ek dis niks.
39. Partykeer hou ek die ander persone in my lewe so besig dat daar nie vir hulle tyd is om hul eie aktiwiteite te doen nie.
40. Soms weerhou ek my goedkeuring of komplimente van ander af en fokus op hulle swak punte om so 'n gevoel van onsekuriteit te skep. Hulle moet nie te seker voel van my nie.
41. Ek dreig ook dikwels om belangrike verhoudings te beëindig.
42. Ek laat ander skuldig voel omdat hulle nie aan my verwagtings voldoen nie, bv. as jy my lief het sal jy

BYLAAG F

SKRIFTELIKE VOORBEELD VAN DATA SOOS IN 'N ONDERHOUD NA VORE GEKOM HET

Ek begin opstaan vir myself - Kan jy dit bietjie meer verduidelik?

Ja, voorheen sou ek net stilgebly het en die *punch* gevat het. EK besef nou waar dit vandaan kom. M.a.w. ek kon nie vir myself praat nie, my gevoelens en wense het nie getel nie. Ek het altyd laaste in die ry gestaan wat behoeftes betref. Vir die eerste keer nou kan ek begin voel waar begin "ek" en waar begin ander. Daar is so 'n veiligheid binne-in myself wat nie daar was nie. Dit is vir my asof ek nou besef wat ek voel nou vir my belangriker is as wat ander voel.

Wanneer jy jouself so verloor het oor baie jare dan is dit asof jy in narkose lewe en net lewe om ander in stand te hou. Mede-afhanklikheid is 'n "slow killer" dit is soos dryfsand waarin jy net dieper en dieper sink en net bestaan van dag tot dag. Y was my meesterstuk waaraan ek gewerk het vir jare en jare en eendag "miskien" sou ek beloning kry vir die harde werk en dit is wat 'n mens "hoop" noem. Jy het 'n doelwit maar geen resultate wys op vir jou werk nie.

Al die rondvallery uit my kinderdae was eintlik deur Y herskep. Dit was vir my bekend en het my patroon van krisishantering gevoed en my besig gehou. Dit is vir my goed dat ek vandag kon besef dat ek so min van myself gedink het dat ek bereid was om hierdie leefstyl toe te laat. Dit was 'n geweldige skok toe ek hierdie dinge besef, maar meer nog toe ek moes besluit om 'n 90 grade draai te maak is noodsaaklik.

Wat erg is om te besef dat ek nou besef hoe 'n leuen my "programmering" was.

Werk vir liefde = Ek is liefde, want God sê so.

Ek het gedink niemand kan jou net sommer liefhê nie = My lewe tel en ek verdien liefde.

Jou behoeftes tel nie = Dit is okay om ook te tel.

Jy is verleë oor hom want hy het die geld = Dis wonderlik om te ontvang en ook om te gee.

Ek voel vry om my arms vir die lewe en vir die Here te kan oopmaak.

Dis eintlik heerlik om uit hierdie slaap wakker te word en te sê: Hallo vreemdeling, ons twee het werk jong. Wat wil jy doen vandag, waarvan hou jy, wat sal vir jou lekker wees. Ek sal nou makliker kan "nee" sê en myself eerder omring met "safe people". X (haar naam) is vir my oulik en ek wil nou daar wees vir haar.

BYLAAG G

GOD SE NUWE SKEPPING (Verwerk uit: Collins, 2001:225)

DIE SKEPPING, SONDEVAL EN HERSTEL, HEILIGMAKING EN VERHEERLIKING VAN DIE MENS

DIE SKEPPING Die mens geskape na God se beeld		
Die Skepsel Ons is soos diere met natuurlike behoeftes en fisieke liggame	Beeld van God Ons is soos God met verhoudings en verantwoordelikhede oor die skepping	
	Verhoudings Ons is geskep om in verhouding te wees met God, ander, onself en die wêreld.	Heerskappy Ons is geskep om beheer uit te oefen oor die natuur en 'n impak te maak op die wêreld.
SONDEVAL		
	Ongeloof Ag.v. ongeloof is ons afgesny in ons verhoudings met God, ander, onself en die natuur	Rebellie A.g.v. opstandigheid teen God se heerskappy is ons verslaaf aan ons eie begeertes, wellus, gewoontes en uiterlike magte.
HERSTEL		
	Versoening God stuur Jesus om te sterf vir ons sonde en sodoende word ons verhoudings met God, onself, ander en die skepping.	Regverdigmaking/Verlossing Jesus Christus betaal die volle prys vir ons rebellie, sodat ons bevry kan word van die slawerny van sonde en die gevolge daarvan
HEILIGMAKING		
	Gemeenskap/Transformasie Die herstelde verhouding bring God se teenwoordigheid en bewerkstellig liefde vir God en ander	Vryheid/Bemagtiging Noudat ons vry is van sonde, word ons bekragtig deur die Heilige Gees sodat ons God kan gehoorsaam en 'n impak op die wêreld kan hê.
VERHEERLIKING		
	Ons fisieke liggame word getransformeer Ons het nuwe verheerlikte liggame	Beeld van God ten volle herstel Ons is ten volle herstel na die beeld van God in Christus Jesus, in staat om met God, ander en die hele skeppingsorde in verhouding te tree en dit stel ons in staat om verantwoordelike beheer oor die natuur uit te oefen

Suzette Botha

B.Soc.Sc.(MW); B.Ed.(Psig.); H.O.D.; M.A. in Vertaling

HEIL DIE LESER

Hiermee word verklaar dat Suzette Botha (Geakkrediteerde Vertaler en Taalversorger, Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut, APVert en APRed, nr. 1000775), die taalversorging van die onderstaande verhandeling van Iréne Bosch behartig het:

DIE SPIRITUALITEITSDIMENSIE BY GELOWIGE VROUE IN 'N MEDE-AFHANKLIKE KONTEKS: 'N PASTORALE STUDIE

Die uwe

Suzette Botha

26 November 2008